

# **Die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis- kulturele loopbaanfasilitering**

**Anél van der Walt**

**2012**

**Die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir  
kruis-kulturele loopbaanfasilitering**

**deur**

**Anél van der Walt**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**  
(Opvoedkundige Sielkunde)

Fakulteit Opvoedkunde  
Departement Opvoedkundige Sielkunde  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

**SUPERVISOR**  
Prof. Dr. Liesel Ebersöhn

**MEDE-SUPERVISOR**  
Prof. Dr. Ronél Ferreira

Augustus 2012

PRETORIA

Ek dra die skripsie uit my hart op aan:

... my ouers, Albert en Cecilia van der Walt. Ongelooflik dankie vir al julle liefde en ondersteuning deur die jare van studies! Dankie vir al die geleenthede wat julle my gebied het, ten koste van juiself. Ek is vandag wie ek is en waar ek is n t oor julle wonderlike ouerskap! My waardering is groot. Ek is baie lief vir julle!

§

... my man, Maarten van der Walt. Daar is nie woorde om te beskryf hoe dankbaar ek is vir jou liefde, ondersteuning en begrip die afgelope paar jaar nie. Jy's my anker, my glimlag, my rustigheid en my hart!  
Ek het jou baie lief!

# Dankbetuigings

---

Eerstens bedank ek my Hemelse Vader vir Sy ongetwyfelde liefde en krag wat Hy aan my betoon het. Ek weet verseker: "Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan." Psalm 61: 6-7. Dankie Vader, aan U kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid, Amen.

My opregte dank en waardering wil ek graag aan die volgende persone toon vir hul ondersteuning tydens my studies:

- Prof. Liesel Ebersöhn, my studieleier, ek wil my opregte waardering uitspreek vir jou leiding, ongelooflike kennis, waardevolle akademiese insette, geduld en tyd tydens my studies. Jou passie en entoesiasme vir die sielkunde-velde het my geïnspireer en gemotiveer om te ontwikkel in 'n beter navorser en sielkundige. Om saam met jou te werk was 'n verreikende ervaring.
- Prof. Ronél Ferreira, ek wil jou bedank vir jou akademiese insette, deeglikheid, noukeurigheid, tyd en positiewe leiding as mede-studieleier. Jou deurlopende ondersteuning en motiverende woorde het aan my deursettingsvermoë gegee om die studie te voltooi. Ek is opreg dankbaar.
- Me. Sonja Coetzee, dankie vir jou leiding en insette tydens die eerste stappe van my studie. Dankie dat jy my gelei het tot 'n keuse van 'n navorsingstema.
- Dr. Ansie Kitching my rolmodel en vriendin. Ek wil jou graag bedank vir jou aanvanklike motivering en inspirasie om my studies voort te sit. Jou nederigheid, opregte omgee en entoesiasme is eienskappe wat ek altyd sal nastreef. Ek waardeer jou so baie!
- My man, my sielsgenoot en beste vriend, Maarten van der Walt, jy is 'n ongelooflike mens en ek sou nie die hoofstuk in my lewe kon voltooi het as dit nie vir jou was nie. Dankie vir jou onbaatsugtige liefde, ondersteuning, volgehoue motivering en geloof in my. Dankie dat jy dit moontlik gemaak het dat ek my droom kon bewaarheid. Ek het jou so lief!
- My ouers, Albert en Cecilia van der Walt, opregte dank en waardering vir julle volgehoue ondersteuning en motivering tydens al my jare se studies. Mamma, dankie vir mamma se onvoorwaardelike geloof in my. Dankie vir elke koppie tee, ure se saam sit, konstante motivering en dankie die meeste vir elke gebed en bybelvers. Mamma se geloof het my gedra! Pappa, dankie vir pappa se opregte omgee en vertrouwe in my vermoëns. Dankie vir elke teddiebeer-drukke, bemoedigende woorde en oproepe en veral vir die geleentheid wat pappa vir my gebied het. Ek is baie lief vir julle!
- My sussie, Jacolene van Tonder, dankie vir jou konstante motivering en ondersteuning. Dankie vir jou opbouende en positiewe gemoed en humorsin, dit het my aan die gang gehou. Hoe geseënd is ek met 'n sussie soos jy! Aan Willem van Tonder, my swaer, dankie vir jou ondersteuning en liefde, ek waardeer jou so baie. Ek is baie lief vir julle van Tonder's.
- My skoonfamilie, veral my skoonouers Maarten en Saartjie van der Walt, dankie vir julle begrip, motivering en ondersteuning met elke oproep en gesprek. Dankie vir julle almal se onvoorwaardelike liefde, julle beteken so baie vir my! Ek is baie lief vir julle!

- Carine Jonker, 'n kosbare vriendin, dankie vir jou ongelooflike ondersteuning, motivering, insette, tyd en gemoedskalmte wat jy vir my gebied het. Ek het soveel kosbare lewenslesse by jou geleer deur jou menswees en optrede teenoor jou medemens! Daar is nie woorde om te beskryf hoe dankbaar ek is vir alles wat jy vir my gedoen het nie. Ek sal jou kosbare vriendskap altyd koester.
- Christa Badenhorst; my 'buddy'; portuur-supervisor en kosbare vriendin; dankie vir jou ondersteuning vanaf die begin van ons studies. Dankie vir jou ondersteuning en insette as portuur-supervisor, dit het my laat groei en vorm as sielkundige. Jou optimisme en ondersteuning het my gedra deur my hoogte- en laagtepunte van my studies. Dankie dat jy altyd daar is.
- Lisinda Jansen; 'n kosbare vriendin; dankie vir jou begrip, volgehoue aanmoediging en opregte liefde. Jou vinnige koffies, daaglikse oproepe en boodskappe, bybelversies, gebede en luister, het my gemotiveer en hoop gegee. Jy beteken so baie vir my!
- Estelle Botha, 'n kosbare vriendin, dankie vir jou ondersteuning en motivering tydens my studies. Veral dankie vir die tyd wat jy my gespaar het deur hoofstukke vir my af te haal, te bring en in te dien. Dankie vir elke uur wat ek in jou kantoor kon werk. Ek waardeer jou diensbaarheid en opregte omgee so baie!
- Aan my ander kosbare vriendinne; Janine Birkenstock, Anniko Cornelissen, Erika de Beer, Gertie du Plessis, Loraine du Plessis, Mariet Eksteen, Susan Esterhuyse, Carla Feenstra, Carina Gobey, Vonmari Joubert, Santie Lourens, Anette Olivier, Wilmarie Rheeders, Yolanda Prinsloo en Elizna Swartz; baie dankie vir elke boodskappie, oproep en gebed. Julle het my gedra deur die skripsie en ek waardeer julle vriendskap opreg!
- Aan Meerhofskool se skoolhoof, Mev. Rita Burgers, en personeel veral Dr. Hermie Burgers, Me. Christine Mare, Me. Liezl Schreuder; dankie vir julle ondersteuning en die geleentheid wat julle aan my gebied het om my studies te kon voltooi. Die Meerhof-familie lê my baie na aan die hart.
- Mev. Adrie van Dyk dankie vir jou tyd en deeglikheid met die tegniese versorging van my skripsie.
- Mev. Irene Cornelissen dankie vir die taalversorging van my skripsie. Dankie vir u ondersteuning, noukeurigheid en harde werk.



# Verklaring van oorspronklikheid

---

Ek, Anél van der Walt (s04425170) verklaar hiermee dat hierdie studie getiteld: **Die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering**, my eie werk is en dat alle bronne wat ek geraadpleeg het ten volle aangedui en by wyse van 'n Bronnelys ingesluit is.

Handtekening: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_



## Die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering

deur

**Anél van der Walt**

Studieleier	:	Prof. Liesel Ebersöhn
Mede-studieleier	:	Prof. Ronél Ferreira
Tersiêre instansie	:	Universiteit van Pretoria, Departement Opvoedkundige Sielkunde
Graad	:	MEd (Opvoedkundige Sielkunde)

Die doel van die verkennende en beskrywende studie was om die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering te ondersoek. Met interpretivisme as metateoretiese paradigma en Savickas se lewensontwerp benadering as teoretiese raamwerk is 'n gerieflikheidsseleksie van bestaande databronne gedoen vir die inhoudsanalise-studie. Die databronne (assesserings- en intervensiebeplanning, reflektiewe joernale van die terapeut en portuur-supervisor, foto's en oudio-visuele opnames as visuele data, transkripsies van oudiovisuele opnames en assesseringsnotas van supervisor) is saam met agt siSwati Graad 9-seuns gegenereer tydens 'n akademiese diensleer-praktikum by 'n plattelandse sekondêre skool as deel van die 2009-MEd (Opvoedkundige Sielkunde) opleiding.

Twee temas met bepaalde subtemas was die gevolg van analise aan die hand van *a priori* aannames wat verkry is uit kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering-literatuur. Die eerste tema hou verband met die teenwoordigheid van kruis-kulturele sielkunde tydens die liggaamsportret-sessie, met die volgende subtemas: kruis-kulturele bekwaamhede van die terapeut, effektiewe kommunikasiestyle in die kruis-kulturele konteks, en geleenthede vir kruis-kulturele bekwaamheid. Die tweede tema hou verband met die teenwoordigheid van lewensontwerp tydens die kruis-kulturele sielkundige praktyk in 'n plattelandse sekondêre skool, met die volgende subtemas: loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut, loopbaanfasiliteringsmomente vir die kliënt, en lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek.

Uit die studie blyk dit dat die liggaamsportret-tegniek bruikbaar is vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering met Graad 9-seuns in 'n plattelandse sekondêre skool. Die liggaamsportret-tegniek was *bevredigend* in die kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks aangesien die terapeut assesseringsresultate kon

integreer, kruis-kulturele bekwaamhede kon implementeer om adolessente seuns aktief te betrek en kontekstuele inligting van kliënte kon verkry. Verder was die tegniek bevredigend aangesien kliënte aan die hand van lewensontwerp loopbaanfasiliteringsvaardighede kon inoefen; naamlik beroepsverkenning, selfkennisverkenning, self-werksaamheid, loopbaandoelwitstelling, loopbaanaanpasbaarheid, uitkomsverwagtinge, en die gebruik van beroepsinligting.

Die liggaamsportret-tegniek was *prakties* in die kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks deurdat dit aangepas het by die adolessente seuns se ontwikkelingsfase, hulle aktief betrek het en nie-verbale kommunikasie geredelik gehuisves het. Die tegniek was derhalwe geskik vir gebruik in 'n plattelandse sekondêre skool omgewing met beperkte hulpbronne deur van maklik bekombare hulpbronne (papier, potlode, penne, verf, klippies) gebruik te maak.

Die liggaamsportret-tegniek was *toepaslik* in die kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks aangesien beide verbale ('n tolk) en nie-verbale (toepaslike gesigsuitdrukings en interpersoonlike spasies) kommunikasie geakkommodeer is om taalhindernisse te oorbrug. Vir hierdie doel het die tegniek ruimte geskep vir individuele en groepsloopbaanfasilitering, en kon ander narratiewe en post-moderne aktiwiteite (soos beroepsleiding-kaartsortering en beroeps kennis-werkkaarte) deel vorm van loopbaanfasilitering vir die konstruering van die kliënte se lewens.

## **Sleutelsterme / Key Words**

- Adolessente
- Akademiese diensleer
- Bruikbaarheid
- Kruis-kulturele sielkunde
- Lewensontwerp
- Liggaamsportrette
- Loopbaanfasilitering
- Plattelandse sekondêre skool
- Adolescents
- Service learning
- Utility
- Cross-cultural psychology
- Life design
- Body maps
- Career facilitation
- Rural secondary school



## The utility of body-maps for cross-cultural career facilitation

by

Anél van der Walt

Supervisor : Prof. Liesel Ebersöhn  
Co-supervisor : Prof. Ronél Ferreira  
Tertiary institution : University of Pretoria, Department of Educational Psychology  
Degree : M.Ed (Educational Psychology)

The purpose of this study was to explore and describe the utility of body-maps for cross-cultural career facilitation. With interpretivism as a metatheoretical paradigm and Savickas' life design approach as a theoretical framework, data sources were collected through convenience sampling for this content analysis study. The data sources (assessment- and intervention planning, reflective journals of the therapist and peer group supervisor, photographs and audio-visual recordings as visual data, transcriptions from audio-visual recordings and assessment notes from the supervisor) were generated in collaboration with eight Grade 9 siSwati speaking boys during an academic service learning practicum at a rural secondary school as part of the 2009-MEd (Educational Psychology) training.

Guided by *a priori* assumptions (based on cross-cultural psychology and career facilitation literature) two themes with sub-themes each resulted from the content analysis. The presence of cross-cultural psychology during the body-mapping session was established with instances of, the therapist's cross-cultural competencies, effective communication styles in a cross-cultural context and opportunities for cross-cultural competencies to develop. Secondly the presence of life design during cross-cultural psychological practise in a rural, secondary school was determined, indicating the presence of career facilitation skills of the therapist, career facilitation moments for the client, and life design as a career facilitation technique. It was apparent that body-mapping has utility for cross-cultural career facilitation with Grade 9 boys from a rural secondary school.

Body-mapping was *satisfactory* in a cross-cultural career facilitation context as the therapist could integrate the assessment results, implement cross-cultural competencies to engage adolescent boys in active participation, and obtain contextual information on clients. Clients were able to rehearse career

facilitation skills (career exploration, gaining self knowledge, self-efficacy, career goal setting, career adaptability, outcome expectations and using career information) as part of life design.

The body-map technique was *practical* in a cross-cultural career facilitation context because it suited the developmental phase of adolescent boys, actively involving them and accommodated non-verbal communication. The technique was well matched to a rural secondary school environment with limited resources, using easily accessible resources (paper, pencils, pens, paint and stones).

The technique was *applicable* in a cross-cultural career facilitation context as language barriers could be addressed by means of verbal (a translator) and non-verbal (appropriate facial expressions and interpersonal space) communication. For this purpose, the body-mapping technique could be used on individual or group basis, and other narrative and post-modern activities (vocational card sorting and career knowledge worksheets) could form part of career facilitation and could be used in combination for constructing clients' lives.



# Inhoudsopgawe

---

	Blis
<b>HOOFSTUK 1</b>	
<b>Inleiding en Rasionaal</b> .....	<b>1</b>
<b>1.1 INLEIDING EN RASIONAAL</b> .....	<b>2</b>
<b>1.2 AGTERGROND VAN DIE STUDIE</b> .....	<b>5</b>
1.2.1 BESKRYWING VAN DIE STUDIEKONTEKS .....	5
1.2.2 FLY ASSESSERINGS- EN INTERVENSIEPROSES .....	8
<b>1.3 NAVORSINGDOELSTELLINGS, NAVORSINGDOELWITTE EN NAVORSINGSVRAE</b> .....	<b>11</b>
1.3.1 NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWITTE .....	11
1.3.2 NAVORSINGSVRAE .....	12
<b>1.4 VERHELDERING VAN KERNKONSEPTE</b> .....	<b>12</b>
1.4.1 INSIG .....	12
1.4.2 BRUIKBAARHEID .....	13
1.4.3 LIGGAAMSPORTRET .....	13
1.4.4 LIGGAAAMSPORTRETTEGNIK .....	13
1.4.5 KRUIS-KULTUREEL .....	14
1.4.6 KRUIS-KULTURELE SIELKUNDE .....	14
1.4.7 LOOPBAANFASILITERING .....	14
1.4.8 LOOPBAANASSESSERINGSINSTRUMENT .....	14
1.4.9 AKADEMIESE DIENSLEER .....	15
<b>1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE</b> .....	<b>16</b>
<b>1.6 HOOFSTUK-INDELING</b> .....	<b>17</b>
<b>1.7 SAMEVATTING</b> .....	<b>18</b>



<b>HOOFSTUK 2</b>	
<b>Literatuuroorsig</b>	<b>19</b>
<b>2.1 INLEIDING</b>	<b>21</b>
<b>2.2 KRUIS-KULTURELE SELKUNDE IN SUID-AFRIKA</b>	<b>21</b>
<b>2.3 KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID</b>	<b>22</b>
2.3.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID	22
2.3.2 VOORBEELDE VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEDE	23
2.3.2.1 Selfbewussyn as kruis-kulturele bekwaamheid	24
2.3.2.2 Kennis en begrip van kliënte se wêreldbeskouinge	25
2.3.2.3 Kultureel sensitiewe samewerkende alliansies	26
2.3.2.4 Intervensiestrategieë en -vaardigede	27
2.3.3 HINDERNISSE EN GELEENTHEDE VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID	30
2.3.3.1 Hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid	30
2.3.3.2 Geleentheid van kruis-kulturele bekwaamheid	32
2.3.4 KOMMUNIKASIE IN KRUIS-KULTURELE SELKUNDE	32
<b>2.4 LOOPBAANFASILITERING IN SUID-AFRIKA</b>	<b>34</b>
2.4.1 DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS EN INVLOEDE OP LOOPBAANFASILITERING	34
2.4.2 HEDENDAAGSE LOOPBAANFASILITERING	35
2.4.3 DIE ADOLESSENT EN LOOPBAANFASILITERING	38
2.4.4 LOOPBAANFASILITERINGSVAARDIGHEDE	40
<b>2.5 LIGGAAMSPORTRETTE</b>	<b>43</b>
2.5.1 KUNSTERAPIE AS AGTERGROND VIR LIGGAAMSPORTRETTE	43
2.5.2 LIGGAAMSPORTRETTE AS VORM VAN KUNSTERAPIE	45
<b>2.6 TEORETIESE RAAMWERK: LEWENSONTWERP</b>	<b>46</b>
<b>2.7 TEORETIESE INDIKATORE (<i>A PRIORI</i>-AANNAMES)</b>	<b>49</b>
<b>2.8 SAMEVATTING</b>	<b>60</b>



	Bis
<b>HOOFSTUK 3</b>	
<b>Navorsingsmetodologie</b> .....	<b>61</b>
<b>3.1 INLEIDING</b> .....	<b>62</b>
<b>3.2 DOEL VAN DIE STUDIE</b> .....	<b>63</b>
<b>3.3 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF</b> .....	<b>64</b>
3.3.1 METATEORETIESE PARADIGMA: INTERPRETIVISME.....	64
3.3.2 METODOLOGIESE PARADIGMA: KWALITATIEWE BENADERING.....	65
<b>3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE</b> .....	<b>66</b>
3.4.1 NAVORSINGSONTWERP.....	66
3.4.2 SELEKSIE VAN DATABRONNE.....	67
3.4.2.1 Agtergrond van konteks waarbinne databronne gegeneer is.....	67
3.4.2.2 Seleksie van databronne.....	67
3.4.3 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE.....	72
3.4.3.1 Stappe in data-analise.....	73
3.4.3.2 Kodering.....	74
3.4.3.3 Kategorisering.....	75
<b>3.5 ETIESE OORWEGINGS</b> .....	<b>75</b>
<b>3.6 KWALITEITSKRITERIA</b> .....	<b>76</b>
3.6.1 KREDIETWAARDIGHEID.....	76
3.6.2 OUTENTIEKHEID.....	77
3.6.3 OORDRAAGBAARHEID.....	77
3.6.4 BEVESTIGBAARHEID.....	78
<b>3.7 MY ROL AS NAVORSER</b> .....	<b>78</b>
<b>3.8 SAMEVATTING</b> .....	<b>79</b>



<b>HOOFSTUK 4</b>	
<b>Navorsingsresultate</b>	<b>80</b>
<b>4.1 INLEIDING</b>	<b>81</b>
<b>4.2 DIE PROSES VAN DIE LIGGAAMSPORTRET-TEGNIK</b>	<b>81</b>
4.2.1 INTERVENSIEBESOEK: DAG 1	81
4.2.2 INTERVENSIEBESOEK: DAG 2	82
<b>4.3 FREKWENSIE VAN KATEGORIEË</b>	<b>84</b>
<b>4.4 TEMATIESE SINTESE VAN KATEGORIEË</b>	<b>86</b>
4.4.1 TEMA 1: DIE TEENWOORDIGHEID VAN KRUIS-KULTURELE SIELKUNDE IN DIE LIGGAAMSPORTRET-SESSIE (f=92)	88
4.4.1.1 Subtema 1.1: Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsporet-sessie (f=55)	88
4.4.1.2 Subtema 1.2: Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsporet-sessie (f=25)	93
4.4.1.3 Subtema 1.3: Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid tydens 'n kruis-kulturele liggaamsporet-sessie (f=2)	97
4.4.2 TEMA 2: DIE TEENWOORDIGHEID VAN LEWENSONTWERP TYDENS KRUIS-KULTURELE SIELKUNDIGE PRAKTYK IN 'N PLATTELANDSE SEKONDÊRE SKOOL (f=105)	98
4.4.2.1 Subtema 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut weerspieël tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=41)	99
4.4.2.2 Subtema 2.2: Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=47)	106
4.4.2.3 Subtema 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool (f=17)	113
<b>4.5 SAMEVATTING</b>	<b>118</b>



		Bls
<b>HOOFSTUK 5</b>		
<b>Oorsig, gevolgtrekkings en aanbevelings</b>		<b>119</b>
<b>5.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>120</b>
<b>5.2</b>	<b>LITERATUURKONTROLE</b>	<b>121</b>
5.2.1	BEVINDINGS WAT BESTAANDE KENNIS ONDERSTEUN	121
5.2.1.1	Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	133
5.2.1.2	Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	133
5.2.1.3	Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut tydens kruis-kulturele lewensontwerp	134
5.2.1.4	Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp	135
5.2.1.5	Ontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde	136
5.2.2	TEENSTRYDIGHEDE TUSSEN BEVINDINGS EN BESTAANDE KENNIS	136
5.2.3	STILTES IN DIE BEVINDINGS TEENOR BESTAANDE KENNIS	138
5.2.4	NUWE INSIGTE WAT VOORTSPRUIT UIT DIE STUDIE	141
<b>5.3</b>	<b>BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE</b>	<b>147</b>
5.3.1	SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 1	147
5.3.2	SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 2	147
5.3.3	SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 3	149
5.3.4	SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 4	149
5.3.5	SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 5	150
5.3.5.1	Indikatore	150
5.3.5.2	Liggaamsportret-proses	150
5.3.6	PRIMÊRE NAVORSINGSVRAAG	152
<b>5.4</b>	<b>MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE</b>	<b>155</b>

	Bls
5.5	<b>AANBEVELINGS</b> ..... 156
5.5.1	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING..... 156
5.5.2	AANBEVELINGS VIR PRAKTYKBEOEFENING..... 157
5.5.3	AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE OPLEIDING..... 158
5.6	<b>SAMEVATTING</b> ..... 158



BRONNELYS	..... 161
BYLAE	..... 169



## Lys van Figure

---

	Bls
Figuur 2.1: Kruis-kulturele bekwaamheid	..... 24
Figuur 2.2: Kruis-kulturele bekwaamhede binne die terapeutiese proses	..... 29
Figuur 2.3: Moontlike hindernisse vir kruis-kulturele bekwaamheid	..... 31
Figuur 2.4: Integrasie van die lewensduur-lewensruimte-teorieë en loopbaan aanpasbaarheidkonstruk-teorie	..... 48
Figuur 3.1: Navorsingsmetodologie	..... 62
Figuur 3.2: Inhoudsanalise-proses	..... 73
Figuur 3.3: Data-analiseringsproses (aangepasuit Nieuwenhuis, 2007c)	..... 74
Figuur 5.1: Die liggaamsporttret-tegniek in terme van lewensontwerp	..... 154



## Lys van fotos

	Blis
Foto 1.1: 'n Visuele uitbeelding van die plattelandse sekondêre skool se omgewing (26 Augustus 2009)	7
Foto 1.2: Voedingskema van die plattelandse sekondêre skool (13 Mei 2009)	7
Foto 1.3: Leerders werk in die skool se groentetuin (27 Augustus 2009)	7
Foto 1.4: Biblioteek se stoep (26 Augustus 2009)	8
Foto 1.5: Binnekant van die skoolbiblioteek (27 Augustus 2009)	8
Foto 1.6: Reflektiewe tegnieke (25 Augustus 2009)	10
Foto 1.7: Inligtingsessie van studente (25 Augustus 2009)	10
Foto 1.8: Kliënt 7 se liggaamsportret om loopbaankeuses te fasiliteer (26 Augustus 2009)	11
Foto 3.1: Geselekteerde plattelandse sekondêre skool (13 Mei 2009)	67
Foto 3.2: Uitsig oor die omgewing vanaf die skoolgehou (13 Mei 2009)	67
Foto 4.1: Samewerking en vertroue in die groep tydens die maak van liggaamsportrette (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 2, bl. 2)	89
Foto 4.2: 'n Kliënt voltooi die vermoënsvrae om selfkennis te verken (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 16, bl. 18)	91
Foto 4.3: 'n Kliënt voltooi die belangstellingsvrae om selfkennis te verken (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 26, bl. 28)	91
Foto 4.4: Kliënt 3 plak sy vermoënswerkskaart op sy liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 27, bl. 29)	92
Foto 4.5: Aktiwiteit vir die identifisering van kliënt 2 se belangstellings (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 28, bl. 30)	92
Foto 4.6: Intervensie in 'n kruis-kulturele omgewing op 'n aktiewe en direkte wyse (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 9, bl. 9)	92
Foto 4.7: Gemaklike interpersoonlike ruimte tussen terapeut en kliënt tydens die maak van die kliënt se liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 19, bl. 21)	94
Foto 4.8: Tevrede gesigsuitdrukking van kliënt 4 by sy betrokke liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 18, bl. 20)	95
Foto 4.9: Terapeutiese moment in 'n kruis-kulturele omgewing (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 6, bl. 6)	98
Foto 4.10: Produktiewe verhoudings en positiewe groepsklimaat Visuele data, (26 Augustus 2009, foto 1, bl. 1)	100

	Blis
Foto 4.11: Die gebruik van 'n kwalitatiewe, postmoderne assesseringstegniek (Beroepsleiding-kaartsortering) in groepsverband (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 7, bl. 7)	101
Foto 4.12: 'n Visuele voorstelling van die kwadrantkaarte van 'n kliënt (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 23, bl. 25)	102
Foto 4.13: 'n Visuele voorstelling van die kwadrantkaarte van 'n kliënt (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 24, bl. 26)	102
Foto 4.14: Terapeut is aktief betrokke by die liggaamsportret-tegniek in die kruis-kulturele omgewing (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 11, bl. 11)	103
Foto 4.15: Inligting oor vereistes, eienskappe en kwalifikasies vir 'n elektrisiën (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 14, bl. 14)	104
Foto 4.16: 'n Kliënt gebruik 'n postmoderne tegniek (liggaamsportrette) vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering in 'n diverse omgewing (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 3, bl. 3)	105
Foto 4.17: Visuele uitbeelding van die lewensduur-lewensruimte-teorie (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 4, bl. 4)	106
Foto 4.18 en 4.19: Visuele uitbeelding van verskeie loopbaanaspekte vir die ontwikkeling van beroepskennis (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 15.2, bl. 17)	107
Foto 4.18 en 4.20: Ontwikkeling van selfkennis deur verwysing na persoonlikheid, vermoëns en belangstellings (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 15.1, bl. 16)	109
Foto 4.21 en 4.22: Kliënte demonstreef selfwerkzaamheid deur oortuiging van hul vermoëns om voorkeurberoep te beoefen in die toekoms (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 8, bl. 8, foto 20, bl. 22)	110
Foto 4.23: Loopbaandoelwitte vir die loopbaanintervensie (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 25, bl. 27)	111
Foto 4.24: Kliënt 2 en 6 openbaar loopbaanaanpasbaarheid deur voorspelbare loopbaanontwikkelingstake uit te voer (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 13, bl. 13)	112
Foto 4.25: Kliënt 2 en 6 identifiseer vermoëns wat in hul lewensleiers en -rolle verken is (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 5, bl. 5)	114
Foto 4.26: Aanduiding van kliënt 4 se lengte en gewig (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 21, bl. 23)	115
Foto 4.27: Aanduiding van kliënt 6 se persoonlikheid, vermoëns en belangstellings (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 17, bl. 19)	115
Foto 4.28: Holistiese beeld van kliënt 3: 3: self- en beroepskennis, toekomsgeoriënteerde eienskappe (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 22, bl. 24)	115
Foto 4.29: Bepaal moontlike loopbaanhindernisse en -opsies in kliënt se lewe (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 12, bl. 12)	116
Foto 4.30: Metaforiese uitbeelding van die kliënt se loopbaantoekoms (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 10, bl. 10)	117

## Lys van Vignette

---

	Bls
Vignette 4.1: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 4-6).....	94
Vignette 4.2: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 12-18).....	95
Vignette 4.3: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 4-5, reël 3-9).....	96
Vignette 4.4: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 7-11).....	97
Vignette 4.5: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2, reël 23-25).....	97
Vignette 4.6: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 10-13).....	100
Vignette 4.7: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 23-27).....	103
Vignette 4.8: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 16-19).....	108
Vignette 4.9: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 1-3).....	108
Vignette 4.10: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2, reël 27-35).....	110
Vignette 4.11: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1-2, reël 19-22).....	113
Vignette 4.12: Transkripsies van oudiovisuele opname 2 (27 Augustus 2009, bl. 3-4, reël 1-13).....	116
Vignette 4.13: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2-3, reël 36-48).....	118



## Lys van Tabelle

---

	Bls
Tabel 1.1: Besonderhede van kliënte (Graad 9-seuns) van wie ek praktikum-data geanaliseer het vir die studie.....	7
Tabel 1.2: Die assesserings- en intervensieproses.....	9
Tabel 1.3: Opsomming van paradigmas, ontwerp en navorsingsmetodologie.....	16
Tabel 2.1: Loopbaankeuseproses.....	40
Tabel 2.2: Loopbaanfasiliteringsvaardighede.....	41
Tabel 2.3: Teoretiese definisies en objektiewe indikators van die <i>a priori</i> kruis-kulturele sielkunde kategorieë.....	51
Tabel 2.4: Teoretiese definisies en objektiewe indikators van die <i>a priori</i> loopbaanfasiliteringskategorieë.....	55
Tabel 3.1: Generering van databronne.....	68
Tabel 3.2: Etiese oorwegings.....	76
Tabel 4.1: Frekwensie van <i>a priori</i> kategorieë in die databronne.....	85
Tabel 4.2: Temas, subtemas en kategorieë van die studie.....	86
Tabel 5.1: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Ondersteunde bewyse.....	121
Tabel 5.2: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Teenstrydige bewyse.....	136
Tabel 5.3: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Stiltes in die data.....	138
Tabel 5.4: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Nuwe insigte.....	142



# HOOFSTUK 1

## Inleiding en Rasionaal

---

### *2011*-Retrospektiewe refleksie op Februarie 2009

Ek dink vandag terug aan Februarie 2009. Spesifiek aan die dag waarop ons ons Beroepsleidingstudiegids ontvang het vir die tweede jaar meesterspraktikum. Aan die eenkant was ek opgewonde, maar aan die anderkant het my maag gedraai. 'n Nuwe jaar, nuwe vakke en nuwe prakties. Ek was opgewonde oor wat ek gaan leer en gaan beleef. Tog was ek so onseker, veral oor die akademiese diensleer by 'n plattelandse sekondêre skool in Mpumalanga. Dis een ding om 'n geval in die universiteit se kliniek aan te pak, veral oor die reeds gestandaardiseerde toetse, en weer 'n ander ding om prakties in 'n vreemde omgewing met kliënte van 'n ander kultuur, anders as myne, te werk!!

Wat my wel rustig gemaak het, was die manier waarop die vorige jaar se meestersstudente met soveel entoesiasme oor die akademiese diensleer gepraat het, maar ook as beter sielkundiges uit die situasie gekom het.

Wens ek kon nou terugreis in tyd en vir myself op daardie oomblik die woorde van Vince Lombardi in die oor gefluister het:

*Obstacles are what you see when you take your eyes off the goal line.*

### *Assesseringsbesoek: Dag 1*

Uittreksel uit my refleksiejoernaal

Sjoe, waar begin ek... Om eerlik te wees, vandag was glad nie lekker vir my nie! Ek het bitter baie uitgesien na die besoek aan die plattelandse sekondêre skool. Ek het die dag selfversekerd begin, maar wat ek nie in ag geneem het nie is dat kulture in provinsies verskil, tale verskil, omgewingshulpbronne verskil en hier het ek my heeltemal teen 'n muur vasgeloop!

Ek het my beplanning so goed gedoen en toe werk net mooi niks nie! Ek en die kinders verstaan mekaar nie. Taal is werklik 'n hindernis! Nie een van my aktiwiteite wou werk nie omrede dit skryfaktiwiteite is en taal het te 'n groot rol gespeel!

Nadat ek en my portuur-supervisor gereflekteer het, het ek die volgende doelwitte vir myself gestel vir die volgende dag se besoek:

- Ek moet konkreet en direk te werk gaan.
- Dit gaan nie oor wat ek vir die kinders wil beteken nie, maar eerder om hulle beter te verstaan om hulle sodoende te kan help.
- So, my resep vir môre is: Ontspan+vind balans tussen my kop en emosies + wees net daar, vloei saam met die situasie.

## *Intervensiebesoek Dag 1*

Uittreksel uit my refleksiejoernaal

Vandag was WONDERLIK! Ek was mal daaroor! Dit het so goed gewerk om konkreet en prakties te werk met die seuns. Die kinders was aanvanklik baie skepties en skaam oor die liggaamsportrette, maar toe hulle eers aan die gang was, was dit wonderlik om hul entoesiasme te ervaar! Dit het vandag vir my gevoel of die liggaamsportrette die leer was wat my gehelp het om die hindernis tussen die kulture te oorbrug! Hoop dit hou so aan!

### 1.1. INLEIDING EN RASIONAAL

Die meerderheid Suid-Afrikaanse jeug leef in omgewings wat arm is aan hulpbronne wat beteken dat hulle nie van nature toegang het tot loopbaanfasiliteringdienste nie – dienste wat kenmerklik duur is van aard (Bischof & Alexander, 2008). Verder is die tradisionele, gestandaardiseerde instrumente wat gebruik word vir loopbaanfasilitering nie geskik vir die hele Suid-Afrikaanse populasie nie. Maree en Beck (2004) verduidelik dat psigometriese instrumente in Suid-Afrika hoofsaaklik geskik is vir dominante kulturele groepe, onder andere Afrikaans- en Engelssprekende (moedertaal-) groepe. Maree (2009) debatteer dat kliënte soms benadeel word tydens loopbaanassessering omrede hul nie ervaar in Engels

is nie wat dikwels die predominante taal tydens assessering is. Die volgende aanhaling is 'n samevatting van bekommernisse en besware teen bestaande loopbaanfasilitering (McMahon & Patton in Maree, 2009, p.437): *Career theory, practice and assessment globally have been accused of failing to address the needs of non-white, non-Western, non-'standard' populations.*

Maree en Beck (2004) verduidelik dus dat die gebruik van metodes en instrumente tydens tradisionele loopbaanfasilitering in Suid-Afrika problematies is omrede meeste van die instrumente Westers-georiënteerd is. Die instrumente is nie ontwerp of gestandaardiseer vir die gebruik in 'n multi-kulturele gemeenskap soos Suid-Afrika nie. 'n Groot aantal psigometriese instrumente, gebaseer op Westerse beginsels, is steeds in gebruik in Suid-Afrika maar is nie 'n verteenwoordiging van die onderskeie groepe in Suid-Afrika nie (Maree, Ebersöhn & Molepo, 2006).

Met bogenoemde 'bekommernisse en besware' as agtergrond is ek van opinie dat daar 'n manier is om 'bekommernisse en besware' te oorbrug. Opvoedkundige sielkundiges is, in teorie en praktyk, genoodsaak om gebruik te maak van alternatiewe metodes wat kultuurvriendelik is en terselfdertyd geldige en betroubare resultate kan lewer. Lewensontwerp beklemtoon die bemagtingsproses waarmee kliënte betekenis skep deur hul eie lewensverhale te skryf en sodoende hul eie loopbane en toekoms te konstrueer (Maree, 2009). Die metodes behoort tot die post-moderne narratiewe kwalitatiewe benadering, wat weg beweeg van tradisionele psigometriese instrumente (Bischof & Alexander, 2008). Maree *et al.* (2006) verduidelik dat die narratiewe benadering die geleentheid skep om ryk en onthullende inligting aan die kliënt te bied om sodoende die kliënt te ondersteun in loopbaanfasilitering. Eloff (2002) is van opinie dat narratiewe assessering toelaat dat persoonlike stories herlei kan word na loopbaan en toelaat dat kliënte hul beroepsnarratiewe beïnvloed in plaas daarvan dat hulle afhanklik is van die loopbaanfasiliteerder se invloed. Die lewensontwerp-benadering word in meer besonderhede bespreek in Hoofstuk 2, Afdeling 2.6.

Een van die alternatiewe metodes waarmee 'n kliënt se lewensverhaal terug herlei kan word na sy/haar beroepsloopbaan is die herinneringshouer-tegniek ('memory box making') binne loopbaanfasilitering (Ebersöhn, 2007). Die herinneringshouer-tegniek vind weerklank met postmoderne, konstruktivistiese benaderings. Ander sulke tipe postmoderne konstruktivistiese tegnieke sluit die volgende in: lewenslyn, lewensverhaal, tekeninge, collage, liggaamsportrette, gesinstamboom en genogramme (Ebersöhn, 2007). Vir hierdie studie word die tegniek van liggaamsportrette in meer diepte ondersoek.

Die woord 'liggaamsportret' is 'n vry vertaling van 'body map' na Afrikaans deur McCallaghan (2007). McCallaghan (2007: Bylaag C) definieer liggaamsportret, in haar handleiding van *Memory box making*

*and making a body map* as 'n lewensgrootte tekening van 'n persoon wat sy/haar lewensverhaal vertel en hoe hy/sy ervarings van 'n spesifieke situasie beleef het. 'n Liggaamsportret reflekteer wat die betrokke persoon ervaar op die oomblik wat die portret gemaak word. 'n Liggaamsportret behels nie alleenlik emosionele ervarings nie, maar ook hoe 'n persoon se liggaam die ervarings beleef het. Inligting rakende die mense of aspekte wat in interaksie met die betrokke persoon is, kan ook ingesluit word. Spirituele aspekte van die ervarings, soos 'n persoon se geloof en gesinswaardes, kan bydra tot dele van die liggaamsportret. Foto's, prente, woorde, tekeninge en simbole kan ook op die tekening geplak en gebruik word om 'n ware en verrykende storie te verskaf van hoe die persoon die situasie beleef en ervaar (McCallaghan, 2007).

Liggaamsportrette is 'n vorm van kunstherapie, narratiewe terapie en liggaamswerk ('bodywork'). Dit bied die geleentheid om ervarings te prosesseer op 'n nie-verbale vlak voordat dit verbaal ondersoek word. Liggaamsportrette behels die natrek van 'n persoon se liggaamsbuitelyne in 'n terapeutiese omgewing. Tydens 'n aantal sessies word die kliënt betrek in 'n proses waardeur aspekte van hom-/haarself ontdek en ervaar word in verhouding tot sy/haar liggaam (Meyburgh, 2006).

Morgan (2004) verduidelik dat 'n liggaamsportret die littetekens (lagplooie of kneusings) wat die lewe op die kliënt se liggaam gelaat het, omvat. Verder kan die spoor en lewensintriges die pad wat die lewe geneem het, aandui. Solomon (2004) omskryf liggaamsportrette as 'n omtrekskets van die kliënt se liggaam, met plek om gevoelens uit te druk deur gebruik te maak van prente, woorde en simbole. Liggaamsportrette is 'n geheue-instrument met verskillende toepassings en is bruikbaar om te kan deel en ondersteuning te ontvang (Solomon, 2004). Die tegniek van liggaamsportrette word deeglik in Hoofstuk 2, Afdeling 2.5 bespreek.

Die afleiding kan gemaak word, uit die bogenoemde rakende liggaamsportrette, dat 'n kliënt deur middel van 'n liggaamsportret genoegsame selfkennis kan verkry. Selfkennis speel weer 'n belangrike rol in die bepaling van loopbaanaspirasies, -prestasies (Rojewski, 2007) en -gedrag (Savickas, 1997). Opvoedkundige sielkundiges streef daarom in loopbaanfasilitering daarna om die kliënt te lei om te besluit om ten volle te lewe en nie bloot 'n loopbaankeuse uit te voer nie. Op dié wyse ondersteun professionele persone die kliënt om sy/haar lewensverhaal te vertel (Ebersöhn, 2007).

Deur die gebruik van narratiewe tegnieke kry die kliënt in loopbaanfasilitering die geleentheid om sy/haar kulturele en perseptuele ervarings te struktureer om sodoende sy/haar idee oor, byvoorbeeld, werk te vorm (Chope & Consoli, 2007). Hierdeur gee kliënte identiteit aan hul ontwikkelende beroepsidentiteit (Chope & Consoli, 2007). 'n Kliënt beskik oor 'n unieke kultuur, lewenstyl en konteks en

daarom speel faktore soos ras, klas en kultuur 'n belangrike rol in hoe hulle die werkswêreld beskou. Dus verskil elke individu vanweë die basis van hul kultuur, ervarings, geskiedenis, groepdeelname en identiteit (Chope & Consoli, 2007). Maree *et al.* (2006) verduidelik dat mens bewus moet wees van die impak van kulturele invloede wanneer 'n assesseringsinstrument oorweeg word vir ontwikkeling. Sodanige kulturele invloede sluit in: invloede van die omgewing, elkeen se moedertaal, die impak van lewensstyl en die vlak van onderrig.

Vanuit bogenoemde bespreking kan die afleiding gemaak word dat liggaamsportrette ('n postmoderne, kwalitatiewe tegniek) die geleentheid kan bied vir die terapeutiese proses om in loopbaanfasilitering te ontvou. Ek het gevolglik in hierdie studie gepoog om die bruikbaarheid van liggaamsportrette in 'n kruis-kulturele omgewing vir loopbaanfasilitering te ondersoek.

Uit my literatuuroorsig het ek die volgende werkende aannames geformuleer:

- Opvoedkundige sielkundige dienste (loopbaanfasilitering) aan kliënte in 'n plattelandse skool vereis 'n toepaslike kruis-kulturele benadering.
- Liggaamsportrette kan dien as postmoderne, konstruktivistiese en kwalitatiewe tegniek tydens loopbaanfasilitering.
- Liggaamsportrette, as deel van die post-moderne benadering, is gepas vir gebruik tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering.
- Liggaamsportrette, soos die herinneringshouer-tegniek, kan die geleentheid bied vir die verwerwing van selfkennis en beroepskennis tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering.
- Liggaamsportrette kan benut word vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

## 1.2 AGTERGROND VAN DIE STUDIE

In hierdie afdeling gee ek 'n agtergrond tot die studie. Ek verwys na die studiekonteks en die assesserings- en intervensieproses.

### 1.2.1 BESKRYWING VAN DIE STUDIEKONTEKS

Hierdie studie is deel van die *Flourishing, Learning Youth* (FLY) navorsingsprojek wat deel is van 'n voortgaande vennootskap (2006 – voortdurend) tussen die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria en 'n plattelandse sekondêre skool in Mpumalanga, Suid-Afrika (Ebersöhn, 2010). FLY is deel van die akademiese diensleer-praktikum (Beroepsoriënteringspedagogiek praktikum) van die Meestersprogram in Opvoedkundige Sielkunde (Ebersöhn, 2009; Ebersöhn, 2010). In afdeling

1.2.2 bespreek ek die omvang van die akademiese diensleer-praktikum by die betrokke plattelandse sekondêre skool in meer besonderhede.

Die primêre doel van FLY, as akademiese diensleer-inisiatief, is om landelike kliënte<sup>1</sup> (Graad 9-kliënte) van opvoedkundige sielkundige dienste te voorsien sodat hulle effektief kan leer en vir loopbane kan beplan. Na afloop van my deelname aan die akademiese diensleer-komponent van die program het ek besluit om die praktikum te benut vir my meestersgraadnavorsing. Aangesien dokumente (byvoorbeeld assesserings- en intervensiebeplanning, reflektiewe joernale, visuele data en assesseringsnotas van my supervisor) reeds gegenereer is, het ek inhoudsanalise as navorsingsontwerp (sien Bylaag A) gekies. Vanuit 'n etiese oogpunt het die kliënte betrokke by die akademiese diensleer, met die aanvang van die opvoedkundige sielkundige intervensie, reeds ingeligte toestemming (sien Bylaag B-1) gegee vir die gebruik van data vir navorsing en ook vir die gebruik van visuele data.

Suid-Afrikaanse adolessente beleef swaar en moeilike omstandighede wat die vorm van omgewingshindernisse aanneem (Ebersöhn, 2010). Die landelike skool betrokke by hierdie studie, is geleë in 'n lae inkomste-area waar landbou die primêre bron van inkomste is. Vanweë armoede ondersteun die onderwysdepartement die leerders<sup>2</sup> deur voedsel aan hulle te voorsien tydens skoolure (Department of Basic Education, 2010). Volgens onderwysers is die meeste van die volwassenes in die betrokke area ongeletterd. Die onderrigtaal by die plattelandse sekondêre skool is Engels, al is die moedertaal van die meeste onderwysers en leerders isiZulu en siSwati. Om die skool te kan bereik, moet die meeste van die leerders en onderwysers groot afstande aflê, soms te voet. In die omgewing is MIV-en vigsverwante siektes en afsterwes algemeen. Tuis word baie huishoudings bestuur deur leerders, of van die leerders woon saam met voogde anders as hul ouers (Ebersöhn, 2010). Foto 1.1 wys die bepaalde omgewing waarbinne die plattelandse sekondêre skool geleë is. Die foto dien as agtergrond om die konteks te verstaan waarin FLY plaasvind. Foto 1.2 wys die voedingskema by die skool. Kinders word daaglik van middagetes voorsien deur vrouens van die omgewing. Foto 1.3 illustreer die skool se groentetuin wat met die leerders se hulp onderhou word, maar ook as hulp dien vir die skool se voedingskema.

---

<sup>1</sup> In hierdie studie word verwys na die terme 'terapeut' en 'kliënt' in plaas van 'navorser' en 'deelnemers'. As navorser het ek met die akademiese diensleer se dokumente gewerk en het dus geen deelnemers gehad nie.

<sup>2</sup> Wanneer daar in hierdie studie verwys word na leerders word verwys na al die leerders van die sekondêre skool betrokke by die FLY projek. Wanneer daar dus na kliënt/e verwys word is dit spesifiek die agt leerders van die sekondêre skool wat betrokke was by my intervensie.



**Foto 1.1:**  
 'n Visuele uitbeelding van die plattelandse  
 sekondêre skool se omgewing (26 Augustus  
 2009)



**Foto 1.2:**  
 Voedingskema van die plattelandse sekondêre skool (13  
 Mei 2009)



**Foto 1.3:**  
 Leerders werk in die skool se groentetuin (27 Augustus 2009)

Die agt siSwati seuns (van wie ek opvoedkundige sielkundige intervensiedata geanaliseer het vir die studie) was in Graad 9 in die plattelandse sekondêre skool in 2009. Al die kliënte was onder die ouderdom van 18. Tabel 1.1 gee 'n aanduiding van die ouderdom, taal en geslag van die kliënte wat aan die praktyk deelgeneem het.

**Tabel 1.1: Besonderhede van kliënte (Graad 9-seuns) van wie ek praktyk-data geanaliseer het vir die studie**

Kliënte	Ouderdom	Taal	Geslag
Kliënt 1	15	siSwati	Manlik
Kliënt 2	15	siSwati	Manlik
Kliënt 3	15	siSwati	Manlik
Kliënt 4	15	siSwati	Manlik

Kliënte	Ouderdom	Taal	Geslag
Kliënt 5	15	siSwati	Manlik
Kliënt 6	15	siSwati	Manlik
Kliënt 7	15	siSwati	Manlik
Kliënt 8	16	siSwati	Manlik

Die navorsingspan (ek, portuur-supervisor<sup>3</sup> en supervisor van die akademiese diensleer wat ook my studieleier is) en die kliënte is die geleentheid gebied om die skool se biblioteek te gebruik vir die assessering- en intervensie van loopbaanfasilitering aan die hand van liggaamsportrette. Die skool het tafels, stoele en werkspasie beskikbaar gestel. Die biblioteek was ideaal met groot ruimte vir die tipe intervensie. Foto's 1.4 en 1.5 wys die omgewing waar die intervensie geskied het.



**Foto 1.4:**  
Biblioteek se stoep (26 Augustus 2009)



**Foto 1.5:**  
Binnekant van die skoolbiblioteek (27 Augustus 2009)

## 1.2.2 FLY ASSESSERINGS- EN INTERVENSIETROES

Vir die navorsingsprojek was daar twee besoeke (Mei 2009 en Augustus 2009) aan die plattelandse sekondêre skool. Tydens beide hierdie besoeke was die 2009-groep, MEd Opvoedkundige Sielkunde-studente en hul supervisor, twee dae by die skool (vier ure per dag). Tabel 1.2 bied 'n uiteensetting van die proses wat tydens die besoek oor twee dae gevolg is:

<sup>3</sup> Portuur-supervisor: Die benaming verwys na 'n estudent (Christa Badenhorst) van die Meestersprogram wat deurlopend aan die terapeut leiding en ondersteuning gebied het rakende beplanning en hantering van kwessies in verband met die akademiese diensleer in die vorm van supervisie.

Tabel 1.2: Die assesserings- en intervensieproses

Algemene doel van akademiese diensleer (Vertaal uit Ebersöhn, 2009)		
<b><i>Beroeps- en leerontwikkelingsintervensie</i></b>		
<p>Die doel van die akademiese diensleer-projek is om die kliënte se bates en hulpbronne te help identifiseer om hulle sodoende te ondersteun in hul leer op skool en beplanning van 'n loopbaan. Die projek het ook ten doel om die kliënte te help om daaglikse uitdagings te hanteer deur die bates en hulpbronne in hul omgewing te gebruik. Die projek het verder ten doel dat die kliënte nuwe vaardighede leer ten einde te help met hul leerproses by die skool en die beplanning van 'n loopbaan in die toekoms.</p>		
BESOEK 1		BESOEK 2
<b>Tipe besoek</b>	Opvoedkundige sielkundige assessering	Opvoedkundige sielkundige loopbaanfasiliteringintervensie
<b>Dae en ure</b>	Twee dae besoek, vier ure per dag	Twee dae besoek, vier ure per dag
<b>Doelwitte vir die besoek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoudingstigting</li> <li>• Skep 'nvertrouensverhouding en omgewing – individueel en in groepverband</li> <li>• Skep groepkohesie</li> <li>• Leer die kliënte ken, met spesifieke fokus op:               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Selfkennis</li> <li>○ Karaktereienskappe</li> <li>○ Belangstellings</li> <li>○ Emosionele beeld</li> <li>○ Sosiale vaardighede</li> <li>○ Begrip vir konteks</li> <li>○ Identifisering van drome en doelwitte</li> </ul> </li> <li>• Identifiseer bates en hindernisse in elke kliënt se lewe</li> <li>• Assesseer vir vak- en beroepsmoontlikhede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voortbouing op verhouding</li> <li>• Hervestiging van 'n vertrouensverhouding en omgewing – individueel en in groepverband</li> <li>• Bou voort op huidige groepkohesie</li> <li>• Lei die kliënte deur selfkennis en beroepskennis te verkry om sodoende 'n ingeligte beroepskeuse te maak</li> <li>• Lei die kliënte deur behulp van 'n liggaamsportret om bogenoemde selfkennis, beroepskennis en beroepsbesluit te verkry</li> <li>• Bespreek ander relevante beroepsinligting</li> </ul>
<b>Aktiwiteite</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskeie informele, alternatiewe assesseringsinstrumente</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kliënte skep elk hul eie liggaamsportret</li> <li>• Fasiliteer verkenning van selfkennis en beroepskennis aan die hand van liggaamsportrette</li> <li>• Droom en beplan oor 'n toekomstige beroep(e) deur die liggaamsportret te gebruik as ondersoekende ium vir die beroepsgerigte toekomsplanne</li> </ul>

Tydens die eerste besoek was die doel om die kliënte op 'n informele, alternatiewe manier te assesseer. Soos voorgeskryf vir die module was elke MEd-student verantwoordelik om 'n eie assessering te

ontwikkel vir die bepaalde konteks, in samewerking met 'n portuur-supervisor. Ons het daarna die betrokke idees en beplanning met die supervisor bespreek, waar sy idees uitgeruil het en die uitvoerbaarheid van die assesserings bespreek het. Die aand voor die eerste besoek aan die skool het die supervisor met ons (die MEd Opvoedkundige Sielkunde-studente) 'n inligtingsessie gehad. Sy het ons doelwitte, verwagtings, bekommernisse en emosies met ons bespreek ten opsigte van die volgende dag se skoolbesoek. Na afloop van beide dae se skoolbesoeke het die supervisor geleentheid geskeduleer om ons doelwitte, verwagtings, bekommernisse en emosies ten opsigte van die dag se assessering te herbesoek. Verdere bekommernisse en vrae is ook in groepverband bespreek. Die supervisor se terugvoering tydens die sessies is gerig deur haar assesseringsnotas en observasies. Foto 1.6 dui 'n tegniek aan wat tydens albei besoeke se inligtingsessies gebruik is om doelwitte, verwagtings, bekommernisse en emosies te reflekteer om sodoende ingelig te wees oor ons holistiese belevings as terapeute van die akademiese diensleer. Foto 1.7 wys 'n inligtingsessie van die studente en ons supervisor.




**Foto 1.6:**  
Reflektiewe tegniek (25 Augustus 2009)



**Foto 1.7:**  
Inligtingsessie van studente (25 Augustus 2009)

Na afloop van die eerste besoek het ek die assesseringsdata (sien Bylaag C-1: *Introduction of the post box, Designing your own file, Animal interview, Subject and career rain-gauge, Please complete my story, The praise note, Family drawing, Notes to my family, Lets dream, Walking through life and Reward yourself*) van die agt seuns geanaliseer en geïnterpreteer. Hierdie analise en interpretasie het my terapeutiese fokus en loopbaanfasilitering aanbevelings (vakkeuses vir Graad 10) vir elke kliënt gerig vir die tweede besoek. In geheel was dit duidelik dat die kliënte oor beperkte selfkennis en beperkte insig rakende hul beroepstoekoms beskik het. Gelei deur die vereistes in die studiehandleiding het ek en my portuur-supervisor na afloop van die interpretasie ontmoet en ons intervensies vir die tweede skoolbesoek beplan. Die beplanning vir die intervensiefase was gegrond op die tweeledige aanbevelings vir die ontdekking van selfkennis en beroepskennis by die kliënte deur die inkorporering van liggaamsporette. Ons het ons beplanning vir die tweede besoek ook met ons supervisor bespreek. Soos voorheen het ons (die MEd Opvoedkundige Sielkunde-studente) weer die aand voor die tweede

skoolbesoek met die supervisor ontmoet om doelwitte, verwagtings, bekommernisse en emosies te bespreek. Tydens die twee dae van opvoedkundige sielkundige loopbaanfasiliteringintervensie het ek dus gebruik gemaak van die liggaamsportret-tegniek as medium om die kliënte te begelei deur die ontdekkingsproses van selfkennis en beroepskennis ten einde 'n toekoms met 'n ingeligte beroepskeuse te visualiseer. Al die inligting en nuwe kennis is op die liggaamsportrette aangeteken, geplak of geteken. Sien Bylaag A-2 met foto's van die proses en uitkomst van die agt kliënte. Foto 1.8 weerspieël een seun (kliënt 7) se liggaamsportret.



**Foto 1.8:**  
Kliënt 7 se liggaamsportret om loopbaankeuses te fasiliteer  
(26 Augustus 2009)

Die supervisor het, soos in die geval van die eerste besoek, na afloop van elke dag refleksie-sessies gefasiliteer met ons as studente. Terugvoering vanaf die supervisor het verdere begeleiding ten opsigte van optrede en hantering van die kliënte gegee.

### 1.3 NAVORSINGDOELSTELLINGS, NAVORSINGDOELWITTE EN NAVORSINGSVRAE

Aan die hand van bogenoemde rasionaal lei die volgende navorsingsdoelstellings en -doelwitte my studie. Vervolgens word die navorsingsvrae van hierdie studie ook bespreek.

#### 1.3.1 NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWITTE

Die doel van die studie is om die bruikbaarheid van liggaamsportrette te verken (Babbie, 2005) en te beskryf (Mouton & Marais, 1992) ten einde 'n bydrae te lewer tot die terrein van kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

Die navorsingsdoelwitte van hierdie studie kan as volg voorgestel word:

- Om loopbaanfasiliteringsmomente te bepaal wat teenwoordig was met die gebruik van liggaamsportrette tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

- Om te bepaal hoe bevredigend, prakties uitvoerbaar, en toepaslik liggaamsportrette was vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering.
- Om te bepaal tot welke mate die gebruik van die liggaamsportret-tegniek struikelblokke kan oorbrug wat met kruis-kulturele loopbaanfasilitering geassosieer word.
- Om indikators te identifiseer wat aanduidend is vir die gebruik van liggaamsportrette in loopbaanfasilitering.
- Om leemtes te identifiseer wat navore kom met die gebruik van die liggaamsportret-tegniek in kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

### 1.3.2 NAVORSINGSVRAE

Na aanleiding van die doelwitte het ek navorsingsvrae geformuleer. Die studie is gelei deur die volgende primêre navorsingsvraag:

*Hoe kan insig in die bruikbaarheid van liggaamsportrette kennis rakende kruis-kulturele loopbaanfasilitering verryk?*

Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord is die volgende sekondêre navorsingsvrae aangespreek:

1. Watter loopbaanfasiliteringsmomente is teenwoordig wanneer liggaamsportrette gebruik word tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering?
2. Hoe bevredigend, prakties uitvoerbaar en toepaslik was die gebruik van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering?
3. Tot watter mate kan die liggaamsportret-tegniek struikelblokke wat geassosieer word met kruis-kulturele loopbaanfasilitering oorbrug?
4. Watter leemtes kan geïdentifiseer word met die gebruik van die liggaamsportret-tegniek in kruis-kulturele loopbaanfasilitering?
5. Wat is die proses en indikatore vir die gebruik van liggaamsportrette in loopbaanfasilitering?

## 1.4 VERHELDERING VAN KERNKONSEPTE

In hierdie afdeling word die kernkonsepte van die studie bespreek. Deur die kernkonsepte deeglik te bespreek kan daar moontlik 'n duidelike begrip en agtergrond van elke konsep verseker word.

### 1.4.1 INSIG

Insig word in hierdie studie gedefinieer as die begripsvorming, organisering en verstandvorming van die deelnemers se persoonlike kennisraamwerk oor die effektiwiteit van die liggaamsportret-tegniek in kruis-

kulturele loopbaanfasilitering (Corsini, 2002; Labuschagne & Eksteen, 1993; Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1994). Daar word spesifiek gefokus op insig met betrekking tot die vorming van selfkennis en beroepkennis deur middel van die gebruik van liggaamsportrette.

#### 1.4.2 BRUIKBAARHEID

Bruikbaarheid omsluit die mate waartoe die liggaamsportret-tegniek bevredigend, prakties uitvoerbaar en toepaslik kan wees tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering (De Villiers, Smuts, Eksteen & Gouws, 1985; Robert, 2004; VandenBos, 2007). Die liggaamsportret-tegniek kan as bevredigend beskryf word indien die terapeut kruis-kulturele bekwaamheid (Richardson & Jacob, 2002) en loopbaanfasiliteringsvaardighede (National Career Development Association - NCDA, 1997) kan demonstreer en beoefen. Verder kan 'n kliënt se beleving en uitvoering van loopbaanfasiliteringsmomente ook beduidend wees. 'n Prakties uitvoerbare tegniek skep 'n holistiese siening van die kliënt deur die toepassing van die lewensontwerp-benadering in 'n kruis-kulturele terapeutiese omgewing (Heppner, 2006; Savickas, Nota, Rossier, Dauwalder, Duarte, Guichard, Soresi, Van Esbroeck & Van Vianen, 2009). 'n Toepaslike tegniek maak oorbrugging van kruis-kulturele- en loopbaanfasiliteringshindernisse moontlik.

#### 1.4.3 LIGGAAMSPORTRET

Ek was tydens die studie bewus daarvan dat liggaamsportrette deel is van kunst terapie, narratiewe terapie, liggaamswerk, lewensverhaal en lewensontwerp (McCallaghan, 2007; Meyburgh, 2006). 'Liggaamsportret' word in die studie gedefinieer as die gebruik van 'n kliënt se projektiewe lewensgrootte-tekening van sy of haar liggaam binne 'n loopbaanfasiliterings terapeutiese omgewing (McCallaghan, 2007). Binne die terapeutiese omgewing deel die kliënt sy lewensverhaal, maar ontdek, prosesseer en reflekteer ook:

- op nie-verbale vlak ervarings en situasies wat beleef is (Meyburgh, 2006)
- emosionele ervarings en hoe die liggaam die ervarings beleef het (McCallaghan, 2007)
- spirituele aspekte van die persoon se lewe (McCallaghan, 2007).

#### 1.4.4 LIGGAAMSPORTRETTEGNIK

Tydens die studie het ek gebruik gemaak van McCallaghan (2007, p.42; 44) se definisie, naamlik: *Liggaamsportret-tegniek is 'n kreatiewe en ekspressiewe tegniek, ...waar die persone hulleself en hul eie lewe kan ontmoet en vier as erkenning van hulle lewe en toekoms.* Die liggaamsportret-tegniek bevorder intra- en interpersoonlike kommunikasie en is ook verder 'n middel tot persoonlike groei (McCallaghan, 2007).

#### 1.4.5 KRUIS-KULTUREEL

Die konsep is 'n samestelling van twee konsepte, te wete 'kruis' en 'kultureel.' Die twee samestellende konsepte stel voor dat daar reeds 'n bestaande verskil is in die term 'kultuur'. Dit dui daarop dat daar 'n moontlike invloed is tussen die primêre kultuur (die onderhoudvoerder) en 'n sekondêre kultuur (van wat nog geleer moet word). Kruis-kultuur is 'n vergelyking tussen twee of meer kulture in 'n spesifieke situasie(s). 'n Individueel word beïnvloed deur die sekondêre kultuur, maar beïnvloed ook terselfdertyd die sekondêre kultuur (Thabane, 2004). Tydens die studie was ek bewus daarvan dat kruis-kulturaliteit impliseer dat daar 'n wedersydse effek is van die primêre en sekondêre kultuur met inagneming van hoe kultuur menslike gedrag beïnvloed.

#### 1.4.6 KRUIS-KULTURELE SIELKUNDE

Kruis-kulturele sielkunde is die wetenskaplike studie van variasies van menslike gedrag met inagneming van die wyse waarop gedrag beïnvloed word deur die kulturele konteks (Thabane, 2004). Tydens die studie was ek bewus van die deelnemers se kultuur en my eie, verskille in kultuur en ook hoe kultuur gedrag beïnvloed tydens my observasies en data-analise.

#### 1.4.7 LOOPBAANFASILITERING

Prinsloo (in Coetzee, Ebersöhn & Ferreira, 2009, p. 542) verduidelik loopbaanfasilitering deurdat die kliënt in sy totaliteit beskou word, omrede die loopbaanfasiliteerder bewus is van ander lewensrolle van die kliënt. Coetzee (2005, p. 85) definieer loopbaanfasilitering as ... *'n samestellende term wat die loopbaanondersteuningsproses omskryf, maar met die spesifieke verskil dat dit bates inkorporeer van die kliënt-vennoot, asook die omgewing en vertrou om die beginsels van kliënt-vennoot eienaarskap, gedeelde verantwoordelikheid, bevoegdheid, erkenning van volhoubare vaardighede en inkorporeer sienings.* Vir die doeleindes van hierdie studie beskou ek loopbaanfasilitering as die holistiese siening van 'n kliënt met inagneming van eksterne en interne faktore wat die kliënt moontlik tydens loopbaanfasilitering kan beïnvloed.

#### 1.4.8 LOOPBAANASSESSERINGSINSTRUMENT

Hierdie konsep is 'n samestelling van drie konsepte, naamlik 'loopbaan,' 'assessering' en 'instrument.' Super het aanvanklik na loopbaan verwys as die reeks werke en posisies wat 'n individu beoefen in sy werkslewe (Stead & Watson, 2006). 'n Paar jaar later het Super sy definisie oor loopbane verbreed deur na loopbane te verwys as die kombinasie en reeks rolle wat 'n persoon gedurende die verloop van sy/haar lewensyd vervul (Stead & Watson, 2006). Stead en Watson (2006) is van opinie dat die term

'loopbaan' die betekenis van werk binne en buite die loopbaankonteks reflekteer in vergelyking met die individue se lewensrolle en verhoudings gedurende sy lewenstydperk.

Moloi (2009) definieer 'assessering' as die inwinningsproses en bespreking van inligting van verskeie en diverse bronne om sodoende 'n diepere betekenis te verkry van wat 'n persoon weet en verstaan, ten einde te bepaal wat 'n kliënt sal kan doen met 'n opvoedkundige ondervinding. Die proses bereik sy hoogtepunt wanneer die resultate gebruik kan word om opvolgende leer te verbeter.

'n 'Instrument' kan gedefinieer word as 'n stuk gereedskap of 'n apparaat spesifiek ontwerp vir 'n spesifieke taak (Reber & Reber, 2001). Hierdie outeurs definieer 'instrument' verder as enige apparaat wat 'n tipe veranderlike meet of 'n sekere faktor assesser.

Vir hierdie studie beskou ek 'n loopbaanassesseringsinstrument as die inwinningsproses en meting, deur 'n bepaalde apparaat, van 'n individu se loopbane, rolle, posisies, verhoudings en loopbaanontwikkeling in organisasies binne die individu se lewenstydperk. Die proses en meting vind plaas om 'n diepere betekenis van 'n persoon te verkry en om sodoende leer te verbeter.

#### 1.4.9 AKADEMIESE DIENSLEER

Bender en Jordaan (2007) definieer 'diensleer' as 'n tipe eksperimentele onderwys wat die basis van leer en onderrig vorm. Studente leer hierdeur, en ontwikkel deur aktiewe deelname aan nadenkende georganiseerde diens wat geïntegreer is in die akademiese kurrikulêre leer en dit verhoog. Verder word akademiese diensleer in 'n gemeenskap uitgevoer, maar behoort dit ook aan die gemeenskap se behoeftes te voldoen. Akademiese diensleer word georganiseer deur 'n instansie van hoër onderwys en bepaalde diensverskaffers. Studente behoort 'n geskeduleerde tyd in te ruim om te reflekteer oor hul dienservaring en so 'n diepere begrip van die module inhoud te verwerf. Akademiese diensleer kweek 'n breër waardering vir die vakdissipline en bevorder sosiale verantwoordelikheid (Bender & Jordaan, 2007).

Die Universiteit van Pretoria se voormalige departement gemeenskapsbetrokkenheid definieer akademiese diensleer (University of Pretoria, 2009, p.2) as: *Academic service-learning (ASL) is a module-based, credit-bearing experiential educational approach involving learning activities in which students:*

- *participate in contextualised, well-structured and organised service activities aimed at addressing identified service needs in a community; and*

- *examine and analyse their service experiences critically through structured reflection in order to gain a deeper understanding of the linkage between curriculum content and service, as well as achieve personal growth and a sense of social responsibility.*

In hierdie studie het akademiese diensleer deel gevorm van die beroepsoriënteringspedagogiek praktikum (Ebersöhn, 2009) van die opvoedkundige sielkundige meestersprogram. Binne die module is die fasette van akademiese diensleer uitgevoer en beoefen.

## 1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Vir hierdie studie het ek 'n interpretivistiese benadering as metateoretiese paradigma gevolg (Nieuwenhuis, 2007a). Metodologies was my paradigma kwalitatief (Nieuwenhuis, 2007b). Dokumente vir die inhoudsanalise as navorsingsontwerp het die volgende ingesluit: reflektiewe joernale van my en my portuur-supervisor, assesserings- en intervensiebeplanning, visuele data van die intervensiebesoek (foto's), transkripsies van oudiovisuele opnames van die intervensiebesoek sowel as die assesseringsnotas van my supervisor. Ek het van kodering en kategorisering van die voorgenoemde dokumente gebruik gemaak vir analise ten einde betekenisvolle aannames te ontwikkel (Nieuwenhuis, 2007c). Tabel 1.3 verskaf 'n opsomming van die navorsingsmetodologie wat ek gebruik het tydens die studie, wat ek in meer besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek.

Tabel 1.3: Opsomming van paradigmas, ontwerp en navorsingsmetodologie

Navorsingsitem	Beskrywing
Metateoretiese paradigma: Interpretivistiese benadering	Die doel van die interpretivistiese benadering binne navorsing is om 'n bepaalde perspektief oor 'n situasie te gee en die situasie te analiseer en insig te verkry oor hoe 'n bepaalde groep mense begrip vorm oor 'n situasie of fenomeen wat hul mag beleef (Nieuwenhuis, 2007a). Interpretivisme het aan my die geleentheid gebied om die begrip wat 'n groep Graad 9- seuns gevorm het oor die gebruik van liggaamsportrette binne kruis-kulturele sielkunde te analiseer en te bepaal tot watter mate dit 'n bruikbare tegniek is.
Metodologiese paradigma: kwalitatiewe navorsing	<i>People often describe qualitative research that attempts to collect rich descriptive data in respect of a particular phenomenon or context with the intention of developing an understanding of what is being observed or studied</i> (Nieuwenhuis, 2007b, p. 50). Vir hierdie studie is versamelde databronne geanaliseer om te bepaal hoedanig liggaamsportrette bruikbaar is vir kruis-kulturele sielkunde.
Navorsingsontwerp: inhoudsanalise	Inhoudsanalise is 'n tegniek om gevolgtrekkings te vorm deur sistematies en objektief besonderse eienskappe van boodskappe te identifiseer (Berg, 2001). Inhoudsanalise kan gebruik word om enige tipe sosiale kommunikasie te ondersoek (Berg, 2001). Berg (2001) verduidelik dat die produkte, vanuit

Navorsingsitem	Beskrywing
	sosiale kommunikasie, enige geskrewe dokumente en transkripsies insluit (Berg, 2001). Vir die betrokke studie was die produkte die omvattende databronne wat gegeneer is tydens my akademiese diensleer in my meestersgraadstudie.
Data-insamelingsmetode: dokumente	Databronne gegeneer uit observasies van my akademiese diensleer-ervaring het gedien as data vir die studie. Die databronne was deur 'n gerieflikheidsteekproef geselekteer vanweë die beskikbaarheid daarvan. Dit was belangrik dat die databronne tipes kommunikasie verteenwoordig wat lig kon werp op die fenomeen van liggaamsportrette as moontlike kruis-kulturele loopbaanfasiliteringstegniek wat ondersoek is (Nieuwenhuis, 2007b).
Data-analiseringstegniek: kodering en kategorisering	Kodering is die proses waardeur data in kleiner hanteerbare segmente verdeel word en die segmente geëtiketteer word deur 'n bepaalde kode (Schwandt, 2007). In hierdie studie is gebruik gemaak van <i>a priori aannames</i> vir die opstelling van analiseringskodes (Schwandt, 2007). Die rede hiervoor is dat die kodes vooraf opgestel is uit die literatuur (sien Hoofstuk 2) (Schwandt, 2007).  Die kodes is ook in Hoofstuk 2 verder in kategorieë geplaas vanweë ooreenstemmende patrone wat in die literatuur navore gekom het (Berg, 2001).
Etiese oorwegings	Die etiese aspekte waaraan ek gehoorsaam was, sluit in: vrywillige deelname, ingeligte toestemming, veiligheid tydens deelname, privaatheid en vertroue. Die etiese aspekte en hul implikasies word breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek.

## 1.6 HOOFSTUK-INDELING

Die raamwerk vir hierdie studie se hoofstukke word vervolgens uiteengesit.

### Hoofstuk 1: Inleiding en rasionaal

Hoofstuk 1 het gedien as 'n inleidende hoofstuk tot die studie. Die inligting in die hoofstuk gee 'n aanduiding van die rasionaal van die studie asook die konteks waarbinne die studie plaasgevind het. Die hoofstuk het die navorsingsvraag verskaf en kernkonsepte uit die navorsingsvraag verklaar. 'n Opsomming van die navorsingsmetodologie asook etiese strategieë van die studie is kortliks bespreek.

### Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

Hoofstuk 2 verskaf die teoretiese raamwerk vir die studie. Ek het literatuur relevant tot die onderwerp ondersoek en bespreek kruis-kulturele sielkunde, loopbaanfasilitering en liggaamsportrette as vorm van kunstherapie. Die hoofstuk word afgesluit met die *a priori*-aannames wat geïdentifiseer is uit die literatuur.

### **Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie**

In Hoofstuk 3 beskryf ek die navorsingsproses wat ek tydens die studie gevolg het in meer besonderhede deur te verwys na die navorsingsontwerp en metodologie. Die seleksie van databronne en metode van data-analise en interpretasie word ook verduidelik. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die etiese oorwegings en kwaliteitskriteria wat ek tydens die studie toegepas het.

### **Hoofstuk 4: Navorsingsresultate**

In hierdie hoofstuk sit ek die analise en interpretasie van die data uiteen. Die bevindings word saamgevat in 'n bespreking waar ek dit vergelyk met relevante literatuur.

### **Hoofstuk 5: Oorsig, gevolgtrekkings en aanbevelings**

In Hoofstuk 5, die samevattende hoofstuk, gee ek 'n oorsig van die vorige hoofstukke. Ek som die bevindings op in terme van die navorsingsvraag. Ek dui ook die moontlike bydrae wat hierdie studie gelewer het aan, in terme van teorie en praktyk. Laastens word die hoofstuk afgesluit met 'n bespreking van die beperkings van die studie.

## **1.7 SAMEVATTING**

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n inleiding te gee vir die studie en 'n breë uitleg van wat gaan volg in Hoofstuk 2-5. Ek het die rasionaal asook die agtergrond van die studie bespreek. Verder het ek 'n aanduiding gegee van die navorsingsvrae en aannames in die studie. Kernkonsepte wat van toepassing is op die studie is verduidelik en 'n opsomming gegee van die navorsingsmetodologie.

In Hoofstuk 2 bespreek ek relevante teorie. Die literatuuroorsig het my as navorser in staat gestel om 'n begrip te vorm oor die relevante konsepte van die studie, maar ook om my resultate uiteindelik te interpreteer teen die agtergrond van bestaande teorieë in die veld.



## HOOFSTUK 2

### Literatuuroorsig

---

### *Dink dinge...* 15 Maart 2011

Vanoggend lees ek in Eugene Kemp, geregistreerde sielkundige, *Shrinkstories* 'n hoofstuk wat hy geskryf het oor die Grand Canyon. In die bepaalde hoofstuk praat hy oor die flied *Grand Canyon*. Hy verduidelik dat in die flied word die Grand Canyon as metafoor gebruik om die verdeeldheid tussen mense uit te beeld (Kemp, 2009: 139). Die tema van die flied handel oor die feit dat baie mense toelaat dat daar 'n kloof tussen hulle ontstaan, hetsy vanweë rasse, ouderdom, geslag ensovoorts (Kemp, 2009: 142). Die hoofstuk het my laat wonder: Is die flied nie kenmerklik van ons as mens nie? Is dit nie dalk wat werklik in ons wêreld aangaan nie? Skep ons as mens nie dalk kloue as gevolg van ons verskillende rasse, tale en agtergronde nie? Lewe elke kulturele- of rassegroep nie op hul eie gedeelte van die Canyon nie?

Verder verduidelik Eugene Kemp dat daar regdeur die flied 'n helikopter in die agtergrond is (Kemp, 2009). Die helikopter herinner die kyker om vanuit 'n objektiewe perspektief na die lewe te kyk (Kemp, 2009). Die hoofstuk inspireer my vandag om met ander oë na my lewe en die omgewing waarin ek beweeg en werk te kyk. Ek wens ons, veral ons as opvoedkundige sielkundiges, wil die tyd en bereidwilligheid neem om 'n brug te bou vanaf ons gedeelte van die Canyon na die anderkant waar ander kulture en rasse woon. Ons moet nie toelaat dat 'n denkbeeldige kloof van 'andersheid' ons skei nie. 'Andersheid' is niks anders as uniekheid, want elkeen van ons is uniek gemaak. Deur die stap te neem om ander rasse en kultuurgroepe te gaan besoek, met 'n siening van hul eie uniekheid en deur tyd saam met hulle te spandeer, gaan 'n nuwe wêreld oop van vriendskap, begrip, lewenservaring en kennis oor die ander se kultuur, agtergrond, gewoontes en lewensverhaal.

Maya Angelou (Klimj, 2006) het 'n gesegde wat lui "*I note the obvious differences between each sort and type, but we are more alike, my friends, than we are unlike*". Elke individu, individue aan beide kante van die canyon, is so verskillend maar ook so dieselfde.

Ons verskil ten opsigte van ons verwysingsraamwerke maar ons basiese behoeftes soos sosiale aanvaarding, behoefte aan liefde, strewe na 'n betekenisvolle bestaan en soveel meer bly tog dieselfde. Ek besef nou, dat al verskil ek en my kliënt van kulture is ons baie dieselfde vanweë ons basiese behoeftes, drome en ideale.

Ons as sielkundiges wil altyd so graag help maar ons wil help daar waar dit maklik is, met ander woorde daar op jou Canyon waaraan jy bekend is. Dit is egter nodig om die brug oor te steek van my canyon na 'n ander kultuur of ras se canyon want daar as sielkundige moet ek ook help. Let wel die mense se kultuur en ras aan die 'anderkant' verskil van myne en beïnvloed dus hul optrede teenoor my maar ook vice-versa. Alleen deur tyd saam met 'die ander' deur te bring en mense beter te leer ken sal ek meer effektief wees tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

Een van die grootste foute wat ek in my lewe gemaak het, was toe ons in 2009 tydens my meesterstudie die FLY projek besoek het. Ek het gedink dit wat op my gedeelte van die canyon werk, sal daar 'oorkant' ook werk. Ek het veralgemeen oor die 'mense' aan die oorkant van die canyon, ek het gedink hul sal wees soos alle ander mense uit dieselfde kultuurgroep as hulle. Verder het ek die fout begaan deur te dink ek gaan help en verander. Dit was 'n groot fout! Die groot geheim lê in die bereidheid om die 'ander mense' aan die anderkant met die nodige respek te leer ken en te waardeer vir wie hulle is. Eers dan kom die wêreld van vriendskap, begrip en diensbaarheid. 'n Sleutelkenmerk van 'n effektiewe sielkundige is dat hy/sy elkeen se uniekheid in 'n bepaalde konteks aanvaar. Graag haal ek 'n gedeelte vanuit my FLY projek praktiese refleksiejoernaal aan wat die bogenoemde insig bevestig: *“Al staan dit in die handboeke van jy moet by jou kliënt se kultuur, ras en omgewing aanpas moet jy dit regtig gaan doen. Deur in hul omgewing in te klim help om hulle beter te verstaan maar ook goeie verhoudinge te stig”* (FLY projek - Refleksie: Dag 2).

Eugene Kemp sluit die hoofstuk af met die woorde: *“As sielkundige bly die gevaar dat jy dink jy nogal iets weet en mense kan help”* (Kemp, 2009: 146). As sielkundige voel ek, ek is kundig op my vakgebied en is in staat om ander te help. Tog moet ek besef dat ek altyd 'n lewenslange leerling sal wees en voordat ek kan help moet ek eers my kliënt binne sy/haar bepaalde konteks leer ken. Hierdeur verryk dit my kennis oor die wyse om die 'mense aan die oorkant' te help binne hul canyon omgewing.

## 2.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 het ek die rasionaal van hierdie studie verduidelik asook 'n aanduiding gegee van my navorsingsvrae. Verder word die doel van die studie, die kernkonsepte en 'n kort opsomming van my metodologiese raamwerk gegee.

Hierdie hoofstuk bestaan uit drie afdelings. Eerstens word die literatuur relevant aan die studie bespreek en daarna die teoretiese raamwerk. Die literatuurstudie van hierdie navorsing is gebaseer op die volgende konsepte: kruis-kulturele sielkunde, loopbaanfasilitering, die adolessent en loopbaanfasilitering, liggaamsportrette as deel van kunsterapie, en lewensontwerp. Ek bespreek elkeen van die konsepte aan die hand van potensiële moontlike hindernisse en die moontlikhede wat ervaar kan word in kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Verder identifiseer ek moontlike tegnieke om hindernisse te oorbrug en geleenthede te benut. Na die bespreking van die literatuur identifiseer en bespreek ek *a priori*-aannames vanuit die betrokke literatuur. Die *a priori*-aannames het ek tydens deduktiewe data-analise benut, soos gereflekteer in Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4.

## 2.2 KRUIS-KULTURELE SIELKUNDE IN SUID-AFRIKA

Ebersöhn (2012, p. 7) beskou die doel van kruis-kulturele sielkunde as "*an estimation of that which is common across cultures*". Hierdie stelling kan na my mening as fondasie dien vir beskouings van kruis-kulturele sielkunde. Volgens Louw (2004) word Suid-Afrika gekenmerk deur 'n diversiteit van kultuur en linguistiek. Dié diversiteit kan verduidelik word aan die hand van, onder andere, verskeie gelowe, rasse-groepe en elf amptelike tale. Vanweë Suid-Afrika se diverse samestelling is dit 'n uitdaging vir professionele persone binne die opvoedkundige en gesondheidssektor, om diens te verskaf. Louw (2004) noem verder dat sodanige diens gebaseer behoort te wees op huidige navorsing en professionele kennis, en terselfdertyd ook die kultuur en diversiteit respekteer van kinders en hul gesinne wat ondersteun word.

Kruis-kulturele bekwaamheid kan professionele persone help om meer effektief te wees binne 'n kruis-kulturele omgewing (Richardson & Jacob, 2002). Moontlike strategieë vir die opvoedkundige sielkundige student om kruis-kulturele bekwaamheid te ontwikkel, is tweeledig in terme van kurrikulum en praktiese ervarings (Ebersöhn, 2012; Heppner, 2006). Ebersöhn (2012) asook Richardson en Jacob (2002) is van mening dat die kurrikulum en opleiding van opvoedkundige sielkundige studente aangepas moet word omrede die hoër onderwys kurrikulum en kennis op die opvoedkundige vlak dikwels nie met die kernpraktyke van loopbaanfasilitering korreleer nie. 'n Aangepaste kruis-kulturele kurrikulum kan studente moontlik voorsien van die vermoë en kennis om effektief te kan optree in

omgewings en omstandighede arm aan hulpbronne (Ebersöhn, 2012; Richardson & Jacob, 2002). Die kurrikulum moet formele vakkennis, innoverende metodes en tegnieke, kruis-kulturele kwessies en die rykdom van diverse kulturele erfenis insluit asook praktiese ervaring en aktiwiteite (Ebersöhn, 2012; Heppner, 2006; Maree & Beck, 2004).

Ebersöhn (2012) verduidelik dat hoër onderwys kurrikulum dikwels gebaseer is op Westerse georiënteerde sielkundige epistemologieë. Die opleiding lei daartoe dat opvoedkundige sielkundiges en studente die Suid-Afrikaanse jeug assessee tydens loopbaanfasilitering met instrumente voortspruitend uit Westerse beginsels. Wat verder kommerwekkend is, is dat loopbaanintervensie as gevolg daarvan ook gebaseer is op uitkomst van die Westerse meetinstrumente/psigometrie wat gebaseer is op beroepe wat nie sinoniem is met die deursnee Suid-Afrikaanse kliënt se ekologiese praktyke nie (Ebersöhn, 2012). Die dilemma lei daartoe dat opgeleide sielkundiges nie altyd ten volle toegerus is om loopbaanfasilitering in hulpbron-arm omgewings te kan toepas nie. Hierdie moontlike beperking in loopbaanopleiding van sielkundiges-in-opleiding kan kliënte se vermoë verhinder om in hul beroepslewe aan te pas en te floreer. Om dié rede is dit belangrik dat huidige loopbaanfasiliteringshulpbronne moet verander en aangepas word om sosiale regverdigheid aan te spreek (Ebersöhn, 2012). In die volgende afdeling bekyk ek kruis-kulturele bekwaamheid in meer besonderheid.

## 2.3 KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID

In hierdie afdeling bespreek ek die noodsaaklikheid en voorbeelde van kruis-kulturele bekwaamhede. Verder verwys ek na hindernisse en geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid, asook kommunikasie in kruis-kulturele sielkunde.

### 2.3.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID

Lynch (in Louw, 2004) definieer kruis-kulturele bekwaamheid as die vermoë om te dink, te voel en op te tree op maniere wat kulturele en linguistieke diversiteit erken en respekteer. 'n Verdere definisie van kruis-kulturele bekwaamheid word omskryf deur Sue, Zane, Nagayama Hall en Berger (2009) as die vermoë van die terapeut om tussen twee tipes kulturele perspektiewe te beweeg deur begrip te toon rakende die kliënt se kultuur en diverse kulturele agtergrond. Sue en Sue (2003, p. 21) gee die volgende omvattende definisie van kulturele bekwaamheid: "*Cultural competence is the ability to engage in actions or create conditions that maximize the optimal development of client and client systems. Multicultural counselling competence is defined as the counselor's acquisition of awareness, knowledge, and skills needed to functioning effectively in a pluralistic democratic society (ability to communicate, interact, negotiate, and intervene on behalf of clients from diverse*

*backgrounds), and on an organisational/societal level, advocating effectively to develop new theories, practices, policies, and organisational structures that are more responsive to all groups".* Kruis-kulturele bekwaamheid kan dus omskryf word as die vermoë van die terapeut, in 'n kruis-kulturele terapeutiese omgewing, om sy/haar gedrag, gedagtes, woorde, bewussyn, kulturele kennis en vaardighede so te rig om die kliënt te respekteer ten opsigte van verskille in agtergrond en kultuur. Die kulturele bewuste gedrag van die terapeut mag moontlik lei tot optimale terapeutiese resultate sonder dat die verskille as hindernisse in die terapeutiese proses ervaar word.

Louw (2004) en Ridley (in Sue *et al.*, 2009) huldig die mening dat dit sielkundiges se professionele en etiese verantwoordelikheid is om kruis-kultureel bekwaam op te tree wanneer hulle binne die Suid-Afrikaanse konteks werk. Internasionaal is die voorstel dat kruis-kulturele bekwame dienste beskikbaar gestel word aan etnies gemarginaliseerde groepe (Sue *et al.*, 2009). Verder maak vele organisasies die oproep vir kruis-kultureel bekwame gesondheidsdienste, asook kruis-kultureel bekwame terapeute omdat gesondheidsdienste dikwels nie toeganklik, beskikbaar en effektief gelewer word aan gemarginaliseerde groepe nie (Sue *et al.*, 2009).

### 2.3.2 VOORBEELDE VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEDE

Heppner (2006) verduidelik dat die ontwikkeling van kruis-kulturele bekwaamheid 'n lewenslange reis is. Die tradisionele kruis-kulturele bekwaamhede model het aanvanklik die volgende drie komponente van kruis-kulturele bekwaamheid geïdentifiseer: (a) die terapeut se *bewussyn* van sy/haar eie aannames oor menslike gedrag, waardes, vooropgestelde idees, persoonlike tekortkominge en vooroordeling, (b) *begrip* en *kennis* vir die kruis-kulturele kliënt se wêreldbeskouing en (c) ontwikkeling van toepaslike *intervensie strategieë en tegnieke* vir die kruis-kulturele kliënt (Richardson & Jacob, 2002; Sue & Sue, 2003). Collins en Arthur (2010a) asook verskeie ander navorsers (Costantine & Ladany, 2001; in Collins & Arthur, 2010a) is egter van mening, vanuit verskeie studies, dat *kultureel sensitiewe samewerkende alliansie* gesien moet word as vierde kruis-kulturele bekwaamheid komponent. Gebaseer op die vier kruis-kulturele bekwaamhede en hul onderliggende aspekte het ek die raamwerk in Figuur 2.1 saamgestel soos van toepassing op hierdie studie (Collins & Arthur, 2010a; Collins & Arthur, 2010b, Richardson & Jacob, 2002; Sue & Sue, 2003; Sue *et al.*, 2009).



(a) <b>Terapeut se bewussyn</b>	•Persoonlike kulturele identiteit
(b) <b>Begrip &amp; kennis oor die kliënt se wêreldbeskouing</b>	•Persoonlike kulturele identiteit
(c) <b>Kultureel sensitiewe samewerkende alliansies</b>	•Vertrouensverhouding •Doelwitooreenkoms •Taakcoreenkoms
(d) <b>Intervensiestrategieë en -tegnieke</b>	•Wyse van <i>intervensieaanbieding</i> •Inhoud van die <i>intervensie</i>

**Figuur 2.1: Kruis-kulturele bekwaamheid**

Om data te verstaan vanuit 'n kruis-kulturele loopbaanfasiliteringsbeskouing, behoort die karaktereienskappe van 'n kultureelbewuste berader (Stead & Subich, 2006) op die voorgrond te wees. Soos Richardson en Jacob (2002) asook Sue en Sue (2003), is Stead en Subich (2006) van mening dat 'n kultuurbewuste sielkundige bewus sal wees van sy/haar eie bevooroordeeldheid en houding, kennis sal dra van verskillende kulture en spesifieke intervensiestrategieë sal ontwikkel om met diverse kliënte te werk. Vervolgens bespreek ek hierdie vier komponente van kruis-kulturele bekwaamheid.

### 2.3.2.1 Selfbewussyn as kruis-kulturele bekwaamheid

*Selfbewussyn* behels die ontdekking van die eie erfenis, sensitiwiteit oor die eie kultuur en bewuswording van die invloed wat kulturele gewoontes, waardes, sienings, leefstyl en gedrag op optrede het (Louw, 2004, Richardson & Jacob, 2002). Terapeute moet eers op hul eie selfbewussyn fokus alvorens hul op dié van kliënte kan fokus (Sue & Sue, 2003).

Collins en Arthur (2010b) dui aan dat 'n terapeut se selfbewussyn verhoog kan word wanneer hy/sy 'n goeie begrip van sy/haar persoonlike kulturele identiteit het. Persoonlike kulturele identiteit word gekonstrueer uit kulturele, persoonlike identiteits-, kontekstuele en universele faktore (Collins & Arthur, 2010b). *Kulturele faktore* verwys na die erkenning van die terapeut se spesifieke ouderdom, geslag, etnisiteit, fisiese en kognitiewe vermoë, seksuele oriëntasie, geloof, taal en sosiale klas. *Persoonlike identiteitsfaktore* sluit in unieke, spesifieke aspekte van die terapeut soos persoonlike ervarings, genetiese samestelling, individuele fasette van ontwikkeling, sosialisering, opvoeding, huwelikstatus en werkservaring. Die historiese, sosiale, politiese, omgewings- en ekonomiese kontekste waarbinne die terapeut funksioneer, verwys na *kontekstuele faktore*. *Universele faktore* sluit daardie algemene elemente in wat mense skei van ander vorme van lewe. 'n Terapeut moet deeglik kennis dra van

sy/haar persoonlike kulturele identiteit om kruis-kulturele bekwaamhede te verhoog en sukses ten opsigte van die terapeutiese uitkomst te kan ervaar (Collins & Arthur, 2010b).

'n Moontlike hindernis in die ontwikkeling van kruis-kulturele selfbewussyn is wanneer 'n student of terapeut weerstandig is, veral in terme van weerstand tot multikulturalisme, of 'n vrees openbaar of nougeset is in denke wanneer dit kom by die hantering van kruis-kulturele kwessies (Arredondo, Tovar-Blank & Parham, 2008). Arredondo *et al.* (2008) maan dat daar tydens die sielkundige se opleiding raad verleen kan word oor die hantering van die weerstandige kliënt, maar dat sielkundiges soms weerstandig kan wees oor multikulturele kwessies. Daarom is die hantering van weerstand teenoor multikulturaliteit ook deel van 'n deeglike ondersoek waar elke sielkundige ten opsigte van sy/haar eie kulturele waardes en bevooroordeeldheid geanaliseer word om sodoende terapieë self-bewus te wees (Arredondo *et al.*, 2008).

Sue en Sue (2003) waarsku terapeute om nie toe te laat dat hul eie bevooroordeeldheid, waardes en kwessies 'n invloed uitoefen op hul vermoë om met kruis-kulturele kliënte te werk nie. Sue en Sue (2003) gee riglyne vir die terapeut om selfbewussyn in dié verband te kweek. Een riglyn is om van onbewuste na bewuste te beweeg ten opsigte van eie kulturele erfenis, om verskille te waardeer en te respekteer. Die terapeut behoort bewus te wees van sy/haar eie waardes en bevooroordeeldheid om sodoende etikettering en stereotipering van kliënte te vermy. Hierdie riglyn kan verder versterk word deur interaksie met kliënte tydens supervisie en deurlopende opleiding te monitor. 'n Terapeut behoort gemaklik te wees met verskille tussen hom/haar en die kliënt.

### 2.3.2.2 Kennis en begrip van kliënte se wêreldbeskouinge

Richardson en Jacob (2002) beklemtoon hoe belangrik dit is dat die terapeut *kennis en begrip besit rakende die kruis-kulturele kliënt se wêreldbeskouing*. Hierby ingesluit is die kliënte se sosiale, sosio-politieke, historiese, kulturele en sosio-demografiese agtergrond wat hulle lewens kon en steeds kan beïnvloed. Daarom kan holistiese beelde van die kliënte verkry word deur kennis van hulle persoonlike kulturele identiteite te verkry (Collins & Arthur, 2010b).

Sue en Sue (2003) verduidelik dat die terapeut nie die kliënt se wêreldbeskouing hoef aan te neem nie, maar dit eerder kan aanvaar en nie beoordeel nie. Die proses waar die terapeut die kliënt se wêreldbeskouing aanvaar, is beter bekend as kulturele rolaanneming (*cultural role taking*). Tydens kulturele rolaanneming verkry die terapeut kennis oor die omvang van die kliënt se kulturele agtergrond, daaglikse lewenservarings, verwagtings, vrese en ambisies (Sue & Sue, 2003). Hoe meer kennis die

terapeut besit oor verskillende kulture, hoe meer effektief is hy/sy in sy/haar interaksies en samewerkende verhoudinge met kliënte van ander kulture as syne/hare. Hoe minder terapeute weet van ander kulture, hoe meer hindernisse sal hulle ervaar tydens terapie en kommunikasie (Heppner, 2006). Dit sal vir die terapeut ook wys wees om kultureel sensitief te wees deur oop te wees vir die kliënt se ervarings, en om in staat te wees om die kliënt te laat beseft dat sy of haar ervarings as waardevol geag en aanvaar word (Fouad & Bingham, in Stead & Subich, 2006). McNiff (2009) verduidelik dat kultuurverskille binne ouderdomsgroepe, geslagte, rasse, politieke en geloofswaardes bestaan. Wanneer 'n terapeut die verskille sensitief hanteer, kan samewerkende verhoudinge tussen die terapeut en die kliënt gevind word in die konteks van verskillende kulture.

Kulturele blindheid is 'n ander element waarteen die terapeut moet waak. 'n Metaforiese voorbeeld van kulturele blindheid is wanneer 'n krieketskeidsregter krieketreëls tydens 'n rugbywedstryd toepas. Kulturele blindheid is merkbaar wanneer 'n professionele persoon sy eie standaarde, waardes en sienings gebruik om kliënte van ander kulture te beoordeel. Die professionele persoon sal in so 'n situasie die kliënt se tradisies, idees, gedrag, waardes en sienings afkeur. Terapeute kan eerder kultureel relativisties optree deur nie kliënte te beoordeel nie, maar objektief te bly en die waardes van ander kulture te respekteer (Louw, 2004).

Dit blyk derhalwe noodsaaklik te wees om kliënte van verskillende kulturele groepe vanuit hul leefwêreld te leer ken (Heppner, 2006). Verder kan breë kennis oor kruis-kulturele menslike gedrag lei tot effektiewe terapie in verskeie kontekste (Heppner, 2006).

### 2.3.2.3 Kultureel sensitiewe samewerkende alliansies

Die kern in enige terapeutiese modaliteit is om 'n effektiewe, suksesvolle samewerkende alliansie te bou (Collins & Arthur, 2010a; Tsang, Bogo & Lee, 2011). Navorsing bevestig die effektiwiteit van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie deur aan te dui dat gemarginaliseerde groepe hul terapeut as kruis-kultureel bekwaam ervaar as die terapeut samewerkende alliansie en empatie demonstreer (Sue *et al.*, 2009). Collins en Arthur (2010a, p. 207) omskryf 'n effektiewe samewerkende alliansie as "... *a collaborative relationship between counsellor and client designed to facilitate change*". Die uitvoering van 'n kultureel sensitiewe samewerkende alliansie is onmoontlik om te vestig indien daar nie aandag gegee word aan die eerste twee kernkomponente van kruis-kulturele bekwaamheid nie, naamlik die terapeut se selfbewussyn, en begrip en kennis van die kliënt se wêreldbeskouing (Collins & Arthur, 2010a).

Die beskrywing en samestelling van samewerkende alliansie is gebaseer op die werk van Bordin (1983). Bordin dui aan dat samewerkende alliansie uit drie betrokke aspekte bestaan: (1) gemeenskaplike ooreenkoms en begrip rakende die **doelwitte** wat aangespreek sal word in die verhouding en veranderingsproses, (2) ooreenkoms rakende die **take** wat beide die terapeut en kliënt in die terapeutiese proses vervul, en (3) gemeenskaplike **respek en vertroue** as fondasie om doelwitte en take te fasiliteer (Bordin, 1983; Collins & Arthur, 2010a; Tsang *et al.*, 2011).

Om **doelwitte** op te stel is 'n basiese vlak van begrip en ooreenstemming tussen terapeut en kliënt nodig (Bordin, 1983). Die duidelikheid van die doelwitte sal bydra tot die sterkte van die samewerkende alliansie (Bordin, 1983). Sue en Sue (2003) is van opinie dat terapie in 'n kruis-kulturele situasie meer suksesvol sal wees as die terapeut doelwitte stel wat konsekwent is met die lewenservaring en kulturele waardes van die kliënt. Die sterkte van die samewerkende alliansie word nie net bepaal deur die duidelikheid van die doelwitte nie, maar ook die duidelike begrip van **take** (tweede aspek) wat deur die terapeut en kliënt uitgevoer moet word om sodoende hul doelwitte te bereik (Bordin, 1983). **Respek en vertroue**, as derde aspek, is die elemente wat 'n band tussen kliënt en terapeut vorm (Bordin, 1983). Om doelwitte en take te kan uitvoer, lei daartoe dat daar samewerkende respek en vertroue tussen terapeut en kliënt moet wees (Bordin, 1983).

Voordele vir die insluiting van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie word vervolgens bespreek. Bewyse is al gelewer dat die kliënt-terapeut verhouding en samewerkende alliansie 'n betekenisvolle voorspelling is vir positiewe terapeutiese uitkomst (Collins & Arthur, 2010a). Dit is belangrik vir 'n terapeut om 'n hulpmiddel te besit wat hom/haar in staat sal stel om met verskillende tipes kliënte te werk, dus is 'n hulpmiddel samewerkende alliansie. Die voorgenoemde word bevestig deur die volgende woorde: "*Technique is an activity, alliance is a way to characterize an activity*" (Collins & Arthur, 2010a, p. 208). Tog kan kultureel toepaslike tegnieke en strategieë samewerkende alliansies fasiliteer en verhoog (Collins & Arthur, 2010a). Collins en Arthur (2010b) verduidelik dat 'n samewerkende alliansie kultureel meer aanpasbaar is, wat 'n verdere rede is waarom dit ingesluit word as 'n kruis-kulturele bekwaamheid. Verder verduidelik Collins en Arthur (2010a) dat samewerkende alliansie die geleentheid bied aan die terapeut om selfbewussyn en kulturele kennis van die kliënt in te samel tydens 'n kultureel sensitiewe proses. Hieruit volg dit dat ek, as navorser dus kultureel sensitiewe samewerkende alliansie as een van die belangrikste kruis-kulturele bekwaamhede beskou.

#### 2.3.2.4 Intervensiestrategieë en -vaardigede

Louw (2004) verduidelik dat dit elke professionele persoon se plig is om kruis-kulturele assesserings- en intervensievaardighede te ontwikkel wanneer kruis-kulturele dienste verskaf word. Assesserings- en

intervensiehulpmiddels kan aangepas word by die kliënt se taal en kultuur (Louw, 2004). Die voorafgenoemde word bevestig deur *Ethical rules of conduct for practitioners registered under the Health Professions Act* (HPCSA, 2006, p. 20), waardeur sielkundiges hul optrede en profesie moet rig as volg: “*A psychologist shall make every effort to ensure that language-appropriate and culture-appropriate services are made available to a client and that acceptable standards of language proficiency are met in the provision of a service to such client whose mother tongue varies from that of such psychologist*”. Die huidige Westersgeoriënteerde psigometriese instrumente, wat dikwels tydens loopbaanfasilitering gebruik word, word nie beskou as geldig en betroubaar vir ’n diverse populasie nie aangesien Suid-Afrika se kulturele en diverse gemeenskap nie daarin verteenwoordig is nie (Bischof & Alexander, 2008; Maree *et al.*, 2006).

Soos vroeër aangedui kom kruis-kulturele bekwaamheid tot uitvoering wanneer die terapeut sy/haar selfbewussyn tesame met begrip en kennis van die kliënt se wêreldbeskouing kan omsit in toepaslike, relevante en *kultureel sensitiewe intervensiestrategieë en -vaardighede* (Richardson & Jacob, 2002). Verskeie studies is al uitgevoer rakende kruis-kulturele intervensies (Sue *et al.*, 2009). Die intervensies fokus op die tipe intervensiebenadering (byvoorbeeld waar ’n spesifieke aspek van die intervensie, soos taal, verander is), of waar die intervensie in die algemeen aangepas is deur ’n ooreenstemmende terapeut ten opsigte van taal en etnisiteit te gebruik (Sue *et al.*, 2009). Ander studies wat uitgevoer is rakende kruis-kulturele intervensie sluit in om spesifieke probleme en kwessies (byvoorbeeld voorkoming van verkragting en/of substansmisbruik) van kliënte aan te spreek, intervensie uit te voer op spesifieke etniese en rassegroepe, en laastens om spesifieke intervensiebenaderings (soos kognitiewe gedragsterapie) toe te pas (Sue *et al.*, 2009). Kruis-kulturele intervensie kan op tweeledige wyse ontleed word: (a) Wyse van aanbieding en (b) Inhoud (Sue *et al.*, 2009).

#### **(a) Wyse van intervensie aanbieding**


Aangesien verskeie terapeute onder die indruk verkeer dat kliënte ’n soortgelyke agtergrond en kulturele erfenis as hulle het, kan terapeute ook dink dat dieselfde terapeutiese benaderings effektief met alle kliënte gebruik kan word (Sue & Sue, 2003). Tog het verskeie studies die teenoorgestelde bewys. So is bevind dat (a) kliënte van omgewings arm aan hulpbronne moeilik aanpas by ’spraak’ georiënteerde terapie, (b) dat self-openbaring teenstrydig is met sommige kulture se waardes, en (c) dat verskeie kliënte van omgewings arm aan hulpbronne aktiewe en direkte benaderings in terapie mag verkies, eerder as onaktiewe en nie-direktiewe benaderings (Sue & Sue, 2003).

Die wyse van aanbieding het ten doel om die intervensie kultureel meer konstant te maak, die kredietwaardigheid van die intervensie of terapeut te verhoog, of om die intervensie meer verstaanbaar

vir etniese minderheidsgroepe te maak (Sue *et al.*, 2009). Die wyse van aanbieding word saamgevat deur die etniese taal van die kliënt (vertaling van intervensie of gebruik van 'n tolk), variasie van die interpersoonlike styl van die intervensie (byvoorbeeld respek te toon vir 'n spesifieke kultuurgroep) en voorsiening van 'n intervensie in 'n kulturele konteks. Sue *et al.* (2009) verduidelik dat 'n mens wel bewus moet wees van individuele verskille asook etniese en kulturele verskille wanneer die aard van die intervensie se aanbiedingstyl en -inhoud beplan en aangebied word. Kommunikasie in kruis-kulturele sielkunde is 'n belangrike faset van die intervensie en daarom word dit in meer besonderheid in Afdeling 2.3.4 bespreek.

**(b) Inhoud van intervensie**

Inhoud verwys na die bespreking of hantering van kulturele ervarings van kliënte tydens intervensie (Sue *et al.*, 2009). In Figuur 2.2 gee ek 'n samevatting van die vier kruis-kulturele bekwaamhede tydens die terapeutiese proses.



**Figuur 2.2: Kruis-kulturele bekwaamhede binne die terapeutiese proses** (Aangepas uit Collins & Arthur, 2010a)

Die basiese terapeutiese proses in enige terapeutiese omgewing skop af met die eerste kontak tussen terapeut en kliënt. Die terapeut en kliënt sal eerstens gemeenskaplike doelwitte opstel en die aktiwiteite bespreek om die doelwitte te bereik (Collins & Arthur, 2010a). Om aan kliënte 'n verduideliking te gee

van die inhoud van die intervensie tydens die aanvangsfase verhoog die kliënt se begrip en kredietwaardigheid van die betrokke intervensie en demonstreer die geskiktheid van die intervensie rakende probleme wat kliënte in hul lewens ervaar (Sue *et al.*, 2009). As gevolg hiervan vind die intervensie plaas om die doelwitte te bereik, waarna geëvalueer word of die bepaalde terapeutiese doelwitte wel bereik is. Terminasie is die laaste stap van enige terapeutiese proses waar doelwitte bereik is en terapeut en kliënt afskeid neem van mekaar (Collins & Arthur, 2010a).

Die basiese terapeutiese proses in 'n kruis-kulturele omgewing verander egter omdat kruis-kulturele bekwaamhede ingesluit word. Die verhouding tussen terapeut en kliënt speel in dié proses 'n baie belangrike rol. Collins en Arthur (2010a) verduidelik dat 'n effektiewe samewerkende verhouding tussen terapeut en kliënt gesien kan word as kultureel sensitiewe samewerkende alliansie, wat nodig is vir goeie resultate in die kruis-kulturele terapeutiese proses. Vir effektiewe samewerkende alliansie moet die drie komponente, soos bespreek in Afdeling 2.3.2.3, in die terapeutiese proses uitgevoer word (Collins & Arthur, 2010a). Die komponente moet uitgevoer word om 'n goeie samewerkende alliansie te vestig om weer indirek die terapeutiese proses suksesvol te voltooi. 'n Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie is egter tydens die terapeutiese proses onmoontlik as die terapeut se selfbewussyn rakende die kliënte se wêreldsienings en ervarings nie in ag geneem word nie (Collins & Arthur, 2010a). Ten spyte van vele voordele van kruis-kulturele bekwaamhede kom sekere hindernisse ook voor, wat voorts bespreek word.

### **2.3.3 HINDERNISSE EN GELEENTHEDE VAN KRUIS-KULTURELE BEKWAAMHEID**

In hierdie afdeling ondersoek ek die hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid in terme van kruis-kulturele sielkunde in die Suid-Afrikaanse konteks. Hierna bespreek ek die geleentheid wat kruis-kulturele bekwaamheid aan terapeute maar ook aan die kliënte kan bied.

#### **2.3.3.1 Hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid**

Vanuit die literatuur blyk daar verskeie hindernisse tot kruis-kulturele bekwaamheid te bestaan (Heppner, 2006; Marsella & Pedersen, 2004; Sue & Sue, 2003). Figuur 2.3 verskaf 'n samevatting van sodanige moontlike hindernisse wat kruis-kulturele bekwaamheid kan verhinder.



**Figuur 2.3: Moontlike hindernisse vir kruis-kulturele bekwaamheid**

*Etnosentrisme* is een hindernis wat in 'n sielkundige se pad kan staan om kruis-kulturele bekwaamhede te beoefen (Heppner, 2006). Marsella en Pedersen (2004) verduidelik dat die etnosentrisme van Westerse sielkundiges veral kommerwekkend is. Dit wil voorkom of Westerse sielkundiges beperkte bewussyn en simpatie toon om die kurrikulum aan te pas sodat hul persoonlike waardes en epistemologie gereflekteer en ondersteun word (Marsella & Pederson, 2004).

'n Tweede hindernis ten opsigte van kruis-kulturele bekwaamheid is xenofobie. *Xenofobie* kan gedefinieer word as 'n onredelike vrees, wantroue, haat vir vreemdelinge en buitelanders of enige iets wat as buitelands of anders bestempel word (Heppner, 2006). In so 'n situasie kan bewuste of onbewuste ang, wantroue en vrese vir nuwe en vreemde dinge 'n hindernis wees in kruis-kulturele ontwikkeling (Heppner, 2006).

Verder kan die *moeisaamheid van 'n terapeut om kliënte se wêreldsieninge te aanvaar* 'n hindernis in kruis-kulturele bekwaamheid wees. Somtyds sal 'n terapeut tydens terapie die kliënt se wêreldsienings ignoreer weens die feit dat hy/sy nie die perspektiewe en verhoudinge van sy/haar kliënt wil aanvaar nie. Verskeie uitdagings bestaan met die aanvaarding van ander se wêreldsienings, insluitend die bewuste en onbewuste kognitiewe denke asook emosionele belewenisse (Heppner, 2006).

Om die *verskille tussen kulture bloot as andersheid te aanvaar*, is 'n verdere hindernis in die bereiking van kruis-kulturele bekwaamheid. Dikwels vergeet terapeute om navorsing oor kruis-kulturele sielkunde te benader as 'n waardevolle bron rakende die kruis-kulturele terapeutiese omgewing. 'n Uitdaging is om kultuurverskille te aanvaar oor verskillende kontekste as blote andersheid en dat daar nie 'n reg of verkeerd is nie (Heppner, 2006).

'n Verdere moontlike hindernis wat Heppner (2006) aandui in terme van kruis-kulturele bekwaamheid is die maak van *universele aannames*. Dikwels word die aanname gemaak dat die teorieë en navorsing wat in die Verenigde State ontstaan het universeel toepaslik is. Die teorieë en navorsing word in baie gevalle bloot net oorgedra na ander kontekste met ander kulture sonder om die toepaslikheid daarvan

te bepaal. Kennis rakende die verskille in kulture is baie belangrik vir die kennisbasis van sielkunde (Heppner, 2006).

'n Laaste hindernis tot kruis-kulturele bekwaamheid is *sosio-ekonomiese veranderlikes*. Verskil in klasse is 'n belangrike faktor in kruis-kulturele terapie. Verwagtings van 'n kliënt vanuit die lae sosio-ekonomiese status kan verskil van dié van die terapeut omrede die kliënt se basiese behoeftes dalk op oorlewing gerig is, en toekomsbeplanning nie deel vorm van sy/haar visie nie (Sue & Sue, 2003). Vir kliënte van 'n ander sosio-ekonomiese status kan die terapeut se poging en identifisering van die kliënt se onderliggende probleme dus as onvanpas beskou word (Sue & Sue, 2003).

### 2.3.3.2 Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid

Heppner (2006) identifiseer moontlike geleenthede vir kruis-kulturele bekwaamheid van sielkundiges. Kruis-kulturele bekwaamheid (a) verhoog die gesofistikeerde aard van navorsing, (b) ontwikkel die bruikbaarheid en veralgemening van die kennisbasis in sielkunde, (c) bevorder 'n diepere verwesenliking dat terapie kan afspeel in 'n kruis-kulturele konteks, en (d) verhoog terapeutiese effektiwiteit oor wye populasies. Kruis-kulturele navorsing kan indirek terapeute se kennis rakende die veld van kruis-kulturele sielkunde verhoog (Heppner, 2006). Heppner (2006) stel verder voor dat die bywoning van geleenthede soos konferensies in die veld van kruis-kulturele sielkunde en die uitvoering van praktiese ervaring in kruis-kulturele omgewings die terapeut se kruis-kulturele bekwaamhede aangaande terapeutiese intervensies kan verhoog.

### 2.3.4 KOMMUNIKASIE IN KRUIS-KULTURELE SELKUNDE

Effektiewe kommunikasievaardighede is baie belangrik wanneer terapie oor verskillende kulture geskied (Fernandez, Trusty & Criswell, 2002). Dit sal verkeerd wees om aan te neem dat kommunikasiestyle universeel en konsekwent is oor verskeie kontekste. Dit is belangrik om as terapeut ingelig te wees oor hindernisse wat kommunikasie tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering kan veroorsaak, maar ook oor strategieë om die hindernisse te oorkom.

Suid-Afrikaners kry daagliks te doen met verskillende tale (Goduka & Swadener, in Louw, 2004) en 'n kliënt wie se taal en kultuur verskil van die terapeut s'n ervaar dikwels linguistieke en kulturele probleme tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering (Maree *et al.*, 2006). Taal word ontwikkel binne 'n kulturele konteks omdat dit 'n kultuur se sienings, waardes en gebruike oordra (Louw, 2004). In 'n pluralistiese omgewing ervaar 'n kliënt die dilemma dat hy/sy eers tydens loopbaanfasilitering konsepte en items in sy/haar eie taal en kultuur moet verstaan, voordat hy/sy kan reageer of dit kan internaliseer. Dus moet 'n

kliënt 'n verwantskap vorm tussen sy/haar eie taal en dié van die terapeut alvorens hy/sy begrippe van konsepte aan 'n terapeut kan kommunikeer. So kan verwarrings plaasvind aangesien 'n kliënt se begrip van 'n konsep heeltemal verskillend mag wees van die eurosentriese betekenis van dieselfde konsep (soos deur die terapeut verwag) (Maree *et al.*, 2006). Daarom is dit belangrik dat professionele persone tegnieke ontwikkel om taalhindernisse te oorbrug.

Strategieë om taalhindernisse te oorbrug tydens kruis-kulturele terapeutiese intervensie is moontlik in die terapeut self geleë deur die korrekte *kommunikasiestyl* toe te pas. Dit vereis dat die terapeut poog om verbaal (inhoud van dit wat gekommunikeer word) en nie-verbaal (hoe aspekte gekommunikeer word) te kommunikeer om sodoende boodskappe effektief oor te dra (om hom/haar verstaanbaar te maak), maar ook om boodskappe te ontvang (te poog om insig tot die kliënt te verkry) (Fernandez, *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003).

Ek bespreek verbale en nie-verbale kommunikasiestyle vervolgens in meer besonderhede as moontlike strategieë vir oorbrugging van taalhindernisse. *Verbale kommunikasie* omsluit vertaling, woordkeuse en -betekenis, en parataal (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003). *Vertaling verwys* na 'n derde persoon (byvoorbeeld 'n tolk) wat betrokke is by die terapeutiese situasie om boodskappe te vertaal vanaf die terapeut se voertaal na die kliënt se primêre taal (Fernandez *et al.*, 2002; Louw, 2004). Fernandez *et al.* (2002) verduidelik dat 'n moontlike nadeel van 'n tolk is dat wankommunikasie en misverstande kan ontstaan as gevolg van verdraaiing en foutiewe interpretasie van beide partye se boodskappe. *Woordkeuse en -betekenis* verwys na die gebruik van definisies en betekenis (Fernandez *et al.*, 2002). 'n Woord kan in verskillende kulture verskillende betekenis hê. Daarom is dit wys dat die terapeut sy/haar woorde deeglik kies om dubbelsinnigheid te vermy. Die terapeut kan aan die kliënt vir terugvoering vra om te bevestig dat die kliënt die terapeut duidelik verstaan het (Fernandez *et al.*, 2002). *Parataal* verwys na vokale aanduidings wat individue gebruik om mee te kommunikeer, byvoorbeeld die hardheid van die terapeut se stem, stiltes, ruspouses, aarselings, tempo en verbuigings (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003). Daarom moet die terapeut sy/haar stemtoon, styl en gedrag aanpas by dit wat aanvaarbaar is vir die kruis-kulturele kliënt (Fernandez *et al.*, 2002).

*Nie-verbale kommunikasie* strategieë bestaan uit proksemika en kinesie. *Proksemika* verwys na die gebruik van persoonlike en interpersoonlike spasie tydens interpersoonlike verhoudinge (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003). Verskillende kulture verkies verskillende afstande in hul persoonlike ruimte wat moontlik misverstande kan veroorsaak tussen terapeut en kliënt wat indirek verskillende positiewe en negatiewe emosies kan ontlok (Sue & Sue, 2003). *Kinesie* verwys na liggaamlike bewegings soos gesigsuitdrukings, postuur, gebare en oogkontak (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003). Verskeie

gebare en liggaamlike bewegings besit verskillende betekenis in die onderskeie kulture. Die tekort aan begrip vir ander kulture se gebare, soos oogkontak en kopbewegings, kan lei tot heelwat misverstande (Sue & Sue, 2003).

'n Deeglike fondasie van kruis-kulturele sielkunde, bekwaamheid en kommunikasiestyle is gevestig om sodoende indikators van kruis-kulturele sielkunde vir hierdie studie te bepaal. Vervolgens word die konsep van loopbaanfasilitering bespreek.

## 2.4 LOOPBAANFASILITERING IN SUID-AFRIKA

Hierdie studie vind plaas in die kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks. In Afdeling 2.3. is kruis-kulturele sielkunde bespreek. Vervolgens bespreek ek loopbaanfasilitering, in terme van aspekte daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks asook die adolessent se ontwikkeling, en laastens loopbaanfasiliteringsvaardighede om effektief as terapeut te kan optree.

Bekommernisse en leemtes bestaan ten opsigte van toepaslike beroepsfasiliteringsinstrumente en loopbaanteorieë vir die Suid-Afrikaanse konteks. Ek stem saam met Maree (2009) wat verduidelik dat navorsing oor die identifisering van toepaslike assesseringsinstrumente vir beroepsfasilitering in Afrika verbreed moet word. Navorsing kan meer toepaslike kulturele metodes insluit wat die veranderde en komplekse sosio-ekonomiese omgewing in ag neem. Loopbaanteorieë se primêre fokus behoort op die loopbaanontwikkeling van Suid-Afrika se diverse populasie groepe te wees (Bischoff & Alexander, 2008).

### 2.4.1 DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS EN INVLOEDE OP LOOPBAANFASILITERING

Suid-Afrika bestaan uit 'n diverse groep burgers, elkeen met sy verskeie stressors. Die stressors is sigbaar in die burger se daaglikse lewe, insluitend omgewingsfaktore, asook sy/haar toekoms. Die stressors kan armoede, versorging van onbevoegde familieledes weens MIV en vigsverwante siektes, bekommernisse oor ouers, gesinsgeweld, beperkte toegang tot hoër onderwys, hindernisse tot leer omrede die onderrigtaal nie die moedertaal is nie, tienerswangerskappe, beperkte werkseleenthede asook hoë vlakke van werkloosheid insluit (Ebersöhn, 2010; Ebersöhn, 2012; Louw, Louw & Ferns, 2007). Sodanige stressors, wat dikwels die resultate is van 'n omgewing arm aan hulpbronne, bemoeilik die uitvoering van beroepskeuses vir die Suid-Afrikaanse burger (Ebersöhn, 2012).

Die Suid-Afrikaanse jeug mag dit moeilik vind om 'n loopbaankeuse te kan uitvoer asook hul persoonlike prestasie te verbeter wanneer daar nie behoorlike loopbaanfasiliteringsfasiliteite en geskikte rolmodelle

beskikbaar is nie (Louw *et al.*, 2007; Phogole, 2008). Baie min leerders van omgewings arm aan hulpbronne het blootstelling aan hedendaagse beroepe (Maree, 2009). Verskeie Suid-Afrikaners word deesdae geforseer om loopbaankeuses te maak, nie gebasseer op hul belangstelling nie, maar op beroepe wat beskikbaar is. Dit gebeur veral in omgewings waar daar 'n tekort aan werksgeleenthede en ekonomiese hulpbronne is (Louw *et al.*, 2007). Phogole (2008) beklemtoon die behoefte aan loopbaanfasilitering in omgewings sonder die nodige hulpbronne. Die aanname word gemaak dat onderwysers, bibliotekaresse en rolmodelle van dié tipe omgewings kan leiding gee. Phogole (2008) verduidelik dat hierdie aanname egter foutief is aangesien die meeste van die onderwysers dikwels uit soortgelyke agtergronde as leerders kom en ook oor beperkte kennis beskik, terwyl die meeste van die beskikbare rolmodelle nie die nodige onderrig ontvang het nie. Vanweë armoede gebruik leerders tipies ook nie koerante en televisie om addisionele inligting oor beroepe te bekom nie (Phogole, 2008). Die standaarde van onderrig en opleiding asook die fasiliteite in omgewings met 'n tekort aan hulpbronne is hierbenewens dikwels nie op aanvaarbare vlak nie.

Vanweë die oneweredige verspreiding van die ekonomie is toegang tot loopbaanfasilitering dikwels 'n probleem. Soos reeds genoem, is loopbaanfasilitering primêr beskikbaar vir dié wat dit kan bekostig. Verder word toegang tot loopbaanfasilitering vir leerders uit omgewings arm aan hulpbronne bemoeilik deur onderwysdepartemente wat feitlik weggedoen het met gratis psigologiese assessering (Maree *et al.*, 2006). Voorsiening van loopbaanfasilitering asook ander opvoedkundige sielkundige dienste vir onmeetbare getalle Suid-Afrikaanse jongmense bly 'n uitdaging (Ebersöhn, 2010). Al is daar 'n beleid in plek om kwesbare jeug te verwys, word meeste van die skoolgaande jeug nie verwys vir opvoedkundige sielkundige dienste nie (Ebersöhn, 2010). Loopbaanfasilitering in Suid-Afrika word verder gekenmerk deur relatiewe bevoorregte terapeute wat as loopbaanfasiliteerders praktiseer binne 'n groot, wyd verspreide kliëntebasis waar die meeste van die kliente van ander kulture as die terapeut is (Maree, 2009). Dié kenmerk van Suid-Afrika se tipiese loopbaanfasilitering mag daartoe lei dat die terapeut eerder die kliënt tot stilsweye kan bring tydens loopbaanfasilitering en op dié manier die kliënt ontmagtig eerder as bemagtig (Maree, 2009).

#### 2.4.2 HEDENDAAGSE LOOPBAANFASILITERING

Loopbaanfasilitering het tradisioneel vanuit 'n objektiewe (positivistiese) perspektief plaasgevind deurdat psigometriese toetse, werkskaarte en rekenaarprogramme gebruik is om 'n objektiewe beeld van die individu te vorm (Maree, 2009). Die beeld van die individu is dan gemeet teen eienskappe van 'n spesifieke beroep. Gevolglik is geglo dat indien 'n individu se belangstelling, waardes en aanleg korreleer met die verwagtings van 'n spesifieke beroep, die individu die beroep stabiel, produktief en

bevredigend sal vind. Die 'gepaste,' 'objektiewe' beeld sou dan aanvaar word as die ware weergawe (Maree & Beck, 2004).

Loopbaanfasiliteerders en navorsers werk deesdae hoofsaaklik vanuit die postmoderne perspektief vanweë kritiek teen gestandaardiseerde psigometriese toetse (De Bruin & De Bruin, 2006). Postmodernisme impliseer dat "... *the universe cannot be understood objectively and that reality exists in the assumptions of the observer*" (Maree *et al.*, 2006:51). Die afleiding kan gemaak word dat postmoderne perspektiewe glo dat 'n individu sy/haar eie realiteit oor die waarheid konstrueer, of begryp dat daar nie 'n enkele waarheid is nie (Schreuder & Coetzee, 2011). Konstruktivisme is verwant aan postmodernisme en fokus op die maniere waarop individue dink en hulle nuut geleerde inligting prosessee (Schreuder & Coetzee, 2011) asook tot watter mate die individue se persepsie van die wêreld krities is oor gedrag (Athanasou, 2007).

Die fokus tydens loopbaanfasilitering val dus op die individu se agtergrond, betekenis van die individu se situasie (Athanasou, 2007), en die individu se subjektiewe ervaring van sy/haar loopbaanontwikkeling. Die individu word gesien as die agent wat sy/haar eie beroep uitlê (Schreuder & Coetzee, 2011). Laasgenoemde is een van die groot veranderings in loopbaanfasilitering omrede tradisionele beroepsfasilitering die terapeut gesien het as die 'deskundige' wat raad aan die individu gee oor 'n loopbaan (Bischof & Alexander, 2008; Maree & Beck, 2004). Soos genoem, word die kliënt gesien as die 'agent', die 'aktiewe deelnemer' wat sy/haar eie behoeftes interpreteer en sy/haar lewe beplan volgens 'n reeks moontlikhede, eerder as om passief te luister na die terapeut se raad. Die terapeut tree op as fasiliteerder deur kliënte te lei en te motiveer sodat hulle besluitnemingsvaardighede ontwikkel en verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie loopbaankeuses (Lamprecht, 2002; Maree & Beck, 2004; Maree & Ebersöhn, 2007; Maree, Ebersöhn & Vermaak, 2008; Savickas, 1993). Daarom is postmoderne loopbaanfasilitering 'n proses van betekenis-ontwikkeling ('meaning making') en e-formulering van betekenis (Schreuder & Coetzee, 2011) deurdat die kliënt 'n betekenis-ontwikkelde persoon is (Maree & Ebersöhn, 2007). Die terapeut en kliënt se verhouding word gekenmerk deur gemeenskaplike verantwoordelikheid en ondersteuning om sodoende loopbaanontwikkelingstake soos die ondersoek van self- en beroepskennis te bereik (Maree & Ebersöhn, 2007).

Maree en Ebersöhn (2007) is van mening dat positiewe sielkunde beginsels gefasiliteer kan word tydens loopbaanfasilitering deur die inkorporering van die bate-gebaseerde benadering en die postmoderne narratiewe siening van loopbaanontwikkeling. Die adolessent word tydens loopbaanontwikkeling gesien in totaliteit deur bewus te wees van die adolessent se interne- en omgewingsbates en -hindernisse (Maree & Ebersöhn, 2007). Daar word gefokus op bestaande

hulpbronne, vermoëns en sterkpunte en nie slegs op hindernisse, behoeftes en tekortkominge nie. Om bate-gebaseerde strategieë in loopbaanontwikkeling aan te wend, lei tot persoonlike bemagtiging by adolessente asook vertroue in hulle vermoë om met hul omgewings te verbind deur bate-mobilisering (Maree & Ebersöhn, 2007).

Die doel van loopbaanfasilitering is om loopbaanontwikkeling en -beplanning en werkaanpassing van die individu binne elke lewensfase te kweek (Savickas, 2003). Hierdie doel kan bereik word deur die uitvoering van deurlopende assesserings van kreatiewe, nie-psigometriese tegnieke wat 'n diepgaande insig van die kliënt se unieke persoonlikheidsprofiel kan bied (Lamprecht, 2002; Savickas, 2003). Brott (in Athanasou, 2007) asook Schreuder en Coetzee (2011) verduidelik dat postmoderne assessering as essensieel beskou word omrede dit van hulp is om inligting rakende die kliënt te verkry en sodoende 'n holistiese en geïntegreerde beeld van die kliënt te verwerf, maar ook kan help om die kliënt se wêreldsiening te definieer en te begryp. Kwalitatiewe loopbaanassessering vereis aktiewe betrokkenheid van beide die kliënt en die terapeut (Athanasou, 2007).

Verskeie postmoderne loopbaanassesseringstegnieke en -instrumente is al ontwikkel vir loopbaanfasilitering. Die Loopbaanstyl-assessering (*'Career-Style Assessment'*) van Mark Savickas is een van die instrumente wat bestaan uit vrae omtrent 'n kliënt se lewenstyl (Athanasou, 2007). Beroepsleiding-kaartsortering (*'Vocational Card Sort'*) gee ook uitdrukking aan die kliënt se belangstellings en fokus op die kliënt se voorkeure. *'My System of Career Influence'* lei die kliënt om huidige loopbaankeuses te oorweeg deur faktore te identifiseer wat sy/haar lewe beïnvloed en daarvolgens 'n invloedstelsel-diagram voor te stel. Die betrokke teorie, stelselteorie raamwerk (STR), verbonde aan die instrument word in meer besonderhede later in die afdeling bespreek. Kwadrantkaarte (*'Quadrant Mapping'*) is ook 'n bruikbare instrument vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering deur die identifisering van risiko faktore en beskermde faktore om toekomsveerkragtigheid te ontwikkel (Ebersöhn, 2010).

Loopbaanontwikkeling is 'n unieke geleentheid om kliënte te bemagtig om welstand en vervulling in hulle lewens te ervaar (Maree & Ebersöhn, 2007). Die bemagtiging vind plaas deur 'n beroep as 'n storie te sien waar die kliënt en die terapeut samewerkende lewenstemas in die kliënt se storie identifiseer asook die kliënt se loopbaanpersoonlikheid, vermoëns, belangstellings en aanpasbare hulpbronne (Maree, *et al.*, 2008; Savickas *et al.*, 2009). So word die terapeut die e-outeur van die kliënt se lewensverhaal deur te help om temas en stresvolle gebeure in die kliënt se storielyn te identifiseer (Maree *et al.*, 2008). Narratiewe temas impliseer dat probleme en hindernisse vasgevang is in teks,

woorde en stories (Maree & Ebersöhn, 2007). Wanneer die temas vir die kliënt self betekenisvol word, voorsien dit 'n basis vir persoonlike refleksie, begrip en toekomsvisie (Athanasou, 2007).

Om 'n loopbaankeuse uit te voer is nie 'n objektiewe proses nie en dit gebeur ook nie in 'n vakuum nie (Patton & Porfeli, 2007). Die STR verduidelik dat die sisteme (familie, sosiale, nasionale en globale) waarbinne kliënte funksioneer, 'n invloed het, positief of negatief, op hoe hulle hulle loopbane konstrueer (Patton, McMahon & Watson, 2006; Patton & Porfeli, 2007). STR dui drie sisteme aan wat 'n invloed het op die individu en ook onderling met mekaar verbind is, naamlik die intrapersonlike veranderlikes binne in die individuele sisteem (byvoorbeeld ouderdom, persoonlikheid, belangstellings, vermoëns, geslag en waardes), sosiale sisteem (byvoorbeeld ouers, familie, portuurgroep, gemeenskap, opvoedkundige instansies asook die rol van kultuur) en die omgewings-gemeenskapsisteem (geografiese ligging, sosio-ekonomiese omstandighede, politiese besluite, historiese gebeure, globalisering en werksmark) (De Bruin & De Bruin, 2006; Louw, 2004; Patton *et al.*, 2006; Patton & Porfeli, 2007). Vanuit die STR word dit duidelik besef dat die kliënt 'n sisteem op sy/haar eie is, maar ook 'n subsisteem van 'n wyer kontekstuele sisteem, en dat die sisteme mekaar beïnvloed (Patton *et al.*, 2006).

Postmoderne loopbaanfasilitering is 'n benadering wat die sosiale en historiese faktore in ag neem wat 'n invloed op die kliënt se beroepsuitdagings kan hê (Maree *et al.*, 2008). Die literatuur dui verskeie voorbeelde aan van hoe die sosiale en omgewing-gemeenskapsisteme 'n invloed het op die kliënt (individuele sisteem) en die maak van beroepskeuses. Chope en Consoli (2007) verduidelik dat die kliënt se lewensverhaal beïnvloed kan word deur kulturele faktore aangesien 'n lewensverhaal ontwikkel binne 'n kulturele konteks. Voorbeelde van invloede van omgewings-gemeenskapsisteme binne die Suid-Afrikaanse konteks is die veranderde werksomgewings en hoë vlakke van werkloosheid wat 'n direkte invloed het op die kliënt se beroepskeuse en -bekommernisse (Bischoff & Alexander, 2008).

Maree en Beck (2004) het vanuit hul studie bevind dat daar hindernisse in die postmoderne loopbaanbenadering voorkom. Die hindernisse sluit onder andere in dat loopbaanfasilitering dikwels nie beskikbaar is in omgewings arm aan hulpbronne nie en dat kliënte dikwels lang afstande moet aflê vir sulke dienste. Koste en tyd verbonde aan loopbaanfasilitering blyk verdere hindernisse te wees vanweë die aantal loopbaanfasiliteringssessies wat 'n finansiële las in sodanige gemeenskappe is.

### 2.4.3 DIE ADOLESSENT EN LOOPBAANFASILITERING

'n Belangrike taak van die adolessent is die keuse van 'n loopbaan en voorbereiding vir 'n loopbaan (Louw *et al.*, 2007). Die eerste stap hiervan is dat elke adolessent sy/haar identiteit moet definieer, soos

bespreek in die vorige paragraaf, deur sy/haar belangstellings, waardes en talente te bepaal (Schreuder & Coetzee, 2011). 'n Identiteit gee aan die adolessent die vermoë om belangrike vrae soos “Wie is ek?” en “Wat gaan ek doen?” te kan beantwoord, wat help tydens loopbaankeuses (Louw *et al.*, 2007). In die tweede fase begin die adolessent meer spesifiek en realisties dink oor loopbaankeuses wat hy/sy kan uitoefen asook die voor- en nadele van verskillende loopbane. Laastens neem die adolessent spesifieke besluite oor 'n bepaalde loopbaan wat hy/sy wil nastreef (Schreuder & Coetzee, 2011). Al mag baie adolessente die proses van loopbaankeuse en inwinning van kennis rakende verskeie loopbane moeilik vind (Louw *et al.*, 2007) is Schreuder en Coetzee (2011) van opinie dat die keuse van 'n loopbaan en verantwoordbaarheid teenoor die betrokke loopbaan 'n betekenisvolle impak op die adolessent se identiteit kan hê. Hierdie studie se teoretiese raamwerk omskryf die fases van loopbaankeuses in meer besonderhede in Afdeling 2.6 met verwysing na Mark Savikas se lewensontwerp-paradigma (Savickas *et al.*, 2009).

Om die fases van loopbaankeuses te kan uitvoer, is ek van mening dat die adolessent oor eienskappe soos selfwerkzaamheid (*self-efficacy*) en uitkomsverwagtings (*outcome expectations*) moet beskik wat gevolglik aan die adolessent loopbaandoelwitte gee asook kan help met akademiese en loopbaankeuse. Hierdie komponente is komponente van die sosiale kognitiewe beroepsteorie (SKBT) (*Social Cognitive Career Theory*) (Louw *et al.*, 2007; Rojewski, 2007; Watson & Stead, 2006a).

*Selfwerkzaamheid* word gesien as 'n sentrale faktor in die uitvoering van 'n loopbaankeuse omrede dit handel oor die oortuiging wat die adolessent het ten opsigte van sy/haar vermoëns om sekere take uit te voer (Louw *et al.*, 2007; Rojewski, 2007; Watson & Stead, 2006a). Die mening bestaan dat beroepstake meer suksesvol uitgevoer sal word as adolessente glo dat hulle dit kan doen (positiewe selfwerkzaamheid) (Louw *et al.*, 2007; Watson & Stead, 2006a). *Uitkomsverwagtings* verwys na wat die adolessent glo die resultate van spesifieke gedrag sal wees (Louw *et al.*, 2007; Watson & Stead, 2006a). 'n Adolessent sal heel moontlik 'n taak aanpak as hy/sy glo dit sal lei tot positiewe uitkomste, soos erkenning of 'n gevoel van trots, en kan daarom meer toepaslike gedrag openbaar (Louw *et al.*, 2007; Watson & Stead, 2006a). Vir 'n adolessent om 'n identiteit te ontwikkel, is dit nodig dat hy/sy belangstellings ontwikkel deur selfwerkzaamheid en uitkomsverwagtings (Louw *et al.*, 2007; Sodano & Tracey, 2007). Daarom is Sodano en Tracey (2007) van opinie dat dit belangrik is om selfwerkzaamheid tydens loopbaanassessering te assesser. Verder verduidelik Louw *et al.* (2007) dat die belangstellings van 'n adolessent lei tot doelwitte rakende beroepskeuses. *Doelwitte* verwys dus na die adolessent se ingesteldheid om 'n sekere aktiwiteit of uitkoms binne 'n sekere tyd aan te pak en te voltooi (Watson & Stead, 2006a). Doelwitte bied aan adollesente rigting in hul lewe, toekomsuitkomste, maar ook rigting vir die gedrag en optrede wat nodig is om die bepaalde doelwitte te bereik (Louw *et al.*, 2007).

Die adolessent se fases tydens loopbaankeuses word in Tabel 2.1 saamgevat, waar ek Zunker (in Schreuder & Coetzee, 2011) se loopbaanontwikkelingsvaardighede wat die adolessent moet ontwikkel tydens elke fase integreer.

Tabel 2.1: Loopbaankeuseproses (Geïntegreer uit Louw *et al.*, 2007; Watson & Stead, 2006a)

Loopbaankeusefasies	Loopbaanontwikkelingsvaardighede
Adolessent ontwikkel positiewe <i>self-werksaamheid</i> en <i>uitkomsverwagtings</i> wat lei tot die ontwikkeling van <i>belangstellings</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Te glo dat hy/sy 'n taak kan voltooi en ook dat gedrag sal bydra tot positiewe uitkomste van die taak.</li> </ul>
Adolessent bepaal eie <i>identiteit</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewus te word van persoonlike eienskappe, talente, waardes, belangstellings, aanleg en vaardighede.</li> <li>• Begrip te toon vir die potensiële verandering van belangstellings en waardes rakende loopbane.</li> </ul>
Adolessent doen realitiese <i>ondersoek</i> van verskeie <i>loopbaankeuses</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewussyn en respek te ontwikkel vir die diversiteit van die wêreld van werk.</li> <li>• Die verhouding tussen skoolprestasie en toekomstige keuses te besef.</li> <li>• 'n Positiewe houding teenoor werk te ontwikkel.</li> <li>• Die rol van persoonlike waardes in beroepskeuses te bepaal.</li> <li>• Opleidings- en vaardigheidsvereistes wat nodig is vir verskeie loopbaankeuses te bepaal.</li> <li>• Begrip te toon rakende die potensiële veranderinge in die loopbaanbedryf.</li> </ul>
Adolessent voer 'n <i>loopbaankeuse</i> uit	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Finale besluit rakende 'n loopbaanplan te neem.</li> <li>• Die verantwoordelikheid vir eie loopbaanrigting te aanvaar.</li> </ul>
<i>Doelwitte</i> word bepaal om loopbaankeuse te kan bereik en te beoefen	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Loopbaandoelwitte te verfyn deur inligting rakende die self, hulpbronne en konsultasie met ander te integreer.</li> <li>• Spesifieke opleidingsverwagtinge identifiseer om doelwitte te bereik.</li> </ul>

#### 2.4.4 LOOPBAANFASILITERINGSVAARDIGHEDE

In 1997 is 'n beleid rakende loopbaanfasiliteringsvaardighede in die Verenigde State van Amerika gepubliseer (Stead & Subich, 2006). In Tabel 2.2 lig ek sommige van die loopbaanvaardighede uit met betekenis vir hierdie studie (NCDA, 1997). Ek noem ook etlike ander loopbaanfasiliteringsvaardighede volgens relevante loopbaanfasiliteringsliteratuur (Bischof & Alexander, 2008; Ebersöhn, 2012; Feller, Russell & Whichard, 2005; Ferreira, 2004; Maree & Beck, 2004; Maree & Molepo, 2007; McMahon & Patton, 2002; McMahon, Patton & Watson, 2003; Savickas, 2003; Stead & Subich, 2006).

Tabel 2.2: Loopbaanfasiliteringsvaardighede

Vaardighede	Spesifieke take
Teorie oor loopbaanontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kennis te dra van teorieë, modelle en gepaardgaande tegnieke van loopbaanontwikkeling.</li> <li>• Bewus te wees van menslike groei en ontwikkeling deur 'n persoon se lewensduur.</li> <li>• Verhoudings tussen die verskillende rolle van loopbaan en ontspanning te balanseer.</li> <li>• Kennis te dra van inligting, tegnieke en modelle verwant aan loopbaanbeplanning.</li> <li>• Akademiese stelsels gereeld aan te pas, wat getuig van innoverende metodes, tegnieke en strukture van effektiewe loopbaanfasilitering deur terapeute, om die konstante veranderings in die loopbaanwêreld te akkommodeer.</li> <li>• Teorie en navorsing te vertaal na loopbaanfasiliteringskennis wat bruikbaar is in die praktyk.</li> </ul>
Individuele en groepsberadings - vaardighede	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Produktiewe verhoudings met kliënte te vestig en te handhaaf.</li> <li>• 'n Produktiewe groepsklimaat te vestig en te handhaaf.</li> <li>• Saam met die kliënt sy/haar persoonlike doelwitte te bepaal.</li> <li>• Identifiseer en begrip te hê van die individu se persoonlike karaktereenskappe verwant aan sy/haar loopbaan.</li> <li>• Begrip te hê vir die sosiale konteks wat 'n kliënt se loopbaankeuse mag beïnvloed.</li> <li>• Begrip te hê vir die kliënt se besluitnemingsprosesse.</li> <li>• Begrip te hê vir die kliënt se houding ten opsigte van werk en werknemers.</li> <li>• Die kliënt te help om sy/haar vaardighede om werk te soek (<i>job search skills</i>) te ontwikkel.</li> </ul>
Individuele- en groepsassessering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Persoonlike eienskappe soos aanleg, belangstellings, waardes en persoonlikheidstipe te assesseer.</li> <li>• Belangstelling, lewensrolle, self-konsep en ander verwante probleme te assesseer.</li> <li>• Geldige en betroubare instrumente toepaslik vir die kliënt se geslag, ras, etnisiteit en fisiese- en kognitiewe vermoëns te evalueer en te selekteer.</li> <li>• Kwalitatiewe assessering te gebruik weens die verhoogde betrokkenheid van kliënte by die proses; subjektiewe, affektiewe en kognitiewe kliënteprosesse te akkommodeer; 'n holistiese beeld te gee van die kliënt se loopbaankwessies en die kliënt se interpretasies, en betekenis van die loopbaanfasiliteringsproses te respekteer.</li> <li>• Assesseringstegnieke te selekteer wat ook toepaslik is vir groepverband om sodoende koste te bespaar.</li> <li>• Kwalitatiewe, post-moderne en narratiewe tegnieke te beoefen, naamlik: lewensverhale, lewenslyn, genogram, kaartsortering, gestruktureerde onderhoude, tydlyn, vroeë herinneringe, sisteemgebaseerde raamwerk, lewens-spasiekaart en patroon-identifiseringsoefeninge.</li> <li>• Loopbaanfasiliteringstegnieke toe te pas om bates en hindernisse in terme van beroepsontwikkeling by kliënte te identifiseer en geïdentifiseerde bates te aktiveer om hindernisse te oorkom deur huidige hulpbronne te mobiliseer om welstand te skep.</li> <li>• Data van die assesseringsinstrument te interpreteer en die resultate aan die kliënt te gee.</li> </ul>

Vaardighede	Spesifieke take
Individuele- en groepsintervensies	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Loopbaanintervensie te verpersoonlik sodat dit meer persoonlik en subjektief is.</li> <li>• As terapeut 'n aktiewe rol in te neem om aan die kliënt leiding en toepaslike aanbevelings te gee.</li> <li>• Komponente vir suksesvolle loopbaanintervensie te beoefen: geskrewe opdragte te gebruik, direkte individuele aandag aan kliënte te bied; deel te neem aan loopbaaninligtingsgesprekke tydens intervensie, inkorporering van modellering deur netwerke te bou met mense wat die kliënt sal ondersteun met beroepskeuses en -planne.</li> <li>• Die ontdekking van die volgende komponente by te werk tydens loopbaanintervensie: selfkennis, loopbaanontdekking en interaktiewe, diverse en geïntegreerde loopbaanfasiliteringsmetodes.</li> <li>• Verskeie aspekte in ag te neem tydens die ontwikkeling van loopbaanintervensie in diverse omgewings: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Kulturele verskille – te besef elke kultuur se waardes en norme-sisteme is uniek,</li> <li>○ Gemeenskapsverwagtings – te besef dat manlike en vroulike rolle asook die werkplek se bestuurstruktuur verskil van land tot land,</li> <li>○ Veranderde ekonomiese invloede – te besef werkloosheid en politiese onrustigheid dra by tot die beskikbaarheid van werk en wie suksesvolle toegang daartoe het,</li> <li>○ Persoonlike eienskappe – loopbaankeuse-eienskappe van 'n individu te identifiseer asook individuele motivering en individuele verwagtinge te hanteer wat sal bydrae tot loopbaanontwikkelingsuitkomst,</li> <li>○ Implementeringsmetodes – om intervensies aan te pas en te implementeer deur verskillende metodes, en</li> <li>○ Aanpassing van intervensies – realistiese verwagtings en deurlopende besluitneming te vestig tydens intervensie.</li> </ul> </li> </ul>
Inligting en hulpbronne	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Opleiding, opvoedkundige en werksneigingshulpbronne te voorsien wat inligting oor verskillende beroepstake en vereistes, en toekomstige vooruitsigte oor beroepsvelde gee.</li> <li>• Gemeenskaps- en professionele hulpbronne te voorsien wat die kliënt kan help om 'n loopbaan te beplan en werk te bekom.</li> <li>• Loopbaanfasiliteringshulpbronne te voorsien aan kliënte wat hul sal ondersteun met beroepskennis, werksplasing, akademiese advisering, posisie-afrigting, en organisatoriese konsultasie.</li> <li>• As terapeut oor deeglike kennis van verskeie tersiëre opleidingsinstansies en hul vereistes te beskik.</li> </ul>
Diverse populasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Modelle en kruis-kulturele loopbaanfasiliteringsvaardighede te identifiseer om 'n kliënt van 'n kruis-kulturele agtergrond te help met loopbaanbeplanningsbehoefes.</li> <li>• Loopbaanfasiliteringsprogramme aan te pas om die diverse populasies se behoeftes te akkommodeer en ook diens in hul verskillende omgewings te verskaf.</li> <li>• Toepaslike hulpbronne te vind wat kliënte met beperkte Engelse woordeskat kan gebruik.</li> <li>• Loopbaanfasiliteringsprogramme en -materiaal te ontwerp en aan te bied vir moeilik bereikbare gemeenskappe.</li> <li>• Narratiewe loopbaanfasilitering te gebruik in groepsverband vir kliënte van hulpbron-arm omgewings vir meer effektiwiteit om onafhanklike loopbaan besluite te neem en om kliënte by te staan in die hantering van potensiele loopbaanhindernisse.</li> </ul>

Vaardighede	Spesifieke take
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nuwe en kreatiewe instrumente te ontwikkel vir kruis-kulturele loopbaanassessering.</li> <li>• Postmoderne loopbaanfasiliteringstegnieke in kruis-kulturele omgewings toe te pas vanweë kulturele aanpasbaarheid ten opsigte van taal, kulturele en kontekstuele diversiteite tussen kliënte en terapeute.</li> </ul>

Tabel 2.2 verskaf 'n holisties beeld van die sewe fasette van loopbaanfasilitering om as kruis-kulturele loopbaanfasiliteringsterapeut ingelig te kan wees oor die nodige vaardighede. Loopbaanontwikkelingsteorie bied aan die terapeut die relevante kennis ten opsigte van loopbaanontwikkeling asook belangrike aspekte van die kliënt om in ag te neem. Die teorie skep die konteks waarbinne loopbaanfasilitering plaasvind. Vir terapeute om effektief te kan optree, is dit nodig dat hulle oor individuele- en groepsberadingsvaardighede beskik. Individuele- en groepassessering en -intervensie is die kernproses van loopbaanfasilitering omdat dit die proses van verandering behels. Assessering lei die terapeut om 'n diepgaande beeld van die kliënt te verwerf en gevolglik deur interventie die kliënt te ondersteun om te groei in sy/haar menswees en loopbaan. Ander vaardighede waarvoor die terapeut moet beskik en, waarvoor die tabel agtergrond gee, is om bewus te wees van en te beskik oor inligting en hulpbronne ter ondersteuning van die kliënt, om kennis en modelle aangaande diverse bevolkingsgroepe te besit en as terapeut die erns en behoefte van supervisie te verstaan.

## 2.5 LIGGAAMSPORTRETTE

Hierdie studie bestudeer die bruikbaarheid van liggaamsportrette as 'n moontlike tegniek van kruis-kulturele loopbaanfasilitering. In hierdie afdeling word liggaamsportrette in meer besonderhede bespreek. Kunstherapie, as agtergrond en fondasie van liggaamsportrette, word eerstens kortliks bespreek. Hierna word die moontlike gebruik van liggaamsportrette in meer besonderhede ondersoek.

### 2.5.1 KUNSTERAPIE AS AGTERGROND VIR LIGGAAMSPORTRETTE

Lummis (2007) definieer kunstherapie as die kombinasie van visuele kuns en psigoterapie in 'n kreatiewe proses deur gebruik te maak van kreatiewe beelde as grondslag vir self-ontdekking en begrip. Verder verduidelik McNiff (2009) dat 'n kunswerk 'n uitbeelding is van die innerlike gevoelens, waar die eksterne struktuur van kuns stimulasie bied aan interne transformasies en verandering. Kunstherapie betrek die geheel van 'n kliënt, insluitend aspekte soos sensoriese motoriese elemente, perseptuele vaardighede, kognitiewe begrip, emosionele welstand, sosiale vaardighede en spiritualiteit (Karkou & Glasman, 2004). Deur middel van verf, teken en/of ander media, kry kliënte die geleentheid om te ontspan, ondersoek in te stel en uiting te gee aan herinnerings, gevoelens, gedagtes en idees (Case & Dalley,

1990; Ferreira, 2004; Gladding, in Thompson & Henderson, 2007; Rubin in Thompson & Henderson, 2007; Solomon, 2007). 'n Kliënt kan tydens kunst terapie op 'n reis gaan van persoonlike ontdekking en insig deur middel van 'n visuele vorm wat simboliese inhoud en metaforiese taal bevat om vroeër ervarings op te los en te integreer (Lummis, 2007). Kunst terapie kan help om vrese oor die onbekende te oorkom (Solomon, 2007) en 'n veilige plek vir die kliënt te skep om veranderings en geleenthede in sy/haar lewe te soek (Carlson in Meyburgh, 2006; Solomon, 2007). Verder verduidelik Gladding (in Thompson & Henderson, 2007) dat visuele kuns 'n nie-bedreigende metode is wat maklik met ander metodes gekombineer kan word. Kunst terapie maak gebruik van verskeie kreatiewe prosesse asook die kliënt se insette. Die insette word gedeel in die vorm van refleksies wat die kliënt se persoonlike ontwikkeling en groei, selfbewussyn, belangstellings, vermoëns en persoonlikheid verteenwoordig (Ferreira, 2004; Gladding in Thompson & Henderson, 2007). Om hierdie rede is kunst terapie veral toepaslik vir loopbaanfasilitering, soos toegepas tydens hierdie studie.

'n Belangrike eienskap van kunst terapie is die moontlikheid van kruis-kulturele verwisselbaarheid. Terwyl taal kulturele verskille aandui, is visuele kuns meer verwisselbaar en universeel (McNiff, 2009). Solomon (2007) verduidelik dat visuele taal (kuns) die gereedskap is vir mense om te kan kommunikeer al kan hulle nie lees of skryf nie. Daarom sal 'n adolessent met 'n taalhindernis moontlik kan baat by kunst terapie (Wallace, s.j.). Weens die sogenaamde gedeelde en universele taal van kunst terapie (McNiff, 2009) beskik kunst terapie oor die potensiaal om op 'n kruis-kulturele vlak diepgaande ondersoek uit te voer wat nie altyd moontlik is in 'n terapeutiese situasie waar taal die kommunikasieum is nie. Die kunsobjek, naamlik liggaamspore in hierdie studie, is die skakel tussen verskillende kulture en tale (McNiff, 2009).

Sielkundiges maak dikwels van kunst terapie gebruik tydens kruis-kulturele werk. Verskeie voorbeelde hiervan demonstreer die krag van kunst terapie in verskillende kulturele omstandighede (Henderson & Gladding, 1998). Ozimo en Ozimo (in Henderson & Gladding, 1998) dui aan hoe kunst terapie 'n kliënt vanuit selfbewussyn na selfkennis kan lei deur hulself in 'n simboliese manier uit te druk. Verder noem dié terapeute in hul studie dat kunst terapeutiese aktiwiteite 'n kliënt van minderheidsgroepe kan help om sy/haar selfbeeld te verbeter. Appleton en Dykeman (in Henderson & Gladding, 1998) het in hul studie bevind dat kunst terapie 'n kliënt help om nuwe idees en belangstellings te ontwikkel in verhouding tot hom-/haarself en ander buite die terapeutiese konteks. Woodard (in Henderson & Gladding, 1998) het weer bevind dat kunst terapie 'n kliënt kan help om waardering te ontwikkel vir sy/haar kulturele agtergrond. Kalish-Weiss (in Henderson & Gladding, 1998) het vanuit sy studie besef dat kunst terapie kliënte kan help om hoop, selfvertroue en selfinsig te bou waar hulle nie voorheen hulle eie vermoëns om tot hul volle potensiaal te lewe besef het nie. Die genoemde voorbeelde illustreer die moontlike

gebruik van kunst terapie in kruis-kulturele sielkunde. Henderson en Gladding (1998) is dus van mening dat terapeute wat van kunst terapie gebruik maak 'n handige hulpmiddel gebruik om kliënte van 'n ander kultuur as hul eie te help deurdat dit 'n brug bou wat verhoudings kan fasiliteer. Die krag van terapie lê in die feit dat kuns 'n universele taal is. Deur gebruik te maak van kunst terapie kan terapeute kompenseer vir aspekte van 'n kultuur waarvan hul onbewus is en die areas benut waarvan hulle wel kulturele kennis besit (Henderson & Gladding, 1998).

## 2.5.2 LIGGAAMSPORTRETTE AS VORM VAN KUNST TERAPIE

Liggaamsportrette word al vir verskeie jare gebruik deur mense wat 'n behoefte toon aan selfkennis en -ondersoek (Solomon, 2007). Die proses vir liggaamsportret-tegniek is ontwikkel deur Morgan en Solomon vanuit die Herinneringshouer (*Memory box*) projek van die Universiteit van Kaapstad (Ferreira, Ebersöhn & McCallaghan, 2010; Meiring & Müller, 2010). Geheuewerk (*Memory work*), spesifiek binne die genoemde projek, is gebruik by mense wat met MIV en vigs lewe deur hulle voor te berei vir hulle afsterwe, asook om hulle lewensverhaal vir hul kinders na te laat (Meiring & Müller, 2010). Liggaamsportrette is reeds bruikbaar bevind vir genesingsprosesse, probleemoplossing, identiteitsontdekking, sosiale vaardighede, asook ander psigososiale aspekte soos eetversteurings en kliënte wat met kroniese pyn leef (Meiring & Müller, 2010; Solomon, 2007).

Die konsep 'liggaamsportrette' berus op die werk van McCallaghan (2007:7) waar sy die term 'liggaamsportrette' as vertaling vir die tegniek van 'body maps' gebruik het. Ek sal in hierdie studie ook na liggaamsportrette verwys. Liggaamsportrette is 'n vorm van kunst terapie (Meyburgh, 2006). In die holistiese benadering van kunst terapie is die gebruik van liggaamsportrette tydens terapie moontlik 'n goeie tegniek omrede elke faset van die kliënt ingespan word om kwessies te hanteer wat die kliënt ervaar (Wienand, 2006). Liggaamsportrette is 'n kreatiewe terapeutiese middel wat 'n samestelling van liggaamlike ervarings en visuele artistiese uitbeeldings behels (Art2Be, 2008).

'n Liggaamsportret begin deur die omlýning/afrekking van die kliënt se liggaamsbuitelyne op 'n groot oppervlakte, wat ook die beginpunt kan wees om 'n lewensverhaal uit te beeld (Meyburgh, 2006; Solomon, 2007; Wienand, 2006). Vervolgens kry die kliënt die geleentheid om die liggaamsportret te teken en te verf om sodoende hom-/haarself asook sy/haar emosies deur middel van kleure, prente, woorde en simbole uit te druk (Solomon, 2004; Art2Be, 2008). Die liggaamsportret bied aan die kliënt die geleentheid om hom-/haarself as 'n totale mens te sien, te verken, op te teken en te hersien (Viljoen, 2005; Morgan, 2004 in McCallaghan, 2007:43). Die kliënt word begelei deur 'n ontdekkingsproses, met die hulp van die liggaamsportret, waar verhoudings met die liggaam ervaar word (Meyburgh, 2006) deur

byvoorbeeld herinnerings en/of hoogtepunte van die kliënt se lewe (Denis, 2005; Morgan, 2004 in Ferreira *et al.*, 2010). Liggaamsportrette sluit alle aspekte in wat die kliënt as belangrik in sy/haar lewe beskou (Solomon, 2007). Visualisering tydens die tegniek word ook gebruik in groepsbesprekings, stiltetye en refleksie oor die huidige proses (Solomon, 2007). Die finale produk van 'n liggaamsportret bied aan deelnemers 'n manier om hulself en hul leefwêreld beter te verstaan (Solomon, 2007). Op teoretiese vlak verduidelik Meyburgh (in Meiring & Müller, 2010) dat die voltooide liggaamsportret aspekte van kunstherapie, narratiewe terapie en liggaamswerk ('body work') bevat asook die potensiaal het om 'n deelnemende kwalitatiewe navorsingsinstrument te wees.

Liggaamsportrette is bruikbaar omdat die onsigbare sigbaar word vir beide die kliënt en die terapeut (McLay, 2006). Meyburgh (2006) het tydens haar studie bevind dat liggaamsportrette oor terapeutiese waarde beskik, veral in traumaberading. Verhoogde bewussyn van die kliënt se liggaam en positiewe groei ten opsigte van 'n kliënt se selfbeeld, vertrouwe en aanvaarding is sigbaar met die gebruik van liggaamsportrette (Ferreira *et al.*, 2010; Meiring & Müller, 2010). Verder is liggaamsportrette voordelig omrede dit 'n effektiewe kommunikasiemiddel is wat moontlik die introverte kliënt kan bereik en verder ook kanale kan open om dié in emosionele nood te ondersteun (Ferreira *et al.*, 2010). Liggaamsportrette is ten opsigte van taal voordelig omdat die tegniek nie staatmaak op taal as 'n vorm van kommunikasie nie (Wienand, 2006). Liggaamsportrette is ook voordelig om in groepsterapie te gebruik omdat dit kliënte aanmoedig om mekaar te ondersteun en te inspireer (Solomon, 2004).

## 2.6 TEORETIESE RAAMWERK: LEWENSONTWERP

Om insig te verwerf rakende die adolessent se loopbaanontwikkeling en -proses steun ek op Mark Savickas se lewensontwerp-paradigma (Savickas *et al.*, 2009), wat aanvanklik voortbou op Donald Super se teorie van lewensduur-lewensruimte (Super, 1980) as teoretiese raamwerk vir hierdie studie. Savickas *et al.* (2009) verduidelik dat dit belangrik is dat die terapeut van die 21<sup>ste</sup> eeu beseft dat loopbaanprobleme slegs een gedeelte van die breër bekommernisse is van elke individu wat in die postmoderne wêreld leef en deur globale ekonomie en gevorderde tegnologie gevorm word. Vanweë elkeen se komplekse lewe binne 'n komplekse wêreld, het ek die lewensontwerp-paradigma gekies. Die paradigma benader die kliënt se lewe holisties binne sy/haar konteks met die verskillende rolle wat vervul word. Lewensontwerp bied aan die kliënt deurlopende aanpasbaarheid met probleme en veranderings (Savickas *et al.*, 2009).

Super (1980) definieer 'n beroep as die kombinasie en opeenvolging van rolle wat deur 'n persoon gespeel word deur die verloop van sy/haar lewe. Daarom is loopbaanontwikkeling 'n lewenslange,

deurlopende en spiraalvormige proses van interaksie tussen die kliënt en die omgewing (Athanasou, 2007; Rojewski, 2007; Watson & McMahon, 2007). Die rolle sluit in dié van kindwees, skolier of leerder, vryetydsbesteder, landsburger, werknemer, eggenoot, tuisteskepper, ouer en pensionaris (Super, 1980). Die betrokke rolle word beoefen in vier hoofteaters van die individu se lewe naamlik die huis, gemeenskap, skool en werksplek. Super (1980) verduidelik dat elke individu die verskillende rolle beoefen tydens 'n reeks opeenvolgende lewensfases, elk met sy eie ontwikkelingstake, tydens die duur van die lewe. Die ontwikkelingstake van elke fase kan saamgevat word in oorkoepelende primêre doelwitte vir elke fase (Schreuder & Coetzee, 2011).

Dit is belangrik om te beseft dat ontwikkelingstake en primêre doelwitte van elke bepaalde fase eers bemeester moet word voordat die volgende fase kan begin (Watson & Stead, 2006b). Die voltooiing van ontwikkelingstake en primêre doelwitte bied 'n fondasie vir sukses en toekomstige aanpasbaarheid en verminder ook moontlike hindernisse in latere fases (Schreuder & Coetzee, 2011). Die groei- en ondersoekfases van Super se lewensduur-lewensruimte-teorie is van toepassing op hierdie studie vanweë die populasie se ouderdom (Watson & Stead, 2006b), asook die feit dat die adolessent eers in die groei-fase die ontwikkelingstake van vorming van selfkonsep moet bemeester waarna die ondersoek-fase kan begin (Watson & Stead, 2006b). Die ondersoek-fase is belangrik vir die ontwikkeling en kristallisering van loopbaan- en opleidingsaspirasies (Rojewski, 2007). Die fase word gekenmerk deur die keuse van loopbaanopsies, om te vorder vanaf fantasering oor moontlike beroepe tot identifisering van tentatiewe opsies en besluitneming oor 'n loopbaankeuse (Rojewski, 2007). In die bepaalde teorie van Donald Super is hy van mening dat die ondersoek-fase strek van die ouderdom 14 tot 24 jaar (Watson & Stead, 2006a). Ek stem egter saam met Patton en Porfeli (2007) wat verduidelik dat ondersoeking 'n deurlopende proses is en wat dwarsdeur die lewensduur toegepas moet word. Daarom sal dit wys wees vir elke individu om gereeld ondersoek in te stel oor self- en beroepskennis om aan te pas by 'n kompeterende ekonomie, gedrewe tegnologie wat mag lei tot werkloosheid en verandering in beroepe (Patton & Porfeli, 2007). Gereelde ondersoek van die individue se innerlike en uiterlike wêreld help hulle om loopbaandoelwitte aan te pas en te bereik ten spyte van veranderde omgewings (Patton & Porfeli, 2007).

Aanvanklik was loopbaanvolwassenheid geag as die eindpunt van die 'ondersoek'-fase (Savickas, 1997). Loopbaanvolwassenheid is beskou as die gereedheid van die adolessent om 'n opvoedkundige en beroepskeuse te kan uitvoer (Savickas, 1997). Savickas (1997) is egter van mening dat 'loopbaanaanpasbaarheid' as konstruk meer gepas is as 'loopbaanvolwassenheid'. Savickas (1997) definieer loopbaanaanpasbaarheid as die gereedheid van die kliënt om voorspelbare take te kan hanteer tydens die voorbereiding en deelname aan die rol van werk, asook die hantering van

onvoorspelbare veranderings as gevolg van veranderde werksomstandighede. Loopbaanaanpasbaarheid omvat bepaalde houdings, sienings en vaardighede wat strategieë beïnvloed wat gebruik word vir probleemoplossing en om gedrag te rig, om sodoende individue se selfkonsep en werksrolle te integreer oor hul lewensduur (Schreuder & Coetzee, 2011). 'n Aanpasbare individu is gevolglik gemoeid met die toekoms, met verhoogde beheer oor sy/haar toekomstige loopbaan, wil graag hom-/haarself ontdek en is vertrouwd met sy/haar vermoë om doelwitte te bereik (Watson & Stead, 2006b). 'n Verandering na loopbaanaanpasbaarheid plaas die terapeut se fokus op die ontwikkeling van gereedheid vir kliënte van alle ouderdomme, oorkoepelend vir alle lewensrolle (Savickas, 1997).

In Figuur 2.4 integreer ek Super se lewensduur-lewensruimte-teorie en Savickas se loopbaanaanpasbaarheidkonstruk.



**Figuur 2.4:** Integrasie van die lewensduur-lewensruimte-teorieë en loopbaanaanpasbaarheidkonstruk-teorie

Savickas *et al.* (2009) verduidelik dat die lewensontwerp-intervensies se basiese raamwerk geskoei is op die volgende konsepte: lewenslank, holisties, kontekstueel en voorkomend. *Lewenslank* impliseer die lewenslange loopbaanfasilitering wat 'n kliënt leiding kan gee ten opsigte van die vaardighede en kennis wat tydens lewensontwikkeling van waarde geag kan word. 'n *Holistiese* benadering word gevolg in lewensontwerp deur aandag te skenk aan die onderskeie lewensrolle van 'n individu en nie slegs die rol van werk nie. Lewensontwerp skenk aandag aan die belangrikheid van die *omgewing*, wat die omgewings van die verlede en hede, die interaksie van die individu met die omgewings (verskeie teaters) en die manier waarop die omgewings deur die individu geobserveer en geïnterpreteer word, insluit. *Voorkomend* vanuit die lewensontwerp-benadering behels om saam met die kliënt die toekoms vroegtydig te beskou, voordat hindernisse en veranderings beleef word, sodat kliënte vroeër oor verskeie opsies kan beskik. Hierdie uiteensetting kan saamgevat word in die siening van Vanhalakka-Ruoho (2010), dat lewensontwerp gekonseptualiseer kan word as 'n lewenslange, selfkonstruksie proses wat elemente soos rasionaal, emosies, verhoudings en sosiale omgang insluit.

Om lewensontwerp spesifiek vir hierdie studie saam te vat het die terapeut van die standpunt gewerk dat loopbaanfasilitering 'n lewenslange proses is, maar dat sy holisties na al die kliënte se lewensrolle moet kyk en besef hoe dit, asook hulle omgewings (teaters), 'n invloed op hulle lewensverhale gehad het. Die terapeut moes deurgaans poog om by kliënte loopbaanaanpasbaarheid te ontwikkel sodat hul betrokke kan raak by aktiwiteite om veranderings in hulle lewens asook beroepslewe te kan antisipeer en hanteer.

## 2.7 TEORETIESE INDIKATORE (*A PRIORI*-AANNAMES)

In dié afdeling integreer ek bestaande literatuur se inligting en beskrywings van die verskeie onderwerpe om teoretiese indikatore te bepaal vir deduktiewe data-analise. Ek het 'n sistematiese proses gevolg om teoretiese indikatore te bepaal.

Dis wel opmerklik dat generiese terapeutiese vaardighede nie ingesluit is in die literatuur en *a priori*-aannames nie. Van die generiese terapeutiese vaardighede is byvoorbeeld die vorming en leiding van 'n terapeutiese dialoog in terme van aktief luister, empatie kommunikeer en gesprekke saamvat. Ander vaardighede behels die identifisering van blinde kolle en die hantering van teënsinnigheid en weerstand by 'n kliënt (Egan, 2007). Die rede vir uitsluiting van die vaardighede is omdat ek aanvaar dat die voorgenoemde basiese terapeutiese vaardighede outomaties deel is van die sielkundige omgewing. Vir hierdie studie was dit belangrik om te fokus op addisionele vaardighede/momente wat moontlik tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering teenwoordig kan wees.

Die **fasette van kruis-kulturele sielkunde** word omvat deur die kruis-kulturele bekwaamhede en die kommunikasietegnieke van kruis-kulturele sielkunde. Die hindernisse en geleenthede tydens kruis-kulturele sielkunde is in hierdie studie aangespreek om die kredietwaardigheid van die studie te verhoog (sien Hoofstuk 3).

Die **fasette van loopbaanfasilitering** word omvat deur die loopbaanfasiliteringsvaardighede wat die terapeut benodig om effektiewe loopbaanfasilitering te kan uitvoer. Die loopbaanfasiliteringsmomente wat die kliënt moet bemeester, word ingesluit asook die loopbaanfasiliteringstegniek, lewensontwerp. Soos met die fasette van kruis-kulturele sielkunde word die hindernisse van loopbaanfasilitering ook aangedui. In Tabela 2.3 en 2.4 word gedetailleerde opsommings van die *a priori*-kategorieë asook die teoretiese definisies en objektiewe indikatore gegee.

Tabel 2.3: Teoretiese definisies en objektiewe indikaturs van die *a priori* kruis-kulturele sielkunde kategorieë

Fasette van kruis-kulturele sielkunde				
Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikaturs	Uitsluitingskriteria
Kategorie 1: Kruis-kulturele bekwaamheid	1.1. Terapeut se selfbewysyn	Selfbewussyn verwys na die terapeut se ontdekking van sy/haar eie erfenis, sensitiwiteit oor sy/haar eie kultuur en bewussyn en invloed van sy/haar eie persoonlike aannames, waardes en voorafopgestelde idees (Collins & Arthur, 2010b; Louw, 2004; Richardson & Jacob, 2002).	Indikaturs wat aandui dat die terapeut oor 'n persoonlike kulturele identiteit (insluitend die kulturele-, persoonlike identiteits-, kontekstuele en universele faktore) beskik, wat lei tot selfbewussyn.	Bydraes wat die kliënt se persoonlike kulturele identiteit aandui en/of enige ander fasette/faktore van die terapeut wat nie oor die terapeut se selfbewussyn handel nie.
	1.2. Begrip en kennis oor die kliënt se wêreldbeskouing	Aktiewe poging om die kliënt se wêreldsiening te verstaan sonder negatiewe veroordeling (Collins & Arthur, 2010b; Richardson & Jacob, 2002).	Indikaturs wat aandui dat (i) 'n persoonlike kulturele identiteit van die kliënt gevorm en verkry is, (ii) die terapeut kulturele rolaanneming, -sensitiwiteit en relativisme openbaar en demonstreer.	Bydraes rakende (i) faktore van die kliënt (anders as sy/haar persoonlike kulturele identiteit), (ii) waar die terapeut se optrede, gedrag en denke kulturele blindheid demonstreer en nie getuig van kulturele rolaanneming, -sensitiwiteit en relativisme nie.
	1.3. Kultureel sensitiewe samewerkende alliansies	Verwys na die samewerkende verhouding tussen die terapeut en kliënt om sodoende verandering te fasiliteer (Collins & Arthur, 2010a).	Indikaturs wat die drie onderskeie aspekte tussen terapeut en kliënt aandui, naamlik: gemeenskaplike ooreenkoms en begrip rakende <i>doelwitte</i> , ooreenkoms ten opsigte van <i>take</i> wat beide partye moet voltooi en demonstrasie van gemeenskaplike <i>vertroue en respek</i> .	Bydraes rakende ander fasette van die terapeut-kliënt verhouding.

### Fasette van kruis-kulturele sielkunde

Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	1.4. Toepaslike intervensiestrategieë	Dit behels die ontwikkeling en beoefening van toepaslike, relevante en sensitiewe intervensiestrategieë (Richardson & Jacob, 2002).	Indikators wat verwys na kruis-kulturele assesserings- en intervensiestrategieë, instrumente of vaardighede. Verwysing na die wyse van intervensieaanbieding deur aktiewe en direkte benaderings, vertaling of gebruik van 'n tolk, variasie te toon ten opsigte van interpersoonlike styl en intervensie in 'n kulturele konteks. Waar inhoud van die intervensie die hantering van kliënte se kwessies reflekteer.	Die gebruik van Westersgeoriënteerde psigometrie toets wat nie vir die kliënt gevalideer is nie asook waar die intervensie nie kulturele verskille respekteer en akkommodeer nie. Toepaslike intervensiestrategieë buite 'n kruis-kulturele omgewing.
Kategorie 2: Kommunikasie tydens kruis-kulturele sielkunde	2.1. Verbale kommunikasiestyl	Verbale kommunikasie verwys na die inhoud waarvoor gekommunikeer word (Sue & Sue, 2003).	Indikators wat die gebruik van verbale kommunikasiestyle soos vertaling, woordkeuse en -betekenis sowel as parataal (byvoorbeeld die hardheid van die terapeut se stem, gebruik van stiltes, ruspose, aarselings en verbuigings) aandui.	Bydraes wat enige van die nie-verbale kommunikasiestyle aandui.
	2.2. Nie-verbale kommunikasiestyl	Nie-verbale kommunikasie verwys na die manier waarop die inhoud gekommunikeer word (Sue & Sue, 2003).	Indikators wat die gebruik van nie-verbale kommunikasiestyle, soos proksemika en kiniese, aandui.	Bydraes wat enige van die verbale kommunikasiestyle aandui.

### Fasette van kruis-kulturele sielkunde

Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
Kategorie 3: Hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid	3.1. Etnosentrisme	Etnosentrisme is wanneer 'n persoon sy/haar eie standarde, waardes en opvatting gebruik om 'n ander te beoordeel. Gebruik, idees, gedrag, waardes en opvatting van die ander word afgekeur omrede dit verskil van die persoon sin (Louw, 2004).	Indikators wat aandui dat die terapeut die kliënt volgens sy/haar eie standarde beoordeel en enige aspekte van die kliënt afkeur. Asook indikators waar beperkte bewustheid en simpatie getoon word om die intervensie toepaslik aan te pas.	Bydraes wat aandui dat die terapeut die kliënt onvoorwaardlik aanvaar en nie beoordeel nie, asook voorbeelde van hoe die intervensie toepaslik aangepas is.
	3.2. Xenofobie	Xenofobie is onredelike vrees, wantroue, haat vir vreemdelinge en buitelanders of enige iets wat as buitelanders of anders bestempel word (Heppner, 2006).	Indikators van onverdraagsame xenofobiese gedrag wat lei tot bewuste en onbewuste angs, wantroue en vrees.	Bydraes wat positiewe emosies en optrede van beide die kliënt en terapeut demonstreer.
	3.3. Moeisaam om ander se wêreldsienings te aanvaar	Somtyds kan 'n terapeut die kliënt se wêreldsienings ignoreer of moeilik vind om te aanvaar omrede hy/sy nie die perspektiewe en verhoudinge van sy/haar kliënt aanvaar nie (Heppner, 2006).	Indikators wat aandui dat die terapeut die kliënt se wêreldsienings ignoreer of afkeur op kognitiewe en emosionele vlakke.	Bydraes wat aandui dat die terapeut die kliënt se wêreldsiening aanvaar op kognitiewe en emosionele vlak.
	3.4. Aanvaar nie verskille tussen kulture as bloot andersheid nie	Dit behels die gebrek aan aanvaarding van kultuurverskille oor verskillende kontekste as bloot andersheid en die besef dat daar nie 'n reg of verkeerd is nie (Heppner, 2006).	Indikators wat aandui dat die terapeut nie die kulturele andersheid tussen hom/haar en die kliënt aanvaar nie. Opsigtelike kulturele blindheid van die terapeut.	Bydraes wat aandui dat die terapeut die kliënt se kulturele andersheid aanvaar en nie die normatief as 'n reg of verkeerd wil aandui nie.
	3.5. Universaliteitsaannames	Die aanname dat teorieë en navorsing universeel toepaslik is en dat dit wat in een kultuur toepaslik is, in 'n ander kultuur ook toepaslik sal wees (Heppner, 2006).	Indikators waar die terapeut kruis-kulturele teorieë en navorsing universeel aanvaar en toepas op enige soort kultuur en konteks sonder enige bepaling of dit toepaslik is of nie.	Bydraes wat bewuste optrede van die terapeut demonstreer waar hy/sy die toepaslikheid van kruis-kulturele teorieë en navorsing op 'n bepaalde kultuur of konteks bepaal voor toepassing.

### Fasette van kruis-kulturele sielkunde

Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	3.6. Sosio-ekonomiese veranderlikes	Sosio-ekonomiese klasse bestaan uit die laer-, middel- en hoërklassegroepe. Elke klas se toekomsvisie, finansiëlewelstand, loopbaanbeskikbaarheid en basiese behoeftes verskil vanweë elk se konteks en omstandighede wat indirek 'n invloed op die terapeutiese situasie het (Sue & Sue, 2003).	Indikators van waar verskil in sosio-ekonomiese klas 'n hindernis is op die terapeut-kliënt verhouding asook die terapeutiese intervensie en -vordering.	Bydraes wat aandui dat die verskil in sosio-ekonomiese klas oorbrug word en positiewe terapeut-kliënt verhouding teenwoordig is asook terapeutiese intervensie en -vordering.
	3.7. Taal- en kommunikasie hindernisse tydens intervensie vanweë verskillende primêre tale	Kliënte wie se primêre taal verskil van dié van die terapeut ervaar taalhindernisse en verwarring van woorde. Daarom word die terapeutieseomgewing uitgedaag met sintaksis (Maree <i>et al.</i> , 2006).	Indikators wat aandui dat die kliënt taalhindernisse ervaar tydens intervensie wat nie in die kliënt se primêre taal geskied nie. Verwarring van woorde en konsepte kom na vore. Die terapeut openbaar nie tegnieke om die taalhindernisse te oorbrug nie.	Bydraes wat die gebruik uitsluit van tegnieke (soos tolk, vertaling ens.) om taalhindernisse te oorkom asook terapie wat in die kliënt se primêre taal geskied.
Kategorie 4: Geleentheid van kruis-kulturele bekwaamheid	4.1. Verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis	Kruis-kulturele bekwaamheid lei tot verhoogde gesofistikeerde kruis-kulturele navorsing wat indirek die terapeut se kennisbasis rakende die veld van kruis-kulturele sielkunde kan verhoog (Heppner, 2006).	Indikators wat gesofistikeerde kruis-kulturele navorsing en omvattende kruis-kulturele sielkunde kennisbasis aandui as gevolg van die beoefening van kruis-kulturele bekwaamhede.	Bydraes wat aandui dat kruis-kulturele navorsing en kennisbasis nie verbreed en verbeter is nie.
	4.2. Terapie in 'n kruis-kulturele omgewing	Kruis-kulturele bekwaamheid lei daartoe dat terapie bruikbaar en effektief is met verskeie populasies in 'n omgewing van kruis-kulturele sielkunde (Heppner, 2006).	Indikators wat effektiewe terapie in 'n kruis-kulturele omgewing met verskillende populasies demonstreeer as gevolg van die toepassing van kruis-kulturele bekwaamheid.	Bydraes wat aandui dat terapie in 'n kruis-kulturele omgewing onsuksesvol is omrede kruis-kulturele bekwaamhede nie toegepas is nie.

Tabel 2.4: Teoretiese definisies en objektiewe indikaturs van die *a priori* loopbaanfasiliteringskategorieë

Fasette van loopbaanfasilitering				
Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikaturs	Uitsluitingskriteria
Kategorie 5: Loopbaanfasiliteringsvaardig- hede van die terapeut	5.1. Beskik oor en toepassing van loopbaanontwikkelingsteorieë	Die terapeut moet oor kennis rakende loopbaanteorieë beskik asook oor die vermoë om dit toe te pas om sodoende sy/haar optrede te rig (Stead & Subich, 2006).	Indikaturs wat aandui dat die terapeut aan kennis van loopbaanteorieë beskik en dit kan toepas.	Bydraes waar die terapeut nie kennis en toepassing van loopbaanteorieë demonstreer nie.
	5.2. Beskik oor individuele en groepsberadingsvaardighede	Die vaardighede sluit in: vestiging van produktiewe verhoudings en groeps-klimaat, lei doelwitstelling met die kliënt, bewustheid oor kliënt se persoonlike eienskappe, sosiale omstandighede en besluitnemingsproses wat 'n invloed het op loopbaankeuses, bepaal kliënt se houding ten opsigte van werk, leer die kliënt werksoekvaardighede (NCDA, 1997).	Indikaturs van loopbaanfasiliteringsvaardighede met 'n kliënt individueel of in groepsverband.	Bydraes van sielkundige-vaardighede, anders as loopbaanfasilitering, met 'n kliënt individueel of in groepsverband.
	5.3. Beplanning en afneem van individuele- en groepsassessering vir loopbaanfasilitering	Assessering van 'n kliënt deur die terapeut met geldige en betroubare instrumente om persoonlike eienskappe van die kliënt te identifiseer. Dit sluit in die vermoë van die terapeut om data van assesserings te interpreteer en terugvoering aan die kliënt te gee (NCDA, 1997).	Indikaturs waar individuele en groepsverwante kwalitatiewe, post-moderne en narratiewe tegnieke tydens assessering gebruik is om persoonlike eienskappe, bates en hindernisse van die kliënt te identifiseer. Interpretasie en terugvoering aan die kliënt oor die assessering.	Bydraes van die gebruik van tradisionele psigometriese instrumente en enige ander loopbaanfasiliteringstake anders as assessering.
	5.4. Beplanning en uitvoer van individuele- en groepsintervensie vir loopbaanfasilitering	Die terapeut moet beskik oor vaardighede rakende die ontwikkeling, beplanning, implementering en uitvoering van loopbaanfasiliteringsintervensies in verskeie kontekste (NCDA, 1997).	Indikaturs wat aandui dat die terapeut 'n aktiewe rol neem. Die teenwoordigheid van loopbaanintervensie komponente. Bewys dat aspekte in ag geneem is om intervensie in 'n diverse omgewing uit te voer.	Bydraes waar intervensie, anders as loopbaan-fasilitering, plaasvind.

Fasette van loopbaanfasilitering				
Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	5.5. Beskik oor inligting en hulpbronne van loopbane	Die terapeut moet kennis toon van die nutste werksverskaffingneigings asook opleiding en onderrig, beskikbare gemeenskapshulpbronne en die vaardighede waarvoor die kliënt moet beskik (Stead & Subich, 2006).	Indikators wat aandui dat die terapeut beskik oor kennis van tersiëre opleidingsinstansies, ondersteunende hulpbronne en verskillende beroepsvelde.	Bydraes wat kennis anders as beroepskennis van die terapeut demonstreer.
	5.6. Met diverse populasie te werk	Die terapeut moet bewus en sensitief optree rakende die kliënt se diversiteit. Verder moet die terapeut kennis dra van identiteitsontwikkeling en kruis-kulturele sielkunde demonstreer, verskillende programme vir verskillende populasies ontwikkel en aanbevelings maak rakende die ontwikkeling van loopbaanfasiliteringsvaardighede vir 'n diverse populasie (Stead & Subich, 2006).	Indikators wat aandui dat die terapeut kliënte van kruis-kulturele agtergronde ondersteun ten opsigte van loopbaanbeplanning. Intervensies aangepas om diverse populasies se behoeftes te akkommodeer. Die gebruik van narratiewe en post-moderne loopbaanfasiliteringstegnieke. Die ontwikkeling van nuwe, kreatiewe instrumente vir kruis-kulturele loopbaanassessering.	Bydraes wat demonstreer hoe die terapeut met populasies eie aan sy/haar kultuur, taal en ras loopbaanfasilitering uitvoer.
Kategorie 6: Loopbaanfasiliteringsmomente van die kliënt	6.1. Onderneem om die groei-fase te bemeester	Ontwikkel 'n aanvanklike en realistiese selfkonsep (Hartung, 2007).	Indikators wat aandui dat die kliënt selfkennis/ identiteitseienskappe (sterk- en swakpunte, belangstellings, waardes, vermoëns, persoonlikheid en talent) en toekomsgeoriënteerde eienskappe ontwikkel. Demonstrasie van verhoogde persoonlike bewussyn oor beheer van sy/haar eie lewe.	Bydrae van ander eienskappe wat die kliënt ontwikkel.

### Fasette van loopbaanfasilitering

Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	6.2. Bemeester die ondersoekfase	Die ontwikkeling en kristallisering van loopbaan- en opleidingsaspirasies (Rojewski, 2007).	Indikators waar die klient: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Toepaslike besluitnemingsvaardighede demonstreer,</li> <li>• Geskikte beroepskennis ontvang,</li> <li>• Bewustheid oor werk-diversiteit ontwikkel,</li> <li>• Verhouding tussen skoolprestasie en toekomskeuses besef,</li> <li>• Positiewe werkshouding ontwikkel,</li> <li>• Begrip toon rakende veranderde loopbaanbedryf,</li> <li>• Self- en beroepskennis integreer om 'n beroepskeuse te maak,</li> <li>• Vereistes van opleidingsinstansies en nodige vermoëns ondersoek,</li> <li>• Loopbaanbeplanning uitvoer en verantwoordelikheid vir loopbaankeuses aanvaar.</li> </ul>	Bydraes van besluitnemingsvaardighede, kennis en beplanning anders as dié met betrekking tot loopbaanfasilitering.
	6.3. Self-werksaamheid te ontwikkel	Die oortuigings wat die adolessent omtrent sy/haar vermoëns het om sekere take uit te voer (Louw <i>et al.</i> , 2007; Rojewski, 2007; Watson & Stead, 2006a).	Indikators waar die klient aandui dat hy/sy oor selfwerksaamheid beskik en/of dit beoefen.	Bydraes van ander loopbaanfasiliteringsmomente.
	6.4. Uitkomsverwagtings te openbaar	Verwys na die adolessent se oortuiging oor wat die resultate van spesifieke gedrag sal wees (Louw <i>et al.</i> , 2007; Watson & Stead, 2006a)	Indikators wat uitkomsverwagte gedrag by die klient demonstreer.	Gedrag in die algemeen, of loopbaanfasiliteringsgedrag anders as die van uitkomsverwagtings.

Fasette van loopbaanfasilitering				
Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	6.5. Loopbaandoelwitte te stel en poog om dit te bereik	Verwys na die adolessent se ingesteldheid om 'n sekere aktiwiteit of uitkoms aan te pak en te voltooi binne 'n bepaalde tyd (Watson & Stead, 2006a).	Indikators waar die kliënt doelwitte vir sy/haar loopbaan opstel. Doelwitte verfyn deur integrasie van die self, beskikbare hulpbronne en konsultasie met ander. Betrokke is by aktiwiteite om die doelwitte te bereik soos identifisering van opleidingsverwagtinge.	Bydraes van enige ander tipe doelwitte as beroepsdoelwitte.
	6.6. Loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer	Loopbaanaanpasbaarheid is die gereedheid van die kliënt om voorspelbare take te kan hanteer tydens die voorbereiding en deelname aan die rol van werk, asook die hantering van onvoorspelbare veranderings as gevolg van die veranderde werksomstandighede (Savickas, 1997).	Indikators wat aandui dat die kliënt oor die vermoë beskik om voorspelbare take, vir loopbaanvoorbereiding, maar ook die onvoorspelbare take, van veranderde werksomstandighede, kan hanteer.	Bydraes waar die kliënt enige ander voorspelbare en onvoorspelbare take, anders as enige taak in die loopbaanfasiliteringskategorie, kan hanteer.
Kategorie 7: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek	7.1. Lewenslange loopbaanfasilitering	<i>Lewenslank</i> impliseer die lewenslange loopbaanfasilitering wat 'n kliënt leiding kan gee ten opsigte van die vaardighede en kennis wat tydens lewensontwikkeling van waarde geag kan word (Savickas <i>et al.</i> , 2009).	Indikators wat aandui dat die kliënt (i) besef loopbaanfasilitering is 'n lewenslange proses, (ii) oor vaardighede en kennis beskik om hom-/haarself tydens hul lewe te kan bestuur.	Bydraes wat ander lewenslange prosesse demonstreer.
	7.2. Holistiese benadering van die kliënt	'n <i>Holisiese</i> benadering word gevolg in lewensontwerp deur aandag te skenk aan al die lewensrolle van 'n kliënt en nie slegs die rol van werk nie (Savickas <i>et al.</i> , 2009).	Indikators waar 'n holistiese siening van die kliënt verkry word ten opsigte van alle fasette van die kliënt.	Bydraes van holistiese sienings van ander konsepte, individue of gemeenskappe anders as die kliënt self.
	7.3. Bewussyn van die kliënt se konteksinvloede	Kontekstuele invloede sluit in invloede van die verlede en hede, die interaksie van die individu met die omgewings (verskeie teaters) en die manier waarop die omgewings deur die kliënt geobserveer en geïnterpreteer word (Savickas <i>et al.</i> , 2009).	Indikators waar kontekstuele invloede van die lewensleiers en -rolle ingesluit word tydens die intervensie. Die teorie en praktiese toepassing van die STR en bate-gebaseerde benadering word ook ingesluit.	Bydraes waar die kontekstuele invloede van die kliënt geïgnoreer word asook die invloed wat dit op die loopbaankeuse mag toon. Toepassing van enige ander teorieë as die STR en bate-gebaseerde benadering word uitgesluit.

Fasette van loopbaanfasilitering				
Hoofkategorie	Subkategorieë	Teoretiese definisie	Objektiewe indikators	Uitsluitingskriteria
	7.4. Voorkomende, pro-aktiewe optrede	<i>Voorkomend</i> behels om saam met die kliënt die toekoms vroegtydig te beskou, voordat hindernisse en veranderings beleef word, sodat kliënte oor verskeie opsies kan beskik (Savickas <i>et al.</i> , 2009).	Indikators waar die terapeut en kliënt gesamentlik vroegtydig die kliënt se loopbaantoe-koms beskou om voorkomend op te tree deur moontlike hindernisse, veranderinge en opsies aan te spreek.	Bydraes waar die terapeut en kliënt ander tipe toekomsaspekte, anders as loopbaantoe-koms, van die kliënt se lewe beskou en bespreek.
Kategorie 8: Hindernisse van loopbaanfasilitering	8.1. Negatiewe sosiale invloed	Sosiale invloed omvat die sosiale sisteem met veranderlikes soos die ouers, familie, portuurgroep, gemeenskap, opvoedkundige instansies en die rol van kultuur, wat 'n negatiewe invloed kan toon op die manier waarop die kliënt sy/haar loopbaan konstrueer (Patton <i>et al.</i> , 2006; Patton & Porfeli, 2007).	Indikators waar die kliënt se sosiale invloed 'n negatiewe invloed op enige faset van die kliënt se loopbaanfasilitering toon.	Enige bydrae van ander sisteem invloed, behalwe die sosiale invloed, word uitgesluit.
	8.2. Negatiewe invloed van omgewing-gemeenskap	Omgewings-gemeenskapsinvloed met veranderlikes soos geografiese ligging, sosio-ekonomiese omstandighede, politiese besluite, historiese gebeure, globalisering en die werksmark, wat 'n negatiewe invloed kan toon op die wyse waarop die kliënt sy/haar loopbaan konstrueer (Patton <i>et al.</i> , 2006; Patton & Porfeli, 2007).	Indikators waar die kliënt se omgewings-gemeenskap 'n negatiewe invloed op enige faset van die kliënt se loopbaanfasilitering toon.	Enige bydrae van ander sisteemsvloed, behalwe die omgewings-gemeenskap, word uitgesluit.
	8.3. Hoë kostes verbonde aan loopbaanfasilitering	Hoë kostes verbonde aan loopbaanfasilitering blyk 'n hindernis te wees vanweë die aantal loopbaanfasiliteringsessies (Maree & Beck, 2004).	Indikators waar die kliënt buitengewone hoë uitgawes moes aangaan vir loopbaanfasiliteringsdienste.	Enige bydraes waar die kliënt uitgawes vir ander sielkundige dienste moes aangaan.

Tabelle 2.3 en 2.4 dui die *a priori*-aannames aan wat ek gebruik het tydens deduktiewe data-analise om die navorsingsvrae te kon beantwoord (sien Hoofstukke 4 en 5). Die *a priori*-aannames verteenwoordig kontemporêre kruis-kulturele en loopbaanfasiliteringsliteratuur om sodoende te poog om die kredietwaardigheid van die resultate te verhoog.

## 2.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 2 verduidelik ek die teoretiese raamwerk van my studie. Ek bespreek ook relevante literatuur oor kruis-kulturele sielkunde, loopbaanfasilitering, die adolessent en loopbaanfasilitering en kunst terapie. Vanuit die teorie en literatuur het ek bepaalde teoretiese indikatore saamgestel wat my gelei het om die bruikbaarheid van kruis-kulturele loopbaanfasilitering te bepaal.

In Hoofstuk 3 bespreek ek die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie wat toegepas is tydens die studie. Ek poog deurgaans om my metodologiese keuses te motiveer teen die agtergrond van die navorsingsvrae soos geformuleer in Hoofstuk 1.



## HOOFSUK 3

### Navorsingsmetodologie

---

### *Refleksie van Intervensiebeplanning*

Uittreksel uit my reflektiewe joernaal

Die intervensiebeplanning was vir my baie beter en makliker as die vorige besoek se assesseringsbeplanning. Ek glo dit was dié keer vir my makliker omdat ek weet wat om te verwag, ek het meer selfvertroue in my vaardighede en het geleer deur my foute, veral die verskil in kultuur! Tydens die interpretasie van my data vanuit die eerste assesseringsbesoek was dit vir my duidelik dat my groepie kliënte nie beskik oor genoegsame selfkennis, en beroepskennis om sodoende 'n ingeligte beroepsbesluit te maak nie. Ek voel vandag soos 'n brandweerwa. Ek is fisies, emosioneel en geestelik gediens vir ons tweede intervensiebesoek aan die plattelandse sekondêre skool. Ek het brandstof (alias energie) ingegooi maar tog voel ek nog onseker oor my padkaart. Al het ek die roete beplan, wonder ek... is dit die beste roete? Sal ek die roete moet aanpas en op die ingewing van die oomblik oor 'n beter roete moet besluit om sodoende die kliënte op kulturele vlak te ontmoet? Ek hoop die liggaamsportrette werk as 'n effektiewe ium tydens loopbaanfasilitering. Dis konkreet en hopelik oorbrug dit die hindernisse wat ek tydens die eerste besoek ervaar het!



### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk bespreek ek die metodologiese benadering van die studie. Dit omsluit die doel van die studie, die paradigmatische perspektiewe, die navorsingsontwerp asook verskeie ander metodologiese aspekte (Babbie & Mouton, 2001). Ek sluit die hoofstuk af met 'n bespreking van etiese oorwegings wat toepaslik is op die studie, die kriteria wat kwaliteit aan die studie verleen en laastens my rol as navorser. Figuur 3.1 gee 'n oorsig van bogenoemde metodologiese keuses.



Figuur 3.1: Navorsingsmetodologie

### 3.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie verkennende en beskrywende studie is om by te dra tot bestaande kennis wat betref alternatiewe assesseringsiums vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Meer spesifiek het ek dit ten doel gestel om aan die hand van bestaande data die bruikbaarheid van die liggaamsportret-tegniek tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering te verken en beskryf (Babbie, 2005; Mouton & Marais, 1992).

Vanuit die verkennende studie kon ek 'n beter begrip verkry oor die voorafgenoemde onderwerp (Babbie, 2005; Babbie & Mouton, 2001). Ek het die studie verkennend uitgevoer deur vas te stel tot watter mate 'n spesifieke metode (liggaamsportrette) bruikbaar was en moontlik benut kan word binne die konteks van kruis-kulturele loopbaanfasilitering (Babbie, 2005). Verkennende navorsing is noodsaaklik wanneer 'n navorser 'n deurbraak maak en wanneer nuwe insigte navore kom in 'n onderwerp vir navorsing (Babbie, 2005; Babbie & Mouton, 2001). Na my mening was verkennende navorsing toepaslik vir hierdie studie omrede liggaamsportrette, soos in Hoofstuk 2 verduidelik, in die verlede hoofsaaklik gebruik is tydens intervensie met MIV en vigs-pasiënte en nog nie op die terrein van kruis-kulturele loopbaanfasilitering ontken is nie.

Tekortkomings van verkennende navorsing sluit in dat bevredigende antwoorde op die navorsingsvraag selde verskaf kan word (Babbie & Mouton, 2001). Die rede hiervoor is gesetel in die moontlikheid van verteenwoordigheid, aangesien die fenomeen wat ondersoek word dalk nie verteenwoordigend sal wees van die groter populasie nie (Babbie, 2005; Babbie & Mouton, 2001). My hantering van hierdie tekortkoming word meer omvattend bespreek in Afdeling 3.6.2.

Die doelstelling van beskrywende navorsing kan saamgevat word in die aanhaling van Mouton en Marais (1992, p.46): ... *om dit wat is op een of ander wyse akkuraat en noukeurig te beskryf*. Beskrywende navorsing kan verskeie tipes studies omsluit, naamlik verduideliking en definiëring van 'n spesifieke individu, situasie, groep, organisasie, subkultuur, interaksie, sosiale voorwerp en gebeurtenis (Babbie, 2005; Mouton & Marais, 1992). In hierdie bepaalde studie is gepoog om die bruikbaarheid van die liggaamsportret-tegniek se toepassing te beskryf met 'n spesifieke groep (Graad 9-seuns) met 'n bepaalde subkultuur (siSwati) in 'n spesifieke situasie (kruis-kulturele loopbaanfasilitering) (Mouton & Marais, 1992). In Hoofstuk 4, verskaf Tabel 4.1 'n frekwensietabel om die bevindinge van die gebruik van liggaamsportrette tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering te beskryf (Mouton & Marais, 1992). Die gebruik van sistematiese klassifikasies soos 'n frekwensietabel is kenmerkend van beskrywende navorsing (Mouton & Marais, 1992).

### 3.3 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

'n Paradigma is 'n siening, 'n samestelling van sekere filosofiese aannames wat denke en optrede lei en rig (Mertens, 2010). As navorser het ek metodologies 'n kwalitatiewe benadering tydens die studie gevolg, wat metateoreties gegrond is op interpretivistiese aannames. Die voorgenoemde benadering en aanname het as paradigma my denke en optrede gelei en gerig tydens die studie. Ek bespreek die geselekteerde paradigmas vervolgens.

#### 3.3.1 METATEORETIESE PARADIGMA: INTERPRETIVISME

Ek het 'n interpretivistiese benadering (Nieuwenhuis, 2007a) tot navorsing gekies omrede dié benadering sosiale interaksie as die basis van kennis beskou. 'n Mens is 'n sosiale wese. Deur gebruik te maak van sosiale vaardighede kon ek dus poog om ander se wêreld te verstaan (O'Donoghue, 2007). Verder het ek interpretivisme as geskik beskou aangesien dit gebaseer is op die aanname dat daar nie slegs een realiteit bestaan nie, maar baie (Maree & Van der Westhuizen, 2007). Dokumente as databronne is vir die studie binne 'n sosiale omgewing gegenereer. Vanuit 'n interpretivistiese benadering kon ek hierdie dokumente as produkte van mense (Graad 9-seuns) se leefwêreld beskou. Volgens Nieuwenhuis (2007a) is die interpretivistiese navorser se veronderstelling dat toegang tot die realiteit alleenlik verkry kan word deur sosiale konstruksie, byvoorbeeld deur taal (insluitend teks en simbole), bewustheid en gedeelde betekenis. In hierdie studie was 'n voorgestelde realiteit vir my sigbaar deur die bestudering van die geselekteerde databronne. Interpretivistiese studies het in die algemeen ten doel om 'n fenomeen te verstaan deur die betekenis wat mense daaraan toeskryf (Nieuwenhuis, 2007a). Ek het dit gevolglik vir myself ten doel gestel om die kliënte en die betrokke situasie te probeer verstaan in terme van die betekenis wat hulle aan hulle lewens en toekomstige beroepslewens koppel deur bestudering van die voorafgaande in bestaande databronne.

O'Donoghue (2007), asook Nieuwenhuis (2007a) maak bepaalde aannames rakende die interpretivistiese benadering, wat ek ook as basis geneem het tydens data-analise en interpretasie. Eerstens word die aanname gemaak dat mense alleenlik verstaan kan word vanuit hulle lewenswêreld. Gevolglik word die menslike verstand as die bron of oorsprong van betekenis beskou. Vir die studie het ek verder aangeneem dat menslike gedrag beïnvloed word deur kennis van die sosiale wêreld en dat die sosiale lewe kenmerkend 'n menslike produk is. Daaglikse aktiwiteit is derhalwe die boustene van 'n gemeenskap. Dit volg dat elke aspek van 'n gemeenskap terughervel kan word na die manier waarop mense in hul daaglikse lewe optree. Om hierdie rede behels daaglikse aktiwiteite die interaksie van 'n individu met ander mense en nie handeling in isolasie nie. Op hierdie wyse gee mense nie alleenlik betekenis aan hul eie optrede nie, maar ook aan die optrede van ander. Laastens het ek aangeneem

dat individue daagliks betrokke is by 'n onderhandelingsproses waardeur betekenis verkry word. Hierdeur kan begrip en sienings aangepas word.

Volgens Nieuwenhuis (2007a) kan die interpretivistiese navorsingsparadigma gekritiseer word omdat die paradigma subjektief is en dit daarom nie daartoe leen om die bevindings van 'n studie te veralgemeen buite die konteks wat nagevors is nie. My hantering van hierdie moontlike punt van kritiek teen die interpretivistiese paradigma word in Afdeling 3.6.4. aangespreek.

### 3.3.2 METODOLOGIESE PARADIGMA: KWALITATIEWE BENADERING

Ek het gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma. Ivankova, Creswell en Plano Clark (2007) asook Nieuwenhuis (2007b) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing gebaseer is op 'n natuurlike benadering wat poog om die fenomeneen-binne-konteks te ondersoek en te verstaan. Die navorsingsdokumente wat tydens die studie gebruik is, was produkte van 'n werklike lewensituasie, en dus nie 'n eksperimente situasie nie.

Slavin (2007) identifiseer 'n aantal eienskappe van kwalitatiewe navorsing wat vir my tydens die studie as riglyne gedien het. Eerstens gebruik kwalitatiewe navorsing die natuurlike omgewing as direkte bron vir data. Die databronne vir hierdie studie is aanvanklik binne die sosiale omgewing van my akademiese diensleer-praktikum gegeneer. Tweedens was ek as navorser die kerninstrument vanweë die feit dat ek tydens die studie met dokumente gewerk het en nie gebruik gemaak het van 'n eksterne navorsingsinstrument om die data in te samel nie. Derdens het ek in gedagte gehou dat kwalitatiewe navorsing gemoeid is met die proses en nie met die uitkomste of produk nie. Dit was dus vir my as navorser belangrik om elke gedeelte van die navorsingsproses so deeglik as moontlik te kon uitvoer deur stap-vir-stap te werk. Verder is ek gerig deur die oortuiging dat die kwalitatiewe benadering betekenis as subjektief en van essensiële belang beskou. Subjektiviteit het diep betekenis aan die studie verleen aangesien ek as navorser subjektief betrokke was by die analisering en interpretasie van die databronne ten einde 'n beter begrip van die bruikbaarheid van liggaamsportrette binne die spesifieke konteks van kruis-kulturele loopbaanfasilitering te verkry.

In terme van potensiële uitdagings van kwalitatiewe navorsing verwys Nieuwenhuis (2007b) na die menslike element wat deurgaans in die navorsingsproses teenwoordig is, waarvolgens die navorser tydens die studie subjektief bly. My subjektiviteit was gemonitor deurdat ek deurlopend inskrywings in my reflektiewe navorsingsjoernaal (Seale, 1999) gemaak het (Bylaag D). Hierbenewens het ek my belewings en interpretasies met my supervisor bespreek.

### 3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

In hierdie afdeling bespreek ek die navorsingsproses wat ek gevolg het tydens die studie (soos voorgestel in Hoofstuk 1). Die proses omvat die navorsingsontwerp, agtergrond tot die databronne en laastens die data-analise wat ek voltooi het.

#### 3.4.1 NAVORSINGSONTWERP

Soos bespreek in Hoofstuk 1 het data wat tydens 'n akademiese diensleer-praktikum gegenereer is (Ebersöhn, 2009), gedien as databronne om die bruikbaarheid van liggaamsporette in kruis-kulturele loopbaanfasilitering te kon ondersoek. Vir hierdie doel het ek inhoudsanalise (Nieuwenhuis, 2007c) as navorsingsontwerp geselekteer.

Inhoudsanalise volg 'n sistematiese benadering tot kwalitatiewe data-analise (Neuendorf, in Nieuwenhuis, 2007c). Inhoudsanalise is 'n navorsingsontwerp wat toegepas word op geskrewe materiaal (dokumente, transkripsies en narratiewe werk soos dagboekinskrywings en joernale) sowel as visuele materiaal om spesifieke eienskappe in die materiaal te identifiseer (Ary, Jacobs & Razavieh, 2002; Nieuwenhuis, 2007c). Tydens inhoudsanalise word 'n sistematiese benadering gevolg deur die geskrewe en visuele materiaal binne 'n bepaalde konteks te analiseer deur die inhoud van die boodskappe te identifiseer, op te som en te interpreteer (Ary *et al.*, 2002; Nieuwenhuis, 2007c).

Die wyse waarop inhoudsanalise uitgevoer word kan verduidelik word met die volgende stelling deur Nieuwenhuis (2007c, p. 101): *It is a process of looking at data from different angles with a view to identifying keys in the text that will help us to understand and interpret the raw data.* Inhoudsanalise is dus 'n iteratiewe proses waardeur die ontdekking van ooreenkomste en verskille bepaal moet word om sodoende 'n bepaalde teorie te bevestig of te verwerp (Nieuwenhuis, 2007c).

Inhoudsanalise as navorsingsontwerp het verskeie voordele wat binne die bepaalde studie geïmpliseer word (Babbie, 2005; Berg, 2001). Vanweë die beskikbaarheid van die dokumente wat reeds gegeneer is, was die studie ekonomies in terme van tyd en geld. Verder kon ek die databronne hersien waar ek foute tydens die analiseringsproses geïdentifiseer het, iets wat nie moontlik sou wees in 'n situasie waar daar met deelnemers gewerk is nie. Laastens was inhoudsanalise voordelig in die sin dat daar geen hindernisse was nie en dat die navorsingsontwerp nie-reaktief (*nonreactively*) was. Tydens inhoudsanalise word daar nie onderhoude gevoer nie en niemand hoef 'n vraelys in te vul nie – slegs dokumente word geanaliseer.

'n Uitdaging van inhoudsanalise vir hierdie studie was die vasstelling van nie-obstruktiwe boodskappe wat relevant kan wees vir die spesifieke navorsingsvraag (Berg, 2001). As navorser was ek dus beperk in die ondersoek van reeds saamgestelde databronne (Berg, 2001). Aangesien die databronne vooraf gegeneer is en ek nie inligting kon hersien nie (soos met deelnemers in die geval van observasienavorsing) was ek genoodsaak in situasies waar ek nie antwoorde op my navorsingsvraag kon kry nie om gebruik te maak van verskeie ander databronne in die hoop dat ek só die navorsingsvraag kon beantwoord.

### 3.4.2 SELEKSIE VAN DATABRONNE

In hierdie afdeling verduidelik ek my seleksie van die spesifieke navorsingskonteks waarbinne die databronne gegeneer is. Ek verskaf ook 'n uiteensetting van die verskillende databronne van die studie.

#### 3.4.2.1 Agtergrond van konteks waarbinne databronne gegeneer is

Soos reeds gemeld (Hoofstuk 1) het ek die studie in 'n plattelandse sekondêre skool in Mpumalanga onderneem (Foto 3.1.). Die skool val binne 'n gemeenskap met beperkte hulpbronne (Foto 3.2). Toegang tot die skool is vergemaklik deur die longitudinale FLY<sup>4</sup>-navorsingsprojek.



**Foto 3.1:**  
Geselekteerde plattelandse sekondêre skool  
(13 Mei 2009)



**Foto 3.2:**  
Uitsig oor die omgewing vanaf die skoolgehou  
(13 Mei 2009)

#### 3.4.2.2 Seleksie van databronne

Die databronne vir die studie is gegeneer vanuit my FLY akademiese diensleer-praktikum observasiedata (Ary, Jacobs, Razavieh & Sorensen, 2006). Wanneer dokumente as 'n data-insamelingstegniek gebruik word, word daar gefokus op alle tipes geskrewe kommunikasie wat lig mag

---

<sup>4</sup>FLY – *Flourishing, Learning Youth*

werp op die fenomeen wat ondersoek word (Nieuwenhuis, 2007b). Die primêre bron van data (Nieuwenhuis, 2007b) bestaan uit reflektiewe joernale, assesserings- en intervensiebesoek-beplanning, visuele data (foto's), transkripsies van oudiovisuele opnames en assesseringsnotas van my supervisor.

Die databronne is ter wille van gerieflikheid geselekteer vanweë die beskikbaarheid en toeganklikheid daarvan wat gegenerer is tydens die gemelde praktikum (Cohen, Manion & Morrison, 2007; Maree & Pietersen, 2007). Ary *et al.* (2006, p. 474) definieer gerieflikheidsteekproef as: ... *choosing a sample based on availability, time, location, or ease of access*. Maree en Pietersen (2007) verduidelik dat 'n gerieflikheidsteekproef bruikbaar is vir verkennende navorsing, soos myne, waar die navorser belangstel om op billike wyse en na vinnige beraming insig te bekom.

Nadele van gerieflikheidsteekproewe is dat die resultate nie verder as die deelnemer-populasie veralgemeen kan word nie (McMillian & Schumacher, 2010; Mertens, 2010). Verder verduidelik Ary *et al.* (2006) dat die resultate wat verkry word in 'n studie waar gerieflikheidsteekproewe gebruik word moontlik nie kredietwaardig kan wees nie. McMillian en Schumacher (2010) noem dat bevooroordeeldheid met hierdie tipe steekproef moontlik kan plaasvind. Laastens is die resultate tydens gerieflikheidsteekproewe afhanklik van die unieke karaktereienskappe van die steekproef (McMillian & Schumacher, 2010). Ek het gepoog om die genoemde nadele te oorbrug deur strategieë wat verband hou met kwaliteitskriteria te implementeer (soos bespreek in Afdeling 3.6).

Tabel 3.1 verskaf 'n opsomming van die prosesse waartydens databronne vir hierdie studie gegenerer is. Hierdie databronne word vervolgens bespreek:

**Tabel 3.1: Generering van databronne**

Fases vir die generering van databronne	Tipes databronne gegenerer
<b>Beplanning van assesseringsbesoek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reflektiewe joernaal: Terapeut en portuur-supervisor</li> <li>• Assesseringsbeplanning</li> </ul>
<b>Assesseringsbesoek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reflektiewe joernaal: Terapeut</li> </ul>
<b>Beplanning van intervensiebesoek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Refleksie: Terapeut en portuur-supervisor</li> <li>• Intervensiebeplanning</li> </ul>
<b>Intervensiebesoek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reflektiewe joernaal: Terapeut</li> <li>• Visuele data: Foto's en oudiovisuele opnames</li> <li>• Assesseringsnotas van supervisor</li> </ul>
<b>Na afloop van die praktikum</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Transkripsies van oudiovisuele opnames</li> </ul>

### (a) Reflektiewe joernaal

Reflektiewe joernale is een van die databronne wat in die studie gebruik is. Die terapeut en haar portuur-supervisor het albei reflektiewe joernale geskep tydens die FLY akademiese diensleer-praktikum (Bylaag A-2). Nieuwenhuis (2007b) verduidelik dat 'n reflektiewe joernaal 'n beskrywing is van die observasies en refleksies tydens die gebeure. Beskrywings van observasies sluit 'n volledige beskrywing van die omgewing in asook die deelnemers se reaksies en interpersoonlike verhoudings. Die reflekerende gedeelte sluit die persoonlike gevoelens in van die observeerders (die terapeut en portuur-supervisor), asook indrukke van die geleentheid en opmerkings. In hierdie studie is refleksies op verskeie geleenthede vasgelê in reflektiewe joernale deur my en my portuur-supervisor. Ons refleksies stel dus 'n databron voor wat geanaliseer is om begrip van die navorsingssituasie te skep asook van die gedrag van die mense binne die situasie (Ary *et al.*, 2006).

Aangesien ek tydens die databron-genereringfase betrokke was as sielkundige-in-opleiding, was dit 'n uitdaging om deeglike refleksienotas te maak. Dit was daarom wys om so spoedig moontlik na die sessies my reflektiewe joernaal uit te brei terwyl alles nog vars in my geheue was. Ary *et al.* (2006) verduidelik dat navorsers ook van visuele data en oudio-opnames kan gebruik maak om reflektiewe joernale so volledig as moontlik te voltooi, soos ek dit in Afdeling (c) en (d) bespreek.

De Laine (in Gray, 2009) spreek kritiek uit teen refleksienotas. Na haar mening bring die navorser sy of haar persoonlike betekenis na die notas. Hierdie outeur beskou refleksienotas dus nie as rou data nie. Flick (2009) voel dieselfde deurdat hy ook meld dat refleksienotas deur die navorser se persepsies beïnvloed word. Flick (2009) noem dat bogenoemde in 'n mindere mate 'n nadeel kan wees indien die deelnemers aan 'n studie ook gebruik maak van refleksienotas om ooreenkomste te identifiseer. Soos voorheen vermeld, het ek en my portuur-supervisor gebruik gemaak van reflektiewe joernale. Die reflektiewe joernale kon derhalwe vergelyk word om die vertrouenswaardigheid daarvan te bepaal. My hantering van die genoemde uitdaging teen reflektiewe joernale word meer volledig bespreek in Afdeling 3.6.2.

### (b) Assesserings- en intervensiebesoekbeplanning

My assesserings- en intervensiebeplanning vir die twee besoeke aan die plattelandse sekondêre skool, Mpumalanga, het ook as databron gedien. In Hoofstuk 1 is die doel van die assesserings- en intervensiebeplanning bespreek, asook die doel van die besoeke aan die plattelandse sekondêre skool. Verder is die fisiese beplanning, wat dien as databron, vervat in Bylaag A-2.

Vir hierdie studie kan die assesserings- en intervensiebeplanning (databronne) gesien word as dokumente wat gebruik is vir data-analise (Nieuwenhuis, 2007b). Dokumente as databron sluit alle tipes geskrewe dokumente in (soos die assesserings- en intervensiebeplanning, Bylaag A-2) wat lig mag werp op die fenomeen wat ondersoek word (Nieuwenhuis, 2007b).

Volgens De Vos, Strydom, Fouché en Delpont (2005) impliseer die gebruik van dokumente as databronne verskeie voordele. Die databronne van die studie was eerstens beskikbaar vanweë die FLY akademiese diensleer-praktikum. Weens die praktikum waaraan ek deel gehad het, is kostes tweedens besnoei aangesien data beskikbaar was en die uitvoering van 'n addisionele veldbesoek uitgeskakel is. Verder is die inhoud van bestaande dokumente nie beïnvloed deur my aktiwiteite as navorser nie (soos dikwels in observasienavorsing die geval is).

Uitdagings (De Vos *et al.*, 2005) verbonde aan dokumente as databron sluit in dat bestaande dokumente soms onvolledig mag wees. Gevolglik kan moontlike leemtes in die data voorkom wat nie op ander maniere gevul kan word nie. Verder, soos spesifiek in hierdie studie, was die dokumente nie aanvanklik vir navorsingsdoeleindes bedoel nie, wat ook kan lei tot leemtes (soos elders bespreek). Ek het gepoog om hierdie moontlike hindernis aan te spreek deur van verskeie databronne gebruik te maak. Korrelasie tussen verskillende databronne was moontlik en ek was dus nie afhanklik van dokumente as databron nie (Maree & Van der Westhuizen, 2007). 'n Nadeel wat veral van toepassing is op hierdie studie hou verband met die kruis-kulturele omgewing waarin die studie plaasgevind het, weens gebrekkige taalkundigheid van die kliënte en myself in 'n enkele taal tydens die intervensie. Verskraalde uitdrukkings kon moontlik 'n negatiewe invloed hê op die inhoud van die dokumente en dus die navorsingspotensiaal daarvan beïnvloed.

### (c) Visuele data: Foto's

Observasies deur die terapeut en supervisor is as visuele databron gedokumenteer deur die neem van foto's (Bylaag A-2) van die kliënte betrokke by die FLY-praktikum (McMillan & Schumacher, 2010). Foto's kan as belangrike bewyse dien vir dokumentering van kwalitatiewe studies (Slavin, 2007). Die insameling van visuele data het deurlopend gedurende die intervensiefase plaasgevind. Beide my supervisor en ek het gepoog om kliënte onopsigtelik te observeer en nie in 'n bedreigende situasie te plaas nie (Nieuwenhuis, 2007b). Toestemming is van die kliënte verkry om foto's te neem, asook om hulle gesigte te wys tydens reproduksie daarvan.

'n Moontlike nadeel van visuele data is dat die navorser, soos in die studie tydens data-generering (op daardie stadium in die rol van sielkundige-in-opleiding), ook die rol van fotograaf-observeerder kan hê.

Die neem van laasgenoemde rol kan daartoe lei dat ander aktiwiteite soos die neem van foto's, luister na interaksies asook die neem van notas agterweë gelaat kan word (Ebersöhn & Eloff, 2007). Tydens die versameling van databronne het die terapeut individueel, saam met haar portuur-supervisor en as deel van 'n groep studente saam oor elke dag se verrigtinge gereflekteer. Die refleksies is opgeskryf in ons reflektiewe joernale. Hierdie inskrywings in die reflektiewe joernale het my in staat gestel om die moontlike leemtes van die visuele data - foto's - te oorbrug.

Laastens kan dit soms 'n moeilike proses wees vir die navorser om visuele data saam met geskrewe data te interpreteer (Ebersöhn & Eloff, 2007). Hierdie moontlike uitdaging word aangespreek deur die gebruik van *a priori*-kodes wat ek in Hoofstuk 2 aangedui het. Deur konstant na die *a priori*-kodes in databronne tydens data-analise te soek, is die taak waarskynlik vergemaklik. Verder het my supervisors my interpretasies van geanaliseerde databronne gekontroleer om ooreenkomste tussen databronne te bevestig of te ontken.

#### **(d) Visuele data: Oudiovisuele opnames**

McMillan en Schumacher (2010) verduidelik dat video-opnames bruikbaar is ter staving van ander data wat ingesamel is aangesien dit nie-verbale gedrag en kommunikasie dokumenteer. My supervisor het tydens die intervensiefase video-opnames gemaak om geobserveerde gedrag van die intervensie tydens die FLY praktikum vas te lê (sien Bylaag A-2).

'n Moontlike uitdaging van video-opnames hou verband met die interpretasie daarvan. Verder kan die tegniese indringendheid van die keralens ook 'n uitdaging wees (McMillan & Schumacher, 2010). Ary *et al.* (2006) asook Ebersöhn en Eloff (2007) noem dat deelnemers selfbewus mag wees voor kameras en moontlik anders kan optree of die kamera kan vermy. Tydens hierdie studie was die deelnemers deeglik vooraf ingelig oor die studie, insluitend die neem van visuele data. Hulle het hul toestemming gegee dat ons tydens die studie visuele data van hulle kon neem. Tweedens het ek en my supervisor gepoog, soos vermeld in Afdeling 3.4.2.2 (c) om oudiovisuele opnames so onopsigtelik moontlik te neem om sodoende die deelnemers nie in 'n bedreigende situasie te plaas nie (Nieuwenhuis, 2007b). Die oudiovisuele opnames is deur my supervisor gemaak terwyl ek en die deelnemers besig was met aktiwiteite.

#### **(e) Transkripsies van oudiovisuele opnames**

In die vorige afdeling is oudiovisuele opnames as databron bespreek. Hierdie opnames is later tydens die studie getranskribeer (Bylaag A-2) deur die interaksie tussen my as sielkundige-in-opleiding en die kliënte se oorspronklike verbale en nie-verbale kommunikasie te dokumenteer. Die transkripsies van die

oudiovisuele opnames dien as databron vir data-analise doeleindes. Transkribering van opnames het aan my die geleentheid gebied om myself weer met die intervensie van die FLY akademiese diensleer-praktikum te vereenselwig asook met die data.

'n Moontlike hindernis van transkripsies is dat daar tydens die transkriberingsproses 'n moontlikheid bestaan dat data verlore kan gaan, verdraai kan word of verminder kan word (Cohen *et al.*, 2007). Deur die transkripsies te hersien en te vergelyk met die oorspronklike oudiovisuele opnames kon ek hierdie moontlikheid uitskakel en die hindernis vermy.

#### (f) **Assesseringsnotas van supervisor**

Om 'n holistiese beeld van my groei en vordering te kry tydens die FLY akademiese diensleer-praktikum het my supervisor assesseringsnotas gemaak. Hierdie assesseringsnotas (Bylaag A-2) is gemaak tydens die FLY praktikum se assesserings- en intervensiebeplanningsgesprekke en inligtingsessies gedurende besoeke aan die skool. Soos in Afdeling 3.4.2.2 (b) word die assesseringsnotas, as databronne, ook beskou as dokumente wat gebruik is vir data-analise. Dieselfde beginsels geld as in die geval van dokumente as databron wat in Afdeling 3.4.2.2 (b) bespreek is.


### 3.4.3 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

Ary *et al.* (2002) verduidelik dat data-analise die hart van kwalitatiewe navorsing is vanweë die feit dat hierdie fase kwalitatiewe navorsing pertinent van kwantitatiewe studies onderskei. Ary *et al.* (2002, p. 465) definieer data-analise soos volg: *Data analysis is a process whereby researchers systematically search and arrange the data in order to increase their understanding of the data and to enable them to present what they learned to others.* In hierdie afdeling verduidelik ek my benadering tot data-analise, ten einde tot verklarings van die data te kon kom.

Ek het van deduktiewe kodering gebruik gemaak (Nieuwenhuis, 2007c). Die deduktiewe benadering kan in drie stappe uitgevoer word. Stap 1 behels die identifisering van *a priori*-aannames van kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering vanuit die literatuurstudie (Nieuwenhuis, 2007c), soos vervat in Hoofstuk 2 (Afdeling 2.7). Tweedens is indikatore tydens data-analise in die databronne opgespoor om vas te stel of momente van kruis-kulturele sielkunde en liggaamsportrette, wat in die literatuur vasgestel is, in die databronne geïdentifiseer kon word (Bylaag A-3). Laastens het ek die aanname gemaak dat, indien herhaalde verteenwoordiging van indikatore in die databronne voorkom, ek kon aanvaar dat liggaamsportrette bruikbaar is vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering in die spesifieke groep waarbinne die navorsing uitgevoer is (Nieuwenhuis, 2007c).

### 3.4.3.1 Stappe in data-analise

Vanuit die literatuur het ek dus bepaalde deduktiewe analise-stappe gevolg. Aangesien ek inhoudsanalise as navorsingsontwerp gevolg het, kon ek data analiseer deur die stappe soos uiteengesit in Figuur 3.2 uit te voer (aangepas uit Ary *et al.*, 2002).



**Figuur 3.2: Inhoudsanalise-proses**

In Hoofstuk 1 is stap 1 (die spesifisering van die fenomeen onder soeklig) deeglik omskryf. Stap 2, die bespreking van databronne vir die studie, is in Afdeling 3.4.2.2 bespreek. Stap 3 omvat die identifisering van kodes om die data te analiseer (verwys ook na Hoofstuk 2). Tydens hierdie stap kon ek as kwalitatiewe navorser een van twee tipes koderingstegnieke gebruik, naamlik deduktiewe of induktiewe kodering (Nieuwenhuis, 2007c). Soos reeds genoem, het ek gebruik gemaak van deduktiewe kodering (Afdeling 3.4.3.2). Aangesien ek 'n deduktiewe koderingsbenadering met voorafopgestelde *a priori*-kodes vir data-analise gevolg het, is stappe 3 en 5 van die inhoudsanaliseproses beïnvloed deur die spesifieke navorsingsproses wat ek gevolg het. In Figuur 3.3 word die stappe van identifisering van kodes en die analisering van data wat ek gevolg het as gekose deduktiewe benadering uiteengesit.



**Figuur 3.3:** Data-analiseringsproses (aangepas uit Nieuwenhuis, 2007c)

In Hoofstuk 1, Afdeling 1.2, word die steekproef vir hierdie studie en die nodige steekproefplan beskryf wat dus stap 4 van die inhoudsanalise-proses saamvat.

### 3.4.3.2 Kodering

Kodering kan gedefinieer word as die proses waardeur data deeglik ondersoek word om betekenisvolle eenhede te kodeer (Nieuwenhuis, 2007c). Babbie (2005) verduidelik dat kodering 'n proses is waar rou data omskep word in gestandaardiseerde vorm. Die geïdentifiseerde kodes word dan voorgestel as gemerkte simbole, beskrywende woorde of unieke benamings (sien Bylaag A-3) tydens die data-analise proses (Nieuwenhuis, 2007c). Kodering het aan my as navorser die geleentheid gebied om die proses soos wat ek dink dit gebeur het tydens die analisering van data te rasionaliseer, maar ook om verdere ontdekkings te kon maak oor diepere werklikhede wat kon verskyn het (Nieuwenhuis, 2007c). Nieuwenhuis (2007c) verduidelik die voordeel van 'vloeibaarheid' van kodering in terme van die navorser wat tussen die stappe van die data-analiseproses kan beweeg sodra nuwe insigte en begrip navore kom.

Soos genoem het ek 'n deduktiewe, *a priori*-koderingsbenadering gevolg wat behels dat ek kodes ontwikkel het voordat ek data ondersoek het (Nieuwenhuis, 2007c). Ek het *a priori*-kodes vasgestel tydens my literatuurstudie (sien Hoofstuk 2, Afdeling 2.7) waar ek sekere kodes geïdentifiseer het aan die hand van bestaande navorsingsbevindings in relevante literatuur (Nieuwenhuis, 2007c). Die nut van die *a priori*-benadering was dat ek aan die hand van bestaande literatuur kon bepaal welke indikatore van kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering moontlik teenwoordig kon wees toe ek liggaamsportrette in die FLY akademiese diensleer-praktikum gebruik het.

Schwandt (2007) noem drie moontlike nadele van kodering. Eerstens kan navorsers moontlik op 'n beskrywende vlak kodeer in plaas daarvan om 'n begrip te ontwikkel van wat werklik aangaan en dit as sodanig te beskryf. Tweedens is navorsers soms geneig om kodering te sien as 'n meganiese, eenvoudige en algoritmiese proses. Hierdeur kan die navorser die voorafgaande konseptualisering en teoretiese begrip wat by 'n bepaalde studie betrokke is, ignoreer. Om te waak teen hierdie twee moontlike nadele het ek tydens die data-analise proses gepoog om betekenis te verkry uit die data op grond van 'n teoretiese fondasie as riglyn tydens die data-analise proses. Laastens kan navorsers kodering moontlik ervaar as rigied en onveranderlik; en hierdeur die dinamiese, vloeibare karaktereienskap van kodering ignoreer. As navorser het ek teen hierdie siening gewaak en die koderingsproses deurlopend as vloeibaar beskou, deurdat ek die kodes kon aanpas aan die hand van nutgevonde literatuur en inligting wat uit data-analise voortgespruit het.

### 3.4.3.3 Kategorisering

Soos genoem, het ek 'n *a priori*-benadering gevolg wat die data-analise bepaald beïnvloed het. Aangesien ek vroeër die kodes geïdentifiseer het, het kategorieë reeds bestaan (sien Hoofstuk 2, Tabel 2.3 en 2.4) (Berg, 2001; Nieuwenhuis, 2007c). Ek kon geïdentifiseerde kodes dus sorteer in terme van die reeds bepaalde kategorieë (kennis rakende kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering). Elke kategorie het oor 'n deeglike, beskrywende benaming beskik aangesien verskeie van die kodes by meer as een kategorie kon pas (Hoofstuk 4). Die kategorieë waarin die kodes ressorteer, verskil uiteraard op grond van die aard van die studie en die unieke kenmerke van die data (Berg, 2001).

## 3.5 ETIESE OORWEGINGS

Die FLY-projekleier het etiese klaring vanaf die Universiteit van Pretoria vir die projek verkry. Die kliënte asook hul ouers of voogde het ingeligte toestemming vir deelname aan die studie verskaf (sien Bylaag B-1 op die laserskyf vir 'n voorbeeld van die toestemmingsvorm).

Etiek kan soos volg gedefinieer word (De Vos *et al.*, 2005, p. 57): *Ethics is a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students.* Ek baseer my navorsingsgedrag op hierdie etiese reëls en gedragsverwagtings.

Ek het die riglyne vir etiese navorsing, soos gestipuleer deur die Etiek-komitee, Fakulteit Opvoedkunde, van die Universiteit van Pretoria (University of Pretoria, 2011) gevolg tydens my studie. Vir die studie

was dit belangrik dat ek eerstens in die rol as sielkundige-in-opleiding eties optree om te sorg dat die generering van die databronne op 'n etiese wyse plaasvind. Ek gee 'n opsomming van die mate waartoe databronne eties gegeneer is in Tabel 3.2 (Cohen *et al.*, 2007; De Vos *et al.*, 2005; Gravetter & Forzano, 2009; University of Pretoria, 2011).

**Tabel 3.2: Etiese oorwegings**

Kriteria	Beskrywing
<b>Vrywillige deelname</b>	Die kliënte het vrywillig deelgeneem aan die projek en daarom was hulle ingelig dat hulle op enige stadium van die projek kon onttrek.
<b>Ingeligte toestemming</b>	Die kliënte asook hul ouers/voogde het toestemming gegee dat hulle aan die projek kon deelneem (Bylaag A). Die toestemming het geïmpliseer dat hulle oor voldoende inligting rakende die doel en prosedures van die projek, moontlike voordele, nadele en gevare asook die kredietwaardigheid van die terapeut beskik. Ingeligte toestemming het ook van die kliënte toestemming gevra om visuele data: foto's en oudiovisuele opnames gebruik te maak.
<b>Veiligheid tydens deelname</b>	Die kliënte se veiligheid tydens die projek was verseker en moontlike negatiewe impak, risiko's of gevare is geminimaliseer en beperk. Indien 'n situasie sou voorkom waar die kliënte se veiligheid in gevaar sou wees, kon ek my supervisor, 'n geregistreerde sielkundige, se hulp inroep.
<b>Vertroue</b>	Ek het die vertrouensverhouding tussen my, as sielkundige-in-opleiding, en die kliënte in stand gehou deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die kliënte in te lig oor enige veranderings tydens die projek,</li> <li>• die kliënte se belange en welstand te bevorder,</li> <li>• deurlopend die kondisies van hulle deelname te bespreek,</li> <li>• enige aksie(s) wat ekstra druk op die kliënte sou plaas, te weerhou,</li> <li>• die geleentheid te skep vir kliënte om hulle bekommernisse vrylik te kon bespreek.</li> </ul>

### 3.6 KWALITEITSKRITERIA

Guba en Lincoln (1989) asook Mertens (1998) verduidelik dat die wetenskaplikheid van kwalitatiewe navorsing te make het met kredietwaardigheid, oordraagbaarheid, bevestigbaarheid, outentiekheid van die navorsing. Tydens hierdie studie het ek gefokus op die voorgenoemde aspekte om die kwaliteit van die studie te bevorder.

#### 3.6.1 KREDIETWAARDIGHEID

Volgens De Vos *et al.* (2005) is die doel van kredietwaardigheid om te bewys dat die databronne van 'n studie op die korrekte wyse geïdentifiseer en beskryf is. Kredietwaardigheid is 'n proses waartydens data as bewys gebruik word om bewerings te waarborg binne die verskillende teoretiese raamwerke en spesifieke, praktiserende gemeenskappe (Mertens, 2010). Om die kredietwaardigheid van hierdie studie

te verhoog, het ek die databronne deur middel van 'n gerieflikheidsteekproef geselekteer en dit deeglik omskryf. Verder het ek triangulasie toegepas deur van verskillende databronne gebruik te maak, naamlik reflektiewe joernale, assesserings- en intervensiebeplanning, assesseringsnotas, visuele data (foto's) en transkripsies van oudiovisuele opnames (Seale, 1999). Tydens die generering van databronne was ek in die rol van sielkundige-in-opleiding betrokke in die navorsingsveld, wat die kredietwaardigheid van die databronne se samestelling en generering moontlik kan verhoog (Seale, 1999). Die studie is onderneem onder toesig van my navorsings supervisor, wat kritiek en aanbevelings kon gee (Patton, 2002; Seale, 1999). Laastens het ek doelbewus gesoek na negatiewe voorbeelde in die data in plaas daarvan om net op aspekte te konsentreer wat 'n positiewe uitkoms vir my studie sou toon (Patton, 2002; Seale, 1999).

### 3.6.2 OUTENTIEKHEID

Stainback en Stainback (in Mertens, 1998) definieer outentiekheid as die verkryging van 'n gebalanseerde siening van perspektiewe, waardes en sieninge deur op die volgende vraag te antwoord: *Was die navorser eerlik in die aanbieding van die verskeie sienings?* Ek het gepoog om outentiek op te tree deur die terapeut en portuur-supervisor se reflektiewe joernale en die supervisor se assesseringsnotas te selekteer. Verder het ek die kliënte se eie woorde getranskribeer en foto's geneem van die kliënte se liggaamsporette. Laastens het my supervisor haar opinie en aanbevelings rakende die analisering en interpretasies van die databronne verskaf (Patton, 2002; Seale, 1999). So kon ek aanvullende sienings oor die studie bekom.

### 3.6.3 OORDRAAGBAARHEID

Lincoln en Guba (1985) bespreek oordraagbaarheid as die konsep wat lesers van 'n studie in staat stel om 'n oordeel en mening te vorm van die studie, gebaseer op die ooreenkomste en verskille wanneer 'n navorsingsituasie vergelyk word met hul eie. In kwalitatiewe navorsing impliseer oordraagbaarheid dus dat die leser self die graad van ooreenkoms tussen die studieligging en die konteks bepaal. As navorser het ek die verantwoordelikheid geneem om gedetailleerde ryk, beskrywende inligting en besonderhede van die konteks wat bestudeer is aan lesers te bied sodat hulle self kon oordeel tot watter mate bevindings oordraagbaar is of nie (Seale, 1999). Ryk inligting, insluitende visuele data en besonderhede rakende die databronne, is verskaf (sien Afdeling 3.4.2 vir inligting oor die generering van databronne). Verder is omvattende inligting en besonderhede verskaf oor die kodes wat vir die analise van die databronne gebruik is (sien Bylae A-1) (Mertens, 2010).

### 3.6.4 BEVESTIGBAARHEID

Bevestigbaarheid in kwalitatiewe navorsing is die parallelle term vir objektiwiteit in kwalitatiewe studies (Guba & Lincoln, 1989). Mertens (2010) verduidelik dat bevestigbaarheid beteken dat die data asook die interpretasies nie opgeefsels van die navorser se verbeelding is nie. Verder kan bevestigbaarheid bevestig word deurdat data terugherlei word na die oorspronklike bronne asook die logika waarmee die data geïnterpreteer is (Mertens, 2010). In my poging om te verseker dat hierdie studie bevestigbaar is, het my supervisors my interpretasie van die databronne hersien en bevestig (Mertens, 2010; Patton, 2002). Om die bevestigbaarheid van die studie verder te verhoog, het ek die analisering en interpretasie van databronne gebaseer op literatuur. Die literatuur het die bespreking van kruis-kulturele sielkunde, loopbaanfasilitering en liggaamsporette (sien Hoofstuk 2) omvat om sodoende die bevindings van die data te staaf met bestaande navorsing (sien Hoofstuk 4). Laastens het ek tydens die verloop van die navorsingsproses gereflekteer in my reflektiewe navorsingsjoernaal (Bylaag D) (Seale, 1999).

### 3.7 MY ROL AS NAVORSER

Tydens generering van databronne het ek die rol van sielkundige-in-opleiding vervul (soos gereflekteer in my reflektiewe joernaal, Bylaag D). 'n Terapeutiese verhouding is tussen die kliënte en myself gevestig, wat uiteraard die risiko van bevooroordeeldheid impliseer. Die terapeutiese verhouding kon verder daartoe gelei het dat ek dalk net raakgesien het wat ek wou en aspekte wat teenstrydig was, kon miskyk (Nieuwenhuis, 2007c).

Vir hierdie studie het ek egter ook primêr die rol van navorser opgeneem (soos blyk uit my reflektiewe navorsingsjoernaal, Bylaag D). As navorser van die studie moes ek onder andere databronne analiseer en kredietwaardigheid en vertrouenswaardigheid van databronne verseker (Maree & Van der Westhuizen, 2007; Nieuwenhuis, 2007c). In die hantering van die databronne tydens analise moes ek daarteen waak om selektiewe interpretasies van databronne te maak wat slegs aan my argumente sou voldoen (Nieuwenhuis, 2007c). Verder moes ek as kwalitatiewe navorser tydens die navorsingsproses deurgaans bewus wees van my subjektiwiteit (soos blyk uit my reflektiewe navorsingsjoernaal, Bylaag D), omdat dit die geldigheid van die studie kon beïnvloed (Nieuwenhuis, 2007c).

Aangesien ek die rol van navorsingsinstrument vervul het tydens inhoudsanalise (Nieuwenhuis, 2007c), was dit belangrik om te waak teen bevooroordeeldheid. Om die moontlikheid van bevooroordeeldheid aan te spreek, het ek tydens die studie bepaalde maatreëls getref. Eerstens het ek in 'n joernaal gereflekteer tydens die navorsingsproses (sien Bylaag D). Hierdie refleksies het besluite, fasette en analises van die databronne ingesluit, my hersiening van die kodes en kategorieë tydens data-analise,

asook observasies tydens data-analise. Die reflektiewe joernaal is gemonitor deur my supervisors wat my besluitnemings- en data-analise proses, asook my interpretasies kon evalueer (Nieuwenhuis, 2007c). Tweedens het my supervisor ook van die databronne apart gekodeer en daarna haar analise met my koderings van data vergelyk (Nieuwenhuis, 2007c). My supervisor het derhalwe haar interpretasies en navorsingsbevindings verskaf (Nieuwenhuis, 2007c). Hierbenewens is die verskillende databronne vergelyk om moontlike ooreenkomste te vind in die bevindings (De Vos *et al.*, 2005). Voor die aanvang van die studie het ek as navorser ook my eie aannames, sienings en teoretiese oriëntasie bepaal ten opsigte van kruis-kulturele loopbaanfasilitering (Maree & Van der Westhuizen, 2007).

Laastens het ek my nie blind gehou vir negatiewe aspekte van myself of van die kliënte van die studie nie. Literatuur (Fernandez *et al.*, 2002) beveel aan dat navorsers van vertaling of 'n tolk in die kliënte se moedertaal gebruik kan maak om 'n beter begrip by kliënte te vestig. In hierdie studie was taal 'n hindernis, maar ek het gedurig voor oë gehou dat dit dalk 'n negatiewe invloed op die sukses van die tegniek, liggaamsporette, as hulpmiddel tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering mag hê. Om te voorkom dat ek myself om die bos lei vir verdere negatiewe oomblikke in hierdie studie het ek tydens data-analise hindernisse van kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering ingesluit by die *a priori*-aannames wat ek gemaak het. Op hierdie wyse het ek ook tydens data-analise gesoek na moontlike negatiewe aspekte in die betrokke studie.

### 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek die navorsingsmetodologie van die studie verduidelik. In die volgende hoofstuk word die resultate van die studie bespreek. Die navorsingsmetodologie was vir my die gereedskap in 'n proses waartydens ek tot navorsingsresultate kon kom.



## HOOFSTUK 4

### Navorsingsresultate

#### *Refleksie - Intervensiebesoek: Dag 1*

(26 Augustus 2009)

(Uittreksel uit my refleksiejoernaal)

Vandag was WONDERLIK! Ek was mal daaroor. Die gebruik van die liggaamsportrette het so goed gewerk deur konkreet en prakties te werk met die seuns. Ek was bietjie skrikkerig aan die begin want ek was nie so seker hoe gaan die seuns my ontvang nie. Hul was bietjie stillerig aan die begin, maar toe ons met die sokkerbal begin speel, was ons weer 'n "team"! Ons het geskuif na die stoep voor die biblioteek. Dit is baie beter as daar by die raserige spazawinkel. Die kinders was aanvanklik baie skepties en skaam oor die "body maps", maar toe hul eers aan die gang was, was dit wonderlik om hulle entoesiasme te ervaar.

#### *Refleksie - Intervensiebesoek: Dag 2*

(27 Augustus 2009)

(Uittreksel uit my refleksiejoernaal)

Vanoggend terwyl ons MEd-studente en ons supervisor na die sekondêre skool ry, het ek gedink om my sessie vir die dag so 'n bietjie aan te pas. Ons supervisor vir die akademiese diensleer-praktikum het gesê ons moet waak daarteen om ons sessies te verander van ons oorspronklike beplanning want dit werk baie keer nie. Ek het gevoel dat ek my sessie bietjie meer prakties wil maak deur 'n visuele pad met klippe van die kliënte se "body maps", wat die hede voorstel, te bou na hul droom, die ideale beroep wat ook die uitkoms is van die beroepsdriehoek.

Deur fisies betrokke te wees by die proses glo ek gaan hulle dit beter verstaan. Ek en my supervisor het eers daaroor gepraat en dit was reg met haar. Dit was so 'n wonderlike oomblik toe ek sien die kliënte snap wat ek vir hul wil leer deur fisies betrokke te wees. [Sien bylaag A-2 Visuele data: Oudiovisuele opnames (MOV08804) vir 'n praktiese uitbeelding van hierdie bepaalde intervensiebesoek.]

## 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 3 het ek 'n samevatting gegee van die navorsingsproses van die studie. Ek het die metateoretiese en metodologiese paradigmas bespreek. Verder het ek inhoudsanalise as navorsingsontwerp bespreek, asook my seleksie van databronne. Soos bespreek in Hoofstuk 3 het ek gebruik gemaak van *a priori* deduktiewe tematiese data-analise om die rou data te analiseer en te interpreteer. In hierdie hoofstuk bespreek ek die navorsingsresultate aan die hand van die *a priori* temas, subtemas en kategorieë (soos in Hoofstuk 2 bespreek). Die temas, subtemas en kategorieë word gestaaf deur voorbeelde uit die verskeie databronne, naamlik reflektiewe joernale, assesserings- en intervensiebeplanning, visuele data (foto's), transkripsies van oudiovisuele opnames sowel as assesseringsnotas van my supervisor.

## 4.2 DIE PROSES VAN DIE LIGGAAMSPORTRET-TEGNIK

In dié afdeling bespreek ek die proses wat ek, in die rol van terapeut, gevolg het tydens die FLY-intervensiefase, waar liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering gebruik is. Soos in Afdeling 1.2.2 genoem, het die intervensie oor twee dae gestrek, wat vervolgens in twee afdelings verduidelik word. Die volledige beplanning verskyn in Bylaag A-2, Intervensiebeplanning.

### 4.2.1 INTERVENSIEBESOEK: DAG 1

Dag 1 van die intervensie se doelwitte was (i) die skepping van kliënte se liggaamsportrette; en (ii) die verkenning van hul selfkennis. Met die aanvang van albei die intervensiedae het die terapeut sokker saam met die kliënte gespeel. Die rasionaal vir die spel was om groepkohesie te versterk en 'n kalm, interaktiewe omgewing te skep. Sien Bylaag A-2, Oudiovisuele opname (MOV 8538) vir uitbeelding van die spel.

Die doel van die intervensiebesoek (loopbaanfasilitering) is met die kliënte bespreek, naamlik loopbaanfasilitering. Die beroepsdriehoek (visuele doelwit vir die intervensie) is hierna verduidelik en teen 'n muur geplak waar dit sigbaar was vir al die kliënte (sien foto 4.17 en 4.23 vir 'n visuele voorstelling hiervan). Die terapeut het verduidelik dat kliënte beide self- (dag 1) en beroepskennis benodig om 'n ingeligte beroepskeuse (dag 2) te kon maak. Die konsep van die liggaamsportret-tegniek is aan die kliënte verduidelik as 'n manier om die intervensiedoelwitte te bereik.

Hierna is liggaamsportrette geskep. Die terapeut het aan die groep gedemonstreer hoe om die buitelyne van die liggaam van een van die kliënte af te trek op 'n stuk papier. Daarna het die kliënte saamgewerk om mekaar se buitelyne af te trek. Die terapeut het hulp verleen waar nodig (foto 4.1 en 4.7).

Kliënte het hierna die geleentheid gekry om elkeen hul liggaamsportrette te verf soos hul verkies (sien foto 4.16). Terwyl die kliënte hiermee besig was het die terapeut die kliënte se lengte en gewig op individuele basis bepaal. Kliënte het hierdie inligting op hul liggaamsportrette geskryf vir verdere ontdekking van fisieke eienskappe (sien foto 4.26 vir 'n voorbeeld).

Kliënte se selfkennis is verder verken. Almal het by tafels gewerk. Die terapeut het verwys na die selfkennis-flitskaart (*self-knowledge*) van die beroepsdriehoek om kliënte se aandag te vestig op die aspek waarmee hulle besig was (sien foto 4.20). Die terapeut het die vermoënsflitskaart bespreek as komponent van selfkennis. Kliënte het elk 'n groen vermoënswerkskaart ontvang en is versoek om op die werkskaarte aan te dui watter van hul vermoëns hulle kon identifiseer in die verskeie kontekste van hulle lewens (byvoorbeeld die skool, deeltydse werke, tuis of sosiaal). Daarna het kliënte hul vermoënswerkskaarte op hul liggaamsportrette geplak (sien foto 4.2 en 4.4). Die voorgenoemde proses is herhaal met die ander twee selfkenniskomponente: persoonlikheid en belangstellings (sien Bylaag C-2, Intervensieaktiwiteite vir voorbeelde van die werkskaarte).

Terwyl die kliënte die onderskeie werkskaarte voltooi het, het die terapeut leiding gegee ten opsigte van die identifisering van hul vermoëns, belangstellings en persoonlikhede. Die terapeut het ook van die geleentheid gebruik gemaak om aan die kliënte terugvoering te gee vanaf die kwadrantkaarte wat die resultate van die assesseringsbesoek verteenwoordig het (sien foto 4.12 en 4.13). Op dié wyse kon die resultate van die kwadrantkaarte die kliënte se selfkennis verder verryk.

#### 4.2.2 INTERVENSIEBESOEK: DAG 2

Soos gestel, was die doelwitte vir Dag 2 (i) die verkenning van beroepskennis (insluitend beroepsverwante inligting), en (ii) begeleiding vir 'n ingeligte beroepskeuse (insluitend doelwitstelling, besluitnemingsvaardighede en werksoekvaardighede). Die beroepsdriehoek is hersien om die doel van die loopbaanfasilitering te bevestig, en om kliënte bewus te maak van waar hulle hulself in die fase bevind het. Selfkennis met die onderskeie komponente is hersien deur terug te verwys na elke kliënt se liggaamsportret. Die beroepskennis-flitskaarte is aangebring (sien foto 4.19) waarna elke kliënt 'n beroepskenniswerkskaart ontvang het. Die flitskaarte het ooreengestem met die volgorde van die beroepskennis-werkskaart. Die kliënte het deur middel van die werkskaart beroepskennis verwerf en alternatiewe beroepskeuses oorweeg. Die voorafgenoemde inligting sou vervolgens toegepas word op die liggaamsportret om die kliënt se loopbaantoekoms te visualiseer.

Die terapeut en kliënte het weer om die tafels gesit. Die eerste vraag wat die kliënte beantwoord het op die beroepskenniswerkskaart was *Which career will fit me?* Die kliënte kon die vraag beantwoord deur

die uitvoering van die beroepsleiding-kaartsortering aktiwiteit (sien foto 4.11). Kliënte het elk 'n pakkie beroepskaarte ontvang en is versoek om die beroepskaartjies te sorteer onder een van die volgende afdelings: *A career I would like to follow, Maybe I want to follow this career or I don't like this career at all*. Vanuit die pakkie beroepe (wat hulle graag sou wou beoefen) is die kliënte versoek om hul top drie voorkeurberoepe te kies (byvoorbeeld bestuurder van 'n bus of trok, entrepreneur en ingenieur; of elektrisiën, polisieman en verkeersbeampte), en op hul beroepskenniswerkskaarte te skryf en die voorkeurberoepekaartjies apart te hou.

Kliënte is hierna versoek om elkeen tien klippe op te tel op die skoolterrein. Hulle moes elkeen 'n gemaklike spasie kry waar hulle, hul liggaamsportrette kon neersit. Hulle is versoek om aan die onderkant van hul liggaamsportrette te staan en tien tree te gee. Met elke tree het hulle 'n klippie op die grond geplaas (sien foto 4.6). Na die finale klippie moes hulle hul drie voorkeurberoepe op die vloer plak (sien foto 4.21 en 4.22). Die terapeut het aan die kliënte verduidelik dat die liggaamsportret aandui waar kliënte hulself tans in hul lewens bevind (die hede) en dat beroepskeusekaartjies van hul voorkeurberoepe die toekoms simboliseer.

Terug by die tafels het kliënte elk 'n afskrif (sien foto 4.15) van hul eerste keuse beroep ontvang vanuit die boek *The A-Z of careers* (Nelson, 2005). Die afskrif het aan kliënte inligting verskaf rakende definisies van hul eerste voorkeurberoep, eienskappe van die bepaalde beroep en studie-opsies. Die kliënt kon die betrokke afskrif gebruik om die beroepskenniswerkskaart te voltooi (sien foto 4.24 en 4.29) (vrae rakende vakkeuse en identifisering van tersiêre opleidingsinstansies). Finansiële ondersteuning is uitgewys op die beroepskenniswerkskaart. Werksoekvaardighede is hierna met die kliënte bespreek deur te verwys na die opstel van 'n Curriculum Vitae. 'n Onvoltooide voorbeeld van 'n CV is aan elke kliënt gegee. Die terapeut het elke afdeling van die CV met die kliënte bespreek en die kliënte het hul persoonlike inligting op die vorm ingevul. Verskillende bronne (koerante en die internet) is aangedui as hulpbronne om te soek vir werk. Kliënte het elk 'n koerant ontvang waar hul self in die advertensie-afdeling posisies in lyn met voorkeurberoepe kon verken. Laastens is onderhoudvaardighede met kliënte bespreek.

Met beroepskennis as agtergrond is die kliënte versoek om na hulle onderskeie liggaamsportrette te gaan met hul beroepskenniswerkskaarte. Kliënte het hierna aan die onderpunt van hul liggaamsportrette gestaan met hul drie voorkeurberoepe tien tree verder van die onderpunt van hul liggaamsportrette (sien foto 4.30). Die terapeut het verduidelik dat die kliënte tans 'in hulle liggame staan' in Graad 9. Die terapeut het hulle versoek om elkeen 'n tree na hul eerste klippe te gee. Sy het verduidelik dat die klip die neem van vakkeuses in Graad 9 simboliseer. Die terapeut het aan die kliënte

verduidelik dat vakkeuses vir Graad 10 die eerste stap op hul pad is na 'n voorkeurberoep. Daarna het die terapeut en kliënte fisies 'in hul toekoms ingeloopt' deur 'n tree te gee na die tweede klip. Die tweede klip het Graad 10 verteenwoordig, die derde klip Graad 11 en die vierde klip Graad 12. Tydens die tree van Graad 10 na Graad 12 is verduidelik dat hulle moes werk aan hulle skoolprestasie om aan die keuringsvereistes van hul voorkeurstudierigtings by opleidingsinstansies te kon voldoen. Met die tree na die vyfde klip het die kliënte na Graad 12 beweeg en is verskillende opleidingsinstansies bespreek. Met die tree na die sesde klip is verskillende finansieringsopsies bespreek. Die sewende klip het 'n bespreking van werksoekvaardighede verteenwoordig, die tweede laaste klip is benut vir 'n bespreking oor hoe om 'n CV op te stel, die negende klip oor hoe om 'n onderhoud te voer en die laaste klip was die toetreding na voorkeurberoepe. Die terapeut het met die voorafgenoemde verduideliking gereeld terugverwys na die kliënte se beroepskenniswerkskaarte. Laasgenoemde proses waar beroepskennis geïntegreer is om met liggaamsportrette kuis-kulturele loopbaanfasilitering uit te voer, is vervat in Bylaag 2, Oudiovisuele opname (MOV 8752, 8804).

#### 4.3 FREKWENSIE VAN KATEGORIEË

In Tabel 4.1 verskaf ek 'n opsomming van die frekwensie van die *a priori* kategorieë in elke databron (hoogste na laagste frekwensie). Kuis-kulturele bekwaamheid (kategorie a) het die meeste voorgekom, loopbaanfasiliteringsmomente van die kliënt (kategorie f) tweede meeste, met loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut (kategorie e) daarna. Die frekwensie van die ander kategorieë blyk uit die tabel.

*A priori* kategorieë wat tydens hierdie studie *nie in die data teenwoordig was nie* kom uit kategorie c: Hindernisse van kuis-kulturele bekwaamheid (etnosentrisme, xenofobie, moeisaam om ander se wêreldsiening te aanvaar, aanvaar verskille tussen kulture as bloot andersheid, universaliteitsaannames, sosio-ekonomiese veranderlikes, taal- en kommunikasie hindernisse tydens intervensie vanweë verskillende primêre tale); kategorie d: Geleenthede van kuis-kulturele bekwaamheid tydens 'n kuis-kulturele liggaamsportret-sessie (verhoogde kuis-kulturele navorsing en kennisbasis), en kategorie h: Hindernisse van loopbaanfasilitering (negatiewe sosiale invloede, negatiewe omgewings-gemeenskapsinvloede en hoë koste verbonde aan loopbaanfasilitering).

Tabel 4.1: Frekwensie van *a priori* kategorieë in die databronne

	Reflektiewe joernaal: Terapeut	Reflektiewe joernaal: Portuur-Supervisor	Assesseringsbeplanning	Intervensiebeplanning	Visuele data: Foto's	Transkripsies van video-opnames	Assesseringsnotas van supervisor	Totaal/Frekwensie
<b>Kategorie a: Kruis-kulturele bekwaamheid</b>	28	2	7	6	3	1	8	55
Kultureel sensitiewe samewerkende alliansies	6	1	3	4	1	1	6	22
Terapeut se selfbewysyn	11	0	0	0	0	0	1	12
Begrip & kennis oor die klient se wêreldbeskouing	6	0	4	1	1	0	0	12
Toepaslike intervensiestrategieë	5	1	0	1	1	0	1	9
<b>Kategorie f: Loopbaanfasiliteringsmomente van die klient</b>	4	0	5	13	8	6	11	47
Ondersoekfase te bemeester	1	0	1	6	2	4	3	17
Groei-fase te bemeester	1	0	3	2	2	0	5	13
Selfwerkzaamheid te ontwikkel	0	0	0	1	2	1	2	6
Loopbaandoelwitte te stel en poog om dit te bereik	1	0	1	2	1	0	1	6
Loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer	1	0	0	1	1	0	0	3
Uitkomsverwagtings te openbaar	0	0	0	1	0	1	0	2
<b>Kategorie e: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut</b>	13	3	5	5	9	2	4	41
Beskik oor individuele en groepsberadingsvaardighede	6	0	2	3	1	1	2	15
Beplanning en afneem van individuele en groepsassessering vir loopbaanfasilitering	3	2	3	0	4	0	1	13
Beplanning en uitvoering van individuele en groepsintervensie vir loopbaanfasilitering	2	1	0	0	1	1	1	6
Beskik oor inligting en hulpbronne van loopbane	0	0	0	2	1	0	0	3
Met diverse populasie te werk	1	0	0	0	1	0	0	2
Beskik oor en toepassing van loopbaanontwikkelingsteorieë	1	0	0	0	1	0	0	2
<b>Kategorie b: Kommunikasie tydens kruis-kulturele sielkunde</b>	4	0	0	0	2	19	0	25
Nie-verbale kommunikasiestyl	0	0	0	0	2	15	0	17
Verbale kommunikasiestyl	4	0	0	0	0	4	0	8
<b>Kategorie g: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek</b>	2	0	4	0	6	2	3	17
Bewussyn oor die klient se konteksinvloede	1	0	4	0	1	0	1	7

	Reflektiewe joernaal: Terapeut	Reflektiewe joernaal: Portuur-Supervisor	Assesseringsbeplanning	Intervensiebeplanning	Visuele data: Foto's	Transkripsies van video-opnames	Assesseringsnotas van supervisor	Totaal/Frekwensie
Holistiese benadering van die kliënt	1	0	0	0	3	0	2	6
Voorkomende, pro-aktiewe optrede	0	0	0	0	1	1	0	2
Lewenslange loopbaanfasilitering	0	0	0	0	1	1	0	2
<b>Kategorie d: Geleentheid van kruis-kulturele bekwaamheid</b>	1	0	0	0	1	0	0	2
Terapie in 'n kruis-kulturele omgewing	1	0	0	0	1	0	0	2
<b>Totale databronne</b>	<b>58</b>	<b>6</b>	<b>21</b>	<b>24</b>	<b>29</b>	<b>32</b>	<b>29</b>	<b>187</b>

Die terapeut se reflektiewe joernaal was die rykste databron wat die meeste inligting aan die studie verleen het. Die tweede rykste databron was die transkripsies van video-opnames en daarna die assesseringsnotas van die supervisor. Die reflektiewe joernaal van die portuur-supervisor het die minste bewyse van die kategorieë in die data gelever.

#### 4.4 TEMATIESE SINTESE VAN KATEGORIEË

Ek het die *a priori* kategorieë in temas en subtemas gesintetiseer ten einde my data-analise in terme van die navorsingsfokus te organiseer. Tabel 4.2 is 'n uiteensetting van die temas sowel as subtemas en kategorieë.

Tabel 4.2: Temas, subtemas en kategorieë van die studie

Tema 1: Die teenwoordigheid van kruis-kulturele sielkunde in die liggaamsportret-sessie	
Subtemas	Kategorieë
Subtema 1.1: Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kategorie 1.1.1: 'n Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen die terapeut en kliënte in 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> <li>Kategorie 1.1.2: Selfbewussyn van die terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> <li>Kategorie 1.1.3: Die terapeut se begrip en kennis oor die kliënt se wêreldbeskouing tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> <li>Kategorie 1.1.4: Toepaslike intervensiestrategieë tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> </ul>

<p>Subtema 1.2: Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategorie 1.2.1: Nie-verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> <li>• Kategorie 1.2.2: Verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</li> </ul>
<p>Subtema 1.3: Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategorie 1.3.1: Terapie vir loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing by 'n plattelandse sekondêre skool</li> </ul>
<p><b>Tema 2:</b> <b>Die teenwoordigheid van lewensontwerp tydens kruis-kulturele sielkundige praktyk in 'n plattelandse sekondêre skool</b></p>	
<p>Subtema 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut weerspieël tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategorie 2.1.1: Individuele en groepsberadingsvaardighede tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.1.2: Beplanning en afneem van individuele en groepsassessering vir kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.1.3: Beplanning en uitvoering van individuele en groepsintervensie tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.1.4: Die plek van inligting en hulpbronne van loopbane tydens kruis-kulturele lewensontwerp tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.1.5: Die vermoë om met 'n diverse populasie te werk tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.1.6: Die gebruik van kennis rakende loopbaanontwikkelingsteorieë tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> </ul>
<p>Subtema 2.2: Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategorie 2.2.1: Geleentheid om die ondersoekfase (beroepsverkenning) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.2.2: Geleentheid om die groeifase (selfkennis) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.2.3: Geleentheid om selfwerkzaamheid te ontwikkel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.2.4: Geleentheid om loopbaandoelwitte te stel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.2.5: Geleentheid om loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> <li>• Kategorie 2.2.6: Geleentheid om uitkomsverwagtings te openbaar tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</li> </ul>
<p>Subtema 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategorie 2.3.1: Insig rakende kliënte se konteksinvloede tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n sekondêre skool</li> </ul>

sekondêre skool	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kategorie 2.3.2: Holistiese benadering van die kliënt tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n sekondêre skool</li> <li>Kategorie 2.3.3: Voorkomende, pro-aktiewe optrede tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n sekondêre skool</li> <li>Kategorie 2.3.4: Lewenslange loopbaanfasilitering tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n sekondêre skool</li> </ul>
-----------------	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Vervolgens bespreek ek die resultate. Elke subtema word bespreek in terme van relevante kategorieë volgens hoogste na laagste frekwensie.

#### 4.4.1 TEMA 1: DIE TEENWOORDIGHEID VAN KRUIS-KULTURELE SELKUNDE IN DIE LIGGAAMSPORTRET- SESSIE (f=92)

Die tema bestaan uit drie subtemas, naamlik 1.1: Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut, 1.2: Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie en 1.3: Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid.

##### 4.4.1.1 Subtema 1.1: Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=55)

Hierdie subtema het die hoogste frekwensie gehad in die databronne. Die moontlikheid bestaan dat hoë sigbaarheid van die subtema verband hou met die feit dat veral die terapeut se reflektiewe joernaal as ryk databron gedien het, waar refleksies juis introspeksie in lyn met die subtema vereis het. Soos ek in Hoofstuk 2 aangedui het (Afdeling 2.3), het ek vir die doel van die analise kruis-kulturele bekwaamheid omskryf as die vermoë van die terapeut om in 'n kruis-kulturele terapeutiese omgewing sy-/haarsel (gedrag, gedagtes, woorde, bewussyn, kulturele kennis en vaardighede) te beywer om die kliënt te respekteer ten opsigte van verskille in agtergrond en kultuur. Die kultureelbewuste gedrag van die terapeut mag moontlik lei tot optimale terapeutiese resultate sonder dat moontlike verskille as hindernisse in die terapeutiese proses ervaar word (Lynch in Louw, 2004; Sue *et al.*, 2009; Sue & Sue, 2003).

Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, is vervat in Tabel 2.3. Die kategorieë (in rangorde van frekwensie) wat kruis-kulturele bekwaamheid aangedui het, is: 1.1.1 'n Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen die terapeut en die kliënt; 1.1.2 Selfbewussyn van die terapeut; 1.1.3 Die terapeut se begrip en kennis van die kliënt se wêreldbeskouing; en 1.1.4 Toepaslike intervensiestrategieë.

(a) **Kategorie 1.1.1: 'n Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen die terapeut en kliënte in kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=22)**

Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie verwys na die samewerkende verhouding tussen die terapeut en kliënt om verandering te fasiliteer (Collins & Arthur, 2010a). Foto 4.1 illustreer die eerste stap om 'n liggaamsportret te skep. Die proses is breedvoerig in Afdeling 4.2 bespreek waar die terapeut en kliënte saam gewerk het om die kliënte se liggaamsportrette na te trek. Die foto illustreer die entoesiasme waarmee die kliënte saamgewerk het om die spesifieke taak uit te voer.



**Foto 4.1:**  
Samewerking en vertroue in die groep tydens die maak van liggaamsportrette (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 2, bl. 2)

Die skepping van 'n kultureel sensitiewe samewerkende alliansie was tydens die assesserings- en intervensiebesoek een van die terapeut se doelwitte. Hierdie doel word ondersteun deur die volgende: *"Vertrouensverhouding te bou"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 11 Mei 2009, bl. 2); *"Geleentheid te skep vir vertroue"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 11 Mei 2009, bl. 3); *"Doelwitte: Groepkohesie versterk + indiv ook"* (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 6) en *"To re-establish a trusting space and relationship with the learners individually but also as a group"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1).

Verskeie aktiwiteite (samestelling van groeppreëls en doelstelling) is ingeskakel vir die ontwikkeling van 'n kultureel sensitiewe saamwerkende alliansie. Voorbeelde vanuit die rou data van doelwitstelling tussen die terapeut en kliënte is sigbaar in die volgende aanhalings: *"Aktiwiteit: Groeppreëls Strukture"* (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1); *"Goal setting: To give direction and guidance for the visit"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 3); *"Rules will give structure to the learners' behaviour and the assessment process"* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 4) en *"They are reminded of the final goal"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 5).

Betrokkenheid van die terapeut en kliënte by take wat kultureel sensitiewe samewerkende alliansie geopenbaar het, blyk uit: *"Hulle was bietjie stillerig aan die begin maar toe ons met die sokkerbal begin speel, was ons weer 'n team!!"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 26 Augustus 2009, bl. 12) en *"Okay, next rock (gee 'n tree), come walk with me"* (Transkripsies van oudiovisuele opname 3, 27 Augustus 2009, bl. 5, reël 20).

Observasies van die supervisor en portuur-supervisor van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie oomblikke word geïllustreer met: *"Observasie: Rustig- kring op grond"* (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1); *"Observasie: jy's deel vd groep"* (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7) en *"Sy het baie goed verhouding gestig met haar groep en het self aan die einde gesê sy voel deel van haar groep"* (Reflektiewe joernaal: Portuur-supervisor, Augustus 2009, bl. 3).

**(b) Kategorie 1.1.2: Selfbewussyn van die terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=12)**

Selfbewussyn van die terapeut verwys in die studie na die terapeut se ontdekking van haar eie erfenis, sensitiwiteit oor haar eie kultuur en bewussyn oor en invloed van haar eie persoonlike aannames, waardes en voorafopgestelde idees tydens die kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (Collins & Arthur, 2010b; Louw, 2004; Richardson & Jacob, 2002). Hierdie kategorie behoort gelees te word teen die agtergrond van die opleidingsaard van die ruimte waarin die data gegenereer is. Refleksiwiteit in akademiese diensopleiding vereis uiteraard nadenke oor professionele ontwikkeling, wat die hoë frekwensie van die kategorie moontlik verklaar.

Daar was aanduidings in die data van die terapeut se bereidheid om te groei en haar selfbewussyn rakende haar persoonlike kulturele identiteit te verhoog. Voorbeelde van hierdie doelwitte in die databronne sluit in: *"Doelwit: Groei as sielkundige"* (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 6); *"Om as sielkundige te leer, groei en te ontwikkel"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 11 Mei 2009, bl. 3) en *"Ek het nie net geleer hoe om terapie uit te voer nie maar hoe om die sielkundige in die terapie te wees"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 14).


Persoonlike aannames aanduidend van verhoogde selfbewussyn van die terapeut is teenwoordig in die volgende aanhalings: *"Ek het net besef watter groot effek het die terapeut op 'n sessie..."* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 7) en *"Die terapeut se rol is so belangrik in terapie omdat dit groei kan laat plaasvind in jou kliënt of nie, groepkohesie skep of nie"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13). Die terapeut het besef dat persoonlike denke en emosies 'n invloed het op professionaliteit as sielkundige en soos volg gereflekteer: *"Vind die balans as terapeut tussen jou denke*

*en emosies. Albei moet teenwoordig wees om 'n suksesvolle terapeut te wees"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 8). Bekommernisse as terapeut in die kruis-kulturele omgewing is aangespreek deur: *"Die feit dat ons bewus is van ons concerns, maak seker dat ons dit nie gaan doen nie"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 11 Mei 2009, bl. 3).

Selfbewussyn rakende professionele ontwikkeling was ook sigbaar deur areas van verbetering te identifiseer in terme van rolle en vermoëns: *"Ek moet tyd vat en my rolle in my lewe identifiseer en duidelike grense gee van wanneer neem ek watter rol aan"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 26 Augustus 2009, bl. 12) en *"Die deel wees van die 'meaning-making-process' is verseker vir my 'n rol wat ek moet aanspreek as terapeut"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13).

**(c) Kategorie 1.1.3: Die terapeut se begrip en kennis van die kliënt se wêreldbeskouing tydens kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=12)**

Hierdie kategorie verwys na die aktiewe poging van die terapeut om die kliënt se wêreldsiening te verstaan sonder enige negatiewe veroordelings (Collins & Arthur, 2010b; Richardson & Jacob, 2002). Met die liggaamsportret-tegniek is aandag geskenk aan die verryking van die kliënt se selfkennis, soos bespreek in Afdeling 4.2. Nadat die kliënte hul liggaamsportrette geskep het, was die volgende stap dat die kliënte selfkennis verkry deur middel van die liggaamsportret. Van die maniere om selfkennis te verkry, was deur die voltooiing van belangstellings- en vermoënsvrae (sien foto 4.2 en 4.3) soos bespreek is in Afdeling 4.2. Daarna het kliënte hulle antwoorde oor belangstellings en vermoëns op hulle liggaamsportrette geplak (sien foto 4.4). Die terapeut het tydens die belangstellings- en vermoënsaktiwiteite, soos geïllustreer in foto 4.5, die geleentheid geskep vir die verkenning van selfkennis as 'n essensie van loopbaanfasilitering.



**Foto 4.2:**  
n Kliënt voltooi die vermoënsvrae om selfkennis te verken (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 16, bl. 18)



**Foto 4.3:**  
'n Kliënt voltooi die belangstellingsvrae om selfkennis te verken (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 26, bl. 28)



**Foto 4.4:**  
Kliënt 3 plak sy vermoënswerkskaart op sy liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 27, bl. 29)



**Foto 4.5:**  
Aktiwiteit vir die identifisering van kliënt 2 se belangstellings (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 28, bl. 30)

In die assesseringsbeplanning en refleksies van die terapeut was die doelwitte: *“Get to know the learners of my group”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 1); *“Deur in hulle omgewing in te klim help om hul beter te verstaan”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 7) en *“Laat jou kliënt jou lei om sodoende betekenis uit sy omgewing te kry”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 8). Die terapeut het gepoog om dit te bereik deur inskakeling van verskeie assesseringsinstrumente: *“This post box gives the learners a chance to share information on a personal or general level with me. Further it creates a situation where I can gain more information from the learners and get to know them better”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 4) en *“These pictures will be projections of the learner’s dreams and fears”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 6).

**(d) Kategorie 1.1.4: Toepaslike intervensiestrategieë tydens ‘n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=9)**

Hierdie kategorie behels die ontwikkeling en beoefening van toepaslike, relevante en sensitiewe intervensiestrategieë tydens ‘n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (Richardson & Jacob, 2002). Foto 4.6 demonstreer die aktiewe optrede van kliënte tydens die liggaamsportret-tegniek.



**Foto 4.6:**  
Intervensie in ‘n kruis-kulturele omgewing op ‘n aktiewe en direkte wyse (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 9, bl. 9)

Tydens die liggaamsportret-tegniek (foto 4.6) het die terapeut saam met die kliënte na 'hulle toekoms geloop'. Die tegniek het dit moontlik gemaak dat kliënte aktief betrokke was by die denkbeeldige vorming (e-konstruksie) van hul loopbaantoe-koms (soos bespreek in Afdeling 4.2). Die intervensiestrategie was verder toepaslik omrede die aktiewe deelname taalhindernisse kon oorbrug deur die fisiese demonstrasie van die loopbaanproses. Oudiovisuele opnames (Bylaag A-2, Visuele data: Oudiovisuele opnames MOV 08752, 08763 en 08804) illustreer hierdie kategorie.

Die terapeutiese beplanning vir 'n toepaslike intervensiestrategie blyk uit die volgende: *"Om die intervensie so te beplan dat dit die taalhindernisse oorbrug"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 25 Augustus 2009, bl. 11); *"Anél was baie kreatief gewees met haar beplannings van beide sessies"* (Reflektiewe joernaal: Portuur-supervisor, Augustus 2009, bl. 3); *"Vandaar het ek die beste instrumente vir die situasie gekies"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 12 April 2009, bl. 1) en *"...gehelp dat ek prakties en kultuur vriendelik na van die instrumente kyk"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 12 April 2009, bl. 1). Strategieë vir toepaslike intervensie word verder soos volg in die databronne gereflekteer: *"Ek moet op 'n konkrete en direkte manier met die kliënte werk"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 12 Mei 2009, bl. 6) en *"Intervene with the learners according to their needs"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1).

#### 4.4.1.2 Subtema 1.2: Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=25)

Kommunikasie tydens kruis-kulturele sielkunde behels verbale en nie-verbale kommunikasie. Verbale kommunikasie verwys na die inhoud waarvoor gekommunikeer word deur gebruik te maak van vertaling, woordkeuse en -betekenis sowel as parataal (byvoorbeeld die hardheid van 'n terapeut se stem, gebruik van stiltes, ruspose, aarselings en verbuigings) (Sue & Sue, 2003). Nie-verbale kommunikasie verwys na die wyse waarop inhoud gekommunikeer word met spesifieke verwysing na proksemika en kiniese (Sue & Sue, 2003). Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, word vervat in Tabel 2.3. Kommunikasie tydens kruis-kulturele sielkunde omsluit die volgende kategorieë: 1.2.1 Nie-verbale kommunikasie, en 1.2.2 Verbale kommunikasie.

##### (a) Kategorie 1.2.1: Nie-verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=17)

Nie-verbale kommunikasie verwys na die wyse waarop aspekte gekommunikeer word (Sue & Sue, 2003). Nie-verbale kommunikasie word omvat deur proksemika (die gebruik van persoonlike en interpersoonlike spasie tydens interpersoonlike verhoudinge) en kiniese (liggaamlike bewegings soos gesigsuitdrukking, postuur, gebare en oogkontak) (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003).

Tydens die intervensie was daar aanduidings van proksemika, wat moontlik oorsprong gevind het in groepkohesie aktiwiteite (sien Bylaag C-2, Intervensiebeplanning). Die terapeut en die kliënte het saam sokker gespeel en gemaklik interpersoonlike spasies gedeel [(MOV08538) (sien Bylaag A-3, Visuele data: Oudiovisuele opname)]. Liggaamsportrette is dus tydens hierdie studie nie in isolasie gebruik nie, maar is ondersteun deur ander postmoderne tegnieke. Ander bewyse waar interpersoonlike spasie op 'n nie-verbale vlak gedeel was, is sigbaar in foto 4.7, waar kliënte besig is om elkeen hul liggaamsportrette te verf en die terapeut hulp verleen het waar nodig. Die doel was om verhoudinge te versterk en positiewe eienskappe van kliënte te bespreek. Op die wyse het die liggaamsportret-tegniek tydens hierdie fase van die intervensie 'n geleentheid geskep vir die fasilitering van interpersoonlike ruimte tussen die terapeut en kliënte.



**Foto 4.7:**  
 Gemaklike interpersoonlike ruimte tussen terapeut en kliënt tydens die maak van die kliënt se liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 19, bl. 21)

Tydens die beroepsleiding-kaartsortering van drie voorkeurberoepe (soos bespreek in Afdeling 4.2) het die volgende vignette gebeur:

**Vignette 4.1: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 4-6)<sup>5</sup>**

GESPREK	OPTREDE
	T loop tussen kliënte deur Kliënte is elkeen besig om hul top drie beroepe te plak T loop na K7 en <u>buk by hom</u> en sy liggaamsportret

In Vignette 4.1 blyk dit dat die terapeut en kliënt gemaklik was om hul interpersoonlike spasies met mekaar te deel. Die liggaamsportret-tegniek het dus interpersoonlike ruimte tussen die terapeut en

<sup>5</sup> Vir oudiovisuele uitbeeldings van die vignette sien Bylaag A-2, Visuele data: Oudiovisuele opnames MOV 08752, 08763 en 08804)

kliënt bewerkstellig omrede die tegniek hom daartoe verleen het dat die terapeut by die kliënt moes buk om sy voorkeurberoepe te bespreek.

Foto 4.8 is geneem nadat Kliënt 4 die werkskaart (met sy vermoëns) op sy liggaamsportret geplak het. Die foto illustreer nie-verbale kommunikasie van die kliënt waar sy gesigsuitdrukking (kinese) moontlike tevredenheid en trots demonstreer. Die liggaamsportret-tegniek het dus geleentheid gebied vir nie-verbale kommunikasie vanaf kliënte tydens loopbaanfasiliteringsmomente.



**Foto 4.8:**

Tevrede gesigsuitdrukking van kliënt 4 by sy betrokke liggaamsportret (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 18, bl. 20)

Deur inskakeling van die liggaamsportret om die loopbaanproses te verduidelik kon nie-verbale kommunikasie (oogkontak en liggaamshouding) plaasvind. Ter verdere illustrasie verskaf Vignette 4.2 eerstens 'n voorbeeld van nie-verbale kommunikasie (kinese) tussen die terapeut en die kliënt (deur oogkontak te behou tydens die verduideliking van die loopbaanproses), en tweedens word nie-verbale kommunikasie vanaf kliënte 4 en 8 gekommunikeer deur hulle liggaamshouding (hulle los waarmee hul besig is en luister na die loopbaanproses wat die terapeut aan kliënt 7 verduidelik).

**Vignette 4.2: Transkripsies van audiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 12-18)**

	GESPREK	OPTREDE
T	Okay, now come, walk with me	T en K7 staan aan bo-punt van liggaamsportret
T	Okay, 2010, you are in Gr.10	T gee 'n tree weg van die liggaamsportret, K7 en T behou <u>oogkontak</u> met mekaar terwyl T die loopbaanproses aan K7 verduidelik
T	2011, Gr. 11	T gee tweede tree
T	2012, Gr. 12	T gee derde tree
T	2013, you are finished with school.	T gee vierde tree, K4 en K8 <u>staan in agtergrond en volg aandagtig die loopbaanproses</u> soos T dit vir K7 verduidelik

In Vignette 4.3 is die liggaamsportret gebruik om die loopbaanproses te verduidelik. In hierdie voorbeeld is dit ook duidelik hoe die liggaamsportret-tegniek toepaslik was vir nie-verbale kommunikasie (die gebruik van handgebare) tydens loopbaanfasilitering.

**Vignette 4.3: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 4-5, reël 3-9)**

	GESPREK	OPTREDE
T	K6 and K5, where is the first rock? Where are you today?	Staan saam met K7 aan die bopunt van sy liggaamsportret, maar bespreek die hele loopbaanproses aan al die kliënte.
T	You are in Grade...	T <u>wys 9 vingers</u> aan kliënte om Graad 9 te demonstreer
K1-8	9	
T	What did we do first? We made our dream. We decided what we want to become one day. Okay look there, that was the first thing.	<u>T wys na</u> beroepskeuse kaartjies by die eindpunt van die beroepslewensroete, terwyl van die kliënte elkeen na hul eie loopbaanproses kyk.

**(b) Kategorie 1.2.2: Verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=8)**

Verbale kommunikasie binne konteks van hierdie studie verwys na die inhoud waaroor gekommunikeer is tydens die intervensie (Sue & Sue, 2003). Verbale kommunikasiestyle sluit in vertaling, woordkeuse en – betekenis, en parataal (Fernandez *et al.*, 2002; Sue & Sue, 2003). Tydens die assesseringsbesoek het die terapeut geleer om van sekere verbale kommunikasiestyle gebruik te maak om taalhindernisse te oorbrug. Die leerervarings is sigbaar in die volgende aanhalings: *“Probeer so eenvoudig as moontlik kommunikeer”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 12 Mei 2009, bl. 6) en *“Ek het vir K1 sommer ook gebruik as tolk tydens my diere onderhoude”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 7). Die leerervarings ten opsigte van die verbale kommunikasiestyle het die terapeut voorberei vir die liggaamsportret-sessie. Daarom kan aangevoer word dat vorige ervaring in 'n kruis-kulturele konteks waarskynlik positief is vir toekomstige verbale kommunikasie in 'n ooreenstemmende konteks.

Die gebruik van parataal (stemhardheid, stiltes en verbuigings) is sigbaar in die data. Tydens die intervensie het die terapeut haar kommunikasiestyl aangepas deur gebruik te maak van verbuigings om kommunikasie te vergemaklik. Vol beskrywende sinne in Engels, wat nie die kliënte se primêre taal is nie, het gelei tot misverstande. Vignette 4.4 illustreer die gebruik van verbuigings waar korter frases aan kliënt 7 gekommunikeer is, asook kort, direkte sinne. Die konkrete, visuele aard van die liggaamsportret wat ingeskakel is om die loopbaanproses te verduidelik, het die verbale kommunikasie ondersteun.

#### Vignette 4.4: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 7-11)

	GESPRESK	OPTREDE
T	Look at this, this is you, now at school.	T verduidelik aan K7 die loopbaanproses deur verbuigings van sinskonstruksie en taal te gebruik om taalhindernisse te oorbrug
T	Okay?	T wys van liggaamsportret na K7
T	You want to be mechanic, right ...	K7 knik sy kop dat hy verstaan.
K7	Yes	T neem K7 se 'mechanic' beroepskeusekaartjie van die beroepsleiding-kaartsortering

In Vignette 4.5 het die terapeut aan die betrokke kliënt verduidelik dat die liggaamsportret aandui waar die kliënt homself op daardie stadium in sy lewe bevind (die hede) het en dat beroepskeusekaartjies die toekoms simboliseer. Die terapeut kon onder andere van 'n stille gebruik maak tydens die liggaamsportret-tegniek sodat die kliënt geleentheid kon kry om te reflekteer oor die loopbaanproses.

#### Vignette 4.5: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2, reël 23-25)

	GESPRESK	OPTREDE
T	Okay, so there you are at school and this is in 2013, Okay?	Wys eers na liggaamsportret en daarna na waar beroepskeuse geplaak is.
T	Understand...?	Stille vanaf T om te bepaal of K7 verstaan

#### 4.4.1.3 Subtema 1.3: Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie (f=2)

Heppner (2006) identifiseer verskeie geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid. Kruis-kulturele bekwaamheid (a) verhoog die gesofistikeerde aard van navorsing, (b) ontwikkel die bruikbaarheid en veralgemening van die kennisbasis in sielkunde, (c) bevorder 'n diepere verwesenliking dat terapie kan afspeel in 'n kruis-kulturele konteks, en (d) verhoog terapeutiese effektiwiteit oor wye populasies. Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, is vervat in Tabel 2.3. Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid word omsluit deur die volgende kategorie: 1.3.1 Terapie in 'n kruis-kulturele omgewing by 'n plattelandse sekondêre skool.

#### (a) Kategorie 1.3.1: Terapie vir loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing by 'n plattelandse sekondêre skool (f=2)

Dié kategorie verwys na momente waar terapie vir loopbaanfasilitering plaasvind met verskeie populasies in 'n kruis-kulturele sielkunde-omgewing vanweë die beoefening van kruis-kulturele

bekwaamheid deur die terapeut (Heppner, 2006). Oomblikke wat die terapeut as effektiewe terapie in 'n kruis-kulturele omgewing aangedui het, is sigbaar in die volgende aanhaling: "*Dit was so 'n wonderlike oomblik toe ek sien die kliënte snap wat ek vir hul wil leer deur fisies betrokke te wees*" (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13). Ter ondersteuning, demonstreer foto 4.9 'n terapeutiese moment tydens die loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing.



**Foto 4.9:**  
Terapeutiese moment in 'n kruis-kulturele omgewing (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 6, bl. 6)

Die doel van die aktiwiteit in die foto was om selfkennis by die kliënte te ontwikkel. Die kliënte moes vrae beantwoord rakende hul belangstellings (soos na verwys in 4.2). Verskeie kruis-kulturele bekwaamhede wat nodig is vir effektiewe terapie in 'n kruis-kulturele omgewing is sigbaar in foto 4.9. 'n Toepaslike intervensiestrategie is sigbaar deurdat een van die kliënte (→) as tolk opgetree het en die betrokke aktiwiteit in siSwati vir die ander kliënte vertaal het sodat hulle kon verstaan wat van hulle verwag is. Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie was sigbaar tussen die kliënte deurdat hulle, na afloop van die tolk se verduideliking, mekaar se belangstellings onderling bespreek het. Laastens het die terapeut begrip en kennis oor die kliënte se wêreldbeskouing verkry aangesien 'n geleentheid geskep is om elkeen se geïdentifiseerde belangstellings te bespreek toe die voltooide aktiwiteit op hulle liggaamsportrette geplaak is.

#### 4.4.2 TEMA 2: DIE TEENWOORDIGHEID VAN LEWENSONTWERP TYDENS KRUIS-KULTURELE SIELKUNDIGE PRAKTYK IN 'N PLATTELANDSE SEKONDÊRE SKOOL (f=105)

In dié afdeling bespreek ek die loopbaanfasiliteringsresultate wat teenwoordig was in die liggaamsportret-sessie. Die tema bestaan uit drie subtemas, naamlik 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut; 2.2: Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte en 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek.

#### 4.4.2.1 Subtema 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut weerspieël tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=41)

Hierdie subtema se frekwensie was die derde hoogste in die databronne. Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, is vervat in Tabel 2.3. Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut word omsluit deur die volgende kategorieë: 2.1.1 Individuele en groepsberadingsvaardighede; 2.1.2 Beplanning en afneem van individuele en groepsassessering; 2.1.3 Die beplanning en uitvoer van individuele en groepsintervensie; 2.1.4 Die plek van inligting en hulpbronne van loopbane; 2.1.5 Die vermoë om met 'n diverse populasie te werk en 2.1.6 Die gebruik van kennis rakende loopbaanontwikkelingsteorieë.

##### (a) Kategorie 2.1.1: Individuele en groepsberadingsvaardighede tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=15)

Individuele en groepsberadingsvaardighede sluit in: vestiging van produktiewe verhoudings en groepsklimaat, doelwitstelling saam met die kliënt, bewustheid van die kliënt se persoonlike eienskappe, sosiale invloede, besluitnemingsprosesse wat 'n invloed het op loopbaankeuses, bepaling van die kliënt se houding ten opsigte van werk en aanleer van werksoekvaardighede deur kliënte (NCDA, 1997). Vir die vestiging van 'n effektiewe terapeut-kliënt verhouding en groepsklimaat benodig 'n terapeut beradingsvaardighede. Van die beradingsvaardighede word omvat deur verhoudingstigting tussen die terapeut en kliënt, met die beoefening van die vaardighede sigbaar in data soos die volgende: "*To establish rapport with the learner group*" (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 1); "*Dis belangrik om goeie rapport te bou met die groep want dit voorkom in 'n mate weerstand vanaf die kliënte*" (Reflektiewe joernaal: Navorsers, 27 Augustus 2009, bl. 14) en "*To build on the relationship that was created in the previous visit*" (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1).

Groepsaktiwiteite ter vestiging en instandhouding van groepkohesie, as beradingsvaardigheid, is sigbaar in aanhalings soos: "*Observasie: Balspel werk goed – reconnect, atmosfeer daargestel*" (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7), "*This activity(greeting game) helps... to find a comfortable place in our group and to get to know each other*" (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 3) en "*This activity (soccer match)...will help to set a calm, interactive environment*" (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 3).

Die groep (terapeut en kliënte) het die skoolbiblioteek se stoep gebruik om die liggaamsporette van die kliënte te skep tydens die intervensiefase. Foto 4.10 illustreer die produktiewe en gemaklike groepsklimaat tussen die terapeut en die kliënte.



**Foto 4.10:**  
 Produktiewe verhoudings en positiewe groepsklimaat (Visuele data,  
 26 Augustus 2009, foto 1, bl. 1)

Groepkohesie is verder geskep deurdat die terapeut saam met die kliënte op die vloer gesit het en gehelp het om hul liggaamsportrette te skep. Tydens hierdie fase van die liggaamsportret-proses het die terapeut die geleentheid gekry om gemaklik met die kliënte verhoudings op te bou op 'n informele manier. Die volgende aanhaling uit die terapeut se reflektiewe joernaal getuig van die voorgenoemde: *“Ek wou voor die sessie vandag die papiere van die body maps aan mekaar geplak gehad het maar dit was prakties nie moontlik nie. Tog was dit ook goed so, want toe ons elke kliënt s'n plak het ek so lekker met hul gekuier en gesels”* (Reflektiewe joernaal: Navorser, 26 Augustus 2009, bl. 12).

'n Ander beradingsvaardigheid (besluitnemingsvaardighede) is ook ingesluit in die liggaamsportret-tegniek. Vignette 4.6 omvat vakkeuse-besluite wat kliënte in 'n Graad 9-skooljaar neem:

**Vignette 4.6: Transkripsies van audiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 10-13)**

	GESPRAK	OPTREDE
T	Okay that was the first step, then we go to the second rock.	T gee 'n tree na die volgende klip.
T	We make big decision Grade 9. What big decision do we make in Grade 9...? S...(Ruspose)	T trek skouers op en hou hande in die lug om die stelling van 'n vraag te demonstreer

Hierbenewens het die liggaamsportret-tegniek die geleentheid gebied aan kliënte om werksoekvaardighede te leer. Die volgende uittreksel (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 8) uit die intervensiebeplanning omvat die beoefening van die betrokke beradingsvaardigheid:

ACTIVITY	INSTRUCTIONS	RATIONALE
<i>Job hunting: Where to look?</i>	<i>... It is explained that you first need to compile a CV. The need for the CV will be explained. Each learner will receive a blank CV. We will go through the CV step by step and complete each section.</i>	<i>For the learners to know how to compile a CV, where to find a job and how to act in an</i>

ACTIVITY	INSTRUCTIONS	RATIONALE
	<p><i>Then the learners need to know of the different sources where they can find advertisements for different vacancies. The worksheet will be handed out as well as a newspaper to each learner. I will show the learners where you find the vacancy section in the newspaper. Interview skills will be discussed lastly.</i></p>	<p><i>interview.</i></p>

**(b) Kategorie 2.1.2: Beplanning en afneem van individuele en groepsassessering vir kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=13)**

Hierdie kategorie impliseer dat 'n kliënt deur die terapeut met wetenskaplike instrumente geassesseer word om persoonlike eienskappe van die kliënt te identifiseer. Dit wil voorkom of die terapeut die vermoë besit om data van assesserings te interpreteer en terugvoering aan die kliënt te gee (NCDA, 1997). Die sentraliteit van beplanning vir kruis-kulturele loopbaanassessering in hierdie studie blyk uit: *“Sy voel wel dat sy oulike idees het wat haar doelwitte vir die assessering aanspreek”* (Reflektiewe joernaal: Portuur-supervisor, Augustus 2009, bl. 1) en *“To assess for subject and career possibilities.”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 1).

Vanuit die data was dit duidelik dat liggaamsportrette gemaklik ingesluit kon word as een van verskeie assesseringsinstrumente in 'n kruis-kulturele opset. 'n Voorbeeld van komplimentêre assesseringsinstrumente (tot liggaamsportrette) is vervat in foto 4.11.




**Foto 4.11:**  
 Die gebruik van 'n kwalitatiewe, postmoderne assesseringstechniek (Beroepsleiding-kaartsortering) in groepsverband (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 7, bl. 7)

Foto 4.11 illustreer die gebruik van die beroepsleiding-kaartsortering as assesseringshulpmiddel (proses is bespreek in Afdeling 4.2). Die hulpmiddel het bygedra tot die kliënte se beroepskennis asook die bepaling van voorkeurberoepe. Die stap was sentraal tydens die liggaamsportret-sessie omrede voorkeurberoepe die eindpunt van die visuele loopbaanproses voorgestel het.


Ander informele assesseringsinstrumente is ook ingeskakel om inligting te verkry vir die gebruik van die liggaamsportret (*“Observasie: Koeverte met mense wat bepaalde rolle speel work excellent”* (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1) en *“With this activity (Walking through life) it will help me to identify assets and dreams of the learners”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 6).

Die terapeut het ’n verskeidenheid postmoderne ia van die assesseringsbesoek geïnterpreteer en die bevindings is opgeskryf in elke kliënt se kwadrantkaart. Soos in Afdeling 4.2 genoem, is die inligting van die kwadrantkaarte gebruik om die kliënte se selfkennis te verryk tydens die beantwoording van die vrae van die belangstellings- en vermoënswerkskaart. Die werkskaarte is hierna op die kliënte se liggaamsportrette geplak. Foto 4.12 en 4.13 gee ’n visuele voorstelling van twee van die kliënte se kwadrantkaarte.



Name: Gilbert	
	Environment
<b>Assets</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Enjoys school subjects: English, Life Orientation, Arts and Culture and Mathematics</li> <li>• Fluent in English, translates to follow lessons</li> <li>• General knowledge: Like to read the magazines</li> <li>• Organized a award for running in primary school</li> <li>• Helpful person: Helps room with the dishes, helps sister with her homework, washes his father's car, washes is own clothes and has to help back people.</li> <li>• Compliant: Completes his homework and assignments</li> <li>• Aspires to become a doctor one day</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mother is the caregiver. She assists his with studies, helps him with his homework.</li> <li>• Have good friends</li> <li>• Father one of his role models, want to be like his father one day</li> <li>• His uncle is his other role model because he is a doctor and helps people</li> <li>• His father owns a car</li> <li>• His parents is very important to him</li> <li>• School:               <ul style="list-style-type: none"> <li>- Food scheme</li> <li>- Subsidized and material</li> <li>- Electricity</li> <li>- Running water</li> <li>- Education</li> </ul> </li> </ul>
<b>Barriers</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Doesn't like to solve problems</li> <li>• A need to feel safe</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Negative peer relationship with brother, brother doesn't help him when he asks, experience a negative view from his brother</li> <li>• Broken in their area makes him feel unsafe</li> </ul>

**Foto 4.12:**  
 'n Visuele voorstelling van die kwadrantkaarte van 'n kliënt (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 23, bl. 25)



Name: Lucky Shongwe	
	Environment
<b>Assets</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Enjoys school subjects: English, Afrikaans, Life Orientation and Natural Sciences</li> <li>• Leadership skills</li> <li>• Extra-mural activity and hobby: Soccer, reading cartoons</li> <li>• Likes to read, makes him feel clever</li> <li>• A dream: to become an entrepreneur or salesman</li> <li>• Helpful: Helps brother with his homework</li> <li>• Parents play an important role in his life</li> <li>• Can read English</li> <li>• Likes to work with his family</li> <li>• Helps around the house, cooking food</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mother is the caregiver but also assist his self-esteem. His mother is also his role model</li> <li>• His uncle owns a car</li> <li>• Sister Katie is supportive and care about him</li> <li>• Sister Simplice: Wash his clothes, help to his problems</li> <li>• School:               <ul style="list-style-type: none"> <li>- Food scheme</li> <li>- Subsidized and material</li> <li>- Electricity</li> <li>- Running water</li> <li>- Education</li> </ul> </li> </ul>
<b>Barriers</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Food resources: Eaten by monkeys or sheep</li> <li>• His father passed away</li> <li>• Negative relationships with his brothers</li> </ul>

**Foto 4.13:**  
 'n Visuele voorstelling van die kwadrantkaarte van 'n kliënt (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 24, bl. 26)

**(c) Kategorie 2.1.3: Beplanning en uitvoering van individuele en groepsintervensie tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=6)**

Hierdie kategorie verwys na 'n terapeut se vaardighede rakende die ontwikkeling, beplanning, implementering en uitvoering van loopbaanfasilitering-intervensies in verskeie kontekste (NCDA, 1997). Lewensontwerp met liggaamsportrette het effektief geblyk om loopbaanfasilitering te fasiliteer: *“Ek het die vermoë gister en vandag gehad om my kliënte te lees en die terapie aan te pas om by hulle behoeftes en eienskappe te pas”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13). In dié verband het die terapeut tydens fasilitering van die liggaamsportret-aktiwiteit 'n aktiewe rol ingeneem: *“Observasie: Engaged in body mapping”* (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7). Foto 4.14 demonstreer waar die terapeut aktief betrokke is by 'n kliënt se loopbaanproses. In die foto verduidelik die terapeut stapsgewys aan die kliënt wat elke klip in die loopbaanproses (soos bespreek in Afdeling 4.2) verteenwoordig.



**Foto 4.14:**  
 Terapeut is aktief betrokke by die liggaamsportret-tegniek in die kruis-  
 kulturele omgewing (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 11, bl. 11)

Loopbaankomponente kon tydens die intervensie gefasiliteer word en is sigbaar in Vignette 4.7. Die terapeut het aan die kliënte die loopbaanproses verduidelik deur te verwys na beroepskeuses wat gevorm is, vakkeuses wat gemaak word en welke stappe tot en met Graad 12 deel vorm van loopbaanbeplanning.

**Vignette 4.7: Transkripsies van audiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 23-27)**

	GESPREK	OPTREDE
T	Okay what do we do next? If I am done with school can I just say: Ooooo I am a policeman?	T waai hande in die lug en swaai lyf
K1-8	No	
T	What must we do?	T wys met hande oop – vraag gebaar
K3	You must study.	


Die gebruik van die liggaamsportret-tegniek tydens lewensontwerp is oënskynlik positief deur die kliënte ervaar. Die volgende aanhaling dien as voorbeeld: *“Die kliënte was aanvanklik baie skepties en skaam oor die body maps maar toe hul eers aan die gang was, was dit wonderlik om hulle entoesiasme te ervaar”* (Reflektiewe joernaal: Navorser, 26 Augustus 2009, bl. 12).

**(d) Kategorie 2.1.4: Die plek van inligting en hulpbronne van loopbane tydens kruis-kulturele lewensontwerp in ‘n plattelandse sekondêre skool (f=3)**

Dié kategorie impliseer ‘n terapeut se kennis van die nutste werkverskaffingstendense asook opleiding en onderrig, beskikbare gemeenskapshulpbronne en vereiste vaardighede (Stead & Subich, 2006). Die terapeut het vir hierdie doel inligting rakende opleidings- en onderriginstansies en ander hulpbronne (soos finansiële ondersteuning vir tersiêre studies) ingesluit tydens die liggaamsportret-tegniek: *“To*

*inform the learners of different study institutions*” (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 7) en *“To help them realise there is different funding methods to reach their dream*” (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 7).

Soos in Afdeling 4.2 genoem, is gebruik gemaak van die strategie om vir elke kliënt ‘n afskrif te maak uit die *The A-Z of careers* (Nelson, 2005) van hul voorkeurberoepe. Foto 4.15 verskaf ‘n voorbeeld van so ‘n afskrif van een van die kliënte se eerste beroepskeuse, naamlik ‘n elektrisiën. Die afskrif het aan die kliënt inligting gegee rakende die definisie van ‘n elektrisiën, eienskappe van ‘n elektrisiën en wat verdere studie vereis. Die kliënt kon gevolglik die betrokke afskrif gebruik om die beroepskenniswerkskaart te voltooi wat ook sigbaar is in foto 4.15. Die beroepskenniswerkskaart het as fondasie gedien tydens die visuele uitbeelding van die loopbaanproses aan die hand van die liggaamsportret soos verduidelik in Afdeling 4.2.



**Foto 4.15:**  
Inligting oor vereistes, eienskappe en kwalifikasies vir ‘n elektrisiën  
(Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 14, bl. 14)

**(e) Kategorie 2.1.5: Die vermoë om met ‘n diverse populasie te werk tydens kruis-kulturele lewensontwerp in ‘n plattelandse sekondêre skool (f=2)**

Hierdie kategorie dui ‘n terapeut se bewuste en sensitiewe optrede rakende ‘n kliënt se diversiteit aan. Verder omvat die kategorie ‘n terapeut se kennis oor identiteitsontwikkeling en kruis-kulturele sielkunde, ontwikkeling van verskillende programme vir verskillende populasies en die maak van aanbevelings wat betref die ontwikkeling van loopbaanfasiliteringsvaardighede vir die terapeut om met ‘n diverse populasie te werk (Stead & Subich, 2006).

Aan die hand van die liggaamsportret-tegniek is kliënte ondersteun in loopbaanbeplanning. Die liggaamsportret-tegniek het narratiewe en postmoderne loopbaanfasiliteringstegnieke op kreatiewe wyses ingesluit (sien foto 4.16). In foto 4.16 is kliënt 8 sigbaar as ‘n aktiewe deelnemer. Kliënt 8 beoefen dus postmoderne vaardighede deur aktiewe betrokkenheid in konstruering van sy toekoms.

Aan die een kant is die liggaamsportret gebruik vir kliënte om selfkennis te verken [in terme van fisieke eienskappe (sien foto 4.25), belangstellings, vermoëns en persoonlikheid (sien foto's 4.2 tot 4.5)]. Aan die anderkant het die liggaamsportret-tegniek geleentheid gebied vir kliënte om hul loopbaantoekoms te visualiseer (bespreek in Afdeling 4.2). Laastens kon kliënte konkreet 'loop' van loopbaandoelwit tot loopbaandoelwit met verskeie loopbaanbesluite (soos aangedui in Afdeling 4.2) rakende vakkeuses en verskillende loopbaaninstansies.




**Foto 4.16:**

'n Kliënt gebruik 'n postmoderne tegniek (liggaamsportrette) vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering in 'n diverse omgewing (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 3, bl. 3)

**(f) Kategorie 2.1.6: Die gebruik van kennis rakende loopbaanontwikkelingsteorieë tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=2)**

Hierdie kategorie omvat die terapeut se kennis rakende loopbaanteorieë om effektief 'n loopbaanontwikkelingsomgewing te fasiliteer (Stead & Subich, 2006). Die liggaamsportret-tegniek is teoreties geanker in die 'lewensduur-lewensruimte-teorie' (Super, 1980): "... die beroepsdriehoek van selfkennis, beroepskennis en beroepskeuse te verduidelik" (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 18 Augustus 2009, bl. 9). Tydens die intervensie was die beroepsdriehoek (gebaseer op die lewensduur-lewensruimte-teorie), soos geïllustreer in foto 4.17, deurlopend sigbaar en hersien met kliënte. Met die aanvang van die intervensie het die terapeut aan die kliënte die driehoek (doel van die intervensie) verduidelik. Die doel was om hul selfkennis (1) en beroepskennis (2) te verken. Die self- en beroepskennis kon dan aan kliënte die geleentheid bied om 'n ingeligte beroepskeuse (3) te maak. Laastens is aan kliënte verduidelik dat die loopbaanproses gefasiliteer kon word met behulp van elkeen se liggaamsportret. So het die lewensontwerp-benadering (met die lewensduur-lewensruimte-teorie) as fondasie ook sigbaar geword tydens loopbaanfasilitering met liggaamsportrette. Die terapeut en kliënte het saamgewerk om hul loopbaanproses visueel uit te beeld en te ontwerp (vanaf die kliënt se liggaamsportret tot toekomstige beroepskeuse voorkeurberoepe).



**Foto 4.17:**  
 Visuele uitbeelding van die lewensduur-lewensruimte-teorie  
 (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 4, bl. 4)


#### 4.4.2.2 Subtema 2.2: Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=47)

Hierdie subtema het die tweede hoogste frekwensie gehad in die databronne. Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, is vervat in Tabel 2.3. Loopbaanfasiliteringsmomente van die kliënt omsluit die volgende kategorieë: 2.2.1 Geleentheid om die ondersoekfase (beroepsverkenning) te bemeester; 2.2.2 Geleentheid om die groei-fase te bemeester; 2.2.3 Geleentheid om selfwerkzaamheid te ontwikkel; 2.2.4 Geleentheid om loopbaandoelwitte te stel en poog om dit te bereik; 2.2.5 Geleentheid om loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer; en 2.2.6. Geleentheid om uitkomsverwagtings te openbaar

##### (a) Kategorie 2.2.1: Geleentheid om die ondersoekfase (beroepsverkenning) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=17)

Die ondersoekfase behels die ontwikkeling en kristallisering van loopbaan- en opleidingsaspirasies (Rojewski, 2007). Vir die beplanning van kruis-kulturele loopbaanfasilitering, met die inskakeling van die liggaamsporet-tegniek, met spesifieke fokus op beroepsverkenning, is die volgende beplanning in die databronne sigbaar: *"To help the learners to realise that you need to know yourself and to obtain enough career knowledge in order to make an infor career decision"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1). Voorbeelde van ander geleenthede om beroeps kennis te verwerf sluit in: *"Doelwitte: Beroeps kennis by die kliënte uit te bou"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 25 Augustus 2009, bl. 11); *"To identify a specific career of interest"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1); *"To compose an infor career decision"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1) en *"Planning: Career knowl.: Vocational card sort"* (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7).

Foto 4.18 en 4.19 illustreer die verskillende komponente wat aangespreek is tydens die tweede dag van die intervensie vir beroepskennisverkenning. Aspekte soos vakkeuses, opleidingsinstansies, finansiële ondersteuning en werksoekvaardighede is aangespreek. Die aspekte is eerstens behandel deur die beroepskenniswerkskaart te plak op die kliënte se liggaamsportrette om die loopbaanproses uit te beeld (sien Afdeling 4.2). Foto 4.19 demonstreer verdere areas van beroepskennis (vakkeuses, tersiêre opleidingsinstansie, finansieringsopsies vir verdere studies en werksoekvaardighede) wat aangespreek is as agtergrond vir loopbaanfasilitering met die liggaamsportret-tegniek. Die uitbeelding het gehelp om aan die kliënte 'n holistiese beeld te gee van die loopbaanfasiliteringproses.



**Foto 4.18 en 4.19:**

Visuele uitbeelding van verskeie loopbaanaspekte vir die ontwikkeling van beroepskennis (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 15.2, bl. 17)

Bewyse wat aandui dat die terapeut beplan het dat kliënte betrokke sou wees by aktiwiteite ter uitbreiding van beroepskennis het ook voorgekom: *"The learner need to do research on the specific career* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1); *"To assist with further career guidance by addressing the following topics: Where can I study? Funding for tertiary education, Job hunting, Curriculum vitae and the interview"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1) en *"To choose the correct combination subjects to enable further study"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 6). Die voorgenoemde aktiwiteite is sigbaar in die beroepskenniswerkskaart wat gedien het as fondasie vir die uitbeelding van die loopbaanproses vanaf die liggaamsportrette na die kliënte se voorkeurberoepe.

Vignette 4.8 omvat 'n gesprek tydens die liggaamsportret-tegniek tussen die terapeut en kliënte rakende die verhouding tussen skoolprestasie en toekomskeuses ('n konsep vir die bemeestering van die ondersoekfase). Sien Afdeling 4.2 vir 'n beskrywing van die proses.

**Vignette 4.8: Transkripsies van oudiovisuele opname 3 (27 Augustus 2009, bl. 5, reël 16-19)**

GESPREK	
T	First we looked at what career we want. What was the second one?
K3	Subject choice
T	Yes, (sê met opgewonde stem op K3 se antwoord), we choose the subjects, the right subjects for us to become our dream. Okay?

Dit het geblyk dat kliënte bygestaan kon word om gereed te wees vir beroepskeuses tydens die gebruik van die liggaamsportret-tegniek.

In Vignette 4.9 was die kliënt besig om sy voorkeurberoepskeuses tien tree verder van sy liggaamsportret te plak. Die gespek in Vignette 4.9 gee 'n aanduiding dat die kliënt geleentheid gehad het om sy beroepskeuse in te oefen. Kliënt 3 kon verbaal sy keuse aan die terapeut aandui deur die voorkeurberoepe fisies te demonstreer.

**Vignette 4.9: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1, reël 1-3)**

GESPREK		OPTREDE
T	This is you, the policeman, it's you?	K3 is besig om sy top drie beroepe op die vloer te plak met Prestik
K3	Yes	
T	Okay, good	

**(b) Kategorie 2.2.2: Geleentheid om die groei-fase (selfkennis verryking) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=13)**

Die groei-fase behels die ontwikkeling van 'n aanvanklike en realistiese selfkonsep deur kliënte (Hartung, 2007). Tydens die groeifase van elke adolessent blyk dit dat hul eienskappe soos selfkennis en toekomsgeoriënteerde visie ontwikkel wat daartoe kan lei dat hulle 'n ingeligte beroepskeuse sal kan maak.

Bewyse van hierdie eienskappe is sigbaar in die databronne. 'n Doelwit van die liggaamsportret-tegniek was byvoorbeeld om: *"Elkeen te help om hulself te leer ken – selfkennis"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 25 Augustus 2009, bl. 11). Verder het die assesseringsbeplanning aktiwiteite ingesluit om kliënte se vlakke van selfkennis te bepaal: *"This activity gives an indication of each learner's strengths and assets"* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 5); *"These shields will indicate the learner's self esteem, assets, talents and characteristics"* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 6); *"The answers of the learners will give indications of their experience, interest, ability in different school"*

*subjects and career choices*" (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 5) en "*Aktiwiteit: Animal interview- Interest, selfkennis*" (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1).

Tydens die intervensiefase was die doel om die kliënte se selfkennis te verhoog. Die liggaamsportret-tegniek het geleentheid gebied vir kliënte om hul selfkennis te verken: "*To create a situation where the learner can realise what is his unique abilities, interest and personality*" (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1). Beplanning vir die gebruik van die liggaamsportret-tegniek vir die ontwikkeling van selfkennis kon saamgevat word in die volgende: "*Learner will get to know their physical appearance by making a body map of themselves*" (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1); "*Beplanning: Body map – Liggaamsbewustheid*" (Assesseringsnotas van supervisor, 18 Augustus 2009, bl. 5); "*Planning: Self-awareness – who am I?*" (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7) en "*Planning: Fasette vd mens (ph, belangst, leerstyle, value card sort, strengths identify)*" (Assesseringsnotas van supervisor, 25 Augustus 2009, bl. 7). Foto 4.18 en 4.20 verskaf 'n visuele uitbeelding van hoe konsepte van selfkennis met kliënte gedeel is as agtergrond/voorbereiding tot die liggaamsportret-tegniek (soos bespreek in Afdeling 4.2).



**Foto 4.18 en 4.20:**


Ontwikkeling van selfkennis deur verwysing na persoonlikheid, vermoëns en belangstellings (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 15.1, bl. 16)

**(c) Kategorie 2.2.3: Geleentheid om selfwerkzaamheid te ontwikkel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=6)**

Dié kategorie verwys na selfwerkzaamheid van kliënte waar hulle oortuigings openbaar rakende hul vermoëns om sekere take uit te voer (Louw *et al.*, 2007; Rojewski, 2007; Watson & Stead, 2006a). Kliënte het selfwerkzaamheid openbaar tydens die aktiwiteit "*Award yourself – Affirmation*" (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1). Die betrokke aktiwiteit het bestaan uit 'n werkskaart met verskillende skilde op. Elke skild het 'n verskillende faset/konteks van die kliënt se lewe aangedui, soos sy huis, die skool, tussen vriende en by sy ouers/voogde. By elke betrokke skild moes die kliënt 'n persoonlike vermoë aandui waarop hy trots was (sien Bylaag B-1

Assesseringsbesoekhulpmiddels). Die assesseringsinligting is verwerk in elke kliënt se kwadrantkaart (soos bespreek in Afdeling 4.2 en 4.4.2.1.2) wat weer gebruik is ter uitbreiding van die kliënt se selfkennis tydens die liggaamsportret-sessie.

Soos reeds in Afdeling 4.2, 4.4.1.1, 4.4.1.2 en 4.4.2.1 genoem, het die terapeut beroepsleiding-kaartsortering gebruik vir kliënte om die maak van beroepskeuses te kon oefen. Foto 4.21 en 4.22 illustreer 'n aantal kliënte se beroepskeuses wat hulle gemaak het. Die maak van beroepskeuses is 'n aanduiding dat die kliënte oor selfwerkzaamheid beskik het vanweë hulle oortuigings dat hulle oor die vermoëns beskik om die bepaalde beroepe te kon volg. Die selfwerkzaamheid is verder sigbaar deurdat die kliënte besef het dat die loopbaanproses, wat begin het by liggaamsportrette, voltooi is deur identifisering van voorkeurberoepe.



**Foto 4.21 en 4.22:**

Kliënte demonstreer selfwerkzaamheid deur oortuiging van hulle vermoëns om voorkeurberoepe te beoefen in die toekoms (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 8, bl. 8, foto 20, bl. 22)

Selfwerkzaamheid is verder deur 'n kliënt (kliënt 4) geopenbaar tydens die uitvoering van 'n beroepskeuse, naamlik 'n brandweerman, tydens die beroepsleiding-kaartsortering. Hy het die beroep geïdentifiseer as een van sy voorkeurberoepe wat hy van mening was dat hy eendag sou kon beoefen. Vignette 4.10 demonstreer die kliënt se vermoë vir loopbaanbeplanning as 'n selfwerkzaamheid aspek.

**Vignette 4.10: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2, reël 27-35)**


	GESPREK	OPTREDE
T	Okay, D4... Ooo a fire-fighter	T loop van K7 na K4 en neem K4 se beroepskeuse kaartjies en lees die boonste een. Lees kaartjie met entoesiasme
T	Okay, who is this?	N wys na K4 se liggaamsportret K4 kyk na liggaamsportret
T	It is you, now in school.	T wys met 'n handgebaar na K4 en na
T	Okay, so this is you while you are here at school.	liggaamsportret

	GESPREK	OPTREDE
T	One day you want to be a fire-fighter after school	K4 luister na T soos die loopbaanproses verduidelik word, T gebruik sirkelbeweginghandgebaar om omgewing te demonstreer T en K4 loop na bo-punt van liggaamsportret met K4 se beroepskeusekaartjie in die hand

(d) **Kategorie 2.2.4: Geleentheid om loopbaandoelwitte te stel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=6)**

Loopbaandoelwitte verwys na die adolessent se ingesteldheid om 'n sekere aktiwiteit of uitkoms aan te pak en te voltooi binne 'n sekere tyd (Watson & Stead, 2006a). Die hantering van loopbaandoelwitte is sigbaar in die intervensiebeplanning en ander databronne: *"To explain to the learners the importance of goals and to show them how to set goals"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 7); *"To assist with further career guidance by addressing the following topics: Goal setting"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 1); *"... deur 'n visuele pad met klippe van die kliënte se "body maps", wat die hede voorstel, te bou na hul droom, die ideale beroep wat ook die uitkoms is van die beroepsdriehoek"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13) en *"Beplanning: Identifisering van drome / goals"* (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1).

Foto 4.23 illustreer die beroepsdriehoek (soos bespreek in Afdelings 4.2 en 4.4.2.1 f) wat gedien het as fondasie van loopbaanfasilitering. Die driehoek se aspekte kon in kleiner doelwitte verdeel word. Die verkryging van selfkennis deur die inskakeling van die liggaamsportret word gesien as 'n loopbaandoelwit. Die tweede doelwit is die verkryging van beroepskennis om 'n ingeligte beroepskeuse te kon uitvoer deurdat 'n visuele pad van die liggaamsportrette gebou is na die kliënte se voorkeurberoepe met die hulp van klippies. Elke klippie het die onderskeie fasette van beroepskennis aangespreek wat die doel van beroepskennisuitbreiding verwesenlik het (proses verduidelik in Afdeling 4.2).



**Foto 4.23:**  
 Loopbaandoelwitte vir die loopbaanintervensie (Visuele data,  
 26 Augustus 2009, foto 25, bl. 27)

(e) **Kategorie 2.2.5: Geleentheid om loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=3)**

Loopbaanaanpasbaarheid verwys na die gereedheid van 'n kliënt om voorspelbare take te kan hanteer tydens die voorbereiding en deelname aan die rol van werk, asook die hantering van onvoorspelbare veranderings as gevolg van veranderde werksomstandighede (Savickas, 1997). In haar reflektiewe joernaal reflekteer die terapeut: *"Terapie is 'n 'enabling' proses waar die kliënt vir homself iets beteken deur sy 'meaning making' proses"* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 13 Mei 2009, bl. 8). Kliënte het aanvanklik 'n beroepskenniswerkskaart voltooi voordat die beroepskennis toegepas is op hul liggaamsportrette (sien Afdeling 4.2 vir die bespreking van die inskakeling van die beroepskenniswerkskaart). Deur die werkskaarte te voltooi, het die kliënte voorspelbare loopbaanontwikkelingstake voltooi (soos die maak van beroepskeuses, besluite oor vakkeuses te neem en werksoekvaardighede te beoefen) wat demonstreer dat die kliënte oor loopbaanaanpasbaarheid beskik het. Loopbaanaanpasbaarheid het 'n visuele vorm aangeneem toe die beroepskennis, verkry van die werkskaart, toegepas is deur 'n loopbaanroete te vorm van die kliënt se liggaamsportret na die kliënt se voorkeurberoepe. Foto 4.24 demonstreer hoe kliënte die beroepskenniswerkskaart voltooi en sodoende loopbaanaanpasbaarheid openbaar het.



**Foto 4.24:**

Kliënt 2 en 6 openbaar loopbaanaanpasbaarheid deur voorspelbare loopbaanontwikkelingstake uit te voer (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 13, bl. 13)

(f) **Kategorie 2.2.6: Geleentheid om uitkomsverwagtings te openbaar tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=2)**

Hierdie kategorie verwys na die adolessent se oortuiging oor watter resultate van spesifieke loopbaangedrag moontlik sal wees (Louw *et al.*, 2007; Watson & Stead, 2006a). Kliënte se uitkomsverwagtings [dat hul keuse (gedrag) 'n visie oor 'n loopbaantoegekoms bied] word aangedui in die beplanning van die sessie: *"To help the learners to identify three possible careers they can follow. Further, to help them to visualise their future"* (Intervensiebeplanning, 25-27 Augustus 2009, bl. 5).

Voorafgenoemde beplanning is uitgevoer vir dag 2 van die intervensie. Vignette 4.11 verskaf 'n aanduiding van kliënt 7 se uitkomsverwagtings deurdat hy 'n toekomsvisie ten opsigte van 'n beroepskeuse openbaar het.

**Vignette 4.11: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 1-2, reël 19-22)**

	GESPREK	OPTREDE
T	Okay, then you want to be...When finished with school?	T kyk na K7 en wys 'mechanic' beroepskeusekaartjie
K7	Mechanic	aan hom
T	Yes, the mechanic, so this is now.	T buk en plak die 'mechanic' beroepskeuse vier tree weg van die liggaamsportret op die vloer vas

**4.4.2.3 Subtema 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool (f=17)**

Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek omvat self- en loopbaankonstruksieteorieë omrede dit loopbaangedrag en -ontwikkeling beskryf. Lewensontwerp het ten doel om 'n kliënt te help om 'n loopbaan storie te vorm en uit te leef (Savickas *et al.*, 2009). Data wat ek tydens data-analise onder hierdie subtema in- en uitgesluit het, is vervat in Tabel 2.3. Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek omsluit die volgende kategorieë: 2.3.1 Insig rakende kliënte se konteksinvloede; 2.3.2 Holistiese benadering van die kliënt; 2.3.3 Voorkomende, pro-aktiewe optrede; en 2.3.4. Lewenslange loopbaanfasilitering.

**(a) Kategorie 2.3.1: Insig rakende kliënte se konteksinvloede tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=7)**

Kontekstuele invloede van die kliënt sluit in invloede van die verlede en hede, die interaksie van die kliënt met die omgewings (verskeie teaters) en die manier waarop die omgewings deur die kliënt geobserveer en geïnterpreteer word (Savickas *et al.*, 2009). Die terapeut se beplanning was gefokus om die konteks van die kliënte te verstaan: *“Doelwitte: Aan te pas by die kliënte, in hul skoene te staan. Beter probeer verstaan”* (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 25 Augustus 2009, bl. 11), *“This will give an indication of how the learner perceives the different people with whom he or she is living”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 6); *“These stories will give insight to the learners' family and peer functioning”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 5); *“To identify strengths and barriers in each learners life”* (Assesseringsbeplanning, 11-13 Mei 2009, bl. 1) sowel as *“Aktiwiteite: Finish my story – Huiskonteks en portuur, Kinestetiese Gesinstekening – Gesin, Notes to my family – gesin”* (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1).

Die lewensontwerpbenadering het aan kliënte tydens die intervensie die geleentheid gebied om bewus te raak van hoe verskillende lewensteaters- en rolle (skool- en huisomgewing, portuurgroep en gesin) 'n invloed het op die ontwikkeling van hul vermoëns. Hierdie observasie is sigbaar in foto 4.25. Soos verduidelik in Afdeling 4.4.1.1. was die doel met die bepaalde aktiwiteit om selfkennis by kliënte te verhoog, maar met 'n spesifieke fokus op vermoëns. Die kliënte het op die werkskaart aangedui watter vermoëns hulle van hulself kon identifiseer in die verskeie kontekste van hulle lewens (byvoorbeeld die skool, deelydse werke, tuis of sosiaal). Die inligting is geïntegreer met die liggaamsportrette om sodoende hulle selfkennis te verryk.



**Foto 4.25:**

Kliënt 2 en 6 identifiseer vermoëns wat in hul lewensteaters en -rolle verken is (Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 5, bl. 5)

**(b) Kategorie 2.3.2: Holistiese benadering van die kliënt tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=6)**

'n *Holistiese* benadering word gevolg in lewensontwerp deur aandag te skenk aan die onderskeie lewensrolle van 'n kliënt en nie alleenlik die rol van werk nie (Savickas *et al.*, 2009). Die assesserings- en intervensiebeplanning was gerig om 'n holistiese siening van kliënte te verwerf: "*Beplanning: Selfkennis (Interest, eienskappe, emosies en sosiale v're), Home environment, + en - in omgewing, Vakke*" (Assesseringsnotas van supervisor, 14 April 2009, bl. 1) en "*Beplanning: Fasette van mens (Holisties)*" (Assesseringsnotas van supervisor, 18 Augustus 2009, bl. 5). Net so getuig die terapeut se refleksies van insig in die waarde van 'n holistiese siening van kliënte: "*Sy het verduidelik dat ons in die 'terapie moet in klim' om deel te word van die 'meaning-making process,' ek voel dis belangrik vir die terapeut om in daardie wêreld te kom want sodoende kan mens die kliënt beter enable en veral bates en hindernisse uitwys wat hul dalk self nie sien nie*" (Reflektiewe joernaal: Terapeut, 27 Augustus 2009, bl. 13). Bepaalde bates is aangespreek tydens die bespreking van die kliënte se kwadrantkaarte om sodoende selfkennis met die hulp van die liggaamsportret te verryk. Verder is hindernisse aangespreek met die hulp van liggaamsportrette tydens die loopbaanproses, deur aspekte soos beperkte finansiële ondersteuning te behandel.

Foto 4.26 tot 4.28 illustreer van die fasette wat aangespreek is tydens die loopbaanfasilitering (deur middel van die liggaamsporet-tegniek) sodat elke kliënt 'n holistiese siening van homself kon verkry.



**Foto 4.26:**  
Aanduiding van kliënt 4 se lengte en gewig  
(Visuele data, 26 Augustus 2009, foto 21, bl.23)



**Foto 4.27:**  
Aanduiding van kliënt 6 se persoonlikheid, vermoëns  
en belangstellings (Visuele data, 27 Augustus 2009,  
foto 17, bl.19)




**Foto 4.28:**  
Holistiese beeld van kliënt 3: self- en beroepskennis,  
toekomsgeoriënteerde eienskappe (Visuele data, 27 Augustus  
2009, foto 22, bl.24)

Elke kliënt is geweeg en gemeet (←) om sodoende (1) selfkennis te verhoog en (2) elke kliënt se liggaamsporet vir hom te verpersoonlik vir beter identifisering (foto 4.26). Foto 4.27 gee 'n aanduiding van hoe selfkennis van elke kliënt verder aangespreek is deur verwysing na vermoëns, persoonlikheid en belangstellings. Die gekleurde werkskaarte (←) op die liggaamsporet dui die eienskappe van elke kliënt aan. Foto 4.28 illustreerder die holistiese siening wat elke kliënt van homself verkry het tydens die loopbaanintervensie. Aspekte van selfkennis is aangespreek op die liggaamsporet en beroepskennis is na vore gebring met toekomsgeoriënteerde eienskappe deur met die klippe die loopbaanproses (←) na die voorkeurberoepe aan te dui en met kliënte te bespreek.

(c) **Kategorie 2.3.3: Voorkomende, pro-aktiewe optrede tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=2)**

'n Voorkomende, pro-aktiewe optrede is aanduidend daarvan dat die terapeut en kliënte vroegtydig kliënte se toekoms beskou, voordat hindernisse en veranderings beleef word, sodat kliënte oor verskeie opsies kan besluit (Savickas *et al.*, 2009). Foto 4.29 omvat 'n beroepskenniswerkskaart waarvan elke kliënt een voltooi het. Die werkskaart demonstreer die stappe wat tydens die loopbaanintervensie geneem is om die fasette van beroepskennis aan te spreek. Die werkskaart dui op voorkomende, pro-aktiewe optrede deurdat die terapeut en die kliënt saam die kliënt se moontlike hindernisse (byvoorbeeld finansies vir tersiêre opleiding) bespreek het asook opsies daarvoor. So is bygedra tot die uitbreiding van die kliënt se beroepskennis.



**Foto 4.29:**  
Bepaal moontlike loopbaanhindernisse en -opsies in kliënt se lewe  
(Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 12, bl. 12)

Ter verdere ondersteuning demonstreer Vignette 4.12 pro-aktiewe optrede van die terapeut tydens die liggaamsportret-sessie.

**Vignette 4.12: Transkripsies van audiovisuele opname 2 (27 Augustus 2009, bl. 3-4, reël 1-13)**

	GESPREK	OPTREDE
T	You are here.	T verduidelik aan groep beroepslewensroete deur by een van die kliënte se beroepskaartjies te buk
T	So you must choose your subjects – do you understand?	T bly gebruik 'n ruspose om te bepaal of kliënte verstaan en dat hul die inligting kon verwerk
K1-8	Yes	
T	Okay, so you are going to make big decision.	T gebruik groot handgebaar om groot keuse te demonstreer en gebruik woordverbuigings om kommunikasie te vergemaklik
T	Because this first step must be right decision (T wys na eerste klip om beroepskeusefase aan te dui) to do this one day (gee tree na eindpunt waar beroepskeusekaartjies is).	

	GESPREK	OPTREDE
T K1- 8	Okay, do you want to make right decision? Yes	

(d) **Kategorie 2.3.4: Lewenslange loopbaanfasilitering tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool (f=2)**

Hierdie kategorie impliseer die lewenslange loopbaanfasilitering wat 'n kliënt leiding kan gee ten opsigte van die vaardighede en kennis wat tydens lewensontwikkeling van waarde geag kan word (Savickas *et al.*, 2009). Aan die hand van die liggaamsportret-tegniek het die terapeut kliënte gelei in lewenslange loopbaanfasilitering. Die liggaamsportret was die begin van die loopbaanproses. Vanuit die perspektief van die liggaamsportret (1) het die kliënt metafories na sy toekoms (2) gekyk, waar hy sy toekoms gevisualiseer het deur die beroepskeuses wat hy uitgevoer het. Deurdad die kliënt vanaf die liggaamsportret (die hede) klippe gepak het (loopbaanroete) na die beroepskeuse (die toekoms) is verduidelik dat die kliënt bewus kon wees van loopbaanmomente (vakkeuses, verdere studies, 'n werk te soek en onderhoudvaardighede te bemeester) wat ervaar en dus afgehandel behoort te word tydens lewenslange loopbaanfasilitering. Foto 4.30 verskaf 'n illustrasie hiervan.



**Foto 4.30:**  
 Metaforiese uitbeelding van die kliënt se loopbaantoekoms (Visuele data, 27 Augustus 2009, foto 10, bl. 10)

In aansluiting hierby wys Vignette 4.13 hoe loopbaanfasilitering as 'n lewenslange proses gedemonstreer is tydens die liggaamsportret-sessie.

**Vignette 4.13: Transkripsies van oudiovisuele opname 1 (27 Augustus 2009, bl. 2-3, reël 36-48)**

	GESPREK	OPTREDE
T	Okay, so we are now in ...?	
K4	Graad 9	
T	Graad 9	D4 knik sy kop om die terapeut se herhaling dat D4 tans in Graad 9 is, te bevestig
T	Gr 10 (T gee 'n tree)	T en K4 gee elk 'n tree weg vanaf die liggaamsportret, soos T tree gee, behou K4 oogkontak met T en luister met aandag na T se verduideliking.
T	Gr 11 (T gee 'n tree)	T en K4 gee tweede tree
T	Gr 12 (T gee 'n tree, wys)	T en K4 gee derde tree
T	Finished with school?	T en K4 gee vierde tree
T	And then what do you want to be, when you are finished with school.	T maak groot oë en wys handgebaar van wat nou, T trek skouers op
K4	Fire-fighter.	T kyk vir K4 en wys fire-fighter se beroepskeusekaartjie aan K4
T	Yes, fire-fighter	

#### 4.5 SAMEVATTING

In Hoofstuk 4 het ek die resultate van hierdie studie bespreek, gebaseer op die *a priori* kategorieë en subkategorieë, soos opgestel in Hoofstuk 2, Tabel 2.3 en 2.4. Bespreking van die resultate is deurgaans ondersteun deur die databronne van die studie.

In Hoofstuk 5 bespreek ek die bevindinge van die studie binne die raamwerk van bestaande literatuur, en poog om ooreenkomste en moontlike verskille uit te lig. Ek behandel ook die primêre navorsingsvraag en sekondêre navorsingsvrae, asook die aannames van die studie om te bepaal of liggaamsportrette wel bruikbaar is tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Daarna sluit ek die hoofstuk af met die beperkings van die studie en aanbevelings wat voortspruit uit hierdie studie.



## HOOFSTUK 5: Oorsig, gevolgtrekkings en aanbevelings

---

### *Dinkdinge...* 10 Augustus 2012

Sjoe, vandag het die dag aangebreek waarop ek my laaste hoofstuk van hierdie studie skryf. Ek voel nogal nostalgies. *What a journey!* My gedagtes loop terug op soveel paaie... tussen die berge van Mpumalanga, na kliënte wat hul liggaamsportrette verf op die sekondêre skool se stoep, soveel supervisie sessies vir my akademiese diensleer asook my skripsie, ure voor my rekenaar ... Terugskouend weet ek nou die paadjie het sy op- en afdraandes gehad, maar is definitief een van die beste *learning curves* van my lewe as mens, student en sielkundige! (Reflektiewe navorsingsjoernaal, 10 Augustus 2012).

My eerste opdraande was die ontwikkeling van kultuurvriendelike assesseringsinstrumente: *“Vandag se assesseringsbeplanning het soos ‘n berg voor my gelê. Ek was so bitter onseker oor wat om te doen en hoe om dit te doen.”* Die “berg” is oorkom met die hulp van my portuur-supervisor: *“My portuur-supervisor het gehelp dat ek prakties en kultuur vriendelik na van die instrumente kyk wat baie gehelp het”* (Refleksie Assesseringsbeplanning, 12 April 2009).

Oomblikke van positiewe leerervaring was sigbaar in hierdie studie: *“Beweeg, kom weg van die tafel. Gebruik bewegingsaktiwiteite op konkrete vlak wat die intervensie kan vergemaklik”* (Refleksie Assesseringsbesoek, 13 Mei 2009); *“Wees buigbaar in jou optrede en beplanning. Daar is nie ‘n vaste reël in sielkunde oor wat jy moet doen nie, maar eerder ‘n goue reël van vloei saam met jou kliënt. Laat jou kliënt jou lei om sodoende betekenis uit sy omgewing te kry”* (Refleksie Assesseringsbesoek, 13 Mei 2009). Die intervensiebesoek het ook die volgende leerervarings na vore gebring: *“Sy (akademiese-diensleer supervisor) het verduidelik dat ons in die ‘terapie moet inklim’ om deel te word van die ‘meaning-making process’. Ek voel dis belangrik vir die terapeut om in daardie wêreld te kom, want sodoende kan mens die kliënt beter ‘enable’ en veral bates en hindernisse uitwys wat hul dalk self nie sien nie”*.

*Die akademiese diensleer was moeilik en rof met tye maar een van die beste leerervarings wat ek tydens my studie gehad het.*

*Ek het nie net geleer hoe om terapie te doen nie maar hoe om die sielkundige in die terapie te wees” (Refleksie Intervensiebesoek, 27 Augustus 2009).*

Ek het as navorser ook gegroei. In my reflektiewe navorsingsjoernaal het ek die volgende geskryf: *“Voel vandag of ek groei as navorser. Aan die begin het mens tonnelvisie. Jy soek ‘n spesifieke tema wanneer jy navorsing doen maar na ‘n ruk begin mens ‘links’ maak tussen verskillende artikels om vir jouself as navorser ‘n beter prentjie te maak oor jou betrokke studie” (Reflektiewe navorsingsjoernaal, 13 November 2011).*

Met die Olimpiese Spele tans aan die gang sien ek soveel deursettingsvermoë in elke atleet. Dit was minute, ure en dae se oefening om net te kon kwalifiseer vir die Olimpiese Spele (Dit op sy eie is ‘n groot prestasie.). Daar was geskaaf, geskuur en gevorm aan elke atleet sodat hulle hul volle potensiaal as atleet kon bereik. Met deursettingsvermoë moes ek ook aan myself skaaf, skuur en vorm om as sielkundige in opleiding my volle potensiaal te bereik. Hierdeur sal ek meer effektief in die toekoms ons Suid-Afrikaners kan ondersteun ten opsigte van hul loopbane, om hul volle potensiaal te kan bereik.

Ek sluit af met ‘n aanhaling deur een van die Olimpiese atlete tydens ‘n onderhoud: *To be great you’ve got to move pass possible and start chasing the impossible.* As terapeut neem ek die aanhaling ter harte in die verskeie kontekste waar ek nog gaan werk, maar ek neem dit ook as doelwit om aan my toekomstige kliënte oor te dra.

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was om die bruikbaarheid van liggaamsportrette te bestudeer in ‘n kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks. Nadat ek die resultate aangebied het in Hoofstuk 4 hou ek in hierdie hoofstuk ‘n literatuurkontrolle voor om ooreenkomste, teenstrydighede en stiltes tussen die bestaande kennis en resultate van hierdie studie uit te wys. Ek bespreek die primêre en sekondêre

navorsingsvrae van hierdie studie (soos geformuleer in Hoofstuk 1) om aan te dui hoe die resultate van die studie bydra tot begrip rakende die bruikbaarheid van liggaamsportrette. Daarna bespreek ek moontlike beperkings van die studie en sluit dan die hoofstuk af met aanbevelings vir verdere navorsing, praktykbeoefening en toekomstige opleiding.

## 5.2 LITERATUURKONTROLE

In hierdie afdeling vergelyk ek die resultate van die studie met bestaande literatuur ten einde tot bevindings te kom oor die moontlike bruikbaarheid van liggaamsportrette in kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

### 5.2.1 BEVINDINGS WAT BESTAANDE KENNIS ONDERSTEUN

In hierdie afdeling dui ek die ooreenkomste aan tussen bestaande kennis en die resultate van hierdie studie. Tabel 5.1 verskaf 'n opsomming hiervan.

Tabel 5.1: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Ondersteunde bewyse

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 1.1: Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b>			
1.1.1 'n Kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen die terapeut en kliënte tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	Bordin (1983, p.35)	<i>The working alliance is a collaboration for change for which I have identified three aspects: (1) mutual agreements and understandings regarding the goals sought in the change process; (2) the tasks of each of the partners; and (3) the bonds between the partners necessary to sustain the enterprise.</i>	Die liggaamsportret-tegniek het bygedra tot 'n kultureel sensitiewe samewerkende alliansie deurdat die tegniek terapeutiese doelwitte met die gebruik van die beroepsdriehoek gefasiliteer het. Deur die terapeutiese doelwitte het die kliënte hulle rolle besef. Verder het die betrokke aktiwiteite van die tegniek 'n goeie verhouding tussen terapeut en kliënte na vore gebring.
	Coleman (2000, p.65)	<i>The therapeutic relationship rests on both an emotional bond with the therapist and a rational 'working' connection. Both dimensions of the alliance have relevance for multicultural work.</i>	Deur die gemaklike samewerking en positiewe houding van die kliënte tydens die gebruik van die liggaamsportret-tegniek was die emosionele en werkende dimensies van alliansie sigbaar in die studie.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
	Collins en Arthur (2010a, p.208)	<i>Culturally appropriate techniques and strategies facilitate or enhance working alliance.</i>	Die liggaamsportret was 'n kultureel toepaslike tegniek wat kultureel sensitiewe samewerkende alliansie bevorder het.
1.1.2 Selfbewussyn van die terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	Richardson en Jacob (2002, p.31)  Sue, Arredondo en McDavis (1992, p.481)  Sue <i>et al.</i> (1992, p.481)	<i>... skilled counsellors engage in the conscious and intentional processes of examining their worldviews and cultural conditioning.</i>  <i>A culturally skilled counsellor is one who is actively in the process of becoming aware of his or her own assumptions about human behaviour, values, biases, preconceived notions, personal limitations and so forth.</i>  <i>They understand their own worldviews, how they are the product of their cultural conditioning, and how it may be reflected in their counselling and work with racial and ethnic minorities.</i>	Deur die gebruik van die liggaamsportret-tegniek kon die terapeut gereeld in haar reflektiewe joernaal reflekteer en nadink oor haar persoonlike ervarings en sienings en hoe dié haar interaksie met die kliënte beïnvloed het.  Tydens die toepassing van die liggaamsportret-tegniek het die tegniek geleentheid geskep waar die terapeut bewus kon raak van haar sienings, aannames en persoonlike beperkings.  Soos die loopbaanfasilitering met die liggaamsportrette gevorder het, wou dit voorkom of die terapeut tot insig gekom het watter effek die intervensie op die kliënte gehad het.
1.1.3 Die terapeut se begrip en kennis oor die kliënt se wêreldbeskouing tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie	Sue <i>et al.</i> (1992, p.481)  Sue <i>et al.</i> (2009, p.529).	<i>... a culturally skilled counsellor is one who actively attempts to understand the worldview of his or her culturally client without negative judgement.</i>  <i>The counsellor has knowledge of the client's culture, worldview, and expectations for the counselling relationship.</i>	Die liggaamsportret-tegniek het gelei tot begripvorming van die kliënt se wêreld siening asook die verkryging van praktiese kennis rakende die kliënt se self- en beroepskennis.  Deur die interaksie tussen terapeut en kliënte tydens inskakeling van die liggaamsportret-tegniek het die terapeut se kennis oor die kliënte se wêreld sienings verbreed. Verder het die tegniek ook te weeg gebring dat die terapeut ingelig is oor die kliënte se verwagtings tydens loopbaanfasilitering.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
	<p>Sue en Sue (2008, p.44)</p> <p>Sue en Sue (2008, p.45)</p>	<p><i>It is crucial that counsellors and therapists understand and can share the worldview of their culturally diverse clients. This statement does not mean that providers must hold these worldviews as their own, but rather that they can see and accept other worldviews in a nonjudgmental manner.</i></p> <p><i>Some have referred to the process as cultural role taking: ...the therapist acquires practical knowledge concerning the scope and nature of the client's cultural background, daily living experience, hopes, fears and aspirations.</i></p>	<p>Deur daaroor te reflekteer in haar reflektiewe joernaal tydens die gebruik van die liggaamsportret-tegniek het die terapeut haar gereeld ten doel gestel om die kliënte te verstaan deur te poog om hulle wêreld waar te neem vanuit hulle oogpunt.</p> <p>Die liggaamsportret-tegniek het aan die terapeut die geleentheid gebied om kulturele rol-aanneming te beoefen, deurdat die terapeut by die liggaamsportrette en ander ondersteunende aktiwiteite kon inskakel en bewus kon raak van die kliënte se kulturele agtergronde, hul daaglikse invloede, hul drome en vrese.</p>
<p><b>1.1.4 Toepaslike intervensiestrategie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b></p>	<p>Louw (2004, p.265)</p> <p>Richardson en Jacob (2002, p.33)</p> <p>Sue en Sue (2008, p.45)</p> <p>Sue en Sue (2008, p.45)</p>	<p><i>... adapt assessment tools to fit the child's language and culture, ...</i></p> <p><i>... a culturally skilled counsellor... is in the process of developing and practicing appropriate, relevant, and sensitive intervention strategies and skills in working with his or her clients.</i></p> <p><i>Effectiveness is most likely enhanced when the therapist uses therapeutic modalities and defines goals that are consistent with the life experiences and cultural values of the client.</i></p> <p><i>... many minority clients prefer an active/directive approach to an inactive/nondirective one in treatment.</i></p>	<p>Die liggaamsportret-tegniek was 'n toepaslike intervensiestrategie omrede die gebruik van die tegniek bygedra het tot die oorbrugging van taalhindernisse.</p> <p>Vanuit die studie is bevind dat die liggaamsportret-tegniek 'n relevante intervensiestrategie is vir 'n kruis-kulturele omgewing. Die tegniek het die terapeut toegelaat om toepaslike sensitiewe terapeutiese vaardighede te beoefen.</p> <p>Die liggaamsportret-tegniek was 'n toepaslike intervensiestrategie omdat die tegniek bygedra het tot definiëring van loopbaandoelwitte vir die intervensie maar ook vir die kliënte se lewens. Doelwitte was in ooreenstemming met die kliënte se lewenservarings.</p> <p>Die liggaamsportret-tegniek het aktiewe betrokkenheid van elke kliënt verlang, wat die tegniek meer toepaslik gemaak het.</p>

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 1.2: Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b>			
<b>1.2.1 Nie-verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b>	Sue en Sue (2008, p.153)	<i>Black language code involves a great deal of implicitness in communication, such as shorter sentences and less grammatical elaboration (but greater reliance on nonverbal cues.).</i>	Tydens verduideliking van die loopbaanproses met die hulp van die liggaamsportret is gebruik gemaak van korter sinne en minder grammatika, wat taalhinderisse oorbrug het.
	Sue en Sue (2008, p.162)	<i>Proxemics refers to perception and use of personal and interpersonal space. We tend to allow closer proximity or to move closer to people whom we like or feel interpersonal attraction towards.</i>	Die liggaamsportret-tegniek in kombinasie met ander aktiwiteite het geleentheid geskep vir die terapeut en kliënte om gemaklike interpersoonlike spasies te deel wat dui op positiewe verhoudinge.
	Sue en Sue (2008, p.163)	<i>We assume that facial cues express emotions and demonstrate the degree of responsiveness or involvement of the individual.</i>	Die tegniek het geleentheid gebied vir die gebruik van nie-verbale kommunikasie soos oogkontak, wat die verduideliking van die loopbaanproses met liggaamsportrette ondersteun het.
	Fernandez <i>et al.</i> (2002, p.263)	<i>What is said may be enhanced by nonverbal behaviour.</i>	Die gebruik van nie-verbale kommunikasie soos handgebare tussen die terapeut en kliënte tydens die bespreking van die loopbaanproses het indirek die intervensie versterk.
<b>1.2.2 Verbale kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b>	Fernandez <i>et al.</i> , (2002, p.263)	<i>To facilitate effective communication, counsellors need to adapt their tone of voice style, and behaviour to what is culturally acceptable to clients.</i>	Die voorgenoemde tegniek (verandering in stemtoon) is ook toegepas tydens die gebruik van die liggaamsportret-tegniek om die loopbaanproses meer effektief aan die kliënte te verduidelik.
	Fernandez <i>et al.</i> (2002, p.263)	<i>Ask for feedback to ensure that the message has been clearly understood.</i>	Tydens die liggaamsportret-sessie het die terapeut terugvoer gevra om kliënte se begrip oor die verduideliking te bepaal.
	Louw (2004, p. 265)	<i>Support personnel in the form of assistants and translators should be trained and used.</i>	Die liggaamsportret-tegniek het die geleentheid gebied vir die toepassing van verbale kommunikasie soos die gebruik van 'n tolk om die loopbaanfasiliteringsessie se inhoud aan die ander kliënte te vertaal in hul primêre taal.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 1.3: Geleenthede van kruis-kulturele bekwaamheid tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie</b>			
1.3.1 Terapie vir loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing by 'n plattelandse sekondêre skool	Heppner (2006, p. 147)	<i>Developing cross-cultural competence... will promote a deeper realization that counselling occurs in a cultural context.</i>	Ander kruis-kulturele bekwaamhede is ingesluit tydens die liggaamsportret-tegniek (byvoorbeeld toepaslike intervensiestrategieë, kultureel sensitiewe samewerkende alliansies en kennis, en begrip van die kliënte se wêreldbeskouing).
<b>Subtema 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut weerspieël tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</b>			
2.1.1 Individuele en groepsberadingsvaardighede tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Bischof en Alexander (2008, p. 15)	<i>There is a need for the use of culturally sensitive counselling skills...</i>	Vanuit die resultate blyk dit dat die liggaamsportret-tegniek die geleentheid geskep het vir die beoefening van kultureel sensitiewe beradingsvaardighede.
	NCDA (1997)	<i>Individual and group counselling skills is an ability to:</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Establish and maintain productive personal relationships with individuals.</i></li> <li>• <i>Establish and maintain a productive group climate.</i></li> <li>• <i>Identify and understand clients' career decision-making processes.</i></li> <li>• <i>Assist the client to acquire a set of employability and job search skills.</i></li> </ul>	'n Verskeidenheid narratiewe en postmoderne tegnieke (beroepsleiding-kaartsortering en kwadrantkaarte) is in kombinasies met die liggaamsportret-tegniek gebruik ten einde die klient-terapeut verhouding te versterk vir effektiewe intervensie.
	Maree en Ebersöhn (2007, p.317)	<i>Mutual responsibility and supportive relationship, where the adolescent and the career facilitator work together to achieve career development tasks such as exploration of career knowledge and self-knowledge.</i>	Die liggaamsportret-tegniek het die geleentheid geskep tydens die intervensie dat kliënte leiding kon ontvang ten opsigte van besluitnemingsvaardighede en werksoekvaardighede.
			Soos genoem, was 'n samewerkende klient-terapeut verhouding sigbaar wat bygedra het tot die bemeestering van relevante ontwikkelingsake tydens die liggaamsportret-sessie.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
2.1.2 Beplanning en afneem van individuele- en groepsassessering tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Athanasou (2007, p.15)	<i>Post-modern approaches emphasize assessments as providing pieces of information to be woven into a client's story to form a more holistic and integrative picture of the client.</i>	Verskeie postmoderne tegnieke (vermoëns-, persoonlikheids- en belangstellingswerkskaarte) is ingeskakel om die leerders te assesser as aanvoering tot die liggaamsportret-tegniek om sodoende 'n holistiese beeld van hul bates en hindernisse te verkry.
	Bischof en Alexander (2008, p. 8-9)	<i>Psychological assessment techniques and tests are also used to help the career counsellor identify the client's specific vocational interests, personality traits and abilities and thereby recommend certain occupations.</i>	Tydens die studie is aktiwiteite ingeskakel om kliënte leiding te gee om hul belangstellings, persoonlikheid en vermoëns te identifiseer. Die inligting van die aktiwiteite was gepas vir die liggaamsportrette wat weer indirek gehelp het met die vorming van kliënte se beroepskeuses.
	Bischof en Alexander (2008, p.15)	<i>Narrative group career assessment can be highly effective in empowering learners from disadvantaged communities towards independent career decision making, and assist learners to deal with potential career barriers.</i>	Die gebruik van die liggaamsportret-tegniek en ander postmoderne tegnieke het die kliënte van die sekondêre skool bemagtig tydens die loopbaanbeplanningproses.
	Lamprecht (2002, p. 124)	<i>Qualitative assessment relies on continuous assessment by means of creative, non-testing techniques, with the aim of gaining in-depth insight into the unique personal profiles of clients.</i>	Die liggaamsportret-tegniek het vanuit die studie as 'n kreatiewe en nie-bedreigende tegniek voorgekom. Verder het die tegniek gehelp om 'n diepgaande kennis van kliënte te verkry.
2.1.3 Beplanning en uitvoering van individuele- en groepsintervensie tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Maree en Ebersöhn (2007, p.317)	<i>Post-modern career development practice emphasise the role of the counsellor as facilitator of the adolescent's life choice and development...</i>	Die liggaamsportret-tegniek het aan die terapeut die geleentheid gebied om as fasiliteerder op te tree tydens die kliënte se loopbaanbeplanning.
	Maree en Ebersöhn (2007, p.319)	<i>...assist adolescents taking their first steps in career planning; help adolescents negotiate major life transitions (e.g. choosing a career at the end of their Grade twelve year); ...</i>	Liggaamsportrette het tydens intervensie loopbaancomponente, soos vak- en loopbaankeuses, aangespreek.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
	Stead en Subich (2006, p.90)	<i>...choosing interventions that are culturally appropriate for an individual, will maximise desired outcomes.</i>	Die keuse om die liggaamsportret-tegniek te gebruik tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering het die bereiking van intervensie-doelwitte moontlik gemaak.
2.1.4 Die plek van inligting en hulpbronne van loopbane tydens kruis-kulturele lewensontwerp tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	NCDA (1997)  Stead en Subich (2006, p.84)	<i>Demonstration of knowledge of: Education, training and employment trends, resources that provide information about job tasks, functions, salaries, requirements and future outlooks to broad occupational fields...</i>  <i>In the domain of information and resources the career counsellor must have knowledge of current trends in employment, education and training, of the skills needed by clients for life and work planning, of community resources, ...</i>	Kliënte het tydens die liggaamsportret-sessie die geleentheid gekry om hul beroepskennis te verbreed deur die navorsing van loopbaanhulpbronne.  As deel van die liggaamsportret-sessie is inligting verskaf (beroepsinligting, beroepsvaardighede, opleidingsvereistes).
2.1.5 Die vermoë om met 'n diverse populasie te werk tydens kruis-kulturele lewensontwerp tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Bischof en Alexander (2008, p. 15)  NCDA (1997, p.6)	<i>Counsellors and assessors ideally need to be aware of the implications of working in a diverse context and play a more active role in engaging with learners to assist them in understanding their narratives, life career journeys and to help them make sense of their experiences.</i>  <i>Working with diverse populations... demonstration of ability to:</i> <ul style="list-style-type: none"> <li><i>Define career development programs to accommodate needs unique to various diverse populations.</i></li> <li><i>Find appropriate methods to communicate with limited-English-proficient individuals.</i></li> <li><i>Identify alternative approaches to meet career planning needs for individuals of various diverse populations.</i></li> </ul>	Deur die gebruik van die liggaamsportret-tegniek kon die terapeut 'n meer aktiewe rol inneem en op dié manier elke kliënt help om sy loopbaan te beplan.  Die liggaamsportret-tegniek was 'n bruikbare en buigbare tegniek aangesien die tegniek aangepas kon word om kliënte se behoeftes aan te spreek, taalhinderisse te oorbrug en hulle te help met loopbaanbeplanning.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
	Stead en Subich (2006, p.84)	<i>In the area diverse populations, professionals are required to demonstrate knowledge of identity development and multicultural counselling, the ability to conduct programmes relevant to different populations, the ability to identify community resources, ...</i>	Die liggaamsportret-tegniek het aan die terapeut die geleentheid gebied om haar kennis rakende selfkennis te demonstreer. Verder het die tegniek ook aan die terapeut die geleentheid gebied om 'n loopbaanfasiliterings-intervensie te kon uitvoer deur gebruik te maak van hulpbronne in die kliënte se omgewing.
2.1.6 Die gebruik van kennis rakende loopbaanontwikkelings-teorieë tydens kruis-kulturele lewensontwerp tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	<p>Maree en Ebersöhn (2007, p.320)</p> <p>NCDA (1997, p.3)</p> <p>Watson en Stead (2006b, p.53)</p>	<p><i>... the life-span approach (Super, 1990) offers the most useful perspective on culturally diverse adolescents populations.</i></p> <p><i>Theory base and knowledge considered essential for professionals engaging in career counselling and development. Demonstration of knowledge of: Counselling theories and associated techniques and theories and models of career development.</i></p> <p><i>South African research... has implicitly accepted the validity of Super's theory...</i></p>	<p>Die lewensduur-lewensruimte-teorie was die fondasie waarop die liggaamsportret-tegniek gebaseer is. Deur effektiewe gebruik van die tegniek blyk dit dat die tegniek op grond van hierdie teorie effektief werk by adollesente van diverse populasies.</p> <p>Deur gebruik van die liggaamsportret-tegniek is die beoefening van loopbaanteorieë en modelle geopenbaar.</p> <p>Super (1980) se lewensduur-lewensruimte-teorie het as fondasie gedien vir die interventie. Die liggaamsportret-tegniek kon effektief toegepas word op die teorie deurdat selfkennis by kliënte verryk is, die kliënte beroepskennis ontvang het en die kliënte 'n ingeligte beroepskeuse kon uitvoer.</p>

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 2.2: Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</b>			
2.2.1 Geleentheid om die ondersoekfase (beroepsverkenning) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Rojewski (2007, p.92)	<i>The exploration stage is a time of particular importance in developing and crystallising vocational (and educational) aspirations.</i>	Deur toepassing van die liggaamsportret-tegniek het kliënte geleentheid gekry vir die beoefening van die ondersoekfase.
	Rojewski (2007, p.92)	<i>Successful resolution of the tasks posed in the exploration stage are characterised by a progressive narrowing of career options, from fantasizing about possible careers to identifying tentative options, to decisions about career choice.</i>	Aan die hand van die liggaamsportret-tegniek is verskeie aspekte van loopbaanfasilitering aangespreek, naamlik vakkeuses, beroepsopsies en beroepskeuses.
	Rojewski (2007, p.93)	<i>... both educational aspirations and academic performance influence occupational choice.</i>	Tydens die ondersoekfase is die verwantskap tussen akademiese prestasie en voorkeurberoepe aan die hand van liggaamsportrette gedemonstreer.
2.2.2 Geleentheid om die groeifase (selfkennis) te bemeester tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.246)	<i>By engaging in diverse activities, individuals come to learn which abilities and interests they prefer to exercise.</i>	Deur gebruik te maak van die liggaamsportret-tegniek is kliënte gelei tot selfkennis deurdat hulle hul vermoëns, belangstellings, persoonlikheidseienskappe asook fisieke eienskappe geïdentifiseer het.
	Watson en Stead (2006b, p.53)	<i>Super's dictum of 'until you know who you are, you won't know what you can become' emphasises the critical concept of self in career development. There is a clear sequence here: it is through knowing who one is that one establishes what one can become.</i>	Kliënte kon deur die liggaamsportrette bepaal wie hulle is (selfkennis) en dit het hulle in staat gestel om te bepaal wat hulle wil word deur die maak van beroepskeuses.
	Schreuder en Coetzee (2011, p.70)	<i>Self-knowledge is the cornerstone of successful career planning. Personal qualities include interests, values and proficiency.</i>	Liggaamsportrette het selfkennis by kliënte gefasiliteer en daardeur is persoonlike kwaliteite aangedui.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
2.2.3 Geleentheid om selfwerksaamheid te ontwikkel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Rojewski (2007, p.92)  Watson en Stead (2006a, p.23)	<i>Self-efficacy is seen as a central factor in career decision-making as it helps 'determine individuals' willingness to initiate specific behaviours, their persistence in the face of obstacles or barriers, and their level of competence in executing the behaviours.</i>  <i>Career tasks are more likely to be attempted and successfully accomplished if individuals believe that they can do this.</i>	Tydens die liggaamsportret-sessie het kliënte selfwerksaamheid beoefen deurdat hulle betrokke was by loopbaanaktiwiteite waarin hulle geglo het hulle kan hul gedrag om take aan te pak. Kliënte het gedemonstreer dat hulle oor die vermoë beskik om loopbaantake te voltooi (byvoorbeeld beroepskeuse te maak).  Kliënte het tydens die studie loopbaantake van die liggaamsportret-tegniek en betrokke aktiwiteite met sukses voltooi deurdat hulle selfwerksaamheid openbaar het.
2.2.4 Geleentheid om loopbaandoelwitte te stel tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Louw <i>et al.</i> (2007, p.324)  Watson en Stead (2006a, p.23)	<i>Individuals can give direction to their own lives by having some future outcome for their behaviours in mind. People who do not set goals for themselves will lack direction.</i>  <i>Goals reflect individuals' determination to undertake a particular activity or to reach a particular outcome.</i>	Doelwitstelling as 'n loopbaanvaardigheid, is tydens die liggaamsportret-tegniek met die kliënte behandel.  Die liggaamsportret-tegniek het geleenthede verskaf om kliënte in te lig oor doelwitte. Hulle kon praktiese, konkrete doelwitte stel vir hulle ideale beroepe van die toekoms.
2.2.5 Geleentheid om loopbaanaanpasbaarheid te demonstreer tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.245)  Hartung (2007, p.108)	<i>The life-designing model aims to help individuals articulate and enact a career story that supports adaptive and flexible responses to developmental tasks.</i>  <i>... career adaptability... attends to developmental tasks and role transitions that individuals confront and the coping strategies that they use to deal with these changes.</i>	Tydens die liggaamsportret-tegniek kon kliënte loopbaanontwikkelingstake inoefen ten einde hulle loopbaantoekoms te kon beplan.  Kliënte kon moontlike hindernisse tydens ontwikkelingstake antisipeer deur gebruik te maak van hanteringsvaardighede. Loopbaanaanpasbaarheid is sodoende ingesluit in die liggaamsportret-tegniek.
2.2.6 Geleentheid om uitkomsverwagtings te openbaar tydens	Watson en Stead (2006a, p.23)	<i>... focuses on the question 'If I do it, what will happen?' or 'Will I like the results if I do it?', if the answer to the questions implies</i>	Uitkomsverwagtings was sigbaar tydens die liggaamsportret-tegniek deurdat kliënte hul loopbane beplan het (deur aan

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool		<i>positive outcomes then individuals are more likely to attempt the behaviours involved.</i>	loopbaanaspekte soos vakkeuses en opsies van opleidingsinstansies) aandag te skenk.
<b>Subtema 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool</b>			
2.3.1 Insig rakende kliënte se konteksinvloede tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.244)	<i>The person should be encouraged to explore the life theatres in which the different roles may be perform and use the results of this exploration in the self-construction process.</i>	Kliënte se selfkennis was tydens die liggaamsportret-sessie aangespreek deur te verwys na die manier waarop die kliënte se verskillende lewensrolle hulle selfkennis kon beïnvloed en vorm.
	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.244)	<i>All roles and environments relevant to the person should become part of the intervention that constructs career stories and builds lives.</i>	Die liggaamsportret-tegniek en ander aktiwiteite (vermoëns-, belangstellings- en persoonlikheidwerkskaarte; beroepskennis-werkskaart) is aangebied om aan kliënte geleenthede te bied om bewus te wees van hul konteks en die invloed wat dit het op hul persoonlike ontwikkeling, en ook hul loopbaankeuses.
	Patton en Porfeli (2007, p.60)	<i>Choosing a career is not an objective process and does not occur in a vacuum; it is intricately linked to the systems, family, social, national and global, in which individuals operate and in which the process of career development operates.</i>	Die liggaamsportret-tegniek was bruikbaar tydens die intervensie omrede die tegniek die terapeut en kliënte gelei het om bewus te wees van die kliënte se konteks waarbinne hulle funksioneer asook die invloed wat dit op hulle loopbaanbeplanning het.
2.3.2 Holistiese benadering van die kliënt tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool	Maree en Ebersöhn (2007, p.314)	<i>... career development constitutes a facilitative process whereby we view adolescents in totality – aware of strengths and deficits internally and externally.</i>	Die liggaamsportret-tegniek is so toegepas dat 'n holistiese beeld van kliënte verkry is.
	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.244)	<i>... holistic approach to designing a life... means that, although the vocational aspects related to the work and student roles are at the centre of attention, other important life roles such as family members, citizen, and hobbyist should be taken into account.</i>	Deur middel van die liggaamsportret-tegniek is 'n holistiese siening van die kliënte verkry deur ander rolle van die kliënte se lewens aan te spreek.

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Interpretasie en bespreking
2.3.3 Voorkomende, pro-aktiewe optrede tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.241)	<i>The objective... is to resolve problems that may arise as individuals build their lives, by matching their needs to those of the contexts, in particular the context of work activities.</i>	Aan die hand van die liggaamsportret-tegniek kon kliënte die toekoms beskou deur moontlike loopbaanhindernisse (soos finansiële ondersteuning vir tersiêre opleiding) aan te spreek met moontlike oplossings.
	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.245)	<i>Vocational guidance should also include a markedly preventive role.</i>	Bepaling van vakkeuses om bepaalde loopbaanvelde na te volg was voorkomende pro-aktiewe optrede deur die kliënte tydens die liggaamsportret-sessie.
	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.245)	<i>In the framework of life-design counselling this means taking an interest in people's future much earlier than when they have to face the difficulties of transitions, so that their actual choice opportunities can be increased, ...</i>	Deur die liggaamsportret-tegniek met Graad 9 adolessente te gebruik kon voorkomende optrede hindernisse en veranderings vroegtydig met die kliënte hanteer en hul loopbaanopsies ten opsigte van die verskillende loopbaan Komponente verbreed.
2.3.4 Lewenslange loopbaanfasilitering tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool	Savickas <i>et al.</i> (2009, p.244)	<i>Life designing ... should also help them to determine for themselves which skills and knowledge they value in their lifelong development and then help them to determine "how" (the needed method), "who" (the person or specialist that can give the support), "where" (the environment in which it should take place), and "when" (the best moment for the intervention) these skills and knowledge may be acquired.</i>	Kliënte het tydens die liggaamsportret-sessie hulle vaardighede en eienskappe ontdek, maar ook die vaardighede en eienskappe wat hulle benodig het vir lewenslange loopbaanontwikkeling om sodoende hul gekose beroepe te kan beoefen in die toekoms.
	Athanasou (2007, p.26)	<i>Life career development is a life-long, spiralling process.</i>	Met behulp van die liggaamsportret-tegniek kon elke kliënt sy loopbaan toekoms beplan.

Tabel 5.1 beklemtoon verskeie ooreenkomste tussen bestaande literatuur (oor kruis-kulturele sielkunde en loopbaanfasilitering) en hierdie studie se resultate. Vervolgens bespreek ek hierdie ooreenkomste.

### 5.2.1.1 Kruis-kulturele bekwaamheid van 'n terapeut tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie

Verskeie ooreenkomste is gevind tussen bestaande literatuur en die kruis-kulturele bekwaamheid van die terapeut tydens gebruik van die liggaamsportret-tegniek. Soos Collins en Arthur (2010a) het ek bevind dat 'n *kultureel sensitiewe samewerkende alliansie* sentraal is tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering, en moontlik is wanneer die liggaamsportret-tegniek gebruik word. Die tegniek het Bordin (1983) se drie konsepte vir samewerkende alliansie gefasiliteer deurdat terapeutiese doelwitte gestel is, die terapeut en kliënte se take geallokeer is en 'n produktiewe samewerkende verhouding sigbaar was. Die liggaamsportret-tegniek het geleenthede geskep vir die terapeut om 'n *selfbewussyn te ontwikkel* en te verhoog, wat Collins en Arthur (2010b) aandui as die fondasie van kruis-kulturele bekwaamheid tydens kruis-kulturele sielkunde.

Die liggaamsportret-tegniek was effektief omrede die tegniek met die hulp van ander aktiwiteite gelei het tot begripvorming van die kliënte se wêreldbeskouings (Sue *et al.*, 1992; Sue *et al.*, 2009). Die liggaamsportret-tegniek het aan die terapeut die geleentheid gebied om kulturele rol-aanneming (Sue & Sue, 2008) te beoefen deurdat sy aktief kon poog om begrip en kennis van die kliënte se wêreldbeskouings te vorm.

Heppner (2006) verduidelik dat kruis-kulturele bekwaamheid geleentheid bied vir *terapie vir loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing*. Vanuit die studie is bevind dat die terapeut kruis-kulturele bekwaamhede kon benut tydens liggaamsportret-sessies. Die liggaamsportret-tegniek het gelei tot die oorbrugging van taalhindernisse tydens die intervensie, en het ook geleenthede geskep vir aktiewe betrokkenheid van die kliënte. Laastens was die tegniek toepaslik deurdat loopbaandoelwitte van die kliënte bepaal kon word (Sue & Sue, 2008).

### 5.2.1.2 Kommunikasie tydens 'n kruis-kulturele liggaamsportret-sessie

Ooreenkomste is gevind met bestaande kennis rakende die belang van verbale en nie-verbale kommunikasiestyle in kruis-kulturele loopbaanfasilitering, soos aangedui in Tabel 5.1. Sue en Sue (2008) verduidelik dat individue nabye proksemika (*nie-verbale kommunikasie*) toelaat wanneer die individu van 'n ander persoon hou. Die liggaamsportret-tegniek in kombinasie met ander aktiwiteite het geleentheid geskep vir positiewe proksemika tussen die terapeut en kliënte. Verder verduidelik Fernandez *et al.* (2002) dat die inhoud van gesprekke versterk kan word deur die inskakeling van nie-verbale gedrag. Vanuit die studie het ek bevind dat nie-verbale kommunikasie (soos oogkontak en

handgebare) tussen die terapeut en kliënte moontlik was, en ook loopbaanfasilitering moontlik gemaak het, tydens die liggaamportret-sessie.

*Verbale kommunikasie* sluit die gebruik van 'n tolk in om boodskappe tussen terapeut en kliënte te vertaal na die kliënte se primêre taal (Louw, 2004). Die liggaamportret-tegniek het ruimte gelaat vir die terapeut om 'n tolk te gebruik vir vertaling. Hierdie vorm van verbale kommunikasie het taalhindernisse oorbrug, en dus loopbaanfasilitering bevorder.

### 5.2.1.3 Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut tydens kruis-kulturele lewensontwerp

NCCA (1997) dui aan dat die skepping en instandhouding van 'n produktiewe verhouding tussen die terapeut en kliënt 'n *beradingsvaardigheid* is. Ek het bevind dat die kliënt-terapeut verhouding versterk is deur die gebruik van die liggaamportret-tegniek in kombinasie met 'n verskeidenheid narratiewe en postmoderne tegnieke (beroepsleiding-kaartsortering en kwadrantkaarte). Die terapeut en kliënte se samewerkende verhouding (Maree & Ebersöhn, 2007) het moontlik bygedra tot die voltooiing van ontwikkelingstake. Ander beradingsvaardighede as gevolg van die liggaamportret-tegniek, soos deur NCCA (1997) aanbeveel, wat tydens die studie beoefen is, is besluitnemings- en werksoekvaardighede.

Athanasou (2007) verduidelik dat die gebruik van postmoderne benaderings tot *assessering* 'n holistiese en geïntegreerde beeld van die kliënt kan bied. Tydens hierdie studie is gevind dat die assesserings van die kliënte 'n holistiese beeld van elke kliënt se bates en hindernisse verskaf het. Soos Lamprecht (2002) het ek tydens die studie bevind dat kwalitatiewe assessering 'n diepgaande profiel van kliënte gebied het deur die identifisering van kliënte se belangstellings, persoonlikhede en vermoëns (Bischof & Alexander, 2008).

Maree en Ebersöhn (2007) verduidelik dat 'n kliënt tydens *loopbaanintervensie* ondersteun moet word vir loopbaanbeplanning. In hierdie studie kon loopbaan Komponente aangespreek word, soos vak- en loopbaankeuses, met die hulp van die liggaamportret-tegniek. Postmoderne loopbaanontwikkeling beklemtoon die terapeut se rol as fasiliteerder (Maree & Ebersöhn, 2007). In dié verband is bevind dat die liggaamportret-tegniek aan die terapeut die geleentheid gebied het om in die rol van fasiliteerder op te tree tydens die studie.

NCCA (1997) beveel aan dat *beroepsinligting* voorsien word en 'n loopbaanvaardigheid van terapeute moet wees. Tydens 'n gedeelte van die liggaamportret-sessie is inligting van verskeie beroepe verskaf. 'n Verdere loopbaanvaardigheid hou verband daarmee om met *diverse populasies* te werk. Daarom

beveel NCD (1997) aan dat terapeutiese intervensieprogramme moet opstel om aan kliënte se behoeftes te voldoen en maniere moet vind om taalhindernisse te oorbrug. In hierdie studie is die gebruik van die liggaamsportret-tegniek tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering aangepas om taalhindernisse te oorbrug en kliënte te ondersteun ten opsigte van loopbaanbeplanning (Bishop & Alexander, 2008).

Tydens die werk met diverse populasies is die *lewensduur-lewensruimte-teorie* ingeskakel. Watson en Stead (2006b) dui aan dat Suid-Afrikaanse navorsers Super se teorie (Super, 1980) as kredietwaardig aanvaar. Die toepassing van die teorie het as fondasie vir die intervensie gedien. Die gebruik van die liggaamsportret-tegniek ten opsigte van hierdie teorie het op die wyse tot effektiewe loopbaanfasilitering gelei waar kliënte selfkennis en beroepskennis kon verken ten einde ingeligte beroepskeuses te kon maak.

#### 5.2.1.4 Loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte tydens kruis-kulturele lewensontwerp

Tydens hierdie studie kon verskeie ooreenkomste rakende loopbaanfasiliteringsmomente van kliënte geïdentifiseer word. Rojewski (2007) verduidelik dat die *ondersoekfase* belangrik is vir die ontwikkeling en kristallisering van loopbaanaspirasies. Deur middel van die liggaamsportret-tegniek kon kliënte in hierdie studie die geleentheid kry om die ondersoekfase te bemeester deur die volgende aspekte van loopbaanfasilitering aan te spreek: vakkeuses, beroepsopsies en beroepskeuses (Rojewski, 2007). Die ontwikkeling van *selfkennis* tydens die groeifase, is die hoeksteen van suksesvolle loopbaanbeplanning (Schreuder & Coetzee, 2011). Deur gebruik te maak van die liggaamsportret-tegniek is kliënte se selfkennis versterk deurdat verskeie aspekte (soos vermoëns, belangstellings en persoonlikheid) aangespreek is.

*Selfwerkzaamheid* verwys na loopbaantake wat kliënte aanpak of suksesvol voltooi omdat hulle glo hulle kan dit doen (Watson & Stead, 2006a). Tydens die liggaamsportret-sessie het kliënte selfwerkzaamheid beoefen deurdat hulle betrokke was by loopbaanaktiwiteite. Hulle het hulle gerig om take aan te pak en loopbaantake te voltooi (byvoorbeeld beroepskeusedoelwitte in te oefen). Louw *et al.* (2007) verduidelik dat kliënte rigting aan hul lewe kan gee deur middel van *toekomsuitkomst (doelwitte)*. Doelwitstelling was tydens die liggaamsportret-tegniek met die kliënte behandel deur hulle te help om konkrete doelwitte te stel vir hulle ideale beroepe in die toekoms. Vervolgens het kliënte *loopbaanaanpasbaarheid* tydens die liggaamsportret-tegniek geopenbaar deurdat hulle loopbaanontwikkelingstake kon uitvoer ten einde hulle loopbaantoekoms te beplan (Savickas *et al.*, 2009). Watson en Stead (2006a) verduidelik dat kliënte laastens positiewe *uitkomsverwagtings* ervaar wanneer hulle positiewe uitkomst rakende bepaalde beroepe ervaar. In hierdie studie was positiewe

uitkomsverwagtings sigbaar tydens die liggaamsportret-tegniek deurdat kliënte hul loopbane beplan het (soos vakkeuses en opsies van opleidingsinstansies) deur aan loopbaanaspekte aandag te skenk.

### 5.2.1.5 Ontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek vir kruis-kulturele sielkunde

Soos Savickas *et al.* (2009) aandui moet kliënte aangemoedig word om hul lewensteaters te ondersoek. Deur die liggaamsportret-tegniek is die terapeut en kliënte gelei om bewus te wees van kliënte se konteksinvloede. Savickas *et al.* (2009) verduidelik dat belangrike lewensrolle (byvoorbeeld familielede, stokperdjies) van kliënte ondersoek moet word om 'n *holistiese beeld* van kliënte te verkry. Die liggaamsportret-tegniek in kombinasie met ander narratiewe en postmoderne aktiwiteite is aangebied sodat 'n holistiese beeld van kliënte en hul omgewings verkry kon word. Met hierdie tegniek is die holistiese beeld van kliënte verder ondersoek deur die kliënte se bates en hindernisse ten opsigte van loopbaanontwikkeling te bepaal (Maree & Ebersöhn, 2007).

Bestaande literatuur dui verder aan dat loopbaanfasilitering 'n *voorkomende, pro-aktiewe rol* moet insluit (Savickas *et al.*, 2009). Aan die hand van die liggaamsportret-tegniek het kliënte die geleentheid verkry om hul toekoms te beskou en hindernisse (soos beperkte finansies vir tersiêre opleiding) te identifiseer en alternatiewe te oorweeg. Athanasou (2007) verduidelik dat loopbaanfasilitering 'n *lewenslange proses* is. Met die hulp van die liggaamsportret kon kliënte hulle loopbaantoekoms beplan ten einde voorbereid te wees om lewenslange loopbaanfasilitering te beoefen.

## 5.2.2 TEENSTRYDIGHEDE TUSSEN BEVINDINGS EN BESTAANDE KENNIS

Tabel 5.2 verskaf 'n oorsig van teenstrydighede tussen bestaande literatuur en die bevindings van hierdie studie.

**Tabel 5.2: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Teenstrydige bewyse**

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Teenstrydigheid met bestaande kennis en bevindings	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 2.1: Loopbaanfasiliteringsvaardighede van die terapeut weerspieël tydens kruis-kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool</b>				
2.1.3 Die beplanning en uitvoering van individuele- en groepsintervensie tydens kruis-	Brown en Krane (in Stead & Subich, 2006, p.85)	<i>... critical component to career interventions: Using writing assignments.</i>	In teenstelling het ek bevind dat geskrewe aktiwiteite kliënte kniehalter vanweë taalhindernisse en was aktiewe, fisiese en	'n Moontlikheid vir hierdie teenstrydigheid kan wees dat navorsers nie kruis-kulturele faktore tydens loopbaanfasiliterings-

Kategorie	Outeur en jaar	Bestaande kennis	Teenstrydigheid met bestaande kennis en bevindings	Interpretasie en bespreking
kulturele lewensontwerp in 'n plattelandse sekondêre skool			konkrete aktiwiteite meer geslaagd.	literatuur in ag geneem het nie.
2.1.6 Die gebruik van kennis rakende loopbaanontwikkelingsteorieë tydens kruis-kulturele lewensontwerp	Louw <i>et al.</i> (2007, p.324)	<i>South African researchers on career development are of opinion that the theories of ... and Super do not take sufficient account of contextual factors, such as culture and socio-economic status.</i>	In teenstelling het ek gevind dat Super se teorie effektief gebruik is met die liggaamsportret-tegniek tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering deurdat konteksinvloede in ag geneem is en 'n holistiese beeld van die kliënte verkry is.	'n Moontlike verklaring vir die teenstrydigheid kan wees (i) dat die liggaamsportret-tegniek dit leen tot die identifisering van konteksinvloede en (ii) dat die lewensontwerpbenedering spesifiek fokus op die konteksinvloede van kliënte en die vorming van 'n holistiese beeld van kliënte.
<b>Subtema 2.3: Lewensontwerp as loopbaanfasiliteringstegniek</b>				
2.3.4 Lewenslange loopbaanfasilitering tydens kruis-kulturele sielkunde in 'n plattelandse sekondêre skool	Sue en Sue (2008, p.150)	<i>Many clients of lower socioeconomic status are unable to relate to the future orientation of therapy.</i>	In teenstelling het ek gevind dat die kliënte van die plattelandse sekondêre skool wel oor die vermoë beskik het om toekomsgeoriënteerde gedrag te openbaar tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering.	'n Moontlike verklaring van die teenstrydigheid kan toegeskryf word aan die moontlikheid van die liggaamsportret-tegniek om toekomsgeoriënteerde gedrag by kliënte te vestig.

In Tabel 5.2 word aangedui dat Brown en Krane (in Stead & Subich, 2006) van opinie is dat geskrewe aktiwiteite 'n kritiese komponent is vir loopbaanintervensie. Ek het egter bevind dat, vanweë taalhindernisse (en moontlike opvoedkundige agterstande), geskrewe aktiwiteite kliënte eerder verhinder het om aktief aan loopbaanfasilitering deel te neem. 'n Moontlike rede vir hierdie teenstrydigheid kan wees dat navorsers dalk nie altyd kruis-kulturele faktore in ag neem wanneer loopbaanfasiliteringsliteratuur saamgestel word nie. Hierdie is egter slegs 'n hipotese, wat voortgesette navorsing vereis.

Literatuur (Louw *et al.*, 2007) dui verder aan dat Super se lewensduur-lewensruimte-teorie nie kontekstuele invloede in ag neem nie. My bevindings dui egter daarop dat spesifieke konteksinvloede

wel in ag geneem is tydens die studie, waar die bepaalde teorie as fondasie gedien het. 'n Moontlike rede vir die teenstrydigheid kan dalk verband hou met die inskakeling van die liggaamsportret-tegniek, wat binne die lewensontwerp-benadering spesifiek konteksinvloede van kliënte in ag neem. Hierdie hipotese verdien verdere ondersoek.

Sue en Sue (2008) is van opinie dat kliënte van laer sosio-ekonomiese omstandighede hulle nie kan vereenselwig met toekomsgeoriënteerde terapie nie. Tydens hierdie studie het die kliënte van 'n omgewing arm aan hulpbronne wel oor die vermoë beskik om effektief hulle toekoms te beplan. Die teenstrydigheid kan moontlik verklaar word deurdat die liggaamsportret-tegniek toekomsgeoriënteerde gedrag by kliënte sal vestig. Hierdie moontlike verklaring is egter bloot 'n hipotese wat verder nagevors kan word.

### 5.2.3 STILTES IN DIE BEVINDINGS TEENOR BESTAANDE KENNIS

In die volgende afdeling word kategorieë bespreek wat nie in die databronne voorgekom het nie (stiltes in die studie). Tabel 5.3 verskaf 'n oorsig oor die stiltes wat ek geïdentifiseer het.

Tabel 5.3: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Stiltes in die data

Kategorie	Outeur en jaar	Interpretasie en bespreking
<b>Subtema 1.3: Hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid</b>		
Etnosentrisme	Hepner (2006) Marsella en Pedersen (2004)	Die afwesigheid van etnosentrisme dui daarop dat die gebruik van die liggaamsportret-tegniek dit moontlik gemaak het dat die terapeut skynbaar kruis-kultureel bekwaam opgetree het tydens die intervensie deurdat sy nie kliënte beoordeel het aan haar eie standaarde nie.
Xenofobie	Hepner (2006)	Die afwesigheid van die kategorie in die data kan tweeledig wees. Eerstens het die kliënte die liggaamsportret-tegniek nie as vreemd of anders bestempel nie en het eerder positiewe reaksie getoon oor die gebruik van die tegniek. Tweedens was die afwesigheid van xenofobiese gedrag in die terapeut-kliënt verhouding moontlik weens die liggaamsportret-tegniek se bydrae tot die vestiging van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie.
Moeisaam om ander se wêreldsienings te aanvaar	Hepner (2006) Louw (2004)	Die liggaamsportret-tegniek het die aanvaarding van mekaar se wêreldsienings (terapeut en kliënte) gefasiliteer. Geen afkeur in

Kategorie	Outeur en jaar	Interpretasie en bespreking
		mekaar se wêreldsienings was sigbaar tydens die beoefening van die liggaamsportret-tegniek nie. Die rede vir die stilte kan tweeledig wees. Eerstens was daar 'n kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen die terapeut en kliënte wat negatiewe oomblikke kon verminder het. Tweedens wil dit voorkom of die terapeut 'n definitiewe poging aangewend het om begrip en kennis van die kliënt se wêreldbeskouing te verkry asook dit te aanvaar en te respekteer.
Aanvaar verskille tussen kulture bloot as andersheid	Heppner (2006)	Soos voorheen gemeld is negatiewe oomblikke soos die vermoë om nie andersheid tussen kulture te aanvaar nie in die data gesoek. Die stilte van die kategorie mag moontlik wees weens die feit dat die liggaamsportret-tegniek kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tussen terapeut en kliënte kon fasiliteer tydens die intervensie.
Universaliteitsaannames	Cheung (2000) Heppner (2006)	Die kategorie het nie in die data na vore gekom nie. Vanweë die liggaamsportret-tegniek se praktiese en kruis-kulturele toepaslikheid was dit nie nodig om universele aannames te maak nie.
Sosio-ekonomiese veranderlikes	Sue en Sue, 2003	Die stilte van die negatiewe invloed van verskille in sosio-ekonomiese klasse kan waarskynlik toegeskryf word aan: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die feit dat die intervensie in die leerders se omgewing plaasgevind het en hulle nie bewus was van die terapeut se agtergrond nie.</li> <li>• Die feit dat goeie verhoudings tussen die terapeut en kliënte bestaan het wat moontlik gelei het tot wedersydige aanvaarding.</li> </ul>
Taal- en kommunikasie hindernisse tydens intervensie vanweë verskillende primêre tale	Maree <i>et al.</i> (2006) Sue en Sue (2008)	Die liggaamsportret-tegniek is met die hulp van verbale- en nie-verbale kommunikasiestyle toegepas sodat taal- en kommunikasie hindernisse nie opmerklik was tydens die intervensie nie.
<b>Subtema 1.4: Geleentheid van kruis-kulturele bekwaamheid</b>		
Verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis	Heppner (2006)	Die moontlikheid vir die stilte van hierdie kategorie in die data kan wees omdat dokumente gebruik is vir data-analise en daar nie spesifiek gefokus is op kruis-kulturele

Kategorie	Outeur en jaar	Interpretasie en bespreking
		navorsing en kennisbasis nie. Die tipe dokumente (databronne) kon ook nie gefokus het op die identifisering van kruis-kulturele navorsing en kennisbasis nie.
<b>Subtema 2.4: Hindernisse vir loopbaanfasilitering</b>		
Negatiewe sosiale invloed	Patton <i>et al.</i> (2006) Patton en Perfeli (2007)	Die stilte van geen negatiewe sosiale invloed wat geïdentifiseer is in die data kan toegeskryf word aan die leemte van die liggaamsportret-tegniek om hierdie aspekte aan te spreek. Verder kan die stilte verklaar word deur die feit dat daar nie oor negatiewe sosiale invloed in reflektiewe joernale gereflekteer is nie.
Negatiewe omgewings-gemeenskap invloed	Bischof en Alexander (2008)	Die stilte rondom negatiewe omgewings-gemeenskapinvloed kan waarskynlik toegeskryf word aan die leemte van die liggaamsportret-tegniek om hierdie aspekte aan te spreek. Verder mag die stilte teenwoordig wees in die data omdat die databronne oorspronklik nie gegeneer was vir navorsingsdoeleindes nie en daarom was daar nie spesifiek op die invloed gekonsentreer nie.
Hoë koste verbonde aan loopbaanfasilitering	Maree <i>et al.</i> (2006)	Vanweë die loopbaanfasilitering wat in groepsverband uitgevoer was asook verminderde loopbaanfasiliteringsessies is kostes aan loopbaanfasilitering verminder. Weer eens kon die tipe databronne wat ingeskakel is in die studie nie noodwendig fokus op die aanspreek van die stilte nie.

Vanuit bogenoemde tabel is bevind dat die subtemas “Hindernisse van kruis-kulturele bekwaamheid” en “Hindernisse vir loopbaanfasilitering” en die kategorie “Verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis” nie in die data sigbaar is nie. Die tipe databronne wat gebruik is in die studie kon moontlik nie gefokus het op die identifisering van kruis-kulturele navorsing en kennisbasis nie.

Die afwesigheid van “Etnosentrisme” in die studie kan moontlik toegeskryf word aan die terapeut se beoefening van kruis-kulturele bekwaamheid waar sy kennis en begrip vir kliënte se wêreldsiens ontwikkel het en dit nie beoordeel het nie. “Xenofobiese gedrag of denke” ten opsigte van die liggaamsportret-tegniek en die terapeut se teenwoordigheid is ook stil in die data. Die stiltes kan moontlik toegeskryf word aan die kliënte se aanvaarding van die liggaamsportret-tegniek. Verder kan die stilte oor xenofobie teenoor die terapeut moontlik verband hou met die kultureel sensitiewe samewerkende alliansie wat ’n gerespekteerde vertrouensverhouding tussen die terapeut en kliënte

verteenwoordig het. Die afwesigheid van die kategorie “Moeisaam om ander se wêreldsienings te aanvaar” kan waarskynlik toegeskryf word aan die liggaamsportret-tegniek se moontlikheid om die aanvaarding van mekaar se wêreldsiening (terapeut en kliënte) te fasiliteer. Die liggaamsportret-tegniek het moontlik, soos al gemeld, bygedra tot kultureel sensitiewe samewerkende alliansie wat die *“aanvaarding van verskille tussen kulture bloot as andersheid”* verder gefasiliteer het. Vervolgens kan die afwesigheid van “Universaliteitsaannames” dalk toegeskryf word aan die liggaamsportret-tegniek se effektiwiteit tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering, sodat die maak van universele aannames nie nodig was nie. Die feit dat “Sosio-ekonomiese veranderlikes” nie ’n rol gespeel het tydens die studie nie kan wees omdat die terapie in die kliënte se omgewing plaasgevind het en die kliënte onbewus was van moontlike sosio-ekonomiese verskille. Hierbenewens kan hierdie stilte moontlik toegeskryf word aan die positiewe terapeut-kliënt verhouding, as gevolg van die effektiewe praktyke van die liggaamsportret-tegniek, wat aanvaarding na vore gebring het. Die liggaamsportret-tegniek se moontlikheid om verbale en nie-verbale kommunikasiestyle te inkorporeer, mag moontlik “taal- en kommunikasie hindernisse” oorbrug. Al voormelde hipoteses kan verder nagevors word.

Die stilte van die kategorie “Verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis” tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering kan toegeskryf word aan die gebruik van dokumente. Die studie het nie primêr gefokus op die beoefening van kruis-kulturele bekwaamheid vir die uitbreiding van kruis-kulturele navorsing en kennisbasis nie.

Die stiltes van beide die “Negatiewe sosiale en negatiewe omgewings-gemeenskap invloede” kan toegeskryf word aan die liggaamsportret-tegniek se onvermoë om die aspekte aan te spreek. Die stilte kan ook moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar nie oor negatiewe invloede in reflektiewe joernale gereflekteer is nie. Die kategorie “Hoë koste verbonde aan loopbaanfasilitering” is stil in die data. Die stilte kan verklaar word deur kruis-kulturele loopbaanfasilitering wat in groepsverband uitgevoer is, verminderde intervensietyd en die tipe databronne van die studie wat nie gefokus het op die aanspreek van die stilte nie. Hierdie is egter blote hipoteses wat verdere ondersoek vereis.

#### 5.2.4 NUWE INSIGTE WAT VOORTSPRUIT UIT DIE STUDIE

In hierdie afdeling word bevindings bespreek wat as tentatiewe nuwe insigte beskou kan word. Ter inleiding verskaf Tabel 5.4 ’n opsomming van gebruike van liggaamsportrette in die veld van kruis-kulturele loopbaanfasilitering.

Tabel 5.4: Vergelyking van resultate met bestaande kennis: Nuwe insigte

Bestaande kennis	Outeur en jaar	Beskrywing	Interpretasie en bespreking
Bruikbaarheid van liggaamsportret te vir kruis-kulturele sielkunde	Ferreira <i>et al.</i> (2010, p. 197, 199)	<p><i>... investigated the potential use of the body map technique by educators in fulfilling their pastoral role.</i></p> <p><i>They perceived themselves to be in a better position to integrate their pastoral role with the other roles of educators, when implementing the body map technique in support of children in need of assistance.</i></p>	Die aanname kan gemaak word dat liggaamsportrette gebruik kan word deur onderwysers om (i) hul pastorale rol as onderwysers te beoefen en (ii) dat onderwysers die tegniek kan gebruik om leerders met spesiale behoeftes te ondersteun. Tydens die studie is bevind dat die tegniek bruikbaar was met kliënte uit 'n hulpbron-arm omgewing wat moontlik kan klassifiseer as kliënte met spesiale behoeftes.
	Solomon (2007, p.7)	<i>Body mapping can be used as a: Therapeutic tool: to develop fresh insights, find new directions and to explore identity and social relationships.</i>	Die afleiding kan gemaak word dat liggaamsportrette effektief gebruik kan word tydens terapie deurdat spesifieke toekomsoriëntasie, identiteitsontwikkeling en sosiale vaardighede aangespreek word. Tydens hierdie studie het die liggaamsportret-tegniek kliënte ook ondersteun met ontwikkeling van toekomsoriëntasie tydens loopbaanbeplanning. Kliënte se identiteite het ontwikkel deur die aanspreek van selfkennis. Die tegniek was tydens die studie effektief bruikbaar in groepverband en die kliënte het mekaar op 'n sosiale vlak ondersteun ten opsigte van elkeen se loopbaan-toekoms.
	Solomon (2007, p.7)	<i>Body mapping can be used as a: Treatment information and support tool: Body mapping works well as a workshop for people who are about to start ARV treatment. Body mapping workshops can also help people to understand their treatment better.</i>	Die liggaamsportret-tegniek kan effektiewe begeleiding gee aan kliënte wat gediagnoseer is met MIV en vigs rakende die verskeie prosesse wat hul moet ondergaan. Soos die voorgenoemde studie het kliënte deur die liggaamsportrette ondersteuning ontvang ten opsigte van hul mediese behandeling.

Bestaande kennis	Outeur en jaar	Beskrywing	Interpretasie en bespreking
	Solomon (2007, p.7)	<p><i>Body mapping can be used as a: Inter-generational dialogue tool: Body mapping helps people of different generations to talk to each other.</i></p>	<p>Tydens my studie het die liggaamsportret-tegniek die kliënte ook ondersteun sodat 'n beter begrip gevorm is van die loopbaanfasilitering (hulle 'behandeling') met sy onderskeie doelwitte.</p> <p>Die liggaamsportret-tegniek is 'n tegniek wat generasies oorbrug. Dis veral handig wanneer die terapeut en kliënte verskil in ouderdom en sienings. Daarom kan die terapeutiese proses nie benadeel word deur generasie-verskille nie. Vanuit my studie het ek gevind dat die liggaamsportret-tegniek wel generasiegapings oorbrug. Die terapeut se ontwikkelingsfase en agtergrond het verskil van die kliënte maar deur die liggaamsportret-tegniek kon die terapeut en kliënte gemaklik kommunikeer sonder die ervaring van generasie-hindernisse.</p>
	Solomon (2007, p.7)	<p><i>Body mapping can be used as a: Team building tool: Body maps can be used to build positive group relationships and to help people in the group appreciate their difference.</i></p>	<p>Die liggaamsportret-tegniek ondersteun die fasilitering van groepskohesie en werk effektief in 'n groepsituasie. Vanuit die studie is bevind dat die liggaamsportret-tegniek wel effektief in groepsverband werk. 'n Positiewe kultureel sensitiewe samewerkende alliansie was sigbaar tussen terapeut en kliënte tydens die gebruik van die liggaamsportrette. Die kliënte het aanvaarding getoon teenoor mekaar se verskille (fisieke voorkoms, belangstellings, vermoëns, persoonlikheid en beroepskeuses) wat aangedui was deur die liggaamsportrette.</p>

Bestaande kennis	Outeur en jaar	Beskrywing	Interpretasie en bespreking
<p>Narratiewe en postmoderne tegnieke vir loopbaanfasilitering</p>	<p>Ebersöhn (2010, p. 392)</p>	<p><i>The quadrant map has utility for career counsellors assisting clients to design lives in which available resources can be used to address adversity.</i></p> <p><i>Consequently, it can be argued that quadrant maps have the potential to enable resilience in clients in career counselling.</i></p>	<p>Kwadrantkaarte is 'n effektiewe narratiewe en postmoderne tegniek wat loopbaanfasilitering moontlik maak deurdat lewensontwerp en veerkragtigheid aangespreek word.</p> <p>Kwadrantkaarte was 'n handige tegniek wat tydens die liggaamsportret-sessie bygedra het tot die ondersteuning van kliënte se selfkennis.</p> <p>Die tegniek het ook aan die kliënte asook die terapeut die geleentheid gebied om 'n holistiese siening van die kliënte se bates en hindernisse te verkry.</p>
	<p>Fritz en Beekman (2007, p. 166)</p>	<p><i>A collage can be effectively used as a form of pictorial storytelling ...</i></p>	<p>Die narratiewe, postmoderne loopbaanfasiliteringstegniek (collages) bevorder loopbaanontwikkeling by kliënte deurdat kliënte hul lewensverhaal kan uitbeeld/vertel deur middel van prente en ander illustrasies. Soos collages, as 'n narratiewe, postmoderne tegniek, het die liggaamsportret-tegniek aan die kliënte die geleentheid gebied om hulle lewens uit te beeld rakende wie hulle is (selfkennis), hulle drome (voorkeurberoepe) en hoe hulle, hulle lewens verder beplan (vakkeuses en tersiëre studies).</p>
	<p>Fritz en Beekman (2007, p. 168)</p>	<p><i>Drawing a lifeline is an activity that allows clients to make sense of their life and work stories ...</i></p>	<p>Deur die lewenslyn-tegniek kry kliënte 'n geleentheid tydens loopbaanfasilitering om 'n holistiese beeld te verkry oor hul verskillende lewensrolle, veral ten opsigte van die werksrol. Soos die lewenslyn het die liggaamsportret-tegniek saam met ander aktiwiteite die kliënte gehelp om 'n holistiese beeld van hulle lewe ten opsigte van hulle lewensrolle te verkry. Die was effektief vir loopbaanbeplanning.</p>

Bestaande kennis	Outeur en jaar	Beskrywing	Interpretasie en bespreking
	Fritz en Beekman (2007, p. 170)	<i>Card-sorting for career choice counselling can make use of occupational cards, interests, value and personality characteristic cards.</i>	Beroepsleiding-kaartsortering is 'n effektiewe postmoderne loopbaanfasiliteringstegniek wat selfkennis komponente van kliënte aanspreek. Beroepsleiding-kaartsortering is tydens die studie gebruik. Die tegniek het aan die kliënte die geleentheid gebied om hulle selfkennis te integreer en voorkeurberoepe te kies. Deur die integrasie van die voorkeurberoepe met die liggaamsportrette is vorm aan die loopbaanprosesse van elke kliënte gegee.
	Maree en Beck (2004, p. 86)	<i>A post-modern approach to career counselling addresses a number of flaws in the traditional approach, especially in respect of disadvantaged learners.</i>	Postmoderne loopbaanfasilitering maak loopbaanfasilitering aan kliënte van hulpbron-arm omgewings moontlik. Loopbaanfasilitering aan kliënte van hulpbron-arm omgewings was moontlik in die studie deur die gebruik van die liggaamsportret-tegniek. Die moontlike rede vir die tegniek se effektiwiteit was dat dit kultuurvriendelik is en kultuurhindernisse oorbrug het.
	Maree en Ebersöhn (2007, p. 320)	<i>... an intervention which focused on qualitative post-modern approaches which included a range of approaches including collages, life stories, life chapters and lifelines and life and career style questions. The intervention with students was practical, hands-on and interactive thus empowering/equipping learners to apply workshop principles to their lives.</i>	Toe narratiewe en postmoderne loopbaanfasiliteringstegnieke gebruik is, is bevind dat die intervensie prakties is maar ook kliënte bemagtig vir hulle lewens. Die liggaamsportret-tegniek het ook in die studie as 'n praktiese, betrokke en interaktiewe tegniek na vore gekom deurdat die kliënte aktief betrokke was by die skep van hulle loopbaantoekoms. Die tegniek het die kliënte bemagtig tydens die hantering van loopbaanaktiwiteite.

Bestaande kennis	Outeur en jaar	Beskrywing	Interpretasie en bespreking
Bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering	Geen stawende literatuur		Binne die bepaalde studie oor die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering is moontlik die eerste keer wat die gebruik van liggaamsportrette in die loopbaanfasiliteringsveld moontlik vir die eerste keer ondersoek is.

Vanuit Tabel 5.4 kan die afleiding gemaak word dat verskeie studies reeds getoon het dat liggaamsportrette bruikbaar is in die veld van *kruis-kulturele sielkunde*. So het onderwysers byvoorbeeld die tegniek bruikbaar gevind tydens die beoefening van hul pastorale rol met leerders in terme van psigososiale behoeftes (Ferreira *et al.*, 2010). Die tegniek is dus bruikbaar bevind deur onderwysers om die onderskeie rolle as onderwyser te versterk. Verder kon onderwysers deur die gebruik van die tegniek leerders met spesiale behoeftes ondersteun. Solomon (2007) het bevind dat die tegniek 'n waardevolle terapeutiese hulpmiddel is om areas soos toekomsoriëntasie, identiteitsontwikkeling en sosiale vaardighede aan te spreek. Hierbenewens verduidelik Solomon (2007) dat die tegniek kliënte wat geaffekteer is weens MIV en vigs kan ondersteun. Die liggaamsportret-tegniek is ook as bruikbaar bevind tydens intervensie tussen generasies, in groepverband en by die vestiging van positiewe groepsverhoudings (Solomon, 2007). Die afleiding kan gemaak word dat die liggaamsportret-tegniek 'n handige, buigbare en toepaslike tegniek in verskeie areas van kruis-kulturele sielkunde is.

In terme van kruis-kulturele loopbaanfasilitering dui Ebersöhn (2010) aan dat kwadrantkaarte 'n bruikbare *narratiewe, postmoderne tegniek* is. Ander narratiewe, postmoderne tegnieke wat bruikbaar is vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering is collages, beroepsleiding-kaartsortings, lewenslyne (Fritz & Beekman, 2007), lewenshoofstukke en lewens- en beroepstyl vrae (Maree & Ebersöhn, 2007). Vanuit die bevindings kan die afleiding gemaak word dat narratiewe, postmoderne loopbaanfasiliterings-tegnieke effektief werk by kliënte van hulpbron-arm omgewings (Maree & Ebersöhn, 2007). Hierdie kliënte kan deur die inskakeling van sulke tegnieke ondersteun word ten opsigte van lewensontwerp, ontwikkeling van selfkennis en verkryging van 'n holistiese beeld van die onderskeie lewensrolle in elkeen se lewe. Ander loopbaanfasiliteringseienskappe soos veerkragtigheid en bemagtiging word ook by kliënte ontwikkel.

Soos bespreek in Hoofstuk 2 blyk dit dat bestaande literatuur kortkom wat betref die bruikbaarheid van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Die bevinding dat die liggaamsportret-tegniek wel bruikbaar blyk te wees vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering dui dus moontlik op nuwe insig wat 'n

voorlopige aanduiding gee van die waarde van die tegniek binne die veld van kruis-kulturele sielkunde. Hierdie nuwe insig moet wel verder ondersoek word, weens die beperkte omvang van deelnemers, en databronne tekorte van die studie.

### 5.3 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE

In die volgende afdeling bespreek ek die liggaamsportret-tegniek en of dit wel bruikbaar was tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Ek rig my bespreking deur die navorsingsvrae van die studie.

#### 5.3.1 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 1

Watter loopbaanfasiliteringsmomente is teenwoordig wanneer liggaamsportrette gebruik word tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering?

Ek het bevind dat die volgende loopbaanfasiliteringsmomente teenwoordig was tydens die gebruik van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering: beroepsverkenning, inwinning van selfkennis, ontwikkeling van selfwerkzaamheid, opstel van loopbaandoelwitte, demonstrasie van loopbaan-aanpasbaarheid en die openbaring van uitkomsverwagtings.

Die kliënte, in hul adolessensiefase, kon die bepaalde ontwikkelingstake soos die ontwikkeling van selfkennis uitvoer deur te fokus op hulle belangstellings, vermoëns en persoonlikheid. Verdere ontwikkelingstake wat kliënte kon uitvoer tydens die kruis-kulturele loopbaanfasilitering is beroepsverkenning, deur beroepskennis te verwerf en voorkeurberoepe te identifiseer. Deur die identifisering van voorkeurberoepe het die kliënte loopbaandoelwitte bepaal om voorkeurberoepe te kon nastreef. Deur die identifisering van voorkeurberoepe en loopbaandoelwitte het die kliënte uitkomsverwagtings openbaar. Deur die kliënte se betrokkenheid en uitvoering van elke loopbaanaktiwiteit is selfwerkzaamheid by hulle ontwikkel. Die loopbaanfasiliteringsmomente is gefasiliteer met behulp van die liggaamsportret-tegniek.

#### 5.3.2 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 2

Hoe bevredigend, prakties uitvoerbaar en toepaslik was die gebruik van liggaamsportrette vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering?

Die tegniek was *bevredigend* omrede die terapeut deur die gebruik van die tegniek kruis-kulturele bekwaamhede kon implementeer om kliënte aktief te betrek. As uitvloeisel kon kliënte

loopbaanfasiliteringsvaardighede in die konteks van kruis-kulturele loopbaanfasilitering inoefen. Verder was die tegniek bevredigend weens dit aan die doel van die intervensie voldoen het, naamlik om die kliënt se loopbaantoekoms te beplan deur middel van lewensontwerp. Die liggaamsportret-tegniek was ook bevredigend weens die moontlikheid om assesseringsbevindings van die eerste besoek te kon inskakel. Kliënte kon hul selfkennis verken deur die insluiting van hul kontekste, vermoëns, belangstellings en persoonlikheid. Deur die gebruik van postmoderne tegnieke, soos beroepsleiding-kaartsortering, kon kliënte voorkeurberoepe kies wat geïntegreer was met die liggaamsportret om die kliënte se loopbaandoelwitte aan te dui. Kliënte het geleentheid gekry om hulle loopbaantoekoms doelmatig te beplan deurdat die terapeut en kliënte saam op konkrete wyse stap-vir-stap die kliënte se loopbaantoekoms kon beplan en 'loop'. Met elke stap van die beplanning is aspekte van die kliënte se loopbane beplan (vakkeuses, tersiêre instansies, finansiële ondersteuning en werksoekvaardighede). Tydens die beplanning was beroepsinligting wat die kliënte vanaf die terapeut ontvang het geïntegreer met die beplanning.

Die tegniek was *prakties* deurdat kliënte op konkrete wyse en aktief deel was van die skepping van liggaamsportrette. Verder was die liggaamsportret-tegniek prakties omrede die bepaalde tegniek effektief gewerk het in 'n plattelandse sekondêre skool omgewing met beperkte hulpbronne. Die tegniek het maklik bekombare hulpbronne (soos papier, potlode, penne, verf en klippies) ingesluit. Die liggaamsportret-tegniek was verder prakties deurdat nie-verbale kommunikasie geredelik kon plaasvind. Die tegniek was ook prakties deurdat die tegniek die ontwikkelingstake, kenmerklik vir adolessente, ingesluit het.

Die tegniek was ook *toepaslik* in die kruis-kulturele loopbaanfasiliteringskonteks omdat beide verbale ('n tolk) en nie-verbale (toepaslike gesigsuitdrukkings en interpersoonlike spasies) kommunikasie moontlik was om taalhindernisse te oorbrug. Verder was die liggaamsportret-tegniek toepaslik vir groep en individuele loopbaanfasilitering. Die groepsintervensie beteken dat baie kliënte eenmalig bereik kon word vir loopbaanfasilitering. Die toepaslikheid van die tegniek is ook sigbaar deurdat ander postmoderne aktiwiteite deel kan vorm van loopbaanfasilitering, en aangesien die tegniek verkenning van 'n verskeidenheid omgewingskontekste en lewensrolle moontlik gemaak het.

### 5.3.3 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 3

Tot watter mate kan die liggaamsportret-tegniek struikelblokke, wat geassosieer word met kruis-kulturele loopbaanfasilitering, oorbrug?

Vanuit die bevindings het dit geblyk dat taalhindernisse oorbrug kon word deur die toepassing van die liggaamsportret-tegniek. Verskeie verbale (verbuigings en die gebruik van 'n tolk) en nie-verbale (proksemika en kinese) kommunikasiestyle is geakkommodeer tydens die gebruik van die liggaamsportret-tegniek om loopbaanfasilitering moontlik te maak. Die fisieke en aktiewe betrokkenheid van kliënte het taalhindernisse oorbrug vanweë kliënte se konkrete betrokkenheid. Die liggaamsportret-tegniek maak dit moontlik om kliënte te lei in voorkomende gesprekke. In hierdie opsig kan kliënte se loopbaantoekoms beplan en gevisualiseer word. So kan beroepskeuse verwante hindernisse geantisipeer en bespreek word. Ander moontlike hindernisse wat kliënte in hul loopbaantoekoms kon ervaar is aangespreek deur moontlike oplossings aan te raak tydens die liggaamsportret-sessie. Die moontlike hindernisse was: onvoldoende finansiële ondersteuning vir verdere tersiêre studies en die besluit op vakkeuses wat verdere studies kan beperk (oningeligte vakkeuses).

### 5.3.4 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 4

Watter leemtes kan geïdentifiseer word met die gebruik van die liggaamsportret-tegniek in kruis-kulturele loopbaanfasilitering?

Vanuit die studie is bevind dat die liggaamsportret-tegniek vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering nie in isolasie aanbeveel kan word nie, maar in kombinasie met ander narratiewe en postmoderne tegnieke gebruik moet word. Die volgende narratiewe en postmoderne tegnieke was ingeskakel tydens die loopbaanintervensie fase wat die liggaamsportret-tegniek effektief ondersteun het: beroepsleiding-kaartsortering, belangstellings-, persoonlikheids- en vermoënswerkskaarte, beroepskenniswerkskaarte (vakkeuses, finansiële ondersteuning vir tersiêre opleiding, verskillende opleidingsinstansies, die opstel van 'n CV en werksoekvaardighede). Vir verhoudingstigting is daar aan die begin van elke dag van die loopbaanfasilitering sokker gespeel om groepskohesie en 'n terapeut-kliënt verhouding te bou. Die liggaamsportret-tegniek het ook voortgebou op assesseringsinligting wat saamgevat is in kwadrantkaarte (kliënte se individuele- en omgewingsbates en hindernisse). Die inligting van die kwadrantkaarte is met kliënte gedeel vir selfkennisverkenning tydens die liggaamsportret-sessie.

## 5.3.5 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAAG 5

Wat is die proses en indikatore vir die gebruik van liggaamsportrette in loopbaanfasilitering?

### 5.3.5.1 Indikatore

Die liggaamsportret-tegniek (in kombinasie met narratiewe en postmoderne aktiwiteite soos beroepsleiding-kaartsortering, belangstellings-, persoonlikheid- en vermoënswerkskaarte en beroepskenniswerkskaart) is geskik vir gebruik in die volgende gevalle:

- Verkenning en verrykking van selfkennis
- Verkenning en verrykking van beroepskennis
- Inoefening van 'n ingeligte beroepskeuse
- Doelwitstelling tydens loopbaanontwikkeling
- Besluitnemingsvaardighede tydens loopbaanontwikkeling
- Verkenning van loopbaaninligting
- Loopbaanfasilitering met Graad 9-seuns in 'n plattelandse sekondêre skool
- Hulpbron-arm omgewings
- Kruis-kulturele loopbaanfasilitering (waar taalverskille tussen terapeut en kliënte bestaan)
- Groepsgebaseerde loopbaanfasilitering.

### 5.3.5.2 Liggaamsportret-proses

'n Wetenskaplik-gefundeerde proses van die liggaamsportret-tegniek (in 'n kruis-kulturele loopbaanfasiliteringsomgewing) is 'n bevinding van die studie en word in die volgende afdeling bespreek. Die verduideliking bestaan uit twee fases waarvan die liggaamsportret-tegniek in die tweede fase ingeskakel word.

#### (a) Fase 1: Assessering

Tydens dié fase word kliënte geassesseer deur informele assesseringsaktiwiteite (*Introduction of the post box, Designing your own file, Animal interview, Subject and career rain-gauge, Please complete my story, The praise note, Family drawing, Notes to my family, Lets dream, Walking through life and Reward yourself*) (sien Bylae C-1). Die doel van die assessering is om kliënte se bates en hindernisse ten opsigte van loopbaanbeplanning te identifiseer. Vanuit die assessering word kliënte se self- en beroepskennis bepaal. Die bevindings van die assessering word tydens Fase 2 afsonderlik met die kliënte gedeel.

## (b) Fase 2: Loopbaanintervensie

Die loopbaanintervensie word gestruktureer rondom die liggaamsportret-tegniek. Die tegniek word gebruik om kliënte se self- en beroepskennis te versterk om sodoende 'n ingeligte beroepsbesluit te kan neem.

### ⌘ Oriëntasie

Met die aanvang van elke dag se intervensie speel die terapeut en kliënte sokker. Dit is om groepkohesie te versterk en 'n gemaklike, interaktiewe omgewing te skep.

### ⌘ Vraagstelling

Die kliënte word ingelig oor die doel van die intervensie. Die beroepsdriehoek word gebruik om die doel van loopbaanintervensie te verduidelik. Die beroepsdriehoek word deurgaans hersien. Hierdeur kan kliënte se nuuskierigheid oor die intervensie geprikkel word, en struktuur aan die loopbaanproses verskaf word.

### ⌘ Eksposisie

Eerstens word liggaamsportrette geskep deurdat kliënte mekaar help om hul liggaamsvorms af te trek. Kliënte word die geleentheid gebied om die liggaamsportrette te versier soos hulle verkies.

Selfkennis word verken deur werkskaarte (vermoëns, belangstellings en persoonlikheid) te voltooi wat aan kliënte die geleentheid bied om hulself in die onderskeie areas te verken. Die voltooide werkskaarte word op die liggaamsportrette geplak.

Beroepskennis word aangespreek deur die voltooiing van die beroepskennis-werkskaart. Die beroepswerkskaart spreek aspekte soos besluitneming oor voorkeurberoepe, vakkeuses, verskillende opleidingsinstansies, finansiële ondersteuning en werksoekvaardighede. Die produkte van beroepskennisverkenning (voltooide werkskaarte) word op kliënte se liggaamsportrette geplak.

Kliënte word versoek om aan die onderpunt van hul liggaamsportrette te staan en hul loopbaantoekoms saam met die terapeut te skep. Die loopbaantoekoms word geskep deur tien treë te gee vanaf die liggaamsportret en met elke tree 'n klippie te plaas. Met die laaste klippie word kliënte versoek om hul drie voorkeurberoepe op die grond te plak. Kliënte word dan versoek om aan die onderpunt van hul liggaamsportrette te gaan staan. Met elke tree wat gegee word, word 'n doelwit van die loopbaantoekoms uitgelê (sien Afdeling 4.2 vir volledige bespreking) deur die beroepskennis-werkskaart met die bespreking te integreer.

## ⌘ Funksionalisering

Tydens die funksionalisering van die proses word die loopbaanproses met behulp van liggaamsportrette herhaal vir inskerping. Kliënte word weer versoek om aan die onderpunt van hul liggaamsportrette te gaan staan. Die groep neem dan weer saam elke stap en die bepaalde taak word telkens hersien, tot en met die doelwit vir voorkeurberoepe bereik word. Die sessie word afgesluit deur die beroepsdriehoek te hersien.


### 5.3.6 PRIMÊRE NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan insig in die bruikbaarheid van liggaamsportrette kennis rakende kruis-kulturele loopbaanfasilitering verryk?

Die liggaamsportret-tegniek kan as bruikbaar bestempel word deurdat die tegniek aan die terapeut die geleentheid gebied het om kruis-kultureel (en in groepsverband) met Graad 9-seuns in 'n plattelandse sekondêre skool te werk. Die tegniek was bruikbaar, ten spyte van taalverskille, deurdat die terapeut en kliënte saam verbaal en nie-verbaal die kliënte se toekoms kon konstrueer. Die kruis-kulturele loopbaanfasilitering is uitgevoer deur die liggaamsportret as kerntegniek in kombinasie met narratiewe en postmoderne aktiwiteite in te skakel. Die liggaamsportret-tegniek was verder bruikbaar omdat kliënte die geleentheid gekry het om aktief betrokke te wees by loopbaanfasilitering en op dié manier hul loopbaanbekwaamhede te kon inoefen. Die terapeut kon aan die hand van liggaamsportrette kruis-kulturele bekwaamhede beoefen en kruis-kulturele terapie implementeer.

Soos in Figuur 5.1 aangedui word, impliseer “bruikbaarheid” van die liggaamsportret-tegniek in terme van die teoretiese raamwerk (lewensontwerp wat voortgebou het op die lewensduur-lewensruimte-teorie), dat sisteme se effek in ag geneem word. So weerspieël die liggaamsportret-tegniek dat sisteme altyd 'n invloed het op kliënte se loopbaantoekoms. Die liggaamsportret-tegniek neem dus die verskillende kontekste waarbinne kliënte funksioneer in ag. Gevolglik is die liggaamsportret-tegniek waarskynlik bruikbaar om dié kontekstualiseringsfaset van lewensontwerp toe te pas tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering. So verskaf die liggaamsportret-tegniek, in terme van 'n lewensontwerp-vereiste ook 'n holistiese beeld van kliënte vir loopbaanfasilitering deurdat konteks en rolle (sien Figuur 5.1) geakkommodeer word. Tydens die liggaamsportret-tegniek kan voorkomende, pro-aktiewe optrede gefasiliteer word deurdat kliënte loopbaanbeplanning, doelwitstelling en hantering van moontlike loopbaanhindernisse kan inoefen. Kliënte kon ook betrokke ontwikkelingtake (self- en beroepskennis) inoefen om ingeligte beroepskeuses te kan uitvoer.

Die liggaamsportret-tegniek het dus waarde as instrument vir kruis-kulturele loopbaanfasilitering. In Hoofstuk 2 is aangedui dat daar 'n behoefte is aan toepaslike kruis-kulturele loopbaaninstrumente vir Afrika (Maree, 2009). Vanuit hierdie studie kan die liggaamsportret-tegniek geïdentifiseer word as 'n moontlike instrument vir loopbaanfasilitering, wat duidelik nog meer diepgaande verken behoort te word.



Figuur 5.1: Die liggaamsportret-tegniek in terme van lewensontwerp

#### 5.4 MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Een beperking van hierdie studie hou verband met die navorsingsontwerp, naamlik inhoudsanalise (Nieuwenhuis, 2007c). Dokumente wat tydens die akademiese diensleer-praktikum gegenereer is, is gebruik as databronne vir die studie (Nieuwenhuis, 2007c). Die databronne was die uitkoms van die beplanning, uitvoering en refleksies van 'n assesserings- en intervensiebesoek aan die sekondêre plattelandse skool as deel van 'n akademiese diensleer praktikum. Vanuit hierdie tipe databronne is dit vanselfsprekend dat die databronne vir opleidingsdoeleindes gegenereer is ter wille van professionele ontwikkeling. 'n Beperking hou dus verband daarmee dat die databronne nie hoofsaaklik ontwikkel is vir navorsingsdoeleindes nie.

Tweedens was databronne geselekteer vanweë beskikbaarheid (Cohen *et al.*, 2007). Op grond van die gerieflikheidsteekproefneming van databronne kan die resultate nie veralgemeen word tot die groter populasie nie. Die kredietwaardigheid van die resultate mag moontlik bevraagteken word. Hierdie studie het egter nie gepoog om tot veralgemeenbare bevindings te kom nie, maar eerder om 'n in-diepte beskrywing te verskaf van 'n spesifieke fenomeen binne 'n spesifieke konteks.

Derdens was die databronne reeds saamgestelde databronne wat my beperk het om moontlike onvolledigheid aan te spreek. Dit kon daartoe gelei het dat die databronne nie volledig is nie en moontlik nie 'n ware weerspieëling gegee het van die bruikbaarheid van liggaamsportrette in 'n kruis-kulturele omgewing nie. Soos gestel in Afdeling 5.2.3 het verskeie kategorieë, soos geïdentifiseer in die literatuur in Hoofstuk 2, nie in die databronne voorgekom nie. Die kategorieë, naamlik kruis-kulturele en loopbaanhindernisse asook verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis, kon moontlik stil wees in die databronne weens die onvolledigheid van die databronne en die leemte om nie areas van hindernisse te kon aanspreek nie. Die leemte is wel gedeeltelik aangespreek deur die gebruik van verskeie databronne en die observasies van beide my supervisor en portuur-supervisor.

Die akademiese diensleer-praktikum se voertaal met kliënte was Engels alhoewel dit nie my of die kliënte se primêre taal is nie. Verswaarde kommunikasie kon die praktikum dus benadeel en misverstande kon teenwoordig wees (Fontana & Frey, 2008; Sue & Sue, 2008). Vir die genoemde rede kon die databronne waarskynlik nie akkurate weerspieëlings van die kliënte se ervarings oor die bruikbaarheid van liggaamsportrette tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering verteenwoordig nie.

Die agt Graad 9-kliënte (met wie die databronne gegenereer was) van die plattelandse sekondêre skool was toevallig aan die terapeut toegewys tydens haar akademiese diensleer praktikum. Die kliënte het

net die manlike geslag verteenwoordig. Verder is die praktikum uitgevoer deur net een terapeut. Soos al verduidelik is, het die kruis-kulturele loopbaanfasilitering plaasgevind net by een plattelandse sekondêre skool. Die studie is dus beperk deurdat beide geslagte se opinie nie gelewer is nie, die tegniek net op 'n Graad 9-groep toegepas is (nie ander grade nie), slegs een terapeut se opinie gelewer is oor die liggaamsportret-tegniek en die studie uitgevoer is net in een skool en nie meer plattelandse sekondêre skole nie. Die beperkings lei daartoe dat die bevindings nie veralgemeen kan word nie.

Tydens die praktikum was ek in die rol van terapeut maar na afloop van die praktikum het ek die rol van navorser opgeneem. Die verskillende rolle kon 'n verdere beperking van hierdie studie gewees het omrede ek subjektief die data kon analiseer of vanuit 'n terapeutiese oogpunt en nie vanuit 'n navorser se oogpunt nie (Ary *et al.*, 2006; De Vos *et al.*, 2005; Nieuwenhuis, 2007c). Om my rol as navorser te beklemtoon en nie subjektief die databronne te analiseer nie het ek deurgaans in my reflektiewe navorsingsjoernaal gereflekteer oor my gedagtes en prosesse as navorser.

## 5.5 AANBEVELINGS

In die volgende afdelings maak ek aanbevelings vir verdere navorsing, praktykbeoefening en toekomstige opleiding.

### 5.5.1 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Op grond van die bevindings van hierdie studie maak ek die volgende aanbevelings vir verdere studies:

- Soortgelyke navorsing in verskillende kruis-kulturele kontekste met 'n groter populasie waar albei geslagte verteenwoordig is.
- Opvolgnavorsing wat spesifiek fokus op kernkomponente van loopbaanfasilitering in 'n kruis-kulturele omgewing met kliënte van hulpbron-arm omgewings.
- Opvolgnavorsing met kliënte vanaf hulle Graad 9-jaar tot en met Graad 12, in verskeie kruis-kulturele kontekste ten opsigte van loopbaanontwikkeling met behulp van die liggaamsportret-tegniek.
- 'n Studie om die bruikbaarheid van die liggaamsportret-tegniek tydens sielkundige intervensie te bepaal vir die aanspreek van verskeie hindernisse, byvoorbeeld die hantering van ouers se egskeiding, of hantering van verlies.
- 'n Studie om te bepaal of die teenwoordigheid van kruis-kulturele bekwaamhede van 'n terapeut die moontlikheid vir etnosentrisme bepaal.
- 'n Soortgelyke studie met die liggaamsportret-tegniek om te bepaal of die tegniek in ander kontekste moontlike xenofobiese gedrag teenoor die tegniek kan ontlok.

- 'n Studie na 'n moontlike korrelasie tussen die teenwoordigheid van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie en die afwesigheid van xenofobiese gedrag.
- 'n Studie om te bepaal of die liggaamsportret-tegniek aanvaarding van wêreldsienings in die terapeut-kliënt verhouding kan fasiliteer.
- 'n Studie om te bepaal of die teenwoordigheid van kultureel sensitiewe samewerkende alliansie tydens 'n liggaamsportret-sessie kan bydra tot die aanvaarding van verskille tussen verskillende kulturele.
- 'n Studie om te bepaal of die gebruik van die liggaamsportret-tegniek kan lei tot die afwesigheid van universaliteitsaannames.
- 'n Studie om te bepaal of die omgewing waar kruis-kulturele loopbaanfasilitering plaasvind afwesigheid van sosio-ekonomiese veranderlikes kan veroorsaak.
- 'n Studie vir die bepaling van indikatore vir verhoogde kruis-kulturele navorsing en kennisbasis tydens 'n liggaamsportret-sessie.
- 'n Studie om te bepaal op watter wyse die liggaamsportret-tegniek aangepas kan word om negatiewe konteksinvloede in ag te neem.
- 'n Studie om te bepaal watter kulturele faktore teenwoordig behoort te wees vir effektiewe kruis-kulturele loopbaanfasilitering.
- 'n Soortgelyke studie met 'n ander populasie/omgewing om te bepaal of die lewensduur-lewensruimte-teorie wel effektief saam met die liggaamsportret-tegniek konteksinvloede kan identifiseer.
- 'n Soortgelyke studie met 'n ander populasie/omgewing om te bepaal hoe effektief die liggaamsportret-tegniek toekomsgeoriënteerde gedrag by kliënte kan vestig.

### 5.5.2 AANBEVELINGS VIR PRAKTYKBEOEFENING

Op grond van die resultate van hierdie studie kan verskeie aanbevelings gemaak word vir kruis-kulturele loopbaanfasiliteringspraktyke. Eerstens word aanbeveel dat terapeute bewus sal wees daarvan dat daar 'n verskil kan wees in kulturele en linguïstiese agtergronde wanneer met diverse populasies gewerk word. In sulke gevalle sal dit moontlik wys wees vir terapeute om navorsing te doen oor bepaalde kliënte se kulturele gebruike. Verder kan terapeute toepaslike verbale en nie-verbale kommunikasiestyle inkorporeer tydens loopbaanfasilitering. Om die effektiwiteit van die terapie verder te verhoog, kan vertalings van konsepte na die kliënt se primêre taal gedoen word of van 'n tolk gebruik gemaak word.

Loopbaanfasiliteringsterapeute behoort deeglik ingelig te wees oor die onderskeie loopbaanfasiliteringskomponente, soos verskillende skoolvakke en vereistes vir studierigtings. In terme van kruis-kulturele

loopbaanfasilitering behoort terapeute bewus te wees van sosio-ekonomiese en ander kontekstuele hindernisse wat die Suid-Afrikaner uit 'n hulpbron-arm omgewing moontlik mag ervaar. Die terapeut se kennis moet aangepas word in terme van die kliënt se loopbaanhindernisse om die kliënt binne sy/haar konteks beter te kan ondersteun in terme van sy/haar besondere situasie.

Die liggaamsportret-tegniek was as nuttig bewys tydens hierdie studie in die veld van kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Die tegniek is ook al op verskeie ander velde binne die sielkunde benut, byvoorbeeld begeleiding van kliënte met MIV en vigs (Meiring & Müller, 2010), hulp aan opvoeders ter vervulling van hulle pastorale rol (McCallaghan, 2007) en tydens traumahantering (Meyburgh, 2006). Vanweë die tegniek se buigbaarheid maak ek die aanbeveling om liggaamsportrette tydens intervensie met kliënte te gebruik om verskeie hindernisse daardeur aan te spreek. Uit persoonlike ervaring in my werk met laerskoolkliënte het ek die tegniek byvoorbeeld bruikbaar gevind in die hantering van angs, eetversteurings, aggressie en bevordering van selfkonsep.

### 5.5.3 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE OPLEIDING

Soos in Hoofstuk 2 gemeld, is verskeie navorsers van opinie dat die kurrikulum en opleiding van opvoedkundige sielkunde studente verbreed behoort te word. Ek maak die volgende aanbevelings ten opsigte hiervan met spesifieke verwysing na loopbaanfasilitering en kruis-kulturele sielkunde:

- Kurrikulum moet teorie asook praktiese modules insluit waarin studente spesifiek opgelei word rakende kruis-kulturele bekwaamheid en die relevante komponente (soos bespreek in Hoofstuk 2). Na my mening sal studente met teoretiese kennis oor kruis-kulturele bekwaamheid verder ontwikkel in die veld deur praktiese ervarings. Ek glo dat kennis en praktiese ervaring aan die student selfvertroue sal gee om met gemak in die toekoms dienste te verskaf in 'n kruis-kulturele omgewing.
- Die akademiese diensleer-praktikum was vir my as student van groot waarde en 'n groot leerskool vanweë die praktiese ervaring. Ek beveel aan dat studente meer praktiese ervarings sal opdoen in verskeie kontekste, met verskillende kulture en met verskillende postmoderne tegnieke in die veld van loopbaanfasilitering.

## 5.6 SAMEVATTING

Die doel van hierdie studie was om die bruikbaarheid van liggaamsportrette tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering te bepaal. Tydens hierdie studie het ek bevind dat die liggaamsportret-tegniek wel bruikbaar was tydens kruis-kulturele loopbaanfasilitering. Dis egter nodig om te noem dat die tegniek nie

in isolasie gebruik kan word nie en ondersteun moet word met ander narratiewe en postmoderne aktiwiteite.

## *Finale Dinkdinge ...* 16 Augustus 2012

Hoeveel aanhalings bestaan nie oor hoe die mens moet mik vir sy drome of werk vir sy drome nie. Maar 'n mens is geneig om net soveel meer in jou eie hindernisse vas te kyk en wat dit is wat jou verhinder om jou drome te bereik. Tog leer ken mens soveel mense wat hul bates in hulself en hul omgewing mobiliseer om die hindernisse te oorbrug en so hul drome te bereik. As ek dink aan so 'n mens dink ek aan 'n Graad 10-leerder in die skool waar ek werk. Hy is serebraal gestremd. Hy het geen gebruik van sy arms nie vanweë die feit dat dit in spasma is. Sy daaglikse lewe soos skolastiese take, persoonlike higiëne en rekreasie-aktiwiteite word hierdeur beïnvloed. Verder is die leerder van 'n hulpbron-arm omgewing afkomstig. As mens na sy lewe kyk sien mens al die hindernisse en wonder wat is sy toekoms. Sy loopbaanaspirasie is die van 'n welbekende skilder en dit is moontlik want die leerder se bate is sy kunstalente. Hy skilder die ongelooflikste skilderye met sy mond. Die Vereniging van Mond en Voetskilders het hom onlangs opgeneem as een van hul skilders. Sy loopbaanaspirasies word verweselik deur die bemagtiging van sy bates. Een van sy skilderye hang in ons huis. Die skildery motiveer my daaglik om te strew na my aspirasies, want as hy kan, hoeveel te meer kan ek nie.



En dan dink ek aan Suid-Afrika. Hoeveel Suid-Afrikanners is die geleentheid al misgun om hul drome na te strew, hul ideale beroepe te volg vanweë politiese en sosio-ekonomiese redes. Daar is nog baie werk om aan al die Suid-Afrikanners gelyke geleenthede te gee maar kyk wat is al bereik.

Vir my toekoms praktyke, met kliënte vir loopbaanfasilitering, sal ek poog om my gedagtes en gedrag te rig met die treffende woorde van Maree en Ebersöhn (2007, pp. 320-321):

*We help them to believe in their own potential, we link subject choices and achievement with career choices and we facilitate appropriate career possibilities. We support them to assume full responsibility for what they do; we bring them into contact with a world of opportunities, and we facilitate an understanding of the fact that rural settings could be used as resources, intentionally moving away from a deficit model.*

As iemand met 'n liefde vir aanhalings as motivering wil ek graag die volgende aanhaling vanuit die flik *Coach Carter* met my familie, vriende en kollegas deel. Ek hoop die woorde inspireer julle ook in jul daaglikse lewe om jul drome en ideale te bereik met die hulp van die bates in julle.

*Our deepest fear is not that we are inadequate.*

*Our deepest fear is that we are powerful beyond measure.*

*It is our light, not our darkness, that most frightens us.*

*You playing small does not serve the world.*

*There is nothing enlightened about shrinking  
so that other people won't feel insecure around you.*

*We are all meant to shine as children do.*

*It's not just in some of us; it is in everyone.*

*And as we let our own lights shine,*

*we unconsciously give other people permission to do the same.*

*As we are liberated from our own fear, our presence automatically liberates others.*

Waar jy jou ook al mag bevind in die lewe: leef voluit, werk hard aan jou drome en loopbaanaspirasies, wees ... *powerful beyond measures*. Jy is in staat daartoe deur jou spesifieke bates in en om jou te gebruik want *We are all meant to shine ...*



Art2Be. (2008). *Body mapping*. Opgespoor Februarie 7, 2011 deur [http://www.art2bebodymaps.com/index.php?option=com\\_content&task=view&id=7&Itemid=14](http://www.art2bebodymaps.com/index.php?option=com_content&task=view&id=7&Itemid=14)

Arredondo, P., Tovar-Blank, Z.G. & Parham, T.A. (2008). Challenges and promises of becoming a culturally competent counselor in a sociopolitical era of change and empowerment. *Journal of Counseling & Development*, 86, pp. 261-268.

Ary, D., Jacobs, L.C. & Razavieh, A. (2002). *Introduction to research in education* (6de uitg.). Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Ary, D., Jacobs, L.C., Razavieh, A. & Sorensen, C. (2006). *Introduction to research in education* (7de uitg.). Belmont, California: Thomson/Wadsworth.

Athanasou, J.A. (2007). Assessment of children's and adolescents' career development. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Reds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp. 7-28). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.

Babbie, E.R. (2005). *The basics of social research* (3de uitg.). Belmont, CA: Thomson/Wadsworth.

Babbie, E.R. & Mouton, J. (2001). *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.

Bender, G. & Jordaan, R. (2007). Student perceptions and attitudes about community service-learning in the teacher training curriculum. *South African Journal of Education*, 27, pp. 631-654.

Berg, B.L. (2001). *Qualitative research methods for the social sciences* (4de uitg.). Boston: Allyn and Bacon.

Bischof, D. & Alexander, D. (2008). Post-modern career assessment for traditionally disadvantaged South African learners: Moving away from the 'expert opinion'. *Perspectives in Education* 26(3), pp. 7-17.

Bordin, E.S. (1983). A working alliance based model of supervision. *The counselling psychologist*, 11(1), pp. 35-42.

Case, C. & Dalley, T. (1990). *Working with children in art therapy*. New York: Routledge

Cheung, F.M. (2000). Deconstructing counseling in a cultural context. *The counseling psychologist*, 28, pp. 123-132.

Chope, R.C. & Consoli, A.J. (2007). A storied approach to multicultural career counselling. In K. Maree (Red.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (pp. 87-100). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

- Coetzee, S. (2005). Investigating the application of the asset-based approach in career facilitation. Ongepubliseerde meestersdissertasie. Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika.
- Coetzee, S., Ebersöhn, L. & Ferreira, R. (2009). An asset-based approach in career facilitation: Lessons for higher education training. *South African Journal of Higher Education*, 23(3), pp. 537-560.
- Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2007). *Research methods in education* (6de uitg.). New York: Routledge.
- Coleman, D. (2000). The therapeutic alliance in multicultural practice. *Psychoanalytic Social Work*, 7(2), pp. 65-91.
- Collins, S. & Arthur, N. (2010a). Culture-infused counselling: A fresh look at a classic framework of multicultural counselling competencies. *Counselling Psychology Quarterly*, 23(2), pp. 203-216.
- Collins, S. & Arthur, N. (2010b). Culture-infused counselling: A model for developing multicultural competencies. *Counselling Psychology Quarterly*, 23(2), pp. 217-233.
- Corsini, R. (2002). *The dictionary of psychology*. New York: Brunner-Routledge.
- De Bruin, G.P. & De Bruin, K. (2006). Career assessment. In: G.B. Stead & M.B. Watson (Red.). *Career psychology: In the South African context* (2de uitg.) (pp. 129-136). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Department of Basic Education. (2010). The best of the national school nutrition programme. Opgespoor, July 13, 2012 deur [http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=9PEyEv92E\\_xw%3D&tabid=440 &mid=1911](http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=9PEyEv92E_xw%3D&tabid=440 &mid=1911)
- De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L. C. & Gouws, R.H. (1985). *Nasionale woordeboek: Afrikaanse woordverklaring* (6de uitg.). Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions* (3de uitg.). Pretoria: Van Schaik.
- Ebersöhn, L. (2007). Utilising reminiscences: constructing boxes of memories to tell stories for life choices. In: K. Maree (Red.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (pp. 152-162). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Ebersöhn, L. (2009). Beroepsoriënteringspedagogiek 804 [*BOP 804 Studiehandleiding*]. Ongepubliseerde manuskrip. Pretoria Universiteit, Pretoria, Suid Afrika.
- Ebersöhn, L. (2010). Resilience and career counseling: Describing the utility of quadrant mapping. *Journal of Psychology in Africa*, 20(3), pp. 385-394.
- Ebersöhn, L. (2012). Imaging career resilience research and training from an indigenous knowledge productive perspective. *South African Journal of Higher Education*, 26(4), pp. 800-812.
- Ebersöhn, L. & Eloff, I. (2007). Lessons from postgraduate studies employing photographic methodology. In: De Lange, N., Mitchell, C. & Stuart, J. (Reds.), *Putting people in the picture: Visual methodologies for social change* (pp. 203-220). Nederland: Sense Publishers.

- Egan, G. (2007). *The skilled helper: A problem-management and opportunity-development approach to helping*. USA: Thomson Higher Education.
- Eloff, I. (2002). Narrative therapy as career counselling. In: K. Maree & L. Ebersöhn (Reds.), *Lifeskills and career counselling* (pp. 129-138). Sandown: Heineman Publishers.
- Feller, R.W., Russell, M. & Whichard, J.A. (2005). Career techniques and interventions: Themes from an international conversation. *The Career Development Quarterly*, September 54, pp. 36-47.
- Fernandez, M.S., Trusty, J. & Criswell, R.J. (2002). Interpersonal communication skills as a basis for multicultural counseling. In: J. Trusty, E.J., Looby & D.S. Sandhu (Reds.). *Multicultural counseling: Context, theory & practice & competence* (pp. 261-281). New York: Nova Science Publisher.
- Ferreira, R. (2004). Educational psychological intervention and therapy. In: I. Eloff & L. Ebersöhn (Reds.). *Keys to educational psychology* (pp. 331-350). Kaapstad: Lansdowne.
- Ferreira, R., Ebersöhn, L. & McCallaghan, M. (2010). Die gebruik van liggaamsportrette deur opvoeders tydens vervulling van hulle pastorale rol. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 50(2), pp. 197-215.
- Flick, U. (2009). *An introduction to qualitative research* (4de uitg. ). London: SAGE.
- Fontana, A. & Frey, J.H. (2008). The interview: From neutral stance to political involvement. In: N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Reds.), *Collecting & interpreting qualitative materials* (3de uitg.) (pp. 115-159) Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Fritz, E. & Beekman, L. (2007). Engaging clients actively in telling stories and actualising dreams. In: K. Maree (Red.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (pp. 163-175). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Gravetter, F.J. & Forzano, L.B. (2009). *Research methods for the behavioural sciences* (3de uitg.). Belmont: Wadsworth Cengage Learning.
- Gray, D.E. (2009). *Doing research in the real world* (2de uitg.). Los Angeles: Sage Publications.
- Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. (1989). *Fourth generation evaluation*. Newbury Park, CA: Sage.
- Hartung, P.J. (2007). Career construction: principles and practice. In: K. Maree (Red.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (pp. 103-120). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Health Professionals Council of South Africa. (HPCSA) (2006). Ethical rules of conduct for practitioners registered under the Health Professions Act, 1974. Opgespoor, November 13, 2011 deur [http://www.hpcsa.co.za/downloads/psychology/form\\_223.pdf](http://www.hpcsa.co.za/downloads/psychology/form_223.pdf)
- Henderson, D.A. & Gladding, S.T. (1998). The creative arts in counseling: A multicultural perspective. *The Arts in Psychotherapy*, 25(3), pp. 183–187.
- Hepner, P.P. (2006). The benefits and challenges of becoming cross-culturally competent counseling psychologists: Presidensiële toespraak. *The Counseling Psychologist*, 34(1), pp. 147-172.

- Ivankova, N.V., Creswell, J.W. & Plano Clark, V.L. (2007). Foundations and approaches to mixed methods research. In: K. Maree (Red.), *First steps in research* (pp. 253-282). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Karkou, V. & Glasman, J. (2004). Arts, education and society: the role of the arts in promoting the emotional wellbeing and social inclusion of young people. *Support for Learning*, 19(2), pp. 57-65.
- Kemp, E. (2009). *Shrinkstories* soos op RSG in 'Brekfis met Derrick'. Tygervallei: Naledi Books.
- Klimj. (2006). Famous quotes & famous sayings about cultural differences, ethnic groups, race, genocide, hate. Opgespoor September 7, 2011 deur <http://kilmj.searchwarp.com/swa49911.htm>
- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. (1993). *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (8ste uitg.) Pretoria: Van Schaik.
- Lamprecht, J.C. (2002). Career assessment skills. In K. Maree & L. Ebersöhn (Reds.), *Lifeskills and Career Counselling* (pp. 119–127). Johannesburg: Heineman Publishers.
- Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. (1985). *Naturalistic inquiry*. Beverly Hills, CA: Sage.
- Louw, B. (2004). Culture. In I. Eloff & L. Ebersöhn (Reds.), *Keys to educational psychology* (pp. 258-271). Kaapstad: Lansdowne.
- Louw, A., Louw, D. & Ferns, I. (2007). Adolescence. In: D. Louw & A. Louw (Reds.), *Child and adolescent development* (pp. 277-347). Vrystaat: Psychology Publications.
- Lummis, C. (2007). Art therapy services. Workshop brochure. Opgespoor Januarie 31, 2011 deur <http://www.arttherapyservices.ca/brochure.htm>
- Maree, J.G. (2009). Career counselling in the 21<sup>st</sup> century: South African institutions of higher education at the crossroads. *South African Journal of Higher Education*, 23(3), pp. 436-458.
- Maree, J.G. & Beck, G. (2004). Using various approaches in career counselling for traditionally disadvantaged (and other) learners: Some limitations of a new frontier. *South African Journal of Education*, 24(1), pp. 80-87.
- Maree, J.G. & Ebersöhn, L. (2007). Applying positive psychology to career development interventions with disadvantaged adolescents. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Reds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp. 313-324). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.
- Maree, J.G., Ebersöhn, L. & Molepo, M. (2006). Administering narrative career counselling in a diverse setting: trimming the sails to the wind. *South African Journal of Education*, 26(1), pp. 49-60.
- Maree, J.G., Ebersöhn, L. & Vermaak, B. (2008). Confronting the effects of unemployment on achievement motivation: The case for postmodern career facilitation. *Perspectives in Education*, 26(3), pp. 55-63.
- Maree, J.G. & Molepo, J.M. (2007). Changing the approach to career counselling in a disadvantaged context: a case study. *Australian Journal of Career Development*, 16(3), p. 62.

- Maree, K. & Pietersen, J. (2007). Sampling. In: K. Maree (Red.), *First steps in research* (pp. 171-181). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Maree, K. & Van der Westhuizen, C. (2007). Planning a research proposal. In: K. Maree (Red.), *First steps in research* (pp. 23–45). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Marsella, A.J. & Pedersen, P. (2004). Internationalizing the counseling psychology curriculum: Toward new values, competencies and directions. *Counselling Psychology Quarterly*, 17, pp. 413-423.
- McCallaghan, M. (2007). *Die gebruik van liggaamsportrette deur opvoeders in die vervulling van hulle pastorale rol*. Ongepubliseerde meestersgraadskripsie, Universiteit van Pretoria. Pretoria, Suid-Afrika.
- McLay, D. (2006). Putting hope on the map. *The Positive Side*, 8(1), p. 30.
- McMahon, M. & Patton, W. (2002). Using qualitative assessment in career counselling. *International Journal for Educational and Vocational Guidance*, 2(1), pp. 51-66.
- McMahon, M., Patton, W. & Watson, M. (2003). Developing qualitative career assessment processes. *The Career Development Quarterly* 51, pp. 194-202.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2010). *Research in education: Evidence-based inquiry* (7de uitg.). Boston: Pearson Education.
- McNiff, S. (2009). Cross-Cultural psychotherapy and art. *Art Therapy Journal of The American Art Therapy Association* 26(3), pp. 100-106.
- Meiring, J. & Müller, J.C. (2010). Deconstructing the body: Body theology, embodied pastoral anthropology and body mapping. *Verbum et Ecclesia* 31(1), pp. 1-7.
- Mertens, D.M. (1998). *Research methods in education and psychology: Integrating diversity with quantitative and qualitative approaches*. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Mertens, D.M. (2010). *Research and evaluation in education and psychology: Integrating, diversity with quantitative, qualitative and mixed methods* (3de uitg.). Los Angeles: Sage Publications.
- Meyburgh, T. (2006). *The body remembers: Body mapping and narratives of physical trauma*. Ongepubliseerde meestersdissertasie, Universiteit van Pretoria. Pretoria, Suid-Afrika.
- Moloi, L. (2009). *Exploring the perceptions of English second language teachers about learner self-assessment in the secondary school*. Ongepubliseerde meestersdissertasie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Morgan, J. (2004). *Memory/Life story work manual*. Opgespoor April 11, 2010 deur <http://web.uct.ac.za/depts/cgc/Jonathan/Life%20Story%20Manual.htm>
- Mouton, J. & Marais, H.C. (1992). *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN-uitgewers.

- National Career Development Association (NCDA). (1997). Career counselling competencies. Opgespoor 28 Februarie, 2011 deur <http://www.ncda.org/pdf/counselingcompetencies.pdf>.
- Nelson, D. (2005). The A-Z of careers: The South African Career Encyclopedia 2005/2006 (19<sup>de</sup> uitg.). Cape Town: Don Nelson Publishers.
- Nieuwenhuis, J. (2007a). Introducing qualitative research. In: K. Maree (Red.). *First steps in research* (pp. 46-68). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Nieuwenhuis, J. (2007b). Qualitative research designs and data gathering techniques. In: K. Maree (Red.). *First steps in research* (pp. 69-97) Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Nieuwenhuis, J. (2007c). Analysing qualitative data. In: K. Maree (Red.). *First steps in research* (pp. 98-122). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. (1994). *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (3de uitg.). Midrand: Perskor Uitgewers.
- O'Donoghue, T.A. (2007). *Planning your qualitative research project: An introduction to interpretivist research in education*. London, Routledge.
- Patton, M.Q. (2002). *Qualitative research & evaluation methods* (3de uitg.). Thousand Oaks: Sage Publications.
- Patton, W., McMahon, M. & Watson, M.B. (2006). Career development and systems theory: enhancing our understanding of career. In: G.B. Stead & M.B. Watson (Reds.). *Career psychology: In the South African context* (2de uitg.) (pp. 65-78). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Patton, W. & Porfeli, E.J. (2007). Career exploration for children and adolescents. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Reds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp.47-70). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.
- Phogole, D. (2008). Challenges faced by people with a rural upbringing in their education and careers – a personal experience. *Civil Engineering*, 16(1), pp. 35-36.
- Reber, A.S. & Reber, E.S. (2001). *The Penguin dictionary of psychology*. London : Penguin Books.
- Richardson, T.Q. & Jacob, E.J. (2002). Contemporary issues in multicultural counseling: Training competent counselors. In J. Trusty, E.J., Looby & D.S. Sandhu (Reds.), *Multicultural counseling: Context, theory & practice & competence*, (pp. 31-35, 262). New York: Nova Science Publisher.
- Robert, A. (2004). *The Penguin Concise Dictionary*. London: Penguin Books.
- Rojewski, J.W. (2007). Occupational and educational aspirations. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Reds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp. 87-104). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.
- Savickas, M.L. (1993). Career counselling in the postmodern era. *Journal of Cognitive Psychotherapy: An International Quarterly*, 7(3), pp. 205-215.

- Savickas, M.L. (1997). Career adaptability: an integrative construct for life-span, life-space theory. *The Career Development Quarterly*, 45, pp. 247–259.
- Savickas, M.L. (2003). Advancing the career counseling profession: Objectives and strategies for the next decade. *The Career Development Quarterly*, September, 2003, pp. 87–96.
- Savickas, M.L., Nota, L., Rossier, J., Dauwalder, J.P., Duarte, M.E., Guichard, J., Soresi, S., Van Esbroeck, R. & Van Vianen, A.E.M. (2009). Life designing: A paradigm for career construction in the 21<sup>st</sup> century. *Journal of Vocational Behavior*, 75, pp. 239-250.
- Schreuder, A.M.G. & Coetzee, M. (2011). *Careers: An organisational perspective* (4de uitg.). Claremont: Juta and Company Ltd.
- Schwandt, T.A. (2007). *The SAGE dictionary of qualitative inquiry* (3de uitg.). Los Angeles: SAGE Publications.
- Seale, C. (1999). *The quality of qualitative research*. London: SAGE Publications.
- Slavin, R.E. (2007). *Educational research: In age of accountability*. Boston: Pearson Education.
- Sodano, S.M. & Tracey, T.J.G. (2007). Development of career interest and perceived competence. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Reds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp.71-86). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.
- Soloman, J. (2004). *Body mapping: How to body map*. Opgespoor April 11, 2010 deur <http://web.uct.ac.za/depts/cgc/Jonathan/Life%20Story%20Manual.htm>
- Solomon, J. (2007). Living with X: A body mapping journey in the time of HIV and AIDS: *Facilitator's Guide*. Johannesburg: REPSSI.
- Stead, G.B. & Subich, L.M. (2006). Career counselling practice. In: G.B. Stead & M.B. Watson (Reds.). *Career psychology: In the South African context* (2de uitg.) (pp. 81-93). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Stead, G.B. & Watson, M.B. (2006). Indigenisation of career psychology in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Reds.). *Career psychology: In the South African context* (2de uitg.) (pp. 181-190). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Sue, D.W., Arredondo, P. & McDavis, R.J. (1992). Multicultural counseling competencies and standards: A call to the profession. *Journal of counseling and development*, 70, pp. 477-486.
- Sue, D.W. & Sue, D. (2003). *Counseling the culturally diverse: Theory and practice* (4de uitg.). Kanada: John Wiley & Sons.
- Sue, D.W. & Sue, D. (2008). *Counseling the culturally diverse: Theory and practice* (5<sup>de</sup> uitg.). Kanada: John Wiley & Sons.
- Sue, S., Zane, N., Nagayama Hall, G.C. & Berger, L.K. (2009). The case for cultural competency in psychotherapeutic interventions. *Annual Review of Psychology*, 60, pp. 525–548.

- Super, D.E. (1980). A life-span, life-space approach to career development. *Journal of Vocational Behavior*, 16, pp. 282-298.
- Thabane, R.J. (2004). The influence of cross-cultural interviewing of the generation of data. Ongepubliseerde meestersdissertasie. University of Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika.
- Thompson, C.L. & Henderson, D.A. (2007). *Counselling children* (7de uitg.). USA: Thomson Higher Education.
- Tsang, A.K.T., Bogo, M. & Lee, E. (2011). Engagement in cross-cultural clinical practice: Narrative analysis of first sessions. *Clinical Social Work Journal*, 39(1), pp. 79-90.
- University of Pretoria, (2009). *Academic service-learning*. Brochure of the Department of Community Engagement, Division: Curricular and Research Community Engagement. Pretoria: UP Printers
- University of Pretoria. (2011). Code of ethics for research. Opgespoor July 18, 2011, deur <http://web.up.ac.za/sitefiles/File/Faculty%20of%20Education%20Ethics%20Committee/Ethicscode.pdf>
- VandenBos, G.R. (2007). *A.P.A. dictionary of psychology*. Washington, DC : American Psychological Association.
- Vanhalakka-Ruoho, M. (2010). Relational aspects in career and life-designing of young people. *International Journal of Educational and Vocational Guidance*, 10, pp. 109-123.
- Wallace, K. (s.d.) Children and art therapy. Opgespoor Januarie 31, 2011 deur <http://www.islandnet.com/~kwallace/children.htm>
- Watson, M. & McMahon, M. (2007). Children's career development learning: A foundation for lifelong career development. In: V.B. Skorikov & W. Patton (Eds.), *Career development in childhood and adolescence* (pp. 29-46). Rotterdam, Nederland: Sense Publishers.
- Watson, M.B. & Stead, G.B. (2006a). An overview of career theory. In: G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology: In the South African context* (2de uitg.), pp. 13-34. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Watson, M.B. & Stead, G.B. (2006b). The career development theory of Donald Super. In: G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career psychology: In the South African context* (2<sup>de</sup> Uitg.) (pp. 51-64). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Wienand, A. (2006). *An evaluation of body mapping as a potential HIV/AIDS educational tool*. Rondebosch: Centre for Social Science Research.



## LYS VAN BYLAE

### BYLAAG A:

Inhoudsanalise

- A-1 *A priori*-kategorieë
- A-2 Databronne van die studie
- A-3 Geanaliseerde databronne
- A-4 Kategoriseringstabel van kategorieë

### BYLAAG B:

- B-1 Ingeligte toestemming deur kliënte
- B-2 Ingeligte toestemming deur studente

### BYLAAG C:

- C-1 Assesseringsbesoek terapeutiese aktiwiteite
- C-2 Intervensiebesoek terapeutiese aktiwiteite

### BYLAAG D:

Reflektiewe navorsingsjoernaal

### BYLAAG E:

Etiese klaringsertifikaat

*Sien laserskyf*